

---

ENKELE EKSISTENSIËLE ELEMENTE  
IN DIE PROSAWERK VAN  
WILLEM ELSSCHOT.

Verhandeling aangebied ter  
voldoening aan die vereistes vir  
die graad Magistra Artium in  
Afrikaans/Nederlands aan die  
Universiteit Rhodes, Grahamstad.

deur

ELLEN TERTIA SAAYMAN

November 1974.

INHOUD

	Bladsy
I. <u>INLEIDING: DIE SOGENAAMDE SINISME</u> .....	1
1. Die Begrip Sinisme.	
2. Individuele Opvattinge van Sinisme.	
3. Kritiese Beskouinge.	
II. <u>DIE „ELSSCHOTIAANSE HUMOR“</u> .....	24
1. Oor Humor.	
2. Die Begrippe „Komies“, „Humoristies“ en „Geestig“.	
3. Vorme van Geestigheid.	
III. <u>VREEMDELINGSKAP</u> .....	38
1. Die Dood.	
2. Die „Outsider“.	
3. Die „Once Born“.	
IV. <u>VRYHEID EN GEBONDENHEID</u> .....	65
1. In die Sakewêreld.	
2. In die Familiekring.	
V. <u>SKYN EN WERKLIKHEID</u> .....	101
VI. <u>DIE MODERNE PROMETHEUS</u> .....	115
<u>BESLUIT</u> .....	154
<u>BIBLIOGRAFIE</u> .....	157

---

## I. INLEIDING: DIE SOGENAAMDE SINISME.

### 1. Die Begrip Sinisme.

Elsschot word dikwels 'n siniese skrywer genoem. Alvorens die geldigheid, al dan nie, van hierdie stelling nagegaan word, volg 'n aantal definisies om te probeer bepaal wat sinisme is. Van Dale gee die volgende verklaring van die woord CYNISCH: „schaamteloos ongevoelig, een stuitend of pijnlijk ongeloof in het goede aan den dag leggende, niet gelovende aan oprechtheid of deugd bij de motieven en daden der mensen en dit met spottende lach of op scherpe, sarcastische wijze laten blijken”.

„Schaamteloos ongevoelig” is m.i. vaag en ek twyfel of dit van veel waarde sal wees by 'n literêre ondersoek. Die gevoeligheid of ongevoeligheid van 'n spreker is dikwels moeilik bepaalbaar. Hier word ook die reaksie van 'n hoorder op die uitspraak van die siniese spreker gesuggereer, want so 'n persoon sal die gevoeligheid of ongevoeligheid van die spreker moet bepaal. Weer eens 'n onbetroubare maatstaf, want meer as een hoorder sal moeilik saamstem oor die graad van ongevoeligheid wat deur 'n spreker geopenbaar word. En, al sou 'n uitspraak as sinies bestempel word, wil dit nog nie te kenne gee dat die spreker self op daardie oomblik onvoelig was nie - 'n sogenaamde siniese uitspraak sou uit diepe gevoel kon spruit.

So suggereer 'n „stuitend of pijnlijk” ongeloof in die goeie ook 'n reaksie van 'n moontlike hoorder of leser op 'n bepaalde uitlating. Op die gekrenktheid al dan nie van 'n hoorder by die lees of aanhoor van 'n siniese uitspraak sou ons ook nie kan staat maak vir literêre doeleindes nie. Ook die „goeie” waarna verwys word is slegs by benadering bepaalbaar en ons sal moet volstaan by wat as algemeen aanvaarbaar beskou word, wat die individuele opvatting van goed en kwaad buite rekening laat.

Die gesindheid teenoor die opregtheid of deug by die motiewe en dade van mense sou (volgens die verdere verklaring) op 'n waarneembare wyse tot uiting kan kom: in die vorm van 'n spottende lag of op 'n skerp, sarkastiese wyse. Hierdie gedeelte van die definisie lyk meer bruikbaar ten opsigte van die literatuur. Daar sal egter gedurig in gedagte gehou moet word dat daar 'n verband bestaan tussen die spottende lag en ongeloof, want juis hierdie aspek onderskei dié lag van die gewone spotlag. Ons sou eerder hierdie tipe lag wou kwalifiseer as 'n hoonlag. Die siniese uitlating sou, volgens hierdie definisie, van die sarkastiese uitdrukking onderskei kan word op grond van sy skerpheid oftewel intensiteit.

Ons sou dus tot sover kon saamvat: sinisme is 'n sekere ongelooft aan die vermeende positiewe waardes van andere, uitgedruk in 'n hoonlag (of honende denkhouding) of met skerp sarkasme.

Die groot Oxford-woordeboek gee die volgende verklaring: „Cynic - A person disposed to rail or find fault; now usually: One who shows a disposition to disbelieve in the sincerity or goodness of human motives and actions, and is wont to express this by sneers and sarcasms; a sneering faultfinder". Volledigheidshalwe volg hier ook die vernaamste verklaring van CYNICAL: „Resembling the Cynic philosophers in contempt of pleasure, churlishness, or disposition to find fault; characteristic of a cynic; surly, curish, misanthropic, captious; now esp disposed to disbelieve in human sincerity or goodness: sneering".

Die „foutvindery" van die sinikus word dus hier hoofsaaklik opgevat as gerig teen die opregtheid of veronderstelde deugsaamheid van menslike motiewe en dade. Daarbenewens word die „foutvind" geïntensifiseer tot ongelooft, wat tot uiting kom in hoon en sarkasme. Ook hierdie definisie dui daarop dat die instelling van die sinikus oorwegend negatief en afbrekend is.

M.i. kan die definisie van die Groot Nederlandse Woordeboek as volg aangevul word: „sinisme is die foutvind met, en ongelooft in, die vermeende positiewe waardes van andere, uitgedruk in 'n hoonlag of met skerp sarkasme". Sinisme sou wel kortliks aangedui kan word as minagting, uitgedruk in 'n hoonlag of op skerp sarkastiese wyse.

Sinisme kan ook histories verhelder word: „To the student of ancient philosophy there is in Cynicism scarcely more than a rudimentary and debased version of the ethics of Socrates, which exaggerates his austerity to a fanatic asceticism, hardens his irony to sardonic laughter at the follies of mankind, and affords no parallel to his genuine love of knowledge. Well might Plato have said of the first and greatest Cynic, 'That man is Socrates gone mad.'" (Diogenes)<sup>1</sup>. Vir die literêre studie is die sardoniese lag van belang.

Die vernaamste opvattinge van die sinici kan kortliks genoem word: „The Cynics are the most characteristically Greek expression of the view of the World as Vanity Fair, and the consequent rejection of all current values, and desire to revert to a life based on the minimum of demands"<sup>2</sup>. Hier word die verwerping van die gehuldigde waardes weer eens genoem. Samevattend kan ons sê: „Cynicism was really a phenomenon which presented

---

1. D.R. Dudley, A History of Cynicism, p.ix.

2. Ibid., p.ix.



itself in three not inseparable aspects - a vagrant ascetic life, an assault on all established values, and a body of literary genres particularly well adapted to satire and popular philosophical propaganda"<sup>3</sup>.

Onder invloed van die sogenaamde Verligtingswetenskappe, maak 'n soort geforseerde sinisme sy verskyning in die Europese letterkunde teen die begin van die negentiende eeu: „'t Zijn, als reeds eerder gezegd, trouwens in de eerste plaats de antiburgerlijke student-literatoren geweest, die met hun litteraire gedaanten van roué's en geblaseerde lions, met hun cynisme het ploortendom tarten en de hartstochtelijke verachting der romantici voor de conventies en fatsoensbegrippen der philisters deelden"<sup>4</sup>. Hierdie literatuur openbaar dikwels 'n nogal geforseerde sinisme teenoor die dood, ongetwyfeld onder invloed van die oordrewe belangstelling in die stoflike van die wetenskaplikes van dié tyd.

## 2. Individuele Opvattings van Sinisme.

Marnix Gijzen huldig 'n persoonlike mening oor sinisme: „Wie zich op het standpunt van die cynicus plaatst kan niet meer redeneren; die kan alleen afrekenen"<sup>5</sup>. Ten eerste sou dit m.i. aanneemliker wees om „kan" met „wil" te vervang, te meer omdat die werkwoord „plaatst" 'n doelbewuste stellinginname impliseer. Die woord „afrekenen" weerspreek egter enige distansiëring van die sinikus, want dit dui op 'n betrokkenheid. 'n Sekere mate van objektivering by die sinikus is wel aanneemlik, maar dan slegs om 'n negatiewe uitspraak te maak of honend te lag en nie soseer om af te reken nie. Waar die satire ook negatief van aard is, maar met 'n uiteindelijke positiewe, didaktiese oogmerk, is die sinisme negatief as 'n doel op sigself.

B.F. van Vlierden noem in sy studie oor Elsschot drie eienskappe van die sinisme, wat die skrywer sou vertoon: „Splitsing van zichzelf (en afzondering uit eigen milieu), objektivering, ontheiliging"<sup>6</sup>. Hierdie afleiding maak hy uit Elsschot se opmerkings aangaande sy skrywerskap in „Achter de schermen", die ontleding van die inleiding tot Tsjip: „Ik ben weer eens vast overtuigd dat dit mijn laatste geschrijf zal zijn. Het gaat immers niet aan, voor iemand die vrouw en kinderen ten laste heeft, zich telkens af te zonderen om de leden van zijn gezin en zijn eigen

---

3. Ibid., p.xi.

4. E. Jongejan, De Humor-„cultus" der Romantiek in Nederland, p.430.

5. Lucinda en de Lotoseter, p.73.

6. Willem Elsschot, p.40.

binnenste van uit een hoek te gaan bespieden en ze een voor een onder het mes te nemen om uit hun bloed voor vreemden een filtraat te bereiden. Mijn plicht gebiedt mij op de brug te blijven in plaats van af en toe te komen kijken of het schip nog drijft. En moet ik na zo 'n geploeter niet telkens weer gluisperig in mijn huiskring plaats nemen, als een die niets ontheiligt, die niets op zijn geweten heeft?"(p.539)<sup>7</sup>.

Beswaar kan geopper word teen die eerste frase „splitsing van zichzelf" omdat dit te psigologies op die skrywer gerig is. Ook die „objektivering" dra nie veel by tot 'n letterkundige beoordeling nie. „Ontheiliging" is miskien ietwat sterk gestel, maar sluit tog aan by die negatiewe aspek van sinisme.

Bierens de Haan onderskei as volg tussen sinisme en die komiese: „Het cynisme is pijnlijk, het komische doet geen pijn. Het laatste wekt lach en glimlach; het eerste den grimlach, of liever in 't geheel geen lach, maar een zuren trek op het gelaat. Het cynisme is een ingeving van den haat tegen het leven, en zijn vinding lijkt op de komische voorstelling niet meer. „Alte Leute sind zu keinem Zweck da" werd in den oorlogstijd gezegd; aan het taaleigen is kenbaar waar deze uitspraak gebezigd werd. Zij klinkt cynisch al is daarin eventjes een komisch geluid, het komische klinkt er nasaal...Het is een levenshouding, die de komische voorstelling aanstonds verwringt, nog eer zij wordt aangewend, zoodat deze slechts in schijn den komischen inhoud bevat..."<sup>8</sup>.

Hierdie uitspraak is interessant vanweë die lig wat op die aard van die siniese lág (of denkhouding) gewerp word. Uit die goeie voorbeeld wat aangehaal word blyk die honende aard van hierdie spesifieke soort „lag" duidelik. Ongelukkig word verdere gevolgtrekkings in verband met sinisme blykbaar gekoppel aan die Duitse volk, gevolgtrekkings wat hierdie lewenshouding goed verhelder, maar te subjektief is om iets te kan bydra tot 'n begrip van die algemene aard van sinisme.

Na my wete kom die woorde „cynisch" of „cynisme" (as byvoeglike naamwoord en naamwoorde respektiewelik) slegs drie keer in die oeuvre van Elsschot voor. In Tsjip lees ons in verband met Laarmans se skoonmoeder, nadat hy aan haar vra of sy dink Bennek sal terugkeer: „Zij schokschoudert en werpt een cynische blik op Adele en haar Pool"(p.503). Hier word blykbaar bedoel dat sy nie juis geloof het in sy opregte bedoelings nie. 'n Ander betekenis word blykbaar in Pensioen aan die woord geheg waar dit in

---

7. Die bladsynommers verwys deurgaans na Willem Elsschot se Verzameld Werk, tweede druk, P.N. Van Kampen en Zoon, N.V. Amsterdam, Julie 1957.

8. De Zin van het Komische, p.37.

verband staan met Laarmans se skoonmoeder: „De sajet doet zij door mijn vrouw kopen, voorwendend dat die zo 'n fijne smaak heeft, maar betalen doet zij nooit, want als het om haar zeeman gaat dan kent haar cynisme geen grenzen" (p.611). Hier beteken dit waarskynlik „dikvelligheid". In dieselfde werk word dié gevolgtrekking in verband met die ou moeder herhaal: „Ik zeg het nog, als het om die jongen gaat kent haar cynisme geen grenzen" (p.631). Laarmans spreek hierdie gedagte uit na aanleiding van die ou dame se reëlings vir Willem se herbegraving, waar sy op vernuftige wyse beloftes vir finansiële en ander bystand by die winkelier afdwing. Soos later sal blyk, is die ou moeder nie ongevoelig nie, maar minag eerder die gehuldigde konvensies.

### 3. Kritiese Beskouinge.

Die kritiese benaderings tot Elsschot se werk, veral ten opsigte van die romans of nouvelles, kan in vier groepe verdeel word. Ten eerste is daar die groep kritici wat hom as 'n sinikus beskou. 'n Tweede aantal kritici openbaar onsekerheid ten opsigte van hul sienswyses en noem hom 'n sinikus sowel as byvoorbeeld ironis, naturalis en satirikus. Die derde groep ontken dat Elsschot 'n eksponent van sinisme is en bied dikwels 'n alternatiewe interpretasie van sy styl en oeuvre aan. Die laaste groep huldig 'n mening wat die sinisme nie onderskryf of teenstaan nie, maar bloot 'n eie interpretasie verteenwoordig. Die oorwegende meerderheid van die kritici hou dus met sinisme rekening, hetsy deur dit te onderskryf of te verwerp.

'n Verteenwoordiger van die eerste groep kritici, wat Elsschot uitsluitlik as 'n sinikus beskou, is J.M. Mets: „Zijn lichte spot met elken moed, zijn macaber cynisme kan uiteindelyk enkel vitalisten genoeg doen"<sup>9</sup>. Dit blyk uit die res van die artikel dat die siniese instelling teenoor die literatuur duidelik afgekeur word.

Onder hierdie groep val ook die kritici wat Elsschot as sinikus beskou, maar ook 'n poging aanwend om die oorsprong van hierdie lewensinstelling te bepaal: „Gelyk alle cynici is Elsschot een ongenoeslijke minnaar van het leven en de menschen; een dwaas die, altijd teleurgesteld en altijd opstandig, in zijn hart, ondanks alles en ondanks zich zelf, blijft gelóóven in een verborgen schoonheid en een nog verborgener redelijkheid van dit aardsch bestaan"<sup>10</sup>.

---

9. Morgenpost, 14 Januarie 1939.

10. J. Greshoff, Groot Nederland, September 1932, p.249.

Albert Westerlinck poog om die sinisme van Elsschot psigologies te verklaar: „De werklikheidsdrang van dezen cynicus is in wezen slechts reaktie tegen een vrouwelijk levensaanvoelen, dat zich onmachtig en onbereikbaar weet...Hij is onrustig zooals eenieder die liegt en vervalsing pleegt...De nihilist Slauerhoff is, tot in de binnenste levenskern, van de waardeloosheid van het leven oortuigd; de cynicus Elsschot zou zich gaarne daarvan oortuigen. Daarmee bewijst hij dan presies dat hij aan waarden glooft, er aan gehecht is en dat hij zich juist tegen dit geloof en de gehechtheid rusteloos te weer stelt. Ziedaar Elsschot's onoprechtheid!...Was hij oprecht dan zou hij klagend, ja schreiend getuigen: ik kan de lewenswaardes niet bereiken, waarmee ik in hartsgemeenschap leef! Maar nu roept hij: ik houd niet van lewenswaardes, of nog sterker: alle waarde in dit lewen is larie!...Ziedaar waarde lezer, de psigologie van Elsschot's Cynisme. Hij is onoprecht" <sup>11</sup>.

Jare later beweer Herman Teirlinck dat Elsschot stellig wel 'n sinikus is en probeer die verskynsel verklaar: „Men heeft hem een cynicus genoemd, en dat heeft hij ook willen zijn. Maar cynisme is bij hem geen doel geweest, zoals het zich bij de kentering van de tidsgeest ten onzent als een modieus litterair verskynsel heeft voorgedaan...Willem Elsschot heeft het cynisme aanvaard als een offensiewe uitrusting in de strijd die hij tegen de tjd heeft aangebonden...Het cynisme van Elsschot bestaat hierin dat hij onse leugens aantrekt. Hij staat als in de rug van de kaartspelers ons bedrog te beloeren en hij verraadt ons met sadistiese onverbiddelikeheid...Eigenlik is hij de kampioen van een waarheid die wij te laf zijn om loyaal en integraal te huldigen" <sup>12</sup>.

In die volgende groep word die kritiek gekenmerk deur uiteenlopende opvattings van die begrip sinisme, asook onsekerheid soms ten opsigte van die aard van Elsschot se styl en instelling. Daar word meestal geen onderskeid gemaak tussen sinisme as stylmiddel (soos dit in frases of sinne as onderdele van taalgebruik voorkom) en sinisme as lewensingesteldheid (op die skrywer en sy verhale gerig) nie. Dikwels word alternatiewe moontlikhede, saam met sinisme, aangewys as tiperend van sy werk. Daar bestaan blykbaar nie juis eenstemmigheid oor die begrip „sinisme" nie.

Elsschot skryf in 1910 die novelle Villa des Roses, wat eers in 1913 gepubliseer word. Kort daarna verskyn 'n resensie wat sy sinisme toeskryf aan die milieu waarin die verhaal afspeel. Elsschot sou 'n skrywer wees

---

11. Luister na die Stem, p.228-232.

12. De Vlaamse Gids, Julie 1960, p.401-403.



„die even met de oogen kan twinkelen, maar verder strak blijft, en niet vergeet dat hij ironisch en cynisch is; want zeer wereldwijs. Want Parijsch; tout à fait parisien...Het is een prachtig stuk fijn-schorp naturalisme, dit boek. Raak, en steeds ingehouden"<sup>13</sup>.

’n Opmerking wat ook gedurende dieselfde jaar gemaak is, illustreer die verwarring wat die skryfwyse van Elsschot onder die kritici laat ontstaan het, sedert sy vroegste werk: „Nuchterheid, cynisme, hooghartigheid, wijsheid, alomvattende liefde, wat ter wereld wil dit boek toch zeggen van den geest zijn schrywers?"<sup>14</sup>. „Sinisme" slaan hier op die skrywer self.

Dikwels word melding gemaak van Elsschot se „skyn-sinisme" soos byvoorbeeld in Greshoff se voorwoord tot die tweede uitgawe van Elsschot se Een Ontgoocheling (1934). Hy skryf dat Elsschot homself nog „verbitterder, cynischer, brutaler en nonchalanter" voordoen as Buysse. As feitlik alleenstaande verdediger van Elsschot, sou sy opvattings ’n beslissende invloed op die interpretasie van die skrywer se oeuvre hê. Soos die meeste kritici verskaf hy geen voorbeelde of aanhalings om sy bewerings te staaf nie.

Lode Monteyne haal uit Tsjip aan: „Ook dáár – dit is in het lokkende leven – is men eindelijk nog slechts een vieze vlek in een onbezoedeld landschap, een hoopje vuil in de feestzaal. En zal ik niet geruster bij den haard zitten stinken dan in dat paradijs?' In dezen laatsten zin klinkt nog de stem van de bitteren, van den in woorden cynisch-doende Elsschot, die ook in ‚Huwelijk' zich heeft geuit"<sup>15</sup>. Later ontwikkel by hom die vermoede dat Elsschot moontlik nie sinies is nie en word dit selfs ’n sekerheid.

In 1937 word ’n nommer van Groot Nederland aan Elsschot gewy. Menno ter Braak wys in sy bydrae op ’n ontwikkeling ten opsigte van Elsschot se vermeende sinisme: „Die humor lijkt, in het eerste werk op cynisme, hij verbreedt zich, in Lijmen, tot de satyre, hij wordt huiselijker, beminnelijker, ‚bejaarder' in Kaas en Tsjip"<sup>16</sup>.

Ook in hierdie Elsschot-nommer skryf Vestdijk: „De groote bekendheid, die Elsschot in die jaren verkreeg, moet voornamelijk toegeschreven worden aan proza, die zich door hardheid, zakelijkheid, humor en pseudo-cynisme

13. W., Het Vaderland, 3 Januarie 1914.

14. F. Coenen, De Amsterdammer, 21 Desember 1914.

15. De Nieuwe Gazet, 20 Desember 1934.

16. Groot Nederland, Julie 1937, p.19.

inniger bij het Forumprogram aansloot dan b.v. de romans van Slauerhoff"<sup>17</sup>.

F.V. Toussaint van Boelaere skryf in dieselfde jaar: „Want zeker toont Elsschot zich steeds een cynicus: een onmeedoogende waarnemer van het leven en van al de door het leven geschapen en gedragen miserie. Maar zijn koele zuivere stijl schiept beelden, die mij meer dan eens aan gravures van Goya hebben doen denken. Scherper dan het leven, onmeedoogender dan het noodlot zelf, maar tevens menselijker dan een mensch beseft"<sup>18</sup>. Benewens die sinisme, maak hy ook melding van 'n „zachteren klank van al die doorvoelde zieligheid" en die sporadiese humor wat geleidelik die werk binnedring.

Ook Maurice Roelants aanvaar dat Elsschot 'n siniese skrywer is, sonder om blind te wees vir die gevoeligheid wat terselfdertyd die werk deurstraal: „Zoo langs den neus weg kan Willem Elsschot moordende dinge zeggen, die zouden doen vergeten, dat er met den cynicus nog een over zichzelf ontgoochelde man samenwoont, die zeer gevoelig kan zijn"<sup>19</sup>. Verder maak hy ook die volgende opmerking: „Op het omslag van Het Been staat een bladzijde te lezen van Jan Greshoff over Lijmen, variaties op het thema: Lijmen lijkt een hard, een wreed boek en het is in den grond een teeder boek. Er is veel te zeggen voor een gestremde teederheid in het cynisme. Maar als Lijmen als een teeder boek wordt aangemeld, kunnen we nog aardige verwarringen beleven en dan wordt de kroon van Elsschot scheefgeduwd"<sup>20</sup>.

In die volgende aanhaling uit die skrywe van Lode Monteyne kom die twee dominante neigings van die kritiek in hierdie tweede groep tesame voor, naamlik 'n neiging om Elsschot as sinikus te beskou, maar dan tog ook as baie gevoelig; die opvatting dat Elsschot aanvanklik sinies is (met die hoogtepunt in Lijmen), in die omgewing van Tsjip uiters „gevoelig" word en dan teen die einde van sy oeuvre weer 'n terugslag tot die vroeëre sinisme vertoon: „Deze novelle (Het Been) schrijvend, heeft de auteur zich weer geheel ingeleefd in de sfeer van Lijmen, dat misschien zijn meest cynische boek is omdat men daarin niet die glimpen van gevoel ontdekt, welke zijn later proza hebben doorlicht en ook niet die actieve teederheid, welke het beproeft zich achter schrandeheid of ironie te duiken..."<sup>21</sup>.

Die kritiek van Bert Ranke is merkwaardig. In 1939 noem J.E. Mets

---

17. Groot Nederland, Julie 1937, p.32

18. Algemeen Handelsblad, 30 Desember 1937.

19. De Telegraaf, 7 Desember 1938.

20. Ibid.

21. De Dag, 24 Desember 1938.



vir Elsschot onder andere 'n sinikus. Ranke reageer daarop deur te velde te trek teen Mets se interpretasie van die Elsschot-oeuvre en voer onder meer aan: „Wie bovendien, – vooral na Kaas, Tsjip, Pensioen, achter Elsschot's masker, – dat men niet per sé altijd als een cynische grijs moet verklaren, maar heel dikwijls als de natuurlijke monkel van een, in onze literatuur benijdenswaardigen zin voor humor, – wie achter dit masker nog niet den licht ontroebaren, doch op zijn hoede gestelden romantischen gevoelsmensch heeft vermoed, moet zelf het beklagenswaardige slachtoffer zijn van een mammoetachtige gevoelloosheid" <sup>22</sup>.

Drie jaar later verskyn die volgende uitlating van Ranke: „Een jong publicist promoveerde hem (Elsschot) tot de incarnatie van het 'Cynisme in de Vlaamsche Letterkunde' waarop Herman Oosterwijk met zijn gewoon superieur misprijzen den melkbaard aan het verstand bracht dat de cynische levenshouding anti-creatief is, en bijgevolg het literatuur-scheppen zelf met deze levenshouding volledig tegensprak" <sup>23</sup>. Dit wil voorkom asof Ranke, wat eers beweer het dat Elsschot nie noodwendig 'n sinikus is nie, nou besluit dat hy wél die sinisme in die Vlaamse literatuur verteenwoordig. Hy skaar hom in hierdie polemiekie weliswaar by Westerlinck, wat, soos reeds vroeër gemeld, Elsschot as 'n sinikus beskou.

In 1942 verskyn Frans Smits se omvattende studie oor sy familielid, met nadruk op die biografiese gegewe in sy oeuvre. Hy ontken nie dat Elsschot 'n sinikus is nie, maar vind ook ander elemente verteenwoordigend van sy werk: „Dit brutale, nonchalante, kortom dit cynisme – het woord is sedertdien een stijlaanduiding geworden – dat niet alleen de geest van Elsschot's eerste roman kenmerkete, doch ook in zijn taal, in zijn beeldspraak, in de nuchtere zakelijkheid, waarmee hij door zijn ontwikkelde stof tot uiting kwam, dit alles was zo nieuw en deed zo vreemd aan, dat de meesten, die er de werkelijke waarde niet onmiddellijk van erkenden enigzins versted en onthutst er teenover stonden of hun uitspraak in beraad hielden" <sup>24</sup>. Volgens hom oorheers die grappige en burleske nou en dan die fynere humor en die wrange sinisme.

Die situasie betreffende die kritiek op Elsschot se werk word deur Smits saangevat: „Daar het oeuvre van Willem Elsschot nu juist alle tegengestelde kenmerken vertoont en een reactie lijk tegen alle lyrisme, alle romantiek en oppervlakkige sentimentaliteit, daar hij het leven bekijkt met een ontgoochelend scepticisme, zijn spot cynisch klinkt, daar hij verder

22. Onze Week, I, 29 September 1939.

23. Laagland, 10 Oktober 1942.

24. Willem Elsschot, p.33.

alle picturale bijzonderheden als nutteloze opsieringen angstvallig versmaadt en zich uit in de meest zakelijke taal wars van particularisme, heeft men meer dan eens, vooral in de laatste jaren, het succes van de een tegenover de miskonning van de ander geplaatst en voor dit laatste vooral de literaire critiek als zondebok de grootste schuld op de rug geladen"<sup>25</sup>.

Vervolgens maak hy 'n belangrike stelling ten opsigte van die kritiek op Elsschot se werk: „Daarna is met sommigen het teenoorgestelde gebeurde: toen Elsschot meer bekendheid verwierf, zijn zij hem gaan ontdekken, en met hem heel dikwyls het ‚cynisme‘ en de ‚zakelijkheid‘, en hij werd door hen te pas en te onpas als enig voorbeeld en criterium gesteld“<sup>26</sup>.

F.Francken vra homself die volgende af in verband met Elsschot: „Is hy cynisch uit zelfverdediging? Is zijn schampere spot niets dan het uitvloeisel van zijn geestelike weerbaarheid? Om het uit te maken zou men die libellen van Erasmus moeten herlezen: ook deze wijze en eenvoudige man leefde en schreef in een tyd, dat het op het continent erg naar den mutsaard rook!“<sup>27</sup>.

R.F. Lissens skaar hom by diegene wat beweert dat Elsschot se sinisme bloot 'n masker is om sy oorgevoeligheid te bedek: „Als reaksie zijn te verklar die uitwendige onbewogenheid, die zakelike verteltrant, die heldere en harde vorm, die spot, die cynisme, die ontwijding van gevestigde waarden en die onttakeling van die mens in die verhal, die opstandigheid en die wrange bitterheid in die gedichten“<sup>28</sup>.

Ook die poësie vertoon teenstrydige elemente. Volgens J.B. Janssens beskou vele die afwesigheid van uiterlike romantiek as sinisme: „Tegenstrydige gevoelens kenmerken Elsschot's poëzie en een groot gedeelte van zijn oeuvre. Ongevoeligheid teenoorgesteld gevoel, cynisme teenoorgesteld verdereiding, sarkasme teenoorgesteld medelijden komen duidelik tot uiting in een gedicht als ‚Moeder‘“<sup>29</sup>.

Oor die algemeen word Elsschot se sogenaamde sinisme gesien as 'n soort masker waaragter hy skuil om sy gevoeligheid te verberg. Benewens sinisme word komponente soos spot, sarkasme, ironie en veral humor dikwyls by die sinisme genoem. U. van de Voorde stel die probleem ten opsigte van Elsschot se styl in 1957 as volg: „Wij stonden er wat perplex voor, niet

25. Ibid., p.126.

26. Ibid., p.126.

27. De Vlaamse Gids, 30ste Jg. 1946, p.697.

28. De Vlaamse Letterkunde van 1780 tot heden, p.202.

29. Aantekeninge by Kaas, p.77.

zodanig wegens die naakte, sobere styl die toen nog iets heel nuwens en zeldzaams was, maar vooral omdat wij zelden of nooit iets zo kils en onmeedogends hadden gelezen en het ons dus, zoals alles dat men niet goed een naam weet te geven, ietwat afschrikte"<sup>30</sup>.

B.F. van Vlierden is 'n verneme voorstander van Elsschot se sinisme, alhoewel hy ook humor en ironie onderskei: „De opvatting, evenals de heel eigen struktuur, de autobiografiese stof, de beperkte omvang en die kompositoriese gebreke self van Elsschot se novelle word heel doorzigtig, wanneer men se ziet in het lichte van syjn cynisme, waar se die werkelyk aangepaste uitdrukkingvorm aan verskaff. De zinsbou, die woordkeuse, die woordgroeperinge, die stylcapriole self, gerigt op ontmaskering en aftakeling, skrywers eigen korrosiewe styl met onliteraire allure, syjn eweneens ewidente uitinge van syjn cyniese optiek. In laaste instantie word het selfs klaar dat, gelik Elsschot het self uitdrukkelik zegde, syjn cynisme die voornaamste aanleiding was voor syjn skrywerskap als dusdanig. Het verband tussen die lewenshouding en die styl is zoo klaar, dat men telkens analoge verskijnselen kan aanstippen in het werk van die aan die cynicus nouverwante sarcast. Werd Multatuli die virtuoso van het sarcasme genoemd, met eweneel recht mag Willem Elsschot heten „die virtuoso van het cynisme“<sup>31</sup>. Verder beweer hy: „het genoeg dat skrywer blykbaar beleef aan die soort anti-poëतिक, en die veelvuldigheid waarmee se in syjn oeuvre voorkom, past helemal in het kader van syjn neerhalend cynisme, is er die onmiddellyke emanatie van“<sup>32</sup>.

Die derde groep bestaan uit kritiek waarin die sogenaamde sinisme van Elsschot summier afgewys word en 'n alternatiewe moontlikheid oorweeg word. Hierdie groep kritici is meestal aanvallend, alhoewel dit nie altyd duidelik is of hulle objektief teen 'n siniese lewenshouding of 'n siniese styl nie.

So vroeg as 1914 word die eerste kreet van protes teen die sinisme van Elsschot vernem: „Toch, hoe er menschen kunnen zyn - zooals ik namelik vernomen heb - die Willem Elsschot een cynicus schelden, een koude van hart, die onverschillig blyven kan, ja genoeglik lachen, bij ploertigheid en mensklik verval, het is mij een raadsel“<sup>33</sup>. Die skrywer van hierdie artikel is egter onseker oor wat Elsschot wél sou wees: teleurgestelde idealis, humoris of ironis.

---

30. Standaard, 4 Mei 1957.

31. Willem Elsschot, p.57.

32. Ibid., p.57.

33. H.R., Elsevier's Maandschrift, 1914.

In die Elsschotnommer (1937) neem Jan Schepens 'n standpunt in teen die sinisme: „Deze schrijfwijze is verheven als hogere wiskunde. Daar beneden noemt men dat cynisme. Deze letterkunde heeft geen hart. Te veel literatuur gaat dood aan hart. Géést is er meer noodig. Het is voldoende als de lezer hart heeft...Zijn konsekwentie en het gebrek daaraan in de wereld die hij beschrijft, ziedaar zijn beteekenis, zijn cynisme”<sup>34</sup>. Sy kuns se waarde sou ook lê in die teenstelling tussen „een nuchteren, kalmen vorm en een intens dramatischen inhoud”.

Herman Oosterwijk getuig in 1941 van sy ongeloof in Elsschot se sinisme: „Men kan zijn naam in litteraire beschouwingen niet ontmoeten, zonder daarbij als een onafscheidelijke sateliet het woord cynisme aan te treffen...Ik wil bekennen dat deze auteur nooit tot mijn lievelingslektuur heeft behoord, maar ik ben steeds overtuigd geweest dat hij niet cynisch is...Nee, hij is alleen maar roekeloos oprecht, dikwijls op een wijze die den lezer bezwaarlijk voor hem kan innemen”<sup>35</sup>. Nadat Bert Ranke hom dan in die reeds besproke polemiek aanval, bevestig hy sy standpunt beslis: „Het cynisme -- en ik bedoel maar één enkel soort cynisme: het échte -- is in de literatuur niet bruikbaar. De meesten die Elsschot's werk in verband brengen met cynisme geven dan ook op een bepaald moment toe dat ze eigenlijk geen echt cynisme of geen consequent cynische levenshouding bedoelen. Waarom er dan steeds weer over praten?”<sup>36</sup>.

In dieselfde jaar gee PAN 'n interessante uiteensetting van sinisme en onderskryf terselfdertyd die opvatting van 'n gevoelige Elsschot agter 'n siniese masker: „Men komt dikwijls aandraven met den doodoender van het cynisme ‚Elsschot is een cynicus’: het is een gemakkelijke bewering die zeker inslaat in een land waar men niet houdt van strakke lijnen, in het litterair weergeven van menschen en toestanden...Wie cynisme zegt, zegt: ‚Kuoon Kunos' = hond. Wie cynisme zegt, denke terug aan die cynici, deze wijsgeeren met Diogenes aan het hoofd die zóó onfatsoenlijk waren de heerschenden zeden en gebruiken van hun tijd te geeselen, zoodanig dat de goeddenkenden deze eeuwige reclamanten ‚honden' noemde...Honden die los van alle maatschappelijke conventie, een zeer nomadeachtig leven leidden en dus een eeuwige aanklacht waren tegen alle burgerlijkheid...Dat nu dit ‚honden'-embleem op het gezamenlijk oeuvre van Elsschot moet geplakt worden, kunnen we niet aannemen. Als ‚cynisch' een kortwieken van Elsschot's menscheleikheid beduidt, verwerpen we dit praedikaat ten opzichte van Elsschot's werk.

---

34. Groot Nederland, Julie 1937, p.28-29.

35. Het Vlaamsche Land, 19-20 Oktober 1941.

36. Het Vlaamsche Land, 19 Oktober 1942.



Immers, cynisme beteekent voor velen allicht gevoellooze hardheid, meedoogenlooze neiging tot persiflage, ook van de heiligste waarden in dit leven. Neen, als er toch over Elsschot's cynisme moet gesproken worden, dan steeds met inbegrip van de matelooze deernis die een echt hondenleven kenschetst..., deernis die zóó bang schuil gaat achter dat gecomponeerd masker van hardheid"<sup>37</sup>.

Marnix Gijsen verwerp ook die sinisme: „Men heeft hem cynisch genoemd omdat hij de slimmerikken in hun manoeuvres en de berekenaars voor hun telraam heeft getekend. Men heeft niet gezien hoe vol meewarigheid hij was zelfs voor deze larven, omdat men slecht en slordig leest...Wat cynisch is, komt via het Grieksch van den hond. De hond, zegt men, heeft geen moraal. Elsschot is heel anders. Hij is volkomen eerlijk en gaaf"<sup>38</sup>.

Ook Al. Maarten skaar hom by die geleedere van dié wat Elsschot nie as 'n sinikus beskou nie: „Niet alleen geloof ik niet in dat zoogenaamde 'cynisme' van Elsschot, ik wijs het beslist van de hand. Het bestaat eenvoudig niet...Het feit, dat de auteur uiterlijk koel en onbewogen, met een vlijmscherpe opmerkingsgave de menschen waarneemt en ze aldus beschrijft, of handelend optreden laat, dus gestalten verleent, mag geen cynisme heeten, want onder deze uiterlijke koelheid en onbewogenheid gaat een bloedwarm hart schuil, verbergt zich een oprechte menscheijkheid"<sup>39</sup>.

Hubert Lampo gee in 1946 'n uitstekende opsomming van die mistastinge ten opsigte van Elsschot se sogenaamde sinisme: „Destijds heeft een of ander criticus Willem Elsschot 'een cynicus' genoemd, de eerste cynicus in de Vlaamsche letteren. Het is publiek geheim dat één of twee critici in een land als het onze doorgaans de critiek conditionneeren en dat de andere slaafs volgen. Vandaar Elsschot's reputasie als cynicus, die gedurende een paar jaar stand zou houden. Later dook een nieuwe thesis op; nadat werken als Kaas en naderhand vooral Tsjip waren verschenen, hield de theorie van den cynicus niet langer steek. Met de tijd werden de bakens verzet en nu heette Elsschot een sentimenteel, die zich achter een cynisch masker verschool, iemand die het leven gadesloeg met de nuchterheid van een notaris-klerk en de teederheid van een moeder, zooals ongeveer iemand het inderdaad eens beeldend uitdrukte. Na het lezen van Het Dwaallicht lijken mij de twee theorieën, die men om Elsschot's persoonlijkheid gewezen heeft, eenerzijds deze van het cynisme, anderzijds die van het Janushoofd met het harde en het gevoelige aanschijn, 'midi à quatorze heures' te zoeken, doch tegelijkertijd te zondigen door naïeve simplicitéit...hij is menscheijk,

37. De Dag, 29 Oktober 1942.

38. Inleiding tot Tsjip en De Leeuwentemmer, p.12.

39. De Gazet, 19 Januarie 1944.

menschelijk in al den eenvoud en tevens al het complexe, dat een dergelyk begrip omvat..."<sup>40</sup>.

In verband met Het Dwaallicht in die besonder, beweer W.F. Hermans dat die vernaamste trek in Elsschot se werk sy „nobeleschaamte" is: „Het is onzinnig dit met cynisme te verwarren. De ware cynicus is in werkelykheid onverschillig, Elsschot is dat nooit"<sup>41</sup>. Volgens hom sien Elsschot die sinloosheid van vertedering en drome in, maar gee homself, tot sy verleentheid, tóg soms daaraan oor.

Frans Buyens haal aan wat Elsschot persoonlik oor die kwessie van sy sogenaamde sinisme gesê het: „Ik heb nooit geweten dat ik cynisch ben, ik denk steeds dat ik overgevoelig ben..."<sup>42</sup>. Self stem hy saam daarmee dat Elsschot nie 'n sinikus is nie: „Elsschot is in geen geval een cynisch auteur, wel, de beschrijver van een cynische maatschappij"<sup>43</sup>.

'n Aantal jare later skryf Ary Delen: „Hij is au fond een sentimenteel maar zijn overgevoeligheid onderdrukt hij met geweld onder een masker van wat cynischen spot of zelfs brutaliteit"<sup>44</sup>.

In hierdie tydperk, wanneer die meeste kritici sterk begin twyfel aan Elsschot se sinisme, verskyn B.F. van Vlierden se verhandeling oor Elsschot. 'n Ander kritikus merk hieroor op: „Eigenaardig is het ondertussen wel, dat Bernard-Frans van Vlierden, in strijd met de meesten onder de hem voorafgaande Elsschot-exegeten, opnieuw de ogenschijnlijk voorbijgestreefde stelling van het Elsschotiaanse cynisme blijkt aan te kleven...Naar onze mening is het laatste woord over het cynisme van Willem Elsschot nog niet gevallen, evenmin trouwens als over de innerlijke 'pudeur', waarvoor het een averechts aandoende camouflage zou zijn"<sup>45</sup>.

Tot die vierde groep behoort die kritici wat nooit sinisme as 'n stempel op Elsschot se werk wil afdwing of daarmee rekening hou by die interpretasie van sy oeuvre nie. Hulle huldig eenvoudig selfstandige menings oor Elsschot se werk. So gebruik Achilles Mussche in 1938 nooit die woord „cynisme" nie, maar bespreek slegs Elsschot se onbewoë, presiese kyk op die lewe, sy sobere saaklikheid en „een stugge navrante ironie"<sup>46</sup>.

40. Volksgazet, 12 Desember 1946.

41. Vrij Nederland, nr.26, 1947.

42. Willem Elsschot, p.44.

43. Ibid., p.51.

44. Sprekende Schrijvers, p.201.

45. L., Volksgazet, 29 Mei 1958.

46. Vooruit, 20 Februarie 1938.



Hy sien Elsschot as die skrywer wat by uitstek die kleinburgerlike lewe grootse proporsies laat aanneem in die kleinburgerlike literatuur.

'n Anonieme resensent beskou Elsschot as eksponent van 'n gevarieerde humor in Het Been. Volgens hom bevat hierdie boek nie die diepere bitterheid nie, „maar het is toch vol van den eigenaardigen, oorspronkelijken Elsschottiaanschen humor, die al niet anders kan zijn dan bitter, hekelend, venijnig spottend“<sup>47</sup>.

Ook in Van Vriesland se bespreking van die werk van Elsschot is die sinisme nie ter sprake nie: „Zijn werk heeft een uitgesproken persifleerend karakter en getuigt van een misanthropischen aard. Ironie en sarcasme zijn de gevoelens, die zijn blik op zijn personen en hun milieu, en zijn kijkt op de wereld bepalen“<sup>48</sup>. In die latere werk lê die skrywer volgens hom klein op die potsierlike kante van die mens se doen en late.

Dirk Coster hou 'n ander perspektief op die werk van Elsschot voor. Hy beskou Elsschot se skryfwyse as 'n reaksie teen die saaklikheid van die moderne lewe: „Hij moest tot de satyre overgaan. Maar in den grond blijft het zijn Vlaamsche hart met de onverdelgbare mystieke sprankel daarin, dat deze strijd aanbindt. Het is de vrome intuïtie ten opzichte van de primaire elementen die het leven goed en rijk maken. Het is kortom de natuur tegen de brutale en ontzielde hardheid“<sup>49</sup>. Volgens hom sal satire nooit die grootste kuns kan oplewer nie, want die satirikus kies party en is terselfdertyd deel van die wêreld waarteen hy homself keer: „De satyricus staat in zijn en in de schepping als een verongelykt, vechtend en vechtlustig mensch“<sup>50</sup>.

J.A. Goris sê van Elsschot se werk: „He is a novelist of merciless humor and great moral courage. Only sarcasm can defend the heart of man against his fellow men, and above all against his own emotions. He writes about average people, about their dreams of greatness, their frustrations and petty miseries. His hero is a protean Milquetoast, defenseless in a harsh world, constantly falling back upon the devotion of his family. The décor of life, the climate, has little or no importance; what counts is the sad and vulnerable heart of man“<sup>51</sup>.

---

47. Nieuwe Rotterdamsche Courant, 12 April 1938.

48. Onder de Loupe, p.48.

49. Menschen. Tijden. Boeken, p.85.

50. Ibid., p.86.

51. Belgian Letters, p.31.

In 1957 kom J.H.W. Veenstra met 'n nuwe teorie in verband met die werk van Elsschot vorendag, naamlik dat die werk by uitstek filmies is: „Het is de techniek van de close up, van het laten spreken van het geïsoleerde beeld, dat getoond met een geraffineerd afgestemde timing - een eigen zeggingskracht en een eigen dramatische lading krijgt, terwijl de binnen enkele zinnen gedrongen karakteristieke uitspraak slechts 'onderschrift' bij de situatie is"<sup>52</sup>. Volgens hom sou by Elsschot van „sousrealisme" gepraat kon word, want hy onthul onder die daaglikse werklikheid 'n naaktere werklikheid.

K. Jonckheere meld ook nie sinisme in sy bespreking van die werk van Elsschot nie: „Elsschot mag de uitwendig onberoerde, de onderhuids gedempt-sentimentele realist worden genoemd"<sup>53</sup>.

Die saak „Elsschot" is gedurende al die jare wat hy geskryf het en daar oor sy werk geskryf is, nog nie bevredigend opgelos nie. Die sogenaamde sinisme was ontoereikend om as die grootste gemene deler van sy werk beskou te word, of om Elsschot se lewensingesteldheid aan te dui. Indien dit algemeen as norm aanvaar was, sou dit sekerlik nie nodig wees om meer as 'n halwe eeu lank daaroor te argumenteer nie.

Hoofsaaklik kan ons beswaar maak teen die vaagheid oor die begrip sinisme, soos dit in die kritiese uitsprake tot uiting kom. Nugterheid, saaklikheid en ongevoeligheid word blykbaar onder meer as „sinisme" beskou. Soos reeds aangetoon, is „ongevoeligheid" nie 'n aanvaarbare literêre kriterium nie. Ook word dit nie altyd duidelik gemaak of na die werke, of na die skrywer se innerlike gesteldheid verwys word nie. Smits bring egter die sogenaamde sinisme in verband met die gees, taal en beeldspraak van die werke terwyl Van Vlierden ook sinsbou, woordkeuse, woordgroepering en „stijlcapriolen" noem. In alle gevalle is daar 'n gebrek aan afdoende voorbeelde aan die hand waarvan 'n opvatting getoets kan word. Biografiese besonderhede neig verder om die opvattinge te beïnvloed. Bowenal lyk dit my noodsaaklik dat die literêr-artistieke funksie van die sogenaamde sinisme bepaal word, eer die bespreking werklik waardevol kan wees.

M.i. is daar 'n sekere mate van sinisme in die werk van Elsschot te vinde, maar dan ook nie 'n „suiwer" sinisme nie. Soos ons later sal sien, is die sinisme by Elsschot deur die humor getemper tot geestige sinisme. Verder vorm die sinisme slegs 'n geringe onderdeel van die lewensiening wat aan die Elsschotiaanse humor ten grondslag lê. Sinisme speel 'n beperkte, maar in die konteks gesien, belangrike rol in die oeuvre van Elsschot.

---

52. Vrij Nederland, 4 Mei 1957.

53. De Litteratuur in België, p.20.

By nadere ondersoek blyk dit dat daar 'n ander gedagterigting is, wat gedurende en na Elsschot se skrywe sporadies aangerak is, soms effens op uitgebrei is, dikwels slegs 'n vermoede was en in die jare sestig dominant word wanneer sy werk onder bespreking kom. Herhaaldelik word daarop gedui dat Elsschot sy tyd vooruit was. Reeds in 1914 skryf Frans Coenen dat die toonaard van Villa des Roses vreemd klink: „Juist zoo vreemd als de geest van den schrijver zelf, die waarlijk buitenmodelsch is in Holland. En elders, zou men zeggen...”<sup>54</sup>.

In 1934 skryf 'n anonieme kritikus die volgende belangrike stukkie: „Het leven schijnt hem noch schoon, noch leelijk, een korte tocht, welke hij beschouwt als doel- en nutteloos, die den mensch wordt opgelegd, zonder dat hij ook weet waarom, al pogen er wel zich wijs te maken dat zij een doel dienen. Het is dan deze illusie, welke zal beslissen of hun leven gemeen of schoon zijn zal...Zijn interesse gaat naar het leven: naar de reacties van de strijdende en lijdende menschen, welke er te midden in geplaatst zijn en die goed zijn, dwaas, soms minderwaardig en slecht, naar gelang de omstandigheden”<sup>55</sup>. En vervolgens oor Een Ontgoocheling: „Alles is hopeloos ontgoocheling in het leven van de menschen, die hij voorstelt. Zij denken er niet aan deze zekerheid onder woorden te brengen, maar zij ondergaan ze, zij het ook na een doelloos verzet, zij leven er mee en ze sterven er aan”<sup>56</sup>.

Paul de Vree skryf in 1936: „Van al onze romanschrywers heeft Willem Elsschot het meest een eigen accent, een accent dat ons treft, niet om de er door opgeroepen ontroering, maar om zijn waarachtigheid”<sup>57</sup>. Hy vergelyk die werk van Elsschot met die opvatting weerspieël in De Man in de Mist van Miguel de Unamuno: „Mijn kalme, onbekende sleurleven is een Pindarische ode doorweven met de duizend kleinigheden van elke dag... Wij menschen gaan niet ten onder aan die groote smarten en die groote vreugden, omdat die smarten en die vreugden tot ons komen vermomd in een geweldigen nevel van kleine incidenten. En dat is juist het leven, de nevel. Het leven is een nevelvlek”<sup>58</sup>. Elsschot skram nie weg van die waarheid nie: „Of men al of niet akkoord gaat met de beskouwingen van den auteur, als voor hem het leven tenslotte het weten is dat men voor wormen

---

54. De Amsterdammer, 21 Desember 1914.

55. De Nieuwe Gazet, 8 Maart 1934.

56. Ibid.

57. Hedendaagsche Vlaamsche Romanciers en Novellisten, p.34.

58. Ibid., p.35.

heeft geleefd en het lichaam een bloote dood lijkt door een pondje vleesch bedekt, dat met één woord en om een banale expressie te gebruiken, de weg van de wieg tot aan het graf louter larie is...zoo gaat het meestal<sup>59</sup>.

Gedurende die volgende jaar wys Lode Monteyne daarop dat diegene, wat hulself besig hou met vernuwing, in 1924 nie gemerk het dat Lijmen iets nuuts gebring het in die folkloristiese detaillering-skuns van Vlaandere nie. Dit is waarskynlik veroorsaak deur gebrek aan analogiese literêre geskrifte veral in Duitsland tot ongeveer 1930: „Men heeft in die kunst steeds het aandeel van het cynische element vrij ruim geschat. Beging men, aldus handelend, niet een vergissing? Bestempeld men niet als cynisch wat enkel een volledig on-romantische voorstelling van de algemeen-gangbare, dagelijksche werkelijkheid, en de naaktheid van haar essentiele verhoudingen, heeten moest?”<sup>60</sup>.

Joris Eeckhout diagnoseer Elsschot se geestesgesteldheid, maar sien dit nie as weerspieëling van die tydsgees nie: „Ook van Elsschot zou de autodidakt uit Sartre's ‚La Nausée‘ (1938) kunnen getuigen ‚C'est un misanthrope scientifique, qui a su doser sa haine, qui ne hait d'abord les hommes que pour mieux pouvoir ensuite les aimer“<sup>61</sup>. Hy begryp nie waarom Elsschot homself blindstaar op wantoestande en gemene mense nie: „Is de twintigsteewer dan zoo pessimistisch-moe gestemd...?“<sup>62</sup>. Hy kom tot die gevolgtrekking dat Elsschot die lewensbeskouing van Roquentin (Nausée van Sartre) deel, wat besluit „tot alles overveldigende walg van ‚le péché d'exister‘ (blz.222), niet zoozeer bij anderen dan wel bij zichzelf“<sup>63</sup>.

Drie jaar later skryf Guido Eeckels: „Il voit ses personnages et sonde leurs replis avec ce même regard aigu et omniprésent dont était également doué Franz Kafka. Il y a, d'ailleurs, entre ce dernier et le romancier flamand, plus d'une affinité..Peut-être le lecteur français trouverait il aussi certaines analogies d'optique entre les romans susdits et certaines nouvelles de Jean-Paul Sartre“<sup>64</sup>.

Herman Oosterwijk voel dat Elsschot se werk 'n verwantskap toon met 'n sekere tydsgees: „De waarde van zijn werk bestaat m.i. minder in het

59. Ibid., p.35.

60. De Dag, 27 November 1937.

61. Litteraire Profielen, VIII, p.19.

62. Ibid., p.19.

63. Ibid., p.23.

64. Le Nouveau Journal, 28 Februarie 1941.



uitbeelden van een aantal overigens naar het leven getroffen en merkwaardigen typen, dan in het uitspreken van een levensgevoel dat men, tegen wil en dank modern moet noemen...Dit gevoel is ingesteld op de in stilte gehuldigde almacht van de geldelijke welstand"<sup>65</sup>. Volgens hom ironiseer Elsschot die stadsmens „zoals een leven zonder idealen, zonder godsdienst en met veel materiele bekommernissen hem hebben gemaakt"<sup>66</sup>. Oosterwijk is van mening dat hierdie tyd sal verbygaan en dan sal Elsschot se werk 'n dokumentasie wees om te toon „wat het moderne levensgevoel was, hoe klein het was en leeg van alle hooger verlangens en tenslotte hoe deerniswekkend in zyn verminkte menschelykheid"<sup>67</sup>.

PAN wys daarop dat Elsschot reeds werke in die beste gedronge styl skryf, voordat Walschap en sy epigone hul kampanje teen die „beskrywende" in die Vlaamse romanliteratuur van stapel stuur. Geen wonder dat Elsschot nou eers ontdek word nie „omdat hij met de traditie afbrak en anders schreef, dus ook zag, en aanvoelde...door het merg en de nieren der burgerlijke braafheid drong en de kale leegheid ervan uitstalde met een waarheidsliefde"<sup>68</sup>.

Ook Frans Smits skryf destyds in sy werk oor Elsschot dat die goes, wat vanaf die eerste boek uit sy werk straal, iets heel nuuts in die Vlaamse letterkunde was „en zelfs niet te vergelijken, bij mijn weten, met iets soortgelijks in de buitenlandse literaturen, tenzij tot op zekere hoogte met het geluid van Octave Mirbeau uit Les Affaires sont les Affaires"<sup>69</sup>.

In 1946 skryf Hubert Lampo: „Elsschot is, méér dan welk ander Vlaamsche auteur ook, een zoeker van den mensch in zijn ware, desnoods schamele gedaante. Het milieu en het intrige spelen in zijn oeuvre steeds een onbelangrijke rol...omdat hij slechts belangstelling koestert voor DEN MENSCH, die zich - in laatste instantie - in het leven steeds alleen voelt, in het spel van droom en daad steeds de eeuwig gekwetste is..."<sup>70</sup>.

Na die verskyning van Het Dwaallicht skryf Paul de Vree: „Méér dan vroeger wil hij zichzelf zien leven, het ‚avontuur‘ beleven tegen de achtergrond van het zinloos, absurd bestaan. ‚Het absurde leven is het

65. Het Vlaamsche Land, 19-20 Oktober 1941.

66. Ibid.

67. Ibid.

68. De Dag, 29 Oktober 1942.

69. Willem Elsschot, p.33.

70. Volksgazet, 12 Desember 1946.

enige, dat waarlijk leven is, maar ook de enige te leven vrijheid.' Daar schijnt ons Elsschot uiteindelijk naar gestreefd te hebben. Hij lijkt ons zelfs het absurdisme - als vlucht naar het avontuur - van een Camus heel dicht te benaderen"<sup>71</sup>. Dit lyk vir hom asof Elsschot die woord voer vir die anarchiste van daardie tyd.

„Elsschot's personages hebben een algemene menselijkheid. Daarom is de inhoud van zijn verhalen ook niets meer of minder dan de tragi-comedie van het leven: geen ingewikkelde intriges, de ingewikkeldheid alleen van de wijze waarop iedereen elke dag opnieuw de talloze klippen omzeilen moet die zijn innerlijke rust, zijn geluk, bedreigen en in de waagschaal stellen, met afwisselende resultaten van nederlaag en overwinning"<sup>72</sup> sê P.H. Dubois. Hy meen ook dis volstrek onwaar dat Elsschot 'n sinikus sou wees: „Als hij dat is dan valt er over het leven zélf ook niet veel goeds te zeggen. Maar Elsschot is zó reëel geweest in zijn werk dat men er alle noodzakelijke nuanceringsen in terugvindt"<sup>73</sup>.

Ook uit 1960 dateer die volgende: „Zonder de minste zweem van wijsgerige voorbereiding, laat staan filosofische aanmatiging, hangt Elsschot ons plots van zijn eerste boeken af...het beeld op van de louter existensieel waargenomen mens...Noch het o.i. reeds sedert lang verworpen Elsschotiaans cynisme, noch de wel aantrekkelijke opvatting van de onbewogen optekenende notaris met het hart van een moeder, zoals iemand het keurig onder woorden bracht, hoeven voortaan nog ingeroepen te worden om zijn werk nader te duiden"<sup>74</sup>. Verder skryf hy: „(Elsschot heeft) volkomen behoed voor de insluipingen van een nog negentiende-eeuwse fraaidoenerij of de ware vertelkunst volkomen vreemde zedeprekerij, de mens...betragt in zijn existentiële verschijsning. Wat geensins de deernis uitsluit, doch tevens beduidt: in zijn bestendig lijf-aan-lijf gevecht met een leven, waar hij niet om gevraagd heeft, doch waarvan hij, ondanks alles, het beste zal proberen te maken"<sup>75</sup>. Volgens hierdie kritikus verteenwoordig Elsschot eensklaps 'n ongekenende individualisme, 'n volstrek nuwe lewensgevoel, waarvoor Vlaandere nog nie ryp was nie, onder andere omdat daar geen gerusstellende steunpunte en analogieë in die buitelandse literatuur daarvoor te vind was nie.

---

71. Schets der Sosiale Achtergronden van de Hedendaagse Vlaamse Roman, p.14-15.

72. Het Vaderland (Den Haag), 1 Junie 1960.

73. Ibid.

74. H.L., Volksgazet, 16 Junie 1960.

75. Ibid.



In 1963 val 'n kritikus weer eens terug na die opvatting van die siniese masker, tydens 'n bespreking van Villa des Roses: „Zijn leed-vermaak, zijn ironie, zijn slechts Elsschot's ,tweede gezicht', een masker waarachter een overgevoelig mens zich verschuilt...Wat opvalt bij de lectuur van het boek is de koelheid, het cynisme en het wrange sarcasme"<sup>76</sup>. Dit beklemtoon wat H.L. drie jaar te vore geskryf het, naamlik dat Elsschot ruim 'n kwarteeu al die erkenning geniet wat hy verdien, al „bleven een paar literaire eerste-communicanten, aan wier oordeel geen denkend mens zich stoort, dan ook struikelen over zijn vermeend cynisme"<sup>77</sup>.

Sedert die aanvang van die eeu skryf Elsschot reeds gedigte, wat in 1932 in Forum verskyn en twee jaar later gebundel word. Vroeg in 1934 som een van die kritici Elsschot se poësie as volg op: „De poëzie van Elsschot ...ze groeit uit de tegenstelling van de kleine daden en geringe gedachten der menschen en de vernietigende, allesopslurpende eeuwigheid, die in hen en rondom hen werkzaam is. Uit het smartelijke besef van het onafwendbare, van het noodlottige, die uit deze altijd zich hernieuwende confrontatie blijkt ontwikkelt zich het gevoel, waardoor zijn verzen gedragen worden"<sup>78</sup>. Elsschot, wie se persoonlike kuns eers na die oorlog genietbaar word, behou 'n bestendige kontak met die aardse, maar het togelykertyd 'n obsessie oor die verganklikheid van die mens.

Lode Monteyne skryf soos volg oor die gedigte: „Veler verbazing over het verschijnen van een dichtbundeltje, hoe gering van omvang ook, van den als verteenwoordiger van het cynisme in onze hedendaagsche letterkunde, misschien geheel ten onrechte gedoodverfden Willem Elsschot, valt hoofzakelijk toe te schrijven aan het bestaan van een zeer eenzijdige opvatting betreffende het wezen van de poëzie...Er brandt geen hartstochtelijkheid in Elsschot's verzen, die veelal koele, wrange, soms wreede en in schijn gevoelloze, ja bijna cynische notities zijn van hetgeen hij waarnam of doorleefde in het zeer gelijkvloersche en van het idealisme verstoken dagelijksche bestaan"<sup>79</sup>. Volgens hom heet Elsschot se neiging tot „zelfbeschuldiging en zelf-deemoediging" miskien ten onregte sy sinisme.

Oor die gedig „Huwelijk" skryf Monteyne kort daarna: „Geschreven in 1910, toen de auteur zes of zeven en twintig jaar oud was, doet het aan als zwaar belast met vroege levenswijsheid - de grimmige levenswijsheid van wie jong is en te klaarziende in de verhoudingen van het bestaan"<sup>80</sup>.

76. V.V.R., Vooruit, 28 Maart 1963.

77. Volksgazet, 16 Junie 1960.

78. De Nieuwe Gazet, 8 Maart 1934.

79. De Nieuwe Gazet, 1 November 1934.

80. De Nieuwe Gazet, 20 Desember 1934.

S. Vestdijk vind verskeie antiteses werksaam in die poësie van Elsschot: „Ook het prachtige (eerste) ‚Moeder‘, ‚Bij het doodsbed van een kind‘, ‚De bedelaar‘ combineeren zich op geheel eigen wijze a met b, cynisme met verteedering, hardheid met pathetische verijling, burleske dramatiek met het snel vliedende moment van den inkeer, dubbelwerkzaam door het contrast“<sup>81</sup>.

Gedurende dieselfde jaar skryf ´n anonieme persoon in ´n resensie oor Elsschot se werk: „Lang voordat poëzie, gelijk deze door de (oorspronkelyke) groep van Forum werd voorgestaan en gepubliceerd, in ons taalgebied werd geschreven, midden in de zuiver aesthetische periode van de jaren vóór den oorlog, waarin de z.g. generatie van 1910 vooral het voetspoor van Boutens en Van de Woestijne volgde, maakte dus deze zeldzaam oorspronkelyke auteur gedichten, welke hij in portefeuille hield tot zij een kleine twintig jaar later in het tijdschrift der jongeren tot het modernste en het beste zouden behooren wat daarin was verschenen“<sup>82</sup>.

Joris Eeckhout maak gedurende die volgende jaar ´n aanklag teen die poësie van Elsschot: „Poëzie verwijlt nooit zoo laag bij den grond; er is een detail-noteering die zij uitsluitend aan het proza overlaat; er zijn ideëen en gevoelens, die lood in de vleugels schieten en vaart stremmen...Verzen eigenlijk om te protesteeren teen die poëzie van het leven, of beter om duidelik uit te maken dat het klinkklare onzin is, op poëzie in het leven aan te sturen; verzen ten slotte om die poëzie te negeeren... Men kan die verzen-van-vroeger beskouwen als themata van het proza-van-later“<sup>83</sup>. Ook Veenstra noem Elsschot „de jonge dichter van het ‚anti-poëtische‘ vers“<sup>84</sup>.

Drie jaar later merk Dubois op: „En inderdaad, al zijn het er niet meer dan 20 of 25, dat kleine aantal gedichten is in zekere zin volmaakt in een toon en een genre, lang voordat die toon en dat genre in onze literatuur de moeite waard werden“<sup>85</sup>. Veral ten opsigte van die poësie, word die gedagte, naamlik dat Elsschot sy tyd vooruit was, onderskryf. C. Bittremieux wys op die individualistiese karakter van sy poësie en voeg daaraan toe: „Elsschot's gedicht(e) heeft...in zijn oorsprong altijd iets

81. Groot Nederland, Julie 1937, p.38.

82. Nieuwe Rotterdamse Courant, (I), 1937.

83. Litteraire Profielen, VIII, p.21-22.

84. Vrij Nederland, 4 Mei 1957.

85. Het Vaderland (Den Haag), 1 Junie 1960.

van het Jan Klaassenvers, het marktrijm, het straatlied, het levenslied, het chanson"<sup>86</sup>.

Op 31 Mei 1960 sterf Elsschot: „Hij heeft nu het ons onbekende land der eeuwigheid betreden. Zijn twijfels zijn opgelost en niet op zijn vraag of raad, maar op die van zijn moeder, kunnen wij ‚gerust een onzevader lezen‘ opdat zijn ziel in dat andere land daar, bevrijd van haar soeptisch en agnostisch harnas, in de liefde worde opgenomen. Opdat nu alles opgehelderd weze voor hem, wat tijdens zijn leven duister bleef“<sup>87</sup>.

Die „eksistensiële inslag“ wat in hierdie laaste groep deur die kritici gemeld of gesuggereer word, is m.i. van groot belang ten opsigte van Elsschot se werk en vorm die grondslag van die res van hierdie ondersoek. Aandag sal nie slegs bestee word aan die eksistensiële tematiek nie, maar ´n poging sal hoofsaaklik aangewend word om die struktuurfunksie van hierdie gegewe te probeer bepaal. Die eksistensiële elemente speel ook ´n vername sintetiserende rol; dit dien as die voedingsbron van die geestigheid (en humor) én die sogenaamde sinisme is daaruit verklaarbaar.

---

86. De Nieuwe Gids, 2 Junie 1960.

87. H. van Herreweghen, De Nieuwe Gids (Brussel), 4-5 Junie 1960.

## II. DIE „ELSSCHOTIAANSE HUMOR“

### 1. Oor Humor.

Uit die vorige hoofstuk blyk dit dat sommige kritici melding maak van Elsschot se humor. Ook ten opsigte van die humor van hierdie skrywer bestaan daar uiteenlopende menings en interessantheidshalwe word enkele uitsprake ten aanvang genoem.

Lode Monteyne skryf die volgende oor Elsschot se digkuns, wat ook van toepassing is op sy novelles: „De kunst van den dichter Elsschot heeft ons herhaaldelijk in herinnering gebragt het werk der Russische cabaret-artisten, welke in de eerste jaren na den vrede van 1919 in de oude steden van West-Europa voorstellingen gaven en op zoo dieproerende, want intense en naar het essentiele doelende wijze, de smartelijkheid van een bestaan konden parodieeren, zoodat de tragiek haar scherpe hoeken drukte in de doorzichtige voelen van een pijnlijken humor“<sup>88</sup>.

’n Anonieme kritikus skryf ’n aantal jare later: „Zijn menschen, in hun wezen betrapt, leven, en de auteur hoeft dus nergens de koddige situaties om zich zelf te doen spreken, noch zich van goedkoop grove pittoreskheid te bedienen. Neen, hier is de anecdote door den geest zinrijk doorlicht en dus eerst waarlijk geestig“<sup>89</sup>. H. Lampo praat ongeveer tien jaar later van Elsschot se „superieuren humor die ons met het leven verzoent“<sup>90</sup>. Om die beurt word van Elsschot se „geestigheid“ en sy „humor“ melding gemaak en ’n onbekende kritikus verwys selfs na sy „wrangen maar zeldzaam geestigen humor“<sup>91</sup>. Selde word voorbeelde gegee om aan te toon presies wat met hierdie twee terme bedoel word.

Teenoor die opvatting van hierdie aspek van Elsschot se skrywerskap as iets positief en versoenend, staan diegene wat ’n ander mening huldig: „Elsschot glimlacht nooit, hij grinnikt cynisch“ skryf Joh. de Maegt<sup>92</sup>. Oor Pensioen word gesê: „Met af en toe een streek humor, waarin de

88. De Nieuwe Gazet, 1 November 1934.

89. Nieuwe Rotterdamse Courant, (I), 1937.

90. Volksgazet, 12 Desember 1946.

91. Nieuwe Rotterdamse Courant, (II), 1937.

92. Het Laatste Nieuws, 29 November 1934.



bitterheid van den schrijver teenover dat lage en bekrompen leven tot uiting komt"<sup>93</sup>. Nog sterker is die volgende: „Aldus bevrijdt zich Elsschot's haat, zijn kritiek, zijn negativisme, in humor...Zij is hulpmiddel geworden om zich ombarmhartig spottend te wapenen teen de evenwichtsverstoring, welke de diepe haat- en andere emoties zouden kunnen teweegbrengen. Zij moet door de schrille kluchtigheid van het zien zich boven het aanschouwd verheffen. Zij moet van de besmeuring van het geziene bevrijden. Zij is een reinigingmiddel...Zij is humor"<sup>94</sup>. Joris Beekhout is die volgende mening in verband met Tsjip toegedaan: „Hoe schrijnend blijkt hier, eens te meer, dat geestig-zijn door Elsschot vereenzelvigd wordt met het tappen van grove moppen, nergens met ‚l'esprit de finesse‘, dien Pascal dan nog uitspeelt teen ‚l'esprit de géométrie‘“<sup>95</sup>.

## 2. Die Begrippe „Komies“, „Humoristies“ en „Geestig“.

Laat ons ten eerste kortliks onderskei tussen die komiese, humor en geestigheid. Hierdie drie verskyningsvorme het veral een element gemeen, naamlik die lag. Alhoewel die wese van die lag, as fisieke en geestelike aksie, tot dusver nog nie onomstootlik bepaal is nie, kan onderskei word tussen ´n nuanselose, primitiewe lagaksie en die res van die gamma tot by die fyn, intellektuele glimlag. Die lag gaan geredelik ´n verbintenis aan met literêre verskynsels en daardeur ontstaan byvoorbeeld ironiese humor, satiriese geestigheid: in elke instansie dien die lag om die geestesgesteldheid van die outeur of spreker nader aan te dui en te beklemtoon. Daarbenewens kan die lag wissel van uitbundig tot bitter en is dus by uitstek geskik om bykomstige nuanserings aan ´n bepaalde instelling van ´n skrywer teenoor ´n bepaalde gegewe te verleen.

Die Groot Nederlandse Woordeboek definieer die komiese as volg: „in ruime zin de eigenschap van al wat de lachlust opwekt, in engere zin dat lachwekkende dat voortkomt uit de doorziene teenstelling van het gepretendeerde en het werkelyke, of uit het bestaan van een ongemotiveerde teenstelling alleen“. „Komies“ is meer verfynd en grappig as „komiek“. Literatoure soos Sully, Volkert, Höffding en andere is elk ´n individuele mening aangaande die aard en oorsaak van die komiese toegedaan. Onder

---

93. F.V. Toussaint van Boelaere, Algemeen Handelsblad, 30 Desember 1937.

94. Nieuwe Rotterdamse Courant, (II), 1937.

95. Litteraire Profielen, VIII, p.14.

andere word automatisme en degradasie van 'n persoon in teenstelling met die ideale as grondslag van die komiese beskou. Bierens de Haan wys daarop dat die komiese 'n aweregse bevestiging van die ideale is <sup>96</sup>. Toevalligheid en redelike onverwagtheid word dikwels as vereistes van die komiese gestel en 'n sekere mate van menslikheid is nodig om iets of iemand lagwekkend te maak. Ten opsigte van die waarnemer konstateer Malherbe 'n betreklike afwesigheid van „gevoel" by die komiese, anders as wat by humor ondervind kan word <sup>97</sup>.

Die volgende definisie van „humor" word deur die Groot Nederlandse Woordeboek gegee: 1) „Oog en gevoel voor vroolijk makende tegenstrijdigheden tusschen voorkomen en bedoeling of beteekenis van eene zaak, eene handeling of gebeurtenis, of tusschen hare onderdeelen; de neiging het vroolijkmakende in eene gebeurtenis of handeling het meest te doen uitkomen, hetzij spontaan, hetzij als tegenwicht voor somberder indrukken. 2) De tegenstrijdigheid, het vroolijkmakende onder 1 omschreven; de uitdrukking daarvan in woord, geschrift, beeld, klank of gebaar; luim".

Malherbe wys daarop dat wat essensieel aan die begrip humor sou wees, in dié omskrywing ontbreek: niks wys op die „mildheid van humor, die vergewend-spottende van 'n bepaalde stemming, die medelye in die sagte glimlag, om nie van meer ingewikkelde eienskappe te praat nie..."<sup>98</sup>. Hy beklemtoon onder meer dat „gevoel" by humor betrokke is en dat 'n sekere betragende houding daarvoor nodig is: „Op lewenshouding kom dit veral aan: 'n wêreldbeskouing waarin na versoening tussen werklikheid en ideaal gestrewe word"<sup>99</sup>. In hierdie opvatting word geïmpliseer dat die humoris oor 'n sekere objektiwiteit sou moet beskik om, vry van dogmatiese opvattinge, 'n deurdringende blik te kan werp op die teenstrydighede wat volgens die bestaande moraal „goed" of „in orde" sou wees.

Benewens 'n werklikheidsin sou die humoris ook moet beskik oor 'n hoë mate van idealisme. Om tot die versoenende lewensinstelling van die humor te geraak, veronderstel dikwels selfaanklag, stryd en vertwyfeling. Volgens Malherbe ontstaan humor uit pessimisme oor die vermeende futiele bestaan, die a-logiese en paradoksale van die heelal en lot, lewe en dood. Algaande ontworstel die humoris vir hom 'n wêreldbeeld waarin die negatiewe en positiewe, goed en kwaad ingeorden is as deel van die „totale werklik-

96. De Zin van het Komische, p.37.

97. Humor, p.49.

98. Ibid., p.62.

99. Ibid., p.65.



heid". Humor het dus 'n versoenende funksie: „Der Humor trägt die Versöhnung im Gemüte. Er unterscheidet sich von dem Witze, dass er an den Dingen mit denen er spielt einen innigen Herzensanteil nimmt, und dass die Lust des Lachens ein inniges Mitgefühl der Rührung für das Verlachte begleitet und durchklingt"<sup>100</sup>. Humor is 'n glimlag van gees én hart.

Malherbe verwys daarna dat die humoris dikwels eindigheid met oneindigheid kontrasteer en ook na sy „geloof aan die magte wat in die natuur en geskiedenis regeer"<sup>101</sup>. Volgens hom is humor slegs moontlik wanneer daar 'n „ander gevoel" oor pessimisme triomfeer, 'n gees van liefde en berusting. Jongejan onderskei tussen die skrywers wat hulle voortdurend bewus voel van die kloof tussen ideaal en werklikheid, die bo-sinlike en die waarneembare wêreld, die goddelike en die menslike – en diegene wat alleenlik die dwase kontraste opmerk in die mensewêreld, waarin hulle hul medemens en ook hulself as marionette hul rol sien speel, sonder om daarby die metafisiese wêreld – die Oneindige – as agtergrond te sien. Beide groepe sou 'n humoristiese houding teenoor die lewe aangeneem het, maar die humor van laasgenoemde groep sal 'n sekere diepte mis, want die metafisiese werklikheid is nóg die grond nóg die agtergrond van hul humor"<sup>102</sup>. Humor spruit dus uit die kalmte ná persoonlike stryd en wroeging, is die resultaat van daaglikse ervaring en die bespiegeling daaroor: „Humour, at its highest, is a part of the interpretation of life"<sup>103</sup>.

Die humor in die werk van Elsschot spruit m.i. nie uit 'n verworwe wêreldsiening waarin die polêre elemente van die „werklikheid" tot 'n aanneemlike geheel gesintetiseer is en is dus meestal nie humor in die Malherbiaanse betekenis van die woord nie. Veral die geloof aan „Magte" wat die lewe beheer, ontbreek. Elsschot se humor verteenwoordig eerder 'n tussenstadium en het sy oorsprong tydens die humoris se worsteling om tot bogenoemde berustende lewensinstelling te geraak. 'n Kritikus stel dit só: „De humor, zoals de ironie, de zelfbespotting en de meewarigheid zijn voor de auteur een afweer tegen een al te tragisch aanvoelen van het bestaan. Het is een metalen scherm dat de mens naar willekeur kan ophalen of laten zakken, waarop hij tevens zijn hart spiegelen kan, en nagaan hoe lang hij nog bestand kan blijven tegen een werkelijkheid die hem kwelt. Deze humor dus is als een troost, minder bestemd om te laat lachen dan om de pijn der wonden te verzachten. Hij wil geen genees-

---

100. Backhaus, Das Wesen des Humors, soos aangehaal deur Malherbe, p.70.

101. Humor, p.110.

102. E. Jongejan, De Humor-„cultus" der Romantiek in Nederland, p.8.

103. S. Leacock, Humour, p.5.

middel tegen zwartgalligheid zijn, maar vooral een muziek op wiens klanken de mens zich verzoenen kan met de relativiteit aller dingen – een humor die synthese en paradox omstrengelt, waarin voortdurend de zin voor een gemeten bestaan voelbaar is"<sup>104</sup>.

„Geestigheid" word deur die Groot Nederlandse Woordeboek as volg verklaar: „begaafd met levendig vernuft, dat zich in oorspronkelyke, fijne en puntige en verrassende gedachten uit; vol geest of vernuft, waarin iemands vernuft en fijne geest aan den dag komt". Hieruit sou afgelei kon word dat individuele sprekers of outeurs elkeen 'n eie, unieke vorm van geestigheid sou kon beoefen. Geestigheid word gewoonlik doelbewus bedryf en is meer „berekend" as byvoorbeeld humor. Geestigheid is gewoonlik verbaal terwyl humor betrekking het op 'n persoon se voorkoms en daade sowel as op wat hy sê. Geestigheid sowel as humor kan „gewoon" of „tendensieus" wees: dit kan bloot verband hou met die lagwekkende van 'n gebeurtenis of gedagte óf gebruik word as wapen om af te breek (soos in die geval van satire).

Plokker onderskei as volg tussen geestigheid („Witz"), die komiese en humor: laasgenoemde is die mees selfgenoegsame vorm en bepaal homself tot één mens, die komiese vereis gewoonlik twee persone, naamlik die ontdekker van die komiese en die persoon by wie die lagwekkende ontdek word. Die geestigheid vereis ten minste drie persone naamlik die verteller, die persoon oor wie die geestigheid gaan (wat vervang kan word deur iets anders) en die hoorder (of lesor)<sup>105</sup>. Alhoewel hierdie indeling miskien nie altyd stand hou nie, is dié siening van die geestige situasie tog van belang: die geestigheid gaan verlore indien die hoorder of lesor nie begryp waarna verwys word nie, wanneer 'n beeld of naamwoord aan hul ervaringsveld vreemd is.

Die funksie van die geestigheid verskil dan ook van dié van humor daarin dat dit nie 'n uitdruklike of volkome bewuste versoening tussen die negatiewe en positiewe, lagwekkende en patetiese teweeg bring nie, maar die negatiewe, die terneerdrukkende leefbaar maak. Die geestige is slegs momenteel, 'n klein opheldering, 'n kortstondige verlossing. Die aard van die geestige is nietemin ook enigsins bevrydend, want gewoonlik verwys dit na iets buite die situasie en verruim as 't ware die betrokke persoon(e) se gedagtegang op 'n bepaalde oomblik deur 'n beeld uit 'n ander sfeer by die onmiddellike te betrek. Daar word dikwels groot „afstand" aangetref

---

104. F. Buyens, Willem Elsschot, p.29.

105. De Lach in de Literatuur, p.3.

tussen voorwerp en beeld en 'n soort kortsluiting word deur die bymekaarbring van uiteenlopende, polêre gegewens veroorsaak.

Elsschot se oeuvre word gekenmerk deur geestigheid. Hierdie skrywer se geestigheid kom op 'n individuele wyse tot uitdrukking, wat dit moontlik maak om sekere herhaalde stylfigure en taalvorme te onderskei. In die volgende hoofstukke sal die funksie van geestigheid in die konteks behandel word, daarom word nou slegs kortliks op 'n aantal verskyningsvorme van Elsschot se geestigheid gewys.

### 3. Vorme van Geestigheid.

#### a. TAALGEBRUIK

##### (i) Diversiteit van Gegewens:

In die beskrywing van mevrou Brulot in Villa des Roses word 'n geestige effek verkry deur uiteenlopende eienskappe in een asem te noem. Ons lees byvoorbeeld: „zij had een gouden hart, maakte haar hoeden zelf en zag er met een paar goedkope spullen werkelijk nog al aardig uit" (p.11). Eers word 'n abstrakte goeie hoedanigheid genoem, daarna 'n praktiese aanleg en dan word na haar algemene voorkoms verwys.

In dieselfde werk tref ons nog 'n voorbeeld van hierdie soort geestigheid aan: „De twaalfde en laatste kostganger voor dag en nacht was een jonge Duitser met name Grünwald, die ergens op een kantoor was en weinig manieren had" (p.23). Deur die negatiewe feit aan die einde van die sin te plaas, word die verwagting van die leser teleurgestel, want die vorige gegewens is neutraal en 'n positiewe afsluiting sou aanneemliker gewees het. Dié „skok" het 'n glimlag tot gevolg.

Ook in dieselfde werk kom die volgende voorbeeld van oorspronklike saamgroepering van gegewens voor: „Nooit liet zij (Louise) madame Gendron een dag ongewassen, en met haar indiensstreding brak voor de wandluizen een nare tijd aan" (p.23). Hier doen die kontras tussen die hulpbehoewende ou dame en die aktiewe wandluisse geestig aan.

(ii) Teenstellings:

Die koster-skoolmeester in De Verlossing se doen en late word telkens gekontrasteer met sy fisieke voorkoms: „Mijnheer Wewers was een imker in zijn hart, die door de jongens Citroen genoemd werd omdat hij aan de gal leed en die voor al zijn kommer troost zocht in zijn bijen" (p.188). Ook die kontras tussen die „Citroen" (en gal) en die produk van die bye wek 'n glimlag. Later verneem die leser weer van hom: „Op een middag kwam Citroen bij hem (Pol) aan, geler en kaler dan ooit" (p.197). Nog later word ons meegedeel: „De tijd verliep en Citroen werd vet. Hij had niet alleen zijn bijen opgegeven, maar ook het onderwijs, en zijn geelheid was geheel verdwenen" (p.203). Die geestige effek word verhoog deur die herhaaldelike verwysing na die onderwyser in dieselfde trant.

In Tsjip vertoon Laarmans se gedagtes 'n geestige gang wanneer sy dogter onverwags weer haar verskyning maak: „'t Is mij alsof zij begraven was en nu weer opstaat om in de weg te lopen en herrie te schoppen. Kwam onze beminde vorst Leopold II terug, wat zouden wij met hem aanvangen?" (p.524).

(iii) Verrassing, anti-klimaks:

In Lijmen word Korthals deur Boorman gekonfronteer met sy bedrog ten opsigte van die ambulans/lykswa. Korthals slaan 'n patetiese figuur, maar die situasie word geestig beskryf: „Maar toen Boorman die vraag stelde, met dezelfde nadruk waarmede hij mij die eerste avond gezegd had: ik ben pas vijftig, nu, op dit moment zoals ik hier zit, toen kwam de man in zijn stoel overeind en sloeg de ogen neer, in zijn inktpot"(p.278). Die verrassende slotgedeelte lok die glimlag uit.

Boorman ontvang 'n brief waarin 'n ingenieur uitvoerig wys op 'n vergissing in een van sy artikels. Kort tevore het 'n brief van 'n onderwyser, wat op die Wêreldtydskrif wou inteken, in die snippermandjie beland: „Boorman scheurde brief en berekening stuk en gooide ze in de prullemand, bij de onderwijzer" (p.282). Uit hierdie feitlik oorbodige toevoegings en tussenwerpsels verkry die werk van Elsschot dikwels sy kenmerkende geestigheid.



(iv) Vreemde Taal:

In sommige gevalle help die gebruik van woorde uit 'n vreemde taal om die geestige effek van 'n bepaalde gedeelte te verhoog. Op een tydstip praat Boorman met Laarmans Spaans om die personeel van 'n meubelmaker te beïndruk. Op sigself nie juis besonder lagwekkend nie, maar in die verband gesien tóg geestig, want die leser ervaar dit as geaffekteerdheid om Laarmans se nuwe Spaanse naam te regverdig.

Laarmans se seun, Jan, is in Tsjip behep met die Engels wat hy op skool leer. Dikwels maak hy 'n oorbodige stelling op Engels, juis tydens 'n ernstige moment in die verhaal. Skoolseunagtig en stuitig, maar nietemin met 'n geestige effek. Deur middel van 'n brief van Adele verneem hulle dat Bennek agt uur lank op die geboorte van sy seun gewag het, waarop Jan laat hoor dat dit dalk 'n rekord kan wees. Daaraan voeg hy nog verder toe: „The world record of waiting" (p.533).

In Pensioen daag moeder Verstappen by die haas ontruimde lokaal op om haar pakket aan haar seun te versend. Die oorgeblewe soldaat deel haar mee dat die oorlog afgeloop is en 'n geestige effek word verkry deurdat die man, ontdaan van sy militêre vernaamheid van die afgelope tyd, in sy moedertaal oorslaan: „Nichts zu machen. Alles Worst. Der Krieg ist aus..." (p.623).

(v) Adjektief:

Die byvoeglike naamwoord kry nie dikwels 'n rol in die verhoging van die geestige effekte nie. 'n Enkele keer word die adjektief op 'n oorspronklike wyse aangewend, soos wanneer Laarmans verwys na Bennek-hulle se vraag om Adele se hand as die „posthume aanzoek" (p.489). In Tsjip tref ons nog twee voorbeelde van die geestige adjektief aan: Laarmans verwys na God as „dat dreigend enkelvoud" en na die erfsonde as die mens se „gruwelike bruidschat"(p.526). Hier lê die geestige meer in die kombinasie van adjektief en oorspronklike naamwoord.

(vi) Woorskepping en -spelings:

Verskeie woordskeppinge in die oeuvre is geestig, byvoorbeeld die same-trekking van „Savon Hygiénique National Universel" tot „Savygnatuni"

in De Verlossing. So is ook die afkorting G.A.F.P.A. in Kaas, vir „General Antwerp Feeding Products Association" geestig vanweë die oordadige gebruik van dié slagspreuk.

In Villa des Roses is dié dialoog van die Brulot-egpaar geestig, veral omdat hulle gewoonlik slegs redekawel en die leser begryp dat dit tydens die party slegs skynvriendelikheid is, terwille van finansiële wins. Mevrouw Brulot vra: „Je wilt mij dus ruïneren, mijnheer?" Hierop antwoord die gasheer: „Jou ruïneren? Neen, lieveling,...maar mijzelf voor jou ruïneren, dat wil ik wel doen" (p.62).

’n Goeie voorbeeld van geestige woordspeling word in Het Tankschip aangetref. Die Boorman van hierdie werk verklaar verontwaardig dat mense „de ark van Noach en de roeping van Jeanne d'Arc aanvaar, maar sý kostelose skip word van die hand gewys" (p.669). Die drie faktore, deur Plokker aangedui as kenmerkend van geestigheid, is hier teenwoordig: verteller, hoorder en die persoon of voorwerp waarna verwys word.

#### b. BEELDSPRAAK

##### (i) Vergelykings:

Elsschot maak dikwels van die vergelyking gebruik om iets of iemand te beskryf, met geestige effek. Die voorbeelde is legio en ons sal met ’n klein aantal volstaan.

In Kaas toon Laarmans aan sy vrou die kontrak van Hornstra en sy lees dit met aandag: „Zó merkwaardig was het stuk nu toch niet dat zij er zich in verdiepen moest als in het verdrag van Versailles" (p.438).

Heelwat vergelykings kom in Pensioen voor. Laarmans erken met spyt dat sy vrou se opmerking dat die kind na sy soldatevader lyk, beteken dat hulle hom „zodoende een certificaat geven als de regering van Nederland aan de geëxporteerde plantaardappelen" (p.612). Hier word die geestige effek veral verkry deur die groot afstand wat tussen die kind onder bespreking en die uitvoeraartappels lê, die uiteenlopendheid van beeld en toepassing dus.

Laarmans stel vas dat moeder Verstappen reeds ’n jaar lank vergoeding ontvang, wat eintlik die kind, Alfred, toekom: „Ik zond het nieuws als een bulldog op mijn vrouw af, maar die bleek minder te schrikken dan

ik verwacht had" (p.617). Die beeldkeuse is verrassend en die teenstelling tussen die lewelose nuusbrokkie en die verwoede hond verhoog die geestigheid. In dieselfde werk verneem die leser later dat hierdie kind homself as 'n kok bekwaam het „en met een gloeiend fornuis springt hij om als satan zelf" (p.644).

In Het Tankschip vra Laarmans aan sy skoonsuster of sy iets op die hamme sien kruip, omdat sy hulle so intens bestudeer: „Mijn schoonzuster had zich opgericht als een flamingo en keek de winkel rond als overlegde zij wat zij doen moest..." (p.661) Hierdie vergelyking verkry eers sy volle geestige trefkrag wanneer die beeld van die grasieuse voël in verband gebring word met die verwerkte karkasse in die slaghuis.

Het Dwaallicht bevat 'n voorbeeld van „tendensieuse" geestigheid, of eerder satiriese geestigheid, want onder „tendensie" word oor die algemeen 'n konsekwent volgehoue beoefening verstaan. In verband met die Indiër, Ali, sê Laarmans: „Zijn liefde maakt hem dapper, want hij zit toch in een land van blanken waar mensen met een donkere huid niet meer in tel zijn dan een fox-terrier" (p.699). Die keuse van 'n swart-en-wit hondras dra by tot dié spesifieke tipe geestigheid. Na die matrose se beraadslaging in hul eie taal word ook verwys as die „sissen en kwelen als van vogels in het struikgewas" (p.703). Op geestige trant word na die hotel wat hulle besoek verwys: „Carlton Hotel is een schitterende naam maar die slaat als een tang op een varken, want het is een van die schurftige huizen die in alle oude steden te vinden zijn..." (p.708). Hier sluit die spreekwoordelike trant van die geestige vergelyking goed aan by die hol-ruggeryde hotelnaam.

(ii) Metafore;

Tydens die versoeningscène in Het Been verwys Laarmans as volg na Boorman: „Mijn rhinoceros schein een ogenblik te twifelen, wiegelde dan naar de tafel toe en ging naast haar zitten" (p.407). In Het Tankschip verwys Peeters na sy motor as sy „mastodont"(p.663). Dit herinner aan Laarmans se verwysing na Bennek se vader as die „mastodont" in Tsjip(p.512). 'n Mens sou miskien dié herhaaldelike gebruik van dieselfde woord vir geestige effek kon kritiseer, maar dit geskied in verskillende werke, in verskillende omstandighede gebesig.

In Pensioen verwys Laarmans na sy skoonfamilie as „de Grote Raad" en

die lesers aanvaar hierdie benaming sodra aan hulle meegedeel is waarna verwys word.

Soms word 'n goestige effek verkry deur 'n opeenhoping van metafore soos in hierdie voorbeeld uit Het Tankschip: „Daar lagen dus onze vier miljoen en vlak er naast stond de fiscus zijn tijd af te wachten, geduldig, maar zonder dat speenvarken uit het oog te verliezen. Hoe die big dan in rook omgetoverd in 't bijzijn van die cerberus, zonder de boel op stellen te zetten" (p.675). Hier verwys „vier miljoen", „speenvarken" en „big" na die verkoopte skip.

(iii) Sinekdogee:

In De Verlossing lees ons dat Pol sy saak by die Aartsbiskop gaan stel en dat iemand hom deur 'n luik meedeel wat hom te doen staan: „Hij deed wat de ogen geraten hadden en stond spoedig voor een deur" (p.202).

Nog 'n voorbeeld van hierdie soort geestigheid kom in Het Been voor. Laarmans woon die Lauwereyssen-vendusie by en gewaar dié dame tussen die toeskouers: „Pas op dat moment zag ik op de eerste rij het been zitten" (p.397) (Daar word by drie ander geleenthede op 'n soortgelyke wyse na die betrokke dame verwys.)

(iv) Metonimie:

Hierdie stylfiguur word in De Verlossing met geestige uitwerking aangewend in verband met die hond wat pastoor Bollekens aan Pol se dogter, Anna, skenk. Telkens word na die hond as „het geschenk" verwys: „Terwijl zij daar zo stond, was de rillende matbewoner overeind gescharreld. Hij stak nu zijn kop vooruit, hief een zacht gejank aan en draaide zijn vermelkte oogballen in haar richting" (p.246).

Laarmans keer terug na die polisiebuero om te probeer vasstel waar Boorman homself bevind (in Het Been): „Met een voorraad sigaren keerde ik schoorvoetend terug naar het politiebureau en trof daar een volledig stel nieuwe pijpen aan die van Boorman niets schenen af te weten" (p.402). Peeters deel Laarmans in Pensioen mee dat die grootouers nie meer die vergoeding ontvang nie, want Bertha se kind is nou amptelik erken:



„Alles in orde,' zei Peeters. „Die persoonlike vriend van onze Leopold heeft zijn laatste mandaat ontvangen. En de volgende week gaat het geld al naar die aardige meid!' (p.621). Dié omskrywing verwys na die grootvader, wat homself met die vors, Leopold, assosieer.

(v) Hiperbole:

Die hiperboliese beskrywing bevat dikwels 'n kombinasie van verskeie stylfigure.

In Villa des Roses word madame Brulot in al haar slinksheid aan ons getoon, maar daarby is sy darem ook goedhartig. Die spreekwoord wat in verband met haar goeie hoedanighede gebring word, is egter ietwat oordrewe: „Laat ons Cesar geven wat hem toekomt" (p.8). Hierdie spreekwoordelike uitdrukking het in dié konteks 'n hiperboliese uitwerking, alhoewel dit op sigself nie geestig is nie.

Boorman wil graag in Het Been met die beenkwessie klaarspeel: „En, Maandag gaat het been naar de stratosfeer, dat zal je zien, of ik heet geen Boorman" (p.379). Hy glo dat daar amptelike metodes behoort te wees om 'n skuldeiser, wat weier om te eis, te „helpen binden om hem die purgatie in te geven, hem mijn banknoten op de buik te plakken als een affiche op een gevel" (p.385).

In Kaas is Laarmans van mening dat die kontrak in orde is: „Hornstra had trouwens óók gelijk, want die kon zich toch niet binden tot in 't jaar twee duizend, indien ik die kaas intussen niet kwijt raakte" (p.439).

Laarmans skryf in De Leeuwentemmer aan sy seun dat Tsjip dadelik weer met sy verbeeldingspel begin het na sy terugkeer uit Pole „en ik gaf je de verzekering dat die eerste dag een slachting heeft gezien waarbij die van het cirkus in Rome slechts kinderspel waren" (p.577).

Uit Het Tankschip 'n voorbeeld van 'n gedeelte wat hiperbolies in opset is: „De Castellane, die opging in zijn emotie als een ballon onder zijn gasdruk, was op dat moment voor enig stukje werkelijkheid volkomen ongenaakbaar, terwijl ik zelf, tot de laatste seconde toe, een overval van de fiscus verwachtte, niet zo zeer in de vorm van een vliegend draak als wel van een heer in 't zwart die met een eenvoudige betekening onze feestelijke Joséphine voor onbepaalde tijd aan de ketting zou leggen en zo het slotakkoord schrijven van onze ‚Rhapsodie Marseillaise' (p.886-887).

In Het Dwaallicht word verwys na Laarmans en die Oosterlinge se „Aziatische symphonie" (p.717).

In Het Dwaallicht kom 'n samevoeging van twee vergelykings en 'n voorbeeld van personifikasie voor: „Eerst deins ik even terug, als een bader die worstelt tegen de vloed, zo hortend en geweldig is de hartslag van de pick-up die radeloos door de enge ruimte dwarrelt, een uitweg zoekend als een wild beest" (p.708).

(vi) Personifikasie:

Slegs enkele voorbeelde van personifikasie wat bydra tot die geestigheid, word in die oeuvre aangetref. In die „Achter de Schermen" - gedeelte van Tsjip moet die outeur besluit op geskikte geregte om op die tafel te laat verskyn. Hy dramatiseer die gebeure en laat die „kandidate" aantree: „Wie is die bleke daar, met zijn krulhaar?/,Herzens.'...En die dikke, die door zijn knieën zakt?/,Lever.'" (p.542) In Het Dwaallicht word die Hotel Carlton beskryf as 'n gebou „waar geen hand meer naar uitgestoken wordt en die met knorrig gelaat in de rij staan" (p.708).

Die humor en geestigheid van Elsschot is aangepas by die verhaal-gegewe van elke individuele novelle. In die eerste werk, Villa des Roses, waarin loseerders in 'n minder gegoede buurt as karakters optree, is die humor minder verfynd en grens dikwels selfs aan die komiese. Daar is die here se eskapades met die bediendes, die beskrywings van die verskillende gaste en die petalje met die lemoene tydens 'n verjaardagparty. Hier word die geestigheid deur die derdepersoons-verteller verskaf.

In Een Ontgoocheling tref ons klaskamergrappies aan tydens Kareltye de Keizer se skooldae en growwe werkersgrappe by die drukkersjongens. Die humoristiese gebeure by die „taverne" pas ook aan by die middelklasmilieu van hierdie werk. Soos in die vorige werk, kom die geestigheid hier ook veral in die vertelling van die derdepersoons-verteller voor, want die karakters leen hulself nie tot verfynde denke nie. Die daaropvolgende De Verlossing bevat wél twee karakters wat tot geestige uitsprake in staat is, naamlik Pol van Domburg en die pastoor, Kips.

Boorman, as bedrewe sakeman, se monoloë en gesprekke vonkel van geestigheid. Hierdie spreekstyl word op sy vennoot, Laarmans, oorgedra,

alhoewel hy nooit heeltemal teen sy mentor opweeg op hierdie gebied nie. Boorman se styl vertoon dan ook die kenmerke van die moderne sakeman en sy geestigheid grens soms aan die sinisme. Ook in Het Tankschip kom heelwat voorbeelde van geestigheid voor, ook behorende tot die kategorie van die sakeman, en wel in die spreekwyse van die Boorman wat in hierdie verhaal optree.

In Kaas oorheers die humor die geestigheid, want 'n gewone kantoor-klerk se mentaliteit veronderstel nie 'n sprankelende denk- en spreekwyse nie. Ook die sogenaamde familieromans Tsjip en De Leeuwentemmer vertoon nie dieselfde tipe geestigheid as die „sakeromans" nie, maar hier is die geestigheid ontleen aan die sfeer van die alledaagse. In laasgenoemde verhaal is die geestigheid dikwels aangepas by die siening van 'n kind, wat ten opsigte van sy denkbeeldige wêreld heeltemal aanvaarbaar en reël is. Die geestigheid van Laarmans as vader en as skrywer verskil subtiel in Tsjip. In Pensioen word die geestigheid beïnvloed deur Laarmans se gedistansieerde perspektief as aangetroude familielid en is dit dus meer objektief as dié van Laarmans as grootvader. Het Dwaallicht bevat die geestigheid van 'n ouer en wysgeworde Laarmans.

Tot dusver is die algemene verskyningsvorme van Elsschot se geestigheid slegs kortliks nagegaan. In die volgende hoofstukke sal die funksie van die geestigheid ten opsigte van die tematiek nagegaan word. Alhoewel die geestigheid die vernaamste kenmerk van Elsschot se styl is, sou dit m.i. 'n onreg wees om hierdie outeur slegs te sien as skrywer van onderhoudende, grappige verhaaltjies. Die geestigheid is van groot belang, maar vorm slegs één pool van sy skrywerskap: teenoor die geestigheid staan die eksistensiële inslag van die werk. Saam kom hierdie twee uiteenlopende elemente tot hul reg, hou hulle mekaar in balans.

### III. VREEMDELINGSKAP.

Die gevoel van „dépaysement" of „outsiderskap" ontstaan dikwels as gevolg van die individu se vermoë om „te veel en te diep" te sien. Hy kan nie saam met die bourgeoisie die omringende wêreld aanvaar as die enigste moontlike werklikheid nie, want vir hom is dit in groot mate chaoties en futiel. Hy is as 't ware die enigste een in 'n siek samelewing wat besêf dat hy siek is, dat die daaglikse lewe van uur en feit 'n gevangenis is waarvan hy moet probeer ontvlug.

Die „outsider" is geneig om homself in eksistensiële terme uit te druk, dus in die terme van die moderne tyd: „die mens het nie gevra om gebore te word nie, maar hy dra die verantwoordelikheid vir sy daar-wees; uit die groot omringende nag is hy uitgestoot in die ligkringetjie van die lewe, wetende dat hy binnekort weer die oorkantse grens moet oorsteek, terug in die donker. Daar uitkom kan hy nie: die lewe wat ongevraag op hom afgedwing is, moet gelewe word"<sup>106</sup>. Hierdie wete vul hom met 'n vae, kosmiese angs. Verder is hy skuldig vanweë sy blote daar-wees en dra die verantwoordelikheid vir al sy dade. Hy is steeds in wording, maar terselfdertyd 'n „reisiger na nêrens".

Die futiliteit word veroorsaak deur die feit dat die dood alles begrens: „...we cannot live through anyone else's experience of death; and we are utterly unable to understand our own dying. This contemplation of the frightful aloneness of man, as particularized in the stark fact of death, is one of the distinguishing marks of Existentialism"<sup>107</sup>. Die dood is 'n vername struktuurfaktor in baie hedendaagse literatuur. Ook in die werk van Elsschot speel die dood 'n rol, alhoewel nie op so 'n merkwaardige wyse as by meer moderne skrywers nie. (Byvoorbeeld in die werk van Hemingway en Beckett.) Ook die motief van rebellie, wat met dié lewensingesteldheid verband hou, is nog nie ten volle benut as struktuurfaktor nie.

#### 1. Die Dood.

Die vraagstuk van die dood word in Villa des Roses reeds aangeroer. Baie van die loseerders bevind hulself juis in dié losieshuis as gevolg daarvan dat hulle iemand aan die dood moes afstaan. Die dood het dus 'n

---

106. A.P. Brink, Aspekte van die Nuwe Prosa, p.75.

107. K. Guru Dutt, Existentialism and Indian Thought, p.33.



ingrypende invloed op hul lewens, spoor hulle aan om elders te gaan woon en, soos in die geval van die Brulots, 'n nuwe lewe aan te pak. Madame Gendron, wat reeds die dood in die gesig staar, neem wraak na haar vernedering, deur die aap wat die plek van die Brulots se gestorwe kind inneem, te verbrand. Louise se swangerskap word beëindig en skok haar terug tot die werklikheid. Die dood van Brizard het die funksie om die uiteenlopende loseerders se lewens vir 'n kortstondige tyd 'n raakpunt te gee. Aan die etenstafel voer hulle 'n gesprek wat handel oor diverse vorme van die dood. In hul rampsalige bestaan verskaf selfs die doód opwinding, maar tot metafisiese denke inspireer dit hulle nie. Wesentlik handel hierdie verhaal oor lewe en dood, oor fisieke en stoflike verval, oor aftakeling van die menslike gees deur die moderne stadslewe.

Brizard se sterwe is 'n wilsdaad - hy kiés die uiterste vorm van vryheid en skiet homself dood. Niemand het hom ooit baie goed geken nie en hy bestaan as 't ware merondeels in sy nagelate briefie: „Vrienden, het leven is een hel en wij, proletariërs, moeten voor alles boeten. Daarom maak ik er ook een einde aan, doch spreek tevens de hoop uit dat gij allen rozen op uw pad moogt vinden. Want haten doe ik niemand en ik heb mijn oude moeder om vergeving gevraagd...” (p.32). Indirek is die werk 'n aantyging teen die Lot (?) wat toelaat dat diegene wat behoort te sterwe, voortbestaan en ander wat jonk en gesond is, sterwe.

In Een Ontgoocheling moet De Keizer eers sterf, voordat hy 'n behoorlike mate van roem verwerf. Die sinvolste moment is sy sterwe en sy hele kleurlose, ontgogelde lewe word deur die oordadige begrafnis, wat die kaartspelersvereniging reël, genegeer. Pol van Domburg sterf aan 'n longkwaal in De Verlossing, nadat hy sy teenstander, die priester, 'n doodskoot toegedien het. In 'n groot mate inspireer Pol se dood die lewe van sy dogter, wat dit haar ten doel stel om sy siel uit die vagevuur te red.

Tsjip, De Leeuwentemmer en Het Tankschip speel af teen die eskatologiese gebeure van 'n wêreldoorlog. In al drie hierdie werke word die lewe, hoe onsinnig ook al, gekontrasteer met die onheilspellende dood. Die dood het dus hier in beperkte mate 'n struktuurfunksie. In Tsjip word die familie-onenigheid selfs 'n beeld van die wêreldgebeure deurdat oorlogsterme op hierdie sfeer oorgedra word. Laarmans pos sy brief aan die Poolse vader en dit lui: „Ziezo dat is afgedaan. Hiermede zijn de betrekkingen tussen Polen en België afgebroken” (p.497). Tydens 'n ongemaklike stilte aan tafel klink die geraas van die eetgerei „als wapengekletter” (p.497). Laarmans-hulle voer ook 'n stryd teen die nuuskierige familieleden: „Eers word Hortense se dogter, Martha, op verkenning”

vooruitgestuur om die ,slagveld strategisch' op te neem, en pas daarna word die ,zware artillerie' van die tantes self in die stryd gestoot. Hulle geskenke dra hulle ,als schilden voor zich uit', maar die verloop van die hele gesprek word deur Laarmans so fyn gemaneuvreer dat die ,eerste salvo' tot op die laaste uitbly"<sup>108</sup>.

Die openingsgedeelte van Kaas bestaande uit „Personages" en „Elementen", vorm 'n skerp kontras met die gedeelte oor die moeder. 'n Kaaskomedie word as 't ware in die vooruitsig gestel deur die „humoristiese" toneel-aanwysings soos byvoorbeeld „Frans Laarmans, klerk bij de General Marine and Shipbuilding Company, daarna koopman, daarna weder klerk" en „Madame Peeters, een buurvrouw die aan de gal lijdt". Boonop word sekere dinge wat in die verhaal voorkom, 'n soort lewe van hul eie ingeblaas, deur hulle op dieselfde wyse as die personasies opte noem: „Kaas. Kaasdroom. Kaasfilm...Kaaswereld...Kaasmens...Kaasdraak...Kaasellende" ensovoorts. Selfs die mandjie, waarin Laarmans die kaas dra, word hier genoem. Hierdie gedeelte dien enersyds om 'n speelse atmosfeer te skep en is 'n poging om die verhaalgewoensde sodoende te ontlaai van 'n nadruklike dieper betekenis en, andersyds, as ironiese kommentaar op die niksbeduidenheid van die mens wat feitlik gelykwaardig met die elemente gestel word.

Eers in dié novelle, Kaas, word aan die dood 'n baie duidelike struktuurfunksie toegesê. In 'n brief aan 'n ongeïdentifiseerde toehoorder buite die verhaal skryf Laarmans dat daar „grote dinge staan te gebeur" in sy lewe en wel deur die toedoen van ene Van Schoonbeke. Hierdie brief word blykbaar geskryf op die vooraand van Laarmans se kaasavontuur en die struktuur van die verhaal vertoon dus iets van 'n „aanvang by die middel, terugbeweeg na die begin".(Die werk neem 'n aanvang met dié brief).

'n Strukturele verband word tussen Laarmans se kaasondervinding en die dood van sy moeder gelê deurdat die tweede sin van die brief nie verder uitbrei op die toekomsverwagting nie, maar soos volg lui: „Je moet weten dat mijn moeder gestorven is" (p.420). Die res van die eerste gedeelte word dan ook gewy aan 'n beskrywing van die laaste lewensdae van Laarmans se moeder. Soos later gesien sal word, eindig die werk waar Laarmans 'n besoek aan die graf van sy moeder bring. Die dood van die moeder vorm dus 'n soort „raamvertelling" vir die eintlike kaasverhaal. Die vername plek wat die moeder-gedeelte in die novelle inneem dui m.i. daarop dat die verlede (die afsterwe van die moeder) net so werklik vir Laarmans is as die toekoms as kaaskoopman wat voor die deur lê en wat dien as inspirasie vir die skrywe van hierdie brief. Tussen die onherroeplike verlede en die

---

108. Aantekeninge by Tsjip deur A.P. Grové, p.19.

onvoorspelbare toekoms staan Laarmans met sy pynlike herrinneringe aan sy moeder én sy onsekerheid oor die toekoms. M.i. is die dood van Laarmans se moeder alleenlik 'n aanneemlike motivering vir sy kaaskoopmanskap in die volgende sin: haar dood maak hom intens bewus van die verganklikheid van alle vlees en oorweldig deur angs vir die Onbekende wil Laarmans 'n avontuur beleef teen die agtergrond van die alledaagse sleurbestaan. Hierdie kaasonderneming moet hopelik dien om die onvermydelike gang van die lewe te stuit en hom op te hef uit die groef van sy klerikale beroep.

Die artistieke waarde van hierdie aanvangsgedeelte word verhoog deur die fyn spel van smart en vreugde, reeds deur die eerste twee sinne in die vooruitsig gestel. 'n Sekere spanning word verkry deur die samevoeging van Laarmans se teenstrydige emosies, wat deur middel van die geestigheid geskied. Enersyds weerspieël die geestigheid Laarmans se elan oor die vooruitsigte en andersyds dien dit as afweermiddel teen die leed oor sy moeder se afsterwe. Soms word die geestigheid in dié gedeelte aangewend om Laarmans se gevoelens oor die dood van sy moeder te probeer verberg: hy bestempel byvoorbeeld haar heengaan as „een nare gesiedenis“, maar wend dadelik 'n poging aan om die aandag van haar sterwe af te trek, deur daaraan toe te voeg: „niet alleen voor haar maar ook voor mijn zusters, die er zich bijna dood aan gewaakt hebben“ (p.420).

Dit is ook gou duidelik dat nie alleen die uiteindelijke sterwe van die moeder Laarmans diep beïnvloed het nie, maar dat veral haar vleeslike verval hom aangryp - sy was „grondig versleten“. Hy vertel hoe sy later heeldag aartappels geskil en nog later kapok gepluis het. In hierdie gedeelte word dikwels herhalings van feitlik dieselfde gedagte aangetref: eers geestig, in 'n poging tot lighartigheid en net daarna word die uitlating gebalanseer deur 'n sin, waarin die gevoel van Laarmans deurbreek. In verband met die kapokpluisery sê Laarmans dat dit baie stof maak „en moeder zelf was een en al pluis, van kop tot teen“. Daarop volg 'n sin waarin die futiliteit van die moeder se laaste dae weergegee word deur die ritmiese herhaling van sekere woorde: „Zo ging het maar steeds door, bij nacht zowel als bij dag: dommelen, pluizen, dommelen, pluizen. En daar af en toe een glimlach doorheen, God weet tot wie“ (p.420).

Haar kindse glimlag ontstel hom veral. Hy probeer skertsend praat oor haar geheueverlies: „Zij scheen te begrijpen dat zij iets begrijpen moest, kwam voorover in haar zetel en staarde mij aan met een gespanne gezicht en zwellende slaapaders: een uitgaande lamp die dreigt te ontploffen bij wijze van afscheid“ (p.420). Direk op hierdie metaforiese-hiperboliese beskrywing volg die gedeelte waarin sy ware gevoelens geopenbaar word: „Na een korte tijd doofde de vonk weer uit en dan gaf



zij die glimlach af die door merg en been ging" (p.420). 'n Aantal retoriese vrae aan die moeder gestel word ook gebruik om die terneer-gedrukte stemming te verlig, byvoorbeeld: „Geloof gij in hekserij?(p.421). Die geestigheid verskaf die glimlag ten opsigte van hierdie treurige geskiedenis en dra sodoende by tot die humor wat na aanleiding van dié moederfiguur ter sprake kom.

Aan Laarmans se persoonlike belewenis van die moeder se agteruitgang word gedeelte II toegevoeg, waarin die sterfte gedetailleerd uitgebeeld word, nie alleenlik soos Laarmans dit ervaar nie, maar ook die reaksies van die ander familielede word gegee; daar is dus 'n toename van perspektiewe waardeur Laarmans se persoonlike leed in reliëf geplaas word. Getrou aan die uiteensetting wat die outeur in die inleiding tot Kaas gee, vang hierdie tweede gedeelte aan met 'n lagwekkende toneeltjie van Laarmans, wat onder die invloed van 'n viertal Pale-Ales homself probeer ontklee sonder om sy vrou te wek („blou lug"). Die onvermydelike gebeur egter en terwyl hulle woorde wissel, lui die deurklokkie: sy swaer bring die tyding dat Laarmans se moeder op sterwe lê („wolk").

Laarmans se ontsteltenis blyk uit sy onbeholpe optrede - hy lui byna die klokkie van die huis waar sy moeder op sterwe lê, voel homself ongemaklik en ontuis tussen die ander familielede sodat hy nie weet of hy moet staan of sit nie. Die bier veroorsaak dat hy sweet in die benoude vertrek: „Huilen zou het beste geweest zijn, maar hoe begonnen? In eens zo maar een snik geven? Of mijn zakdoek nemen en mijn ogen doppen, nat of niet nat?" (p.423). Laarmans vrees almal sal hom van ongevoeligheid beskuldig, omdat hy geen traan stort nie, want die susters lyk „als hadden zij uien gepeld" van al die huilery. Sy innige beleving van die sterwe blyk egter uit sy gedagtegang: „En zij hadden gelijk, want hoe ik haar innerlijk ook bevel gaf rechtop te komen zitten en de hele bende met haar geduchte glimlach uiteen te drijven, het mocht niet baten. Zij lag zo stil als alleen een dode liggen kan" (p.423) Die artistieke trefkrag van hierdie scéne lê in die kontras tussen Laarmans se fisieke onaktiwiteit te midde van die familie se gewerskaf en sy gedagtelike worsteling. Alhoewel uiterlik onverskillig is Laarmans in die sterwensuur nader aan sy moeder as enige ander familielid, hul besorgdheid ongeag. 'n Sekere stylspanning word bewerkstellig deurdat die leser 'n insig in Laarmans se gedagtes gegun word en dus magteloos moet toesien wanneer hy verkeerd verstaan word.

Weer eens gee Laarmans te kenne dat hy niks van die afsterwe van sy moeder sou gerep het nie, as dit nie was dat hy sy broer se vriend, Van Schoonbeke, tydens die begrafnis ontmoet het nie. Afgesien van wat Laarmans probeer voorgee, is die dood van sy moeder die aktiverende,



beslissende moment in sy lewe. Hierdie stelling word nie alleen gestaaf deur die gedurige verwysings na sy moeder tydens die verloop van die verhaal nie, maar ook deur die feit dat die novelle eindig waar Laarmans die graf van sy ouers besoek. Die uitvoerige beskrywing van die moeder se dood en Laarmans se gedagtes rndom di gebeurtenis is dus geen strukturele insinking, soos al beweer is nie: want die hele kaasgeskiedenis word gemotiveer deur en kan verklaar word uit die dood van die moeder.

Deur die dood van sy moeder verdwyn die generasie wat as 'n skeidsmuur tussen Laarmans en die dood gestaan het. Nou betree hy onherroeplik die wreld van volwassenheid en word terselfdertyd intens bewus van sy verpligtinge as ouer en eggenoot. Die futiliteit van sy lewe as klerkie by die skeepsmaatskappy word beklemtoon deur die plotselinge besef dat al die mens se projekte deur die dood beindig word, dat die dood absoluut en onontkombaar is. Laarmans gaan nou 'n wils poging aanwend om sy eentonige lewe te verander, om 'n avontuur te belewe teen die agtergrond van die absurde bestaan, al is dit dan ook 'n vleuellamme, patetiese poging om kaaskoopman te word. As hy aan die einde van sy mislukte kaasavontuur die begraafplaas besoek, is dit met 'n houding van berusting in die bestel van dinge dat hy die blomme op sy moeder se graf plaas - die tuin van die begraafplaas kan gesien word as simbool van die beindiging van die aardse lewe en terselfdertyd die aanvang van die Ewige Lewe.

Ook die motiewe van spyt en angs kom in die meeste van Elsschot se werke voor. Hierdie angsgevoel hou ook verband met die doodsgedagte wat so 'n prominente plek in die oeuvre inneem: „Spijt, daarvan is heel Elsschot's werk doortrokken: spijt beheerst zijn leven, spijt bracht hem herhaaldelijk tot schrijven...De dichter voelt zich door het onherroepelijke verleden bedreigd: de daarin gemaakte fouten zijn onherstelbaar. Maar ook de angst voor de toekomst is een aspect van zijn levensgevoel: in de toekomst dreigt de onontkoombare dood. Of het nu is ‚Bij het doodsbed van een kind (1908)‘ of bij dat van zijn moeder, voortdurend houdt hij zich bezig met zijn grote vijand: nauwlettend beziet hij alle tekenen van lichamelijk en geestelijk verval”<sup>109</sup>. En wat vir die digwerk geld, is ook vir die prosa waar, want die temas van sommige gedigte word later in die novelles uitgebou.

---

109. J.C. Villerius, Nieuwe Rotterdamsche Courant, 8 Junie 1962.

## 2. Die „Outsider“.

In 1933 verskyn Kaas: „Hij schreef de roman Kaas waarmee hij zich definitief onder ons installeerde als de broer van Chaplin“<sup>110</sup>. Laarmans is die anti-held van die verhaal en sy rebellie teen die vervelige kantoor-roetine is wesentlik ’n opstand teen die Magte wat beskik oor dood en lewe: „Beyond man lies the abyss, nothingness; the Outsider knows this; it is his business to sink claws of iron into life, to grasp it tighter than the indifferent bourgeois, to build, to Will, in spite of the abyss“<sup>111</sup>. Hy verruil egter slegs die een groeflewe vir ’n ander, die een maar net oënskynlik aantrekliker en meer verhewe as die ander.

Laarmans se „outsiderskap“ kom struktureel tot uiting in die wisselwerking tussen verskillende „werklikhede“: die Van Schoonbeke-kring, Hornstra se kaasfirma, die General Marine and Shipbuilding Company en sy huisgesin. Wanneer die werk ’n aanvang neem is dít die rangorde maar aan die einde van die verhaal kom Laarmans tot ander insig en dan plaas hy sy huisgesin eerste in orde van belangrikheid gevolg deur sy klerikale beroep. Die Van Schoonbeke-kring het dan sy belang grotendeels verloor en hy sien af van die kaaskoopmanskap. Laarmans se dilemma spruit grotendeels uit hierdie „oordeelsfout“ wat hy begaan ten opsigte van die intrinsieke waarde wat dinge vir hom het. Juis op die tydstip dat hy oënskynlik aan al vier hierdie „wêrelde“ behoort, staan hy wesentlik vreemd teenoor almal. Uit die onderliggende verhouding tussen hierdie vier „werklikhede“ blyk hul uiteindelijke, werklike rangorde.

’n Sekere strukturele spanning word verder verkry deur die verskil in tempo waarteen die ontwikkeling in die onderskeie „werklikhede“ plaasvind. Soos weldra sal blyk, ontwikkel Laarmans se vriendskap met Van Schoonbeke teen ’n sneller tempo in vergelyking byvoorbeeld met sy kaaskoopmanskap: voordat Laarmans sy kantoor ingerig het om met die verkoop van kaas te begin word hy alreeds deur die Van Schoonbeke-kring as ’n vername sakeman aanvaar en gekies as president van die Belgiese Kaashandelaars. Daarenteen neem dit Laarmans baie lank om te besef watter vername rol sy huisgesin ten opsigte van sy ander ondernemings speel.

Laarmans ontmoet Van Schoonbeke deur middel van sy broer tydens die begrafnis van sy moeder. Die eerste besoek wat Laarmans by Van Schoonbeke en sy vriende aflê word in groot detail weergegee omdat dit vir hom so

---

110. C. Bittremieux, De Nieuwe Gids, 2 Junie 1960.

111. C. Wilson, The Outsider, p.181.

belangrik is om deur hulle aanvaar te word. Tydens Laarmans se eerste besoek aan Van Schoonbeke (gedeelte III), voel hy homself geheel en al uitgesluit. Eers gaan die gesprek oor verskillende lande en daarna oor die probleme van huiseienaars en sosiale aangeleenthede. In hierdie stadium voel Laarmans hom nog gedistansieerd genoeg om die gesprekke krities te bejeën. Dit val hom byvoorbeeld op dat slegs die Italiaanse vroue bespreek word en geen woord oor die kunsskatte geryp word nie. Die „journal parlé" is vir hom pynlik, want hy moet homself bepaal tot knik, lag of wenkbroue optrek. Die geestige siening van Laarmans-die-korrespondent vorm 'n kontras met die ellende van Laarmans, destyds, en beklemtoon daardeur hoe ongelukkig hy in dié kring gevoel het: „Ja, ik leef daar voortdurend in angst en laat er meer zweet dan bij 't sterven van moeder. Je weet nu hoe ik toen geleden heb maar dat was ten minste in één nacht over, terwyl het bij Van Schoonbeke iedere week opnieuw begint en het reeds afgezwete niet in mindering komt van wat mij nog te wachten staat" (p.427).

Laarmans is so niksbeduidend dat die vername mense aanvanklik nie sy naam kan onthou nie: „Aangezien zij, buiten het huis van mijn vriend, geen omgang met mij hebben, kunnen zij mijn naam niet onthouden en gaven mij in 't begin allerlei namen die op de mijne slechts geleken" (p.427) By Van Schoonbeke beland Laarmans in humoristiese situasies, omdat hy die spel van die welvarendes nog nie bemeester het nie. Hy hou egter die naam van 'n restuarant, waarvan hy gehoor het, gereed om die indruk te skep dat hy al daar geëet het. Gou verneem hy egter dat dié plek al drie jaar lank nie meer bestaan nie: „Ja, hoe meer ik zeg hoe beter zij inzien dat ik niet alleen geen auto heb maar er nooit een hebben zal" (p.429). Die lede van die geselskap skerts mét mekaar, maar lag heimlik vir Laarmans. Sy aanvanklike isolasie word beklemtoon deurdat die dialoog van die ander deur Laarmans-die-korrespondent aangehaal word, waardeur sy stilswye destyds, stilisties in beeld gebring word.

Op pad huis toe begin 'n gevoel van vryheid reeds vir Laarmans bemeester na aanleiding van Van Schoonbeke se voorstel dat hy kaashandelaar word. Getrou aan die gedweë houding van 'n klerk, laat hy homself egter nog 'n bietjie verdring op die bus. Soos die briefskrywer filosofies verduidelik: „Klerken zijn nederig, veel nederiger dan werklieden die door opstandigheid en eendracht enige eerbied hebben afgedwongen...Maar klerken zijn over 't algemeen weinig gespecialiseerd en passen zo goed in elkaar dat zelfs een man met een lange ondervinding een trap onder zijn vijftigjarige trouwe kont krijgt en vervangen wordt door een ander die

even goed en goedkoper is" (p.430). 'n Klerk is dus 'n goeie simbool van die mens, verdoof deur daaglikse roetine en verveling.

Die volgende gedeelte, waarin Laarmans hom in sy huislike kring bevind, vorm 'n kontras met die besoek aan Van Schoonbeke. Laarmans se optrede tuis word beïnvloed deur Van Schoonbeke se voorstel dat hy kaasvertegenwoordiger word en hy is besonder lighartig en tegemoetkomend. Hy lag heimlik vir die suinigheid van sy vrou - sy weet immers nog nie dat hy dalk binnekort 'n kaaskoopman sal wees nie. In hierdie gedeelte is dit Laarmans wat homself opsetlik afsydig hou, want sy vrou en seuntjie merk dadelik dat hy iets vir hulle wegsteek maar hy hou vol dat niks gebeur het nie. In die Van Schoonbeke-vriendekring is Laarmans tot dusver teen sy sin 'n buitestaander maar tuis distansieer hy homself opsetlik van die intimiteit van sy gesin.

Daardie aand bespreek Laarmans egter die gebeure by Van Schoonbeke met sy vrou en haar nugter vrae dwing hom tot eerlikheid teenoor homself. Struktureel word die eerste gedeelte dus in die tweede gedeelte nabeskrywend deur Laarmans herhaal en die welmenende belangstelling van sy eggenote dra daartoe by om die aangeleentheid in die regte perspektief te plaas en te relativeer. Deur hierdie optrede van Laarmans besef die leser dat sy gesin, veral sy eggenote, vir hom belangrik is ten spyte van sy pogings om homself en andere te oortuig dat die teenoorgestelde waar is: „Het geheim van den romanbouwer ligt hierin: door zijn juiste berekeningen toont hij ons aan hoe zijn personages zich misrekenden. Dank zij den goeden romancier kennen wij, lezers, de juiste oplossing van een levensprobleem; de personages zelf niet; door deze tegenstelling ontstaat de tragische spanning"<sup>112</sup>.

Laarmans probeer sy vrou beïndruk met die toekomsvooruitsigte maar eintlik wil hy haar toestemming verkry. In verband met die kaas sê sy: „Dat marcheert altijd" (p.431), dieselfde woorde as wat Van Schoonbeke gebruik het en Laarmans sien dit as 'n woordelikse onderskrywing van die ooreenkoms. Daar sit 'n tikkie humor in die wyse waarop Laarmans homself teenoor sy vrou aanstel en die innerlike versugting wat hy het om haar mening in verband met die saak aan te hoor. Alhoewel hy juis van die huislike verveling wil ontvlug, sterk die familiekring hom in sy onderneming. In kontras met die eerste gedeelte (waar hy geswyg het) verkeer Laarmans hier in dialoog met sy eggenote, van wie hy graag onafhanklik wil wees. 'n Kort aanhaling illustreer die egtelike verhouding sowel as die

---

112. J. Schepens, Groot Nederland, Julie 1937, p.28.



„verbale humor" waarvan Kees Fens<sup>113</sup> praat:

„En 's avonds?' werd gevraagd, na een nieuwe stilte.

„'s Avonds is het donker," zei ik.

Die was raak, want het bed kraakte en mijn vrouw keerde zich om als had zij besloten mij in mijn koopmanschap te laten stikken. Ik moest dus zelf weer los komen.

„Wat 's avonds? snauwde ik.

„'s Avonds de zaken doen," hield zij vol. „Wat zijn het voor zaken?"

Ik moest nu wel bekennen dat het in kaas was. 't Is vreemd, maar

ik vond aan dat artikel iets walgelijks en iets belachelijks..."

(p.431).

Met die wete dat sy onderneming die goedkeuring van sy vrou het, bring Laarmans sy eerste besoek aan Hornstra, die kaasmakelaar, en hy is in 'n uitgelate stemming. Op die doeane se vraag of hy iets aan te gee het, roep hy vrolik „wel neen!", waarmee egter nie genoeg geneem word nie. „En dan die betaalde reiskosten!" (p.433) dink hy stilweg. Telkens gee die uitroepteken blyke van Laarmans se nuwe ingenomenheid. Sy gevoelens is nog moeilik beheerbaar en hy is so begogel deur die droom van sukses, dat positiewe dade uitbly. Van Amsterdam sien hy totaal niks en die terugreis duur vir hom 'n ewigheid. Die Laarmans-figuur word as 't ware gebore uit die konflik tussen droom en werklikheid.

'n Strukturele verband word tussen die kaasonderneming en die afsterwe van Laarmans se moeder gelê wanneer hy sy spyt teenoor homself te kenne gee, omdat sy nie sy metamorfose vanaf klerk na koopman kon meemaak nie. Dat hy egter nog maar aan die begin van hierdie verandering staan, blyk duidelik wanneer hy voor 'n kaaswinkel beland: „Reusachtige Gruyères, als molenstenen, deden dienst als fondament en daar bovenop lagen Chesters, Gouda's, Edammers en talrijke kaassoorten die mij volkomen onbekend waren, een paar van de grootste met opengesplakte buik en blootliggende ingewanden. De Roqueforts en Gorgonzola's pronkten liederlijk met hun groene schimmel en een eskadron Camemberts liet vrij hun etter lopen" (p.435). Deur vergelyking en personifikasie blyk Laarmans se siening van die kase as „persone", met wie hy 'n lyflike oorlog sou kon voer: „Had ik een zweep gehad, dan was ik ze te lijf gegaan" (p.435) Hier dus geen ridder wat met windmeulens veg nie, maar wel met stinkende kaas! Humor ontstaan as gevolg van die teenstelling tussen Laarmans se gedagtes en die werklikheid. Alles verloop tot dusver nog so vlot dat die leser 'n „wolk" aan die „blou hemel" begin verwag, terwyl Laarmans self nog niksvermoedend voortgaan.

---

113. De Eigenzinnigheid van de Literatuur, soos aangehaal deur A.P.Grové in sy aantekeninge by Tsjip.

Stelselmatig is Laarmans besig om vir homself 'n soort voorskrif vir die gedrag van 'n sakeman op te bou. 'n Sakeman behoort nie met sy gevoelens te koop te loop nie, moet nie hardop met homself praat nie en die gebruik van 'n goue vulpen is aan te beveel. Hy sou sy afkeer aan kaas ook te bowe moes kom, „want een man van zaken moet vertrouwd en vergroei is met zijn artikel. Hij moet er mede leven. Hij moet er in ploeteren. Hij moet er naar ruiken. Dat laatste zou met kaas niet moeilijk zijn, maar ik bedoel het meer in figuurlijke zin" (p.435) Vir geestige effek maak Laarmans dikwels van die hiperbool gebruik, wat psigologies verklaarbaar is deur sy ongegunstige klerkmentaliteit. Nog steeds droóm hy slegs en doen nie veel nie.

Dit is opmerklik dat Laarmans direk na Van Schoonbeke gaan nadat hy 'n ooreenkoms met Hornstra aangegaan het en dat sy eggenote nie die goeie nuus eerste te hore kom nie. Laarmans gebruik dus sy huisgenote om hom te onderskraag in sekere bedrywighede buite die huis, maar sy kaasonder-neming en vriendskap met die welvarende kennisse van Van Schoonbeke is vir hom op die oomblik gewigtiger - dit is ook struktureel van belang. Laarmans se tweede besoek aan Van Schoonbeke verloop egter heelwat anders as die eerste, waarin hy 'n totale buitestaander was. Sy toenemende selfvertroue kom tot uiting in „teatrale" gedagtes: „Wie 't meest verdient is ten slotte de baas, de toekomst ligt voor mij open en ik ben vast besloten mijn hele ziel in die kaas te leggen" (p.436) Daar word vir hom 'n plekkie in hul kring ingeruim en sy mening word gevra. Hy antwoord met die gebruikelike gemeenplase en sy bydrae geval almal teenwoordig. Hy gee selfs leiding deur eerste te vertrek, asof daar nog baie werk op hom wag. Die klugtigheid van die situasie flous egter nie die leser nie, maar dra daartoe by om van Laarmans 'n patetiese, humoristiese figuur te maak.

Namate Laarmans se sukses in die Van Schoonbeke-kring toeneem word sy houding teenoor sy vrou al hoe meer tartend. Na elke besoek aan sy vriende keer hy egter terug na die huislike kring om die vordering wat hy daár maak, te „toets". Die huisgesin neem dus 'n belangrike plek in tydens die kaas-avontuur alhoewel dit oënskynlik slegs as agtergrond dien vir die inter-santer gebeure. Laarmans lig sy vrou in aangaande sy onderhandeling met Hornstra, eers nadat sy tot trane beweeg is deur sy moedswillige stilswye. Weer eens is dit humoristies om te sien hoe Laarmans sy vrou om die bos probeer lei, maar sy telkens die saak deurgrond en hom van saaklike raad bedien: Laarmans, die „sakeman" slaag nie daarin om sy emosies te beheer nie, terwyl sy vrou hom herhaaldelik na die realiteit terugbring. Teen sy beterwete probeer Laarmans haar telkens „overdonderen". In teenstelling met Van Schoonbeke se kletsparty, moet die skyn in die huislike kring swig voor die waarheid.

Laarmans het nog nie geleer om die relatiewe spel van die sakewêreld te speel nie. Sy optrede moet absoluut wees: „Wat donder, men maakt de kaascampagne mee of men maakt ze niet mee. En als je eerst stellingen bouwt waarop je kan terugtrekken, dan kom je ook niet vooruit. Er op los, zeg ik!” (p.440). Sy vrou en broer maan hom egter tot versigtigheid en raai hom aan om siekteverlof by die General Marine te neem, eerder as om te bedank alvorens sy kaassaak floreer. Hierdie welmenende teenkanting veroorsaak dat Laarmans teen sy familieledede in opstand kom. Hy hoor hoe sy vrou aan sy broer sê dat sy reeds met hom oor die aangeleentheid gepraat het: „Dat heeft zij ook gezegd. Zij! Zou je ze niet door de ruiten flikkeren?” (p.441) Laarmans voel nou ook in sy gesin ’n buitestaander, soos wat hy aanvanklik in Van Schoonbeke se kring gevoel het. Destyds was hy verleë, nou koester hy onstuimige gedagtes.

In die vierde plek word die leser bekendgestel aan die firma waaraan Laarmans verbonde is. Uit die blote feit dat dié „wêreld” laaste aan die beurt kom blyk sy relatiewe onverskilligheid teenoor sy klerikale beroep, veral op hierdie tydstip in sy lewe. Ook by die General Marine voel hy vreemd, noudat hy sy broer aan hom ’n mediese sertifikaat verskaf het waarvolgens drie maande siekteverlof aan hom toegestaan word: „Op de werf voel ik mij niet meer thuis en bij het typen van mijn brieven, die over machine- en scheepsbouw handelen, spoken mij die volvette Edammers voor de geest, die over enkele dagen afrollen en dus wel spoedig hier zullen zijn. Ik ben bang in onze bestelbrieven kazen te typen in plaats van slijpstenen of plaatijzer” (p.441) Uiteindelik is hy egter vry om al sy aandag aan die kaassaak te wy.

In kontras met die feitlik terloopse melding wat van die General Marine gemaak word, is daar die volgende gedeelte wat in die huislike milieu afspeel: Laarmans se kaaskoopmanskap word in sy huis beoefen en op ironiese wyse bestee hy dae lank sy energie daaraan om dieselfde kantooratmosfeer, wat hy so graag wil ontvlug, in sy eie tuiste te simuleer. Laarmans se opwinding oor die kaasonderneming blyk uit sy gedagtegang in verband met die gereedmaak van sy kantoor, wat ’n mengsel van spreuk en vergelyking is: „Het inrichten van zijn kantoor is voor een man van zaken wat het gereed maken van de luiermant voor een aanstaande jonge moeder is” (p.443). Die geestige aard van hierdie uitlating spruit uit die kontras tussen voorwerp en beeld, veral uit die uiteenlopende aard daarvan. Tegelykertyd slaan hierdie sin ook op die vermenging van die huislike en die saaklike, veral op Laarmans se neiging om sy huismense saaklik te behandel en daarteenoor gevoelsmens te wees ten opsigte van sake. Laarmans se vermenging van die saaklike en huislike gegewens is geestig maar oók

pateties en het ware humor tot gevolg. Weer eens wens Laarmans dat sy moeder die kaasavontuur kon meemaak, want hy sou haar graag wou sien telefoneer! Telkens vorm 'n toevallige gedagte van Laarmans 'n skakel met die dood-scène aan die begin van die verhaal. Hierdie gedagtes is dus struktureel van belang en beklemtoon die feit dat die aanvangsgedeelte nie 'n losstaande voorvoegsel is nie, maar behoorlik by die res van die werk geïntegreer is.

Laarmans neem 'n eksemplaar van sy skryfpapier – die enigste tasbare resultaat van die kaasonderneming tot dusver – saam na Van Schoonbeke, waar die „helden“ die opskrif bewonder. „De mummie van Tut-Ank-Amon zou niet meer belangstelling hebben gewekt“ (p.447) dink Laarmans geestig. Laarmans se minderwaardige houding van vroeër het heeltemal verdwyn: „Maar als man van de Gafpa ken ik geen sentiment en ben ik vast besloten alles te vertrappen wat mijn kaas in de weg staat“ (p.447). Die skynwêreld van Laarmans se suksesvolle sakemanskap, neem al hoe groter werklikheidsallures aan, terwyl die werklikheid, naamlik die eintlike verkope, tot dusver slegs 'n droom bly. Ene Van der Zijpen versoek selfs dat Van Schoonbeke by Laarmans vir sy seun 'n goeie woordjie doen. Uit Laarmans se reaksie blyk sy nuutgevonde selfvertroue: „Ik de vruchten van mijn werk met de eerste de beste delen? Ik denk er niet aan. Dat jongmens bij de General Marine aanbevelen om daar mijn plaats in te nemen, dat is iets anders“ (p.447).

Tot dusver is die besoeke aan Van Schoonbeke en die voorbereiding tuis vir die kaasverkope in afsonderlike gedeeltes beskryf. In hierdie gedeelte word die aankoms van die kaas tuis aangekondig terwyl Laarmans by Van Schoonbeke besig is om te spog met sy mooi skryfpapier. Die drie „wêrelde“ naamlik van die kletspartye, die kaasonderneming en die huisgesin, oorvleuel in hierdie gedeelte en is as sodanig 'n strukturele beeld van Laarmans se gekompliseerde aanpassingsprobleem. Die tyd wat verbysnel word goed gesuggereer deur hierdie versnelling in die tempo van gebeure. Laarmans bly egter daadloos...

Die kaasdroom dreig nou om in vervulling te gaan, gepaard met onenigheid in Laarmans se familiekring. Nogmaals wissel Laarmans en sy vrou woorde, want sy verwyf hom dat hy spyt lyk omdat die kaas uiteindelik opgedaag het – al weet hy nie waar dit opgeberg word nie. Tuis word Laarmans telkens met die waarheid gekonfronteer en hul gesprekke is dikwels die teenoorgestelde van die kunsmatige, oppervlakkige uitlatings van die kletspartye: „Hoe spijt? Wat spijt? beet ik haar toe“ (p.448). Retoriese vrae en verontwaardigde uitroepe gee 'n beeld van Laarmans se ontstelde gemoed. Sy vrou slaag daarin om hom te kalmeer en sy geestig-



heid kom weer na vore, soos blyk uit sy verwysing na die kind wat 'n halwe boodskap oorgedra het: „Ik ging dan maar zitten, na een laatste tijgersblik op het ezelsjong in kwestie, dat daar stond met tranen in de ogen, maar met een vastberaden trek om de mond" (p.448).

Die Blauwhoedenveem bel om te sê dat die twintig ton kaas by hulle opgeberg is. Uit die wyse waarop hulle hom aanspreek blyk dat hulle sy onbeholpenheid deursien. Nog steeds het Laarmans nie sy gevoelens onder beheer nie en raak hy emosioneel betrokke by sy transaksie: „Deze eerste zending is de voorhoede van een leger waarmee ik persoonlijk kennis moet maken. En ik zou niet willen, dat Hornstra later vernam dat zijn Edammers onder de grootste onverschilligheid hun eerste etappe hadden volbracht" (p.449). As gevolg van sy gevoeligheid is hy nog steeds 'n buitestaander op die gebied van sake. Telkens dreig hy om kaas verniet weg te gee, wanneer sy hart week word teenoor iemand. Sy broer, wat optree as 'n soort gewete, maan hom dat hierdie twintig ton kaas slegs 'n monster was, en dat die eintlike besending spoedig sou volg.

Daardie aand besoek Laarmans vir Van Schoonbeke vlugtig om van sy tikmasjien gebruik te maak en laasgenoemde deel hom mee dat hy van plan is om hom as kandidaat te benoem by die volgende presidentsverkieping van die Vakbond van Belgiese Kaashandelaars. Die gaping tussen skyn en werklikheid neem dus teen versnelde tempo toe. Laarmans steur hom egter nie veel aan wat sy vriend aan hom meedeel nie. Die Van Schoonbeke-kring neem nou reeds tweede plek in, want Laarmans se aandag word in beslag geneem deur sy kaasonderneming.

Nog steeds probeer Laarmans om sy kantoor in orde te bring. Hy oorweeg tikmasjiene, plakpapier, kalenders en tweedehandse meubels in plaas van die kaas te verkoop. Hy kan geen winkel van gebruikte goedere verlaat sonder om iets te koop nie en vrees voortdurend dat hy van sy vorige kollegas op straat sal raakloop. In sy verbeelding sien hy almal aan die werk op die Werf, die korrespondente voor hul tikmasjiene „als kanonniers voor hun stukken" (p.454). Hierdie voorbeeld is tiperend van Laarmans se geestigheid: dit is nooit besonder sprankelend van aard nie. Ons sou dus kon beweer dat die geestigheid in hierdie werk goed aangepas is by die atmosfeer van middelmatigheid en eentonigheid van hierdie klerkie se bestaan en by sy flou kaasavontuurtjie. Hy dink byvoorbeeld steeds terug aan die kantoorlewe: „Zo staan zij daar nu, die sufferds, terwijl ik doende ben mij een weg te banen in het oerwoud van de businesswereld" (p.455). Die geestigheid dien in hierdie werk veral om Laarmans se gemoedstoestand weer te gee. Daarom is die geestigheid ook selde venynig.



In hierdie gedeelte (XII) dink Laarmans ook terug aan die vorige byeenkoms by Van Schoonbeke. Dit is opvallend dat die herinnering aan die General Marine direk gevolg word deur hierdie herbeleving van dié samekoms. Hier is sprake van 'n sekere objektiwiteit en evaluering: die aktiwiteite by die skeepkantore word stilisties gekontrasteer met die prátery by Van Schoonbeke, want die dialoog word in die tweede instansie woordeliks aangehaal. Dit is ook belangrik dat Laarmans die vorige party se gebeure in gedagte roep noudat hy belangstelling in Van Schoonbeke en sy makkers begin verloor - in 'n mate behoort dit reeds tot die verlede.

Laarmans se afkeer van die kaas neem toe. (Ons sou die kaasberg kon sien as simbool van die absurde skuldvas waarmee die mens belade is.) Hy bedink allerlei redes waarom hy op kantoor moet bly, sodat hy nie met 'n mandjie kaas die stad hoef in te gaan nie. Hy kom op die gedagte om agente aan te stel, dan hoef hy nie verder met die kaas in aanraking te kom nie. Na die inrigting van sy kantoor is hierdie keuring van agente die grootste tydverkwistende faktor en dra daartoe by om die humoristiese aspek van die kaasonderneming te verhoog. Sy selfvertroue neem toe namate hy sy onderneming organiseer en daarmee ook sy geestigheid. In verband met die agente sê hy: „Die agente heb ik op 't zicht moeten kiezen, zoals men slachtvee koopt op de markt" (p.460). In reekse van tien moes hulle by hom op kantoor verskyn, op verskillende tye, want: „Hongerige honden moet je niet samen aan één schotel zetten" (p.460). Hy verneem egter niks van die agente nie. In hierdie stadium word hy darem opgebeur daardeur dat sy vrou na „onze kaas" verwys en dus medeverantwoordelik voel. Sy besoeke aan Van Schoonbeke neem skerp af.

Vier medekorrespondente van die General Marine kom na Laarmans se welstand verneem en bring 'n geskenkie vir tydkorting (ironies). Hierdie gesante bring die werklikheid, naamlik dat Laarmans nog steeds in diens van die General Marine is, sterk onder sy aandag. Uit hul opmerkings is dit duidelik dat die korrespondente mekaar goed ken en dat hul onderlinge verhouding minder oppervlakkig en onpersoonlik is as dié van Van Schoonbeke se vriende. Laarmans word bewus van sy ondaadkragtigheid en die groot afstand tussen droom en daad wat sy kaasonderneming aanbetref. Die „wêreld" van die General Marine dring nou ook tot die huislike kring deur en vorm 'n teenpool van vertroude rustigheid vir die bekommernis en onsekerheid van die kaassaak. Soos die kantoorlewe in die vorige gedeelte opgeweeg is teen die kring van Van Schoonbeke, word eersgenoemde nou teenoor die „wêreld" van Hornstra gestel. Dit geskied teen die agtergrond van die gesinsmilieu. Laarmans staan tussen die verlede, waarvan hy as 't ware afgesny is, en die onseker toekoms, wat 'n vae droom blý.

Bekommerd besoek Laarmans sy vriend Van Schoonbeke. Hy word gelukgewens met sy verkiesing tot tydelike president van die Vakbond van Belgiese Kaashandelaars. Laarmans begin egter moeg word vir die skynspeletjies: „Ik wil niets vervangen. Ik wil dat mijn broer zwijgt, dat mijn kantoor draait, en dat mijn agenten verkopen. En dat men zich met mij niet bemoeit" (p.463). Onverwags word Laarmans gedwing om daadkrachtig op te tree, want hy moet 'n afvaardiging van kaashandelaars na die direkteur lei. Nou gaan sy oë vir die tweede keer as 't ware oop (soos tydens die dood van sy moeder): „Daar zat Hellemans, een man op jaren, vergrijzd in de kaas, Bruaene, een zwaarlijvige kerel, blakend van gezondheid en met een dikke gouden ketting op de buik, Dupierreux, een klein zenuwachtig heertje dat zich moeilijk kon beheersen en eindelijk die man uit Gent met zijn puistige handen, naar voren hangend, de ellebogen op de knieën als om geen syllabe te missen. Alle vier mensen van aanzien in de kaas, mensen met een verleden, met kaastraditie, mensen van gezag, mensen met geld. En daartussen die verwaaide Frans Laarmans die niet meer van kaas af wist dan van chemicaliën. Wat hadden die vieze kaaswormen zich met die schamele man gepermitteerd?" (p.464). Sy stoel skuif asof van self agteruit en verwoed sê hy dat hy genoeg van die hele spul gehad het. Hy staan nou objektief teenoor die sakewêreld.

Laarmans se kantoor is nou goed ingerig, maar die verkope bly agterwêë. Hy ontvang berig dat Hornstra oor vyf dae sou arriveer om ondersoek in te stel na die kaasverkope. Hy wend 'n laaste desperate poging aan om die kaas te verkoop: „Vooruit nu, Frans. 't Is uit met al je kantoorgelul. Je moet er zelf op los, met geen andere helpers dan je tong en de kwalitoit van je volvette" (p.466). Eers klop hy by ene Boorman aan om onderrig in die verkoopkuns. Veel baat vind hy egter nie daarby nie, soos blyk uit sy onhandigheid toe hy Platen probeer oorreed om van die kaas te koop. Die verkoopsdames dryf met hom die spot en Platen gee te kenne dat hy self kaaskoopman is. Laarmans se moed is gebreek: „Mijn accumulator is leeggelopen. Ik ben uitgebloed" (p.469). Hierdie scéne kontrasteer skerp met dié waar hy destyds voor dieselfde kaaswinkel kordate visioene gehad het.

Tuis verneem hy van sy opgewonde kinders dat hulle daarin geslaag het om van die kaas te verkoop, maar Laarmans begin vasbeslote sy kantoor aftakel. Sy voortvarendheid van vroeër het verander in 'n objektiewe, gelouterde bejeëning van homself: „Een vader moet immers iets uit één stuk zijn. Of hij burgemeester is, boekmaker, klerk of losse werkmán, dat komt er minder op aan. Maar iemand die begint met jaren lang zijn plicht te doen, wat die plicht dan ook zij, en die dan ineens en ongevraagd een opreette gaat spelen als ik met die kaas, is dat nog wel een vader?" (p.473).



'n Vader en eggenoot kan nie „aftree" nie, hy kan homself slegs uit die weg ruim. Laarmans voel homself nou werklik 'n buitestaander: by sy kantoorwerk kon hy nie goed aanpas nie, sy kaasonderneming het misluk, die Van Schoonbeke-kring stuit hom teen die bors en hy is eintlik ook 'n vreemdeling in sy gesin: „Een beangstigend gevoel van verlatenheid maakt zich van mij meester. Wat heb ik nog aan mijn gezin? Tussen hen en mij staat immers die kaasmuur? Was ik geen jammerlijk vrijdenker, ik zond een gebed op. Maar kan ik nu, op mijn vijftigste jaar, plotseling aan het bidden gaan voor een kaaskwestie?" (p.473) Hy staan dus ook buite 'n religieuse verband, wat sy „outsiderskap" vererger.

Soos in vorige stadiums van die kaasavontuur dink hy in hierdie krisistyd weer aan sy moeder. Hy is bly dat sy hierdie kaaskatastrofe nie meegemaak het nie. Nietemin beklaag hy die tydperk in sy lewe (voor sy volwassenheid), toe sy moeder die kase sou betaal het om hom die leed en skande te spaar. Nou moet hy alleen die gevolge van sy daade dra, die volle verantwoordelikheid vir sy eie lewe en die welstand van sy gesin. Hy stel 'n reeks retoriese vrae aan homself, waardeur sy sielswroeging tot openbaring kom: „Waarom heb ik mezelf eigenlijk voor die kaaswagen gespannen?...Was het om een beter figuur te slaan op de kletspartijen?... Waarom heb ik het dan gedaan? Want het is geen nachtmerrie maar bittere werkelijkheid. Ik had gehoopt de kazen in die patentkelder voor eeuwig te begraven, maar ze zijn losgebrosen, spoken mij voor de ogen, drukken op mijn ziel en stinken" (p.473)

Die daadkragtigheid wat Laarmans tydens die kaasafvaardiging geopenbaar het, dring nou ook tot die ander „wêreld" deur. Hy besluit om Hornstra nie te ontvang nie en maan sy vrou om nie die deur oop te maak toe hy aanklop nie: „Als zij ter hoogte van de salondeur gekomen is, wip ik de gang in en versper haar de weg. Zij wil voorbij, maar ik stoot haar terug. Zó had ik die kaas moeten terugstoten" (p.474) Sy verligting is groot toe die besoeker uiteindelik vertrek: „Ik blijf nog even staan en een grote berusting vervult mijn hele wezen. 't Is alsof ik in bed door een liefdevolle hand word toegedekt" (p.475) Dit is interessant dat Laarmans, wanneer hy as volwassene 'n besluit neem en dit deurvoer, dieselfde gevoel van bevrediging ervaar as detyds toe sy moeder hom in die bed gesit het. Hy aanvaar nou volle verantwoordelikheid vir sy eie daade en probeer nie meer deur middel van drome die realiteit ontvlug nie. Hierdie mislukking as kaaskoopman verenig hom en sy vrou weer en na dertig jaar huil hulle saam.

Indien die lewe vervelig móet wees, dan ten minste in leefbare omstandighede: „Uit die diepste diepte kom ik aan de oppervlakte en met een



zucht van verlichting heb ik de oude ketting weder om mijn enkel gesmeed. Ik ben vandaag teruggekeerd naar de General Marine" (p.476) Almal is verheugd oor sy terugkeer en hy word beskerm en vertroetel. Hy voel skuldig na sy „verloëning" en sien sy betrekking as kantoorklerk nou in 'n nuwe lig: „'t Is vreemd, in al die jare heb ik niet geweten dat het op kantoor zo gezellig kan zijn. In die kaas moet ik stikken, terwijl ik hier, tussen twee briefjes in, even kan luisteren naar innerlijke stemmen" (p.476).

Laarmans ontvang 'n paar bestellings van sy agente en Hornstra is tevrede omdat hy die kaas in goeie toestand teruggekry het. Op aandrang van Van Schoonbeke woon Laarmans weer die kletsparty by, maar dié byeenkomste hou vir hom geen bekoring meer in nie. Hier duur die klugtheid voort want Van Schoonbeke verswyg die feit dat Laarmans weer eens sy betrekking by die General Marine bekleed. Tuis word taktvol nooit na kaas verwys nie, soos Laarmans dit geestig stel: „Pas maanden later heeft zij mij een Petit Suisse voorgezet, van die witte, platte kaas, die niet méér op Edammer gelijkt dan een vlinder op een slang" (p.480).

Na sy besoek aan die graf van sy moeder, waarmee die eintlike verhaal afgerond word, begin Laarmans as 't ware weer voór, nou met sy verworwe insigte. Struktureel word hierdie nuwe begin verteenwoordig deur 'n kort gedeelte op bladsy 480 wat uitsluitlik oor sy gesin se goeie hoedanighede handel en eindig met: „Brave, beste kinderen. / Lieve, lieve vrouw". Soos die vorige verhaal (die kaasgeskiedenis) aangevang het met 'n besoek aan Van Schoonbeke, begin hierdie „nuwe lewe" van Laarmans met sy huisgesin in die belangrikste plek. Daarna kom sy betrekking as klerk en hy bring nou slegs selde 'n hoflikheidsbesoek aan Van Schoonbeke. Alhoewel sy gesin hom verveel en die kantoorwerk eentonig is, bied hierdie twee „wêreld" 'n sekere emosionele vertroosting wat tot op sekere hoogte vergoed vir hul tekortkominge. Ook die avontuur van die kaaskoopmanskap kon ten slotte geen permanente uitkoms bied teen die absurditeit van die bestaan nie.

Die humoristiese word in hierdie werk verteenwoordig deur die karakter van Laarmans sêlf, direk in die hand gewerk deur sy „outsiderskap". Nie soseer wat hy sê nie, maar wat hy dink en uitvoer doen lagwekkend aan. En nie alleen lagwekkend nie, maar terselfdertyd pateties - saám vorm hierdie twee elemente die ware humor in Kaas. 'n Prototipe van die moderne anti-held, struikelend, oorweldig deur die alledaagse bekommernisse, beur die kantoorklerk, Laarmans, daagliks sy Sisuphos-las teen die steilte uit. In

sy geval lê die heroïese allêen maar in die hardnekkige aanhou, al maak die daaglikse herhaling die groef waarin hy beweeg, slegs dieper.

Die pateties-humoristiese ten opsigte van die Laarmans-karakter openbaar homself hoofsaaklik in die naïewe opvattinge en waninterpretasies van die nuutgeworde kaaskoopman. Ook sy „outsiderskap" spreek duidelik uit hierdie stelling wat hy telkens aftrap. By die koopmanskap kon Laarmans nog minder aanpas as by sy klerk-wees - in beide gevalle dus by die werklikheid. By Van Schoonbeke, waar die skyn en leuen seëvier, word hy gou aanvaar.

In die eerste „wêreld" waarmee ons kennis maak, naamlik die vriende-kring van Van Schoonbeke, begaan Laarmans aanvanklik 'n paar flaters. Geleidelik leer hy egter die reëls van hierdie groep en maak, volgens hulle kode, geen verdere foute nie. Solank as wat die skyn van 'n florerende sakeman behou word deur die vertoon van imposante briefhoofde, leierskap van die G.A.F.P.A. en presidentskap van die Belgiese kaashandelaars, word Laarmans aanvaar omdat hy terselfdertyd dien om die ego's van die ander lede te streel en hul aansien te verhoog. In hierdie geselskap word veel gelag, indien nie vir mekaar nie, dan tog oor gemeenplase. Hul geestigheid dien hoofsaaklik om die eie beeld te bevorder. Dié beeld van die sake-wêreld wat aan ons voorgehou word, kan as 'n ligte satire op die handels-wêreld en alles wat daarmee gepaard gaan beskou word.

Die wêreld van Van Schoonbeke en sy vriende is in hoofsaak dié van die wêreldlikes, die sogenaamde „once born". In kontras met die kantoorwêreld, is geldelike welvaart die stempel van hierdie milieu. Dit is die atmosfeer van die welgestelde here, met oordadige aardse besittings, ingestel op die genieting van die oomblik met weinig denke aan ernstiger aangeleenthede. In hierdie geselskap vind Laarmans die ideale omgewing waarin hy homself as 't ware geheel en al kan „oplos", kan vergeet van die dood van sy moeder, sy persoonlike konfrontasie met die dood en gedagtes wat daarmee saamgaan.

In kontras met bogenoemde omgewing is daar die werklikheid van die kaaskoopmanskap. Hier is Laarmans aan Hornstra verantwoordelik vir die praktiese dade wat hy uitvoer, die verkope wat hy maak. Hy sal slegs aanvaar word as agent indien hy aan die vasgestelde vereistes voldoen - waarin hy egter faal. Laarmans se opwinding oor die treinreis na Amsterdam, sy begeerte na 'n goue vulpen, die openbaring van sy onbeholpenheid by die Blauwhoedenveem, sy gesukkel met die swaar mandjies kaas, dra daartoe by om die beeld van 'n patetiese koopmannetjie te skep, waarby 'n glimlag moeilik onderdruk kan word.

Sy naïwiteit blyk byvoorbeeld uit die volgende gedagte: „Ik sla het

open om mijn advertentie nog eens te aanschouwen. Ze ziet er zo goed uit dat ik lust krijg er zelf op te schrijven om mijn diensten aan te bieden" (p.466). Laarmans slaan ook 'n bejammerenswaardige figuur waar hy in Platen se winkel deur die verkoopsters getiranniseer word, in 'n kroeg versterking moet gaan soek en dan nog op die koop toe die suksesvolle man se kantoor innerlik kritiseer: „Zijn kantoor kan aan het mijne niet ruiken. Hoe die man hier werken kan begriep ik niet. Is dat nu een milieu voor een man van zaken? Maar papieren zijn er genoeg en hij schijnt het druk te hebben. Hij zit in zijn hemdsmouwen te telefoneren, zonder boord of das" (p.469). Platen sê oor die telefoon aan iemand „vijf ton", waarop Laarmans dadelik na sy goue vulpen begin soek om die vermeende bestelling te noteer. Soos hieruit blyk neem humor onteenseglik in die figuur van Laarmans gestalte aan.

Vir Laarmans is die „derde werklikheid" dié van sy gesin. Die familiekring is simbool van die verslawing, maar terselfdertyd ook 'n veilige hawe teen die aanslae van die lewe. 'n Interessante struktuurverskynsel is die feit dat die kaaskoopmanskap en die gesinsmilieu in hierdie werk mekaar oorvleuel. Laarmans se kantoor is 'n bo-vertrek tuis en sowel sy vrou as sy kinders neem 'n lewendige aandeel aan die verloop van kaassake. Wanneer dit lyk asof die kaassaak moontlik suksesvol kan word, verdwyn die gesin op die agtergrond; aan die begin vind hewige woordewisselinge tussen Laarmans en sy vrou plaas oor sekere aspekte van die kaasaangeleentheid en wanneer die onderneming in duie stort, vertroos die egpaar mekaar. Wat oorspronklik slegs 'n verlossing uit die kantoor-sleur moes wees, word ook 'n „huweliksavontuur".

Die „vierde werklikheid" is die kantoorlewe saam met sy medekorrespondente by die General Marine. In hierdie wêreld word menslikheid versoen met die saaklike kantoorroetine en geniet die klerke ware kameraderie. Sy medewerkers dra Laarmans se gesondheidstoestand op die hart en selfs ou Piet, die masjinis van die werfstrein, dra by tot 'n geskenk om Laarmans op te beur. In bogenoemde „derde werklikheid" dring die saaklikheid die gemoedelike huisatmosfeer binne, die Hornstra-milieu is suiwer saaklik en die Van Schoonbeke-kring kan slegs as ont-menslik beskryf word. Hierdie werk sou dus ook onder andere beskou kon word as 'n soeke na die leefbare verhouding tussen saaklikheid en gevoel in die moderne wêreld.

Alhoewel Laarmans in hierdie werk nie heeltemal dieselfde tipe „outsider" is as byvoorbeeld die hooffiguur in Barbusse se L'enfer nie, is hy ook nie meer 'n tipiese „romantiese outsider", soos byvoorbeeld Tamalone in Een Zwerfer Verliefd deur Van Schendel nie. Laarmans smag na veranderde, beter, lewensomstandighede, maar hierdie versugting ontstaan

as direkte gevolg van sy kennismaking met die dood tydens die afsterwe van sy moeder. Deur plotseling te staan te kom voor die onafwendbare uiteinde van alle vlees word hy geskok tot 'n nuwe insig ten opsigte van die bestaan en geaktiveer tot 'n daad. Die patetiese kant van hierdie mannetjie se kaasavontuur beklemtoon egter slegs die futiliteit van sy lewe. Laarmans herinner dus al heel sterk aan die sogenaamde „eksistensiële outsider“ van die hedendaagse literatuur. Met dié verskil: deur middel van die humor word verhoed dat die karakter van Laarmans „disintegreer“ onder invloed van sy visie van die bestaan as „sinloos“. Die humoristiese element is relaterend en red die karakters en verhaal van naargeestigheid. Alhoewel die „outsider“-figuur in hierdie werk dus „tradisioneel“ aandoen omdat sy innerlike vertwyfeling nie tot uiting kom in byvoorbeeld 'n sogenaamde versplinterde styl nie (om die gebrek aan innerlike sekerhede te illustreer), word die vreemdelingskap duidelik gesuggereer. Juís die verlossende lag ontbreek dikwels in baie van die moderne eksistensiële literatuur en dit kan die outeur ten goede toegereken word dat hy daarin slaag om die ontredderende suksesvol te verbind met die lag, sonder om die krag van suggestie in te boet: „It is impossible to communicate the absurdity of existence; it can, like the vision of God or the experience of passage through the dark night of the soul, only be suggested“<sup>114</sup>. En Elsschot is 'n meester van suggestiekuns.

Hierdie Laarmans van Kaas is natuurlik nie die enigste voorbeeld van 'n „outsider“ wat in die oeuvre voorkom nie. Hy is egter 'n interessante voorbeeld omdat hy soek na 'n aanpassingsformule op verskeie gebiede en hierdeur 'n sekere strukturele kompleksiteit aan die werk verleen word. Vir diegene wat tot die insig kom dat hul menslike kondisie (à la Sartre) benard en futiel is, en besluit teen die absolute vryheid van die dood, is daar twee optredes moontlik: om homself geheel te probeer onderdompel in die alledaagse lewe van die bourgeoisie of vir homself 'n ander soort sekerheid te verwerf, wat stabiliteit en sin aan die lewe sal verleen. Tot metafisiese denke kom die kantoorklerk, Laarmans, in hierdie werk nie. Wat hy as 'n avontuurlike ontvlugting beskou, is wesentlik slegs so 'n onderdompeling in die wêreld van uur en feit. Die skyn bedrieg en die rykmanslewe van die suksesvolle sakeman kom meer verhewe voor, as dié van 'n gewone klerk. Maar uiteindelik bly daar net ontgogeling oor, want hierdie lewenswyse bied geen oplossing vir bestaansprobleme nie en is wesentlik nog meer onleefbaar en onaanvaarbaar as 'n minder materieel suksesvolle beroep, waarin 'n tikkie menslikheid nog oorgebly het om as vertroosting te dien vir 'n medereisiger-na-nêrens.

---

114. C.I. Glickburg, The Ironic Vision in Modern Literature, p.227.



In die tweede werk, Een Ontgoocheling, vertoon die jong Karelkje de Keizer homself al as iemand wat die lewe nugter deursien. Hy rebelleer teen sy vader se wense om hom as advokaat op te voed en voel ook nie in die drukkerij tuis nie. Tussen die boemelaars en leeglêers van die park is hy egter wel gelukkig. (Vergelyk hierdie motief by A. Roland Holst.) In De Verlossing is Pol van Domburg 'n buitestaander in die gemeenskap van Groendal as gevolg van sy insig in die bestel van dinge. Hy staan skepties teenoor die godsdiens, wat die res van die gemeenskap blindelings aanvaar, en hy rebelleer teen die pagstelsel, wat die gewone mense verbied om grond te besit. In Lijmen en Het Been is Laarmans nogmaals 'n buitestaander in die sakewêreld, word 'n tydlank deel daarvan en bevry homself uiteindelik tog weer. In Tsjip en De Leeuwentemmer is hy weer 'n vreemdeling in sy eie huisgesin en distansieer homself telkens van hulle om hom met sy skryfwerk besig te hou. Uiteindelik slaag sy kleinkind daarin om hom tydelik met die lewe te versoen. Die Laarmans-karakter van Pensioen voel homself ietwat verwyder van sy skoonfamilie en in Het Tankschip hoor Laarmans op afsydige wyse die fantastiese verhaal van sy swaer aan. Selfs in die laaste werk, naamlik Het Dwaallicht, probeer Laarmans nog steeds om homself by sy gesin en die lewe in die algemeen aan te pas.

### 3. Die „Once Born“.

Wat „outsiderskap“ en die kontrasterende wêreld van die „once born“ betref, dus tematies, beklee Kaas 'n belangriker plek as Villa des Roses. Om hierdie rede word die chronologiese orde versteur.

Die eerste werk, Villa des Roses, vorm 'n skerp kontras met Kaas, in in dié sin dat die karakters nie juis op soek is na 'n aanpassingsformule by die lewe nie. Dit is by uitstek die wêreld van Colin Wilson se „once born“ wat in hierdie novelle uitgebeeld word. Avontuurloos slyt die versameling loseerders hul dae, dikwels afgesny van 'n eens sinvolle verlede en met geen hoop op 'n beter toekoms nie. Die daaglikse gebeure, die ander losiesgangere en veral die saam-eet in die „feestzaal“ vorm die vernaamste inhoud van hul lewens. Die mikrokosmos van die losieshuis is 'n beeld van die makrokosmos, waarin die mens in sy histories-geografiese plasing slegs 'n klein moment in die stroom van die Ewigheid is.

Kort na die aanvang van ons eeu het hierdie eerste roman van Elsschot verskyn: „Maar als we 't nu bedenken, dan gaf Elsschot in 1913 het vrij

niet onbenullige schema van een werk dat twintig jaar later in alle talen zou ophef maken: „Menschen in 't Hotel' van Vicky Baum"<sup>115</sup>. Die losieshuis is die loseerders en die loseerders is die losieshuis. As die twaalf gaste aan wie die leser beurtelings voorgestel word, weens afsterwe, leed, gebrek aan fondse, nie meer „fungeer" nie, gaan die pension agteruit. Soos die losieshuis, is die loseerders besig om na liggaam en siel te verval. Vasgevang tussen ander hoër geboue, staan die huis in 'n minder gegoede deel van Parys op die onafwendbare sloping en wag: „belegerd en ingesloten door de stuwende vloed der grote stad" (p.7). (Hierdie werk is al 'n „simultanistiese" roman genoem.)

Die gevolgtrekking waartoe Wilson kom, in verband met die gewone mens, is tot op groot hoogte van toepassing op die loseerders van „Villa des Roses": „For the bourgeois, the world is fundamentally an orderly place, with a disturbing element of the irrational, the terrifying which his preoccupation with the present usually permits him to ignore...Most men have nothing in their heads except their immediate physical needs; put them on a desert island with nothing to occupy their minds and they would go insane. They lack real motive. The curse of our civilization is boredom...They do not know themselves. They live in prison."<sup>116</sup>.

Hierdie verhaal, die eerste in die hele reeks novelles, gee dus 'n beeld van die „gewone mens", terwyl verskillende aspekte van die „outsiderskap" dikwels in die daaropvolgende werke na vore tree. In kontras met die ander werke, waar daar dikwels sprake is van rebellie, vertwyfeling, 'n versugting na avontuur en ontvlugting, godsdienstige wroeging en ander aspekte wat met die denkende mens geassosieer word, word die karakters in Villa des Roses as tipes aangebied. Die beskrywing neem soms paragrawe in beslag, maar dit bly taamlik oppervlakkig en die karakters bly „plat". Sodoende is die styl ook aangepas by die verhaalstof want persone in 'n losieshuis gaan dikwels oppervlakkige assosiasies aan. Ook die humor is by hierdie werk aangepas en soms neig situasies om komies te wees.

Die verhaal van Villa des Roses word in die derdepersoonsvorm weergegee en ook die geestigheid wat in die werk voorkom, spruit uit sy optiek. Die relatiewe onbelangrikheid van die mens word gesuggereer deur voorwerpe (of gegewens) soos lemoene, irrigasiewerke en die aap as min of meer gelykwaardig met mense te beskou: hoofstukke word om die beurt met mense en dinge se name aangedui. (Dit herinner aan die toneelaanduidings van Kaas.)

115. P. de Vree, Hedendaagse Vlaamse Romanciers en Novellisten, p.36.

116. C. Wilson, The Outsider, pp.15, 245, 246.

Die aap is beeld van die ontaarding van veral die stadsmens en word met menslike attribute belaaie. „Mon trésor mon cheri; mon petit fils; le fils à sa mémère." (p.87) Hierdie benaminge word onder mekaar gedruk, kursief, wat bydra daartoe om dit aan 'n inkantasie te laat herinner. Die mens leef soos 'n roofdier in sy betonwoud, vervreemd van die natuur.

Die verskillende karakters staan los van mekaar en slegs enkele se lewenslyne kruis kortstondig, soos byvoorbeeld dié van Grünewald en die diensmeisie, Louise. Mevrouw Brulot is 'n soort Moeder-figuur in hierdie werk en sy word onder andere as volg beskryf: „De verschiining van madame Brulot maakte geen ongunstige indruk, hoewel het haar aan distinktie doordat haar neus te vlezig was en op het Bourbon-type geleek, zoals honden uit achterbuurten wel eens aan volbloed fox-terriers doen denken. Zij leed namelijk aan een ziekte welke zich in hoofdzaak kenmerkte door jeuken en opzwellen van neus- en mondvliezen, bij het eten van zekere vruchten en groenten, vooral van aardbeien en bananen, en door het vele wrijven om het jeuken te verzachten, had haar neus zich uitgezet en vertoonde een paar eigenaardige plooien, waardoor zij er was gaan uitzien alsof zij steeds verongelykt werd" (p.11). In hierdie beskrywing sit iets van die karikaatuuragtige, wat in hierdie werk suksesvol aangewend word om die meér oppervlakkige, ongevoelige karakters te onderskei van persone soos Louise, wat ook geen dieper insig in die bestel van dinge het nie, maar darem 'n sekere menslikheid te midde van die stadslewe behou het.

Na die dood van hul seuntjie vestig die Brulots hulle in Parys waar hulle 'n bestaan maak deur middel van hul losieshuis. Madame Brulot is basies goehartig maar omstandighede dwing haar om saaklik op te tree. (Hierdie „saaklikheid" word dan ook tipografies in beeld gebring deurdat die spyskaart wat sy opstel en rekeninge kursief gedruk en omlin word.) Sy oorheers almal, ook haar eggenoot en hy is ook slegs 'n karikatuur van die man wat hy eens moes gewees het: „Mijnheer Brulot leed afwisselend aan jicht, verkoudheid in het hoofd en op de borst, gal-, lever- en suikerziekte, doch zonder te sterven, en wanneer hij te bed lag en mevrouw afwezig was, dan dorsten de dienstmeisjes niet goed op zijn kamer te komen, wanneer hij een van haar riep om hem medicijnen toe te dienen" (p.11). Uit hierdie beskrywings blyk die geestigheid van die verteller.

Madame Gendron beklee 'n vername plek in die losieshuistruktuur. Omdat sy die oudste gas is, verg sy die meeste aandag, waarvoor die Brulots haar seun goed laat betaal. Die verteller voel simpatiek teenoor die ou dame, soos blyk uit die beskrywing van die twee-en-neëntigjarige dame: „Veel vlees zat er niet meer aan, en haar handen beefden zo, dat zij met een stuk brood wel eens bij een van haar oren terecht kwam, als zij het in

haar mond wilde steken" (p.13). In verband met hierdie ou dame wat graag artikels van die ander loseerders steel, haarself nog met aartappelmeel opskik vir die here terwyl haar hart „ter nauwernood nog tikte", is daar sprake van die „lag met 'n traan". Die verteller se gesindheid blyk ook uit die volgende opmerking: „Men wist dan ook niet eens dat zij Anne Marguerite Rose de Gendron heette en niemand bedacht dat men haar onder de kin gestreeld en ‚Meg' genoemd had, in een tijd toen het herengeslacht dat nu begraven was en opgegeten, nog in zwarte rokken zat" (p.54). Die „begraven was en opgegeten" klink sinies, maar dit is 'n poging tot geestigheid om die beswarende gedagtes oor die vleeslike verval en dood te verdryf.

Daar heers 'n konfliktoestand tussen madame Gendron en meneer Brulot. Sy leef in voortdurende vrees dat die ou notaris haar van haar geld sal beroof en hy toon geen respek vir haar hoë ouderdom nie, inteendeel, hy stel dit hom ten doel om haar af te takel en te bespot. Hieruit spreek die hartelose ongevoeligheid van mens tot mens, alhoewel almal dieselfde lot deelagtig is. Miskien is dit Brulot se heimlike vrees vir die dood wat op hierdie aweregse wyse tot uiting kom. Tydens die jaarlikse viering van madame Dumoulin se verjaardag, bedink hy 'n plan om madame Gendron in die verleentheid te bring: hy plaas haar in die posisie dat haar kleptomaniese neigings kan hoogty vier en maak dan die „ontdekking" dat sy al die lemoene in haar handsak het - tot groot vermaak van die loseerders, wat heeltyd op hoogte van die gebeure was. Sy besluit om wraak te neem en haar benewelde brein verhoed nie dat sy 'n gruwelike plan bedink om haar teenstander die onderspit te laat delf nie. Sy gooi naamlik die apie in die vuur, waarop mevrou Brulot haar man vir sy dood aanspreeklik hou.

Hierdie feesmaal is een van die hoogtepunte in die verhaal. Dit is 'n gelukkige keuse, want die banaliteit van die losiesgangers en hul behepthed met die tydelike dinge word hierdeur subtiel beklemtoon. Hier gooi almal hul inhibisies onder invloed van die drank oorboord en die heer Colbert sing 'n lied met gewaagde strekking. Die lied handel oor die liggaamlike metamorfose wat iemand se eggenote deur die jare ondergaan het. Die keuse van hierdie spesifieke lied is geslaagd, want dit pas goed aan by die algemene tema van verval, waaraan prominensie verleen word in hierdie werk. Vir die sanger en die res van die loseerders is dit egter slegs die hoogtepunt van pret: „Colbert kuchte zó geestig, dat de dames en heren, Aasgaard uitgezonderd, van 't lachen naar adem snakten" (p.69). Deurgaans heers daar 'n gees van hilariteit. In teenstelling met hierdie lied, sing die Poolse dame 'n lied van romantiese aard, juis wanneer tyding kom van haar minnaar se bedrog.



Die loseerders word ook tydens 'n eetmaal van die teenoorgestelde aard verenig en sodoende word lewe en dood struktureel teenoor mekaar gestel. Brulot lees die nagelate briefie van Brizard wat selfmoord gepleeg het, aan tafel voor. Die beskrywing van hierdie twee kontrasterende etes verleen 'n sekere mate van balans aan die struktuur van hierdie werk en dien terselfdertyd om die oppervlakkigheid van die betrokke persone ten tye van geselligheid én aandoening te openbaar. 'n Lagwekkende situasie ontstaan wanneer die Noor se Engels in gebreke bly en hy niks van die gebeure begryp nie. Mevrouw Brulot verlaat haar op mimiek om hom die nuus aan die verstand te bring: „Daarna balde zij de vuist, hield de duim tegen haar rechterslaap en riep ‚boem‘. Wat zeggen wilde, ‚die heeft zich doodgeschoten‘” (p.34). Die medeling is die teken vir elkeen om sy eie mening oor die dood uit te spreek, wat meestal geen blyke van diepsinnigheid toon nie: „Madame Dumoulin...maakte de opmerking ‚dat het verbazend was hoe het aantal zelfmoorden maar steeds bleef toenemen, vooral in de grote steden‘” (p.35). Sy en Colbert raak selfs in 'n argument gewikkel oor Sokrates - die gestorwe Brizard is vergete. Dié onvanpaste geselsery word tydens die hele duurte van die maal volgehou. Hierdie gebeurtenis dien om 'n bietjie opwinding te verskaf aan die andersins saai lewe in die losieshuis.

Die verhouding tussen Grünewald en die diensmeisie, Louise, ontstaan rondom die dood van Brizard. Sodoende word 'n kontras verkry tussen (potensiële) lewe en die dood. Die klein tragiek van hierdie plattelandse weduwee word beklemtoon deur die feit dat sy geen geestige uitsprake maak nie en deurgaans dodelik ernstig is in verband met haar werk, haar seuntjie en hierdie nuwe liefdesverhouding. Vir die Duitser is die verhouding slegs 'n romantiese avontuurtjie en wanneer die verstandhouding met die „dood” van die ongeboore kind beëindig word, verlaat hy die losieshuis ongeskonde. Louise keer gebroke na haar dorp terug.

Louise se naïwiteit blyk uit die wyse waarop sy haarself met 'n waarsegger besig hou: sy stuur aan hom inkvlekkie en betaling vir 'n uitleg van haar toekoms - waaraan sy haarself per slot van sake nie stour nie. Haar optrede is maar een voorbeeld van al die kleinlike, daaglikse gedoen in die losieshuis: die rusies, agterdog, onderkruipery, vreugde en verdriet. In hierdie werk met sy „panoramiese” struktuur, het ons by uitstek 'n beeld van die „wriemelende, parende, etende, biddende mensdom” waarvan daar in die inleiding tot Kaas melding gemaak word. Villa des Rosos lyk veral op 'n Bruegeliaanse skildery. In die lig van hierdie stelling sou die daaropvolgende werke gesien kon word as nabyopnames van enkele van die skilderydetails.

Klem val ook in hierdie werk op die eensaamheid van die mens en sy gebrekkige kommunikasie met andere. Die loseerders woon saam, maar leef by mekaar verbý. Gemeenplase word deur die loseerders gewissel, die Brulots stry gedurig, Aline skel op almal en selfs tussen Louise en Grünewald bestaan weinig kommunikasie, behalwe die fisieke. Iets van die ontoereikendheid van taal, as die enigste medium waardeur die mens kan liefhê, haat, bestaán, spreek uit die volgende passasie. Ook die besondere skryfwyse van Elsschot word goed hiermee geïllustreer:

„Na de grote omhelzing trachtte Grünewald haar wel eens een paar woorden Duits te leren, om de tijd te korten...

„Vooruit, probeer het nog eens. Bis-zum-To-de-ge-treu-.' Woordje voor woordje. En telkens gaf hij haar een tik met een takje dat hij had afgetrokken.

„Wat wil dat zeggen?' vroeg Louise.

„Trouw tot aan de dood.'

„Is 't waar, Richard?'

„Zeker, vraag het maar aan d'eerste de beste Duitser.'

„Och jij. Ik bedoelde of je 't werkelijk zijn zal.'

„Wat zijn?'

„Dat.'

„Trouw tot aan de dood? Waarom niet? Maar daar gaat het nu niet om. Vooruit, woordje voor woordje. Bis-zum-.''' (p.81)

Die derdepersoonsverteller sou in Villa des Roses gesien kon word as die „outsider" wat die „gewone mense" waarneem. Die humor wat deur hom ervaar word by die aanskoue van hierdie mense, word op die leser oorgedra. Madame Gendron se flikflooiery met die lyk van Brizard, die leed van mevrou Brulot oor die dood van die aap, die wyse waarop Grünewald vir Louise om die bos lei, is dikwels lagwekkend, maar terselfdertyd tragies. Die geestige verteltrant in hierdie werk word gebalanseer deur die verteller se bewustheid van die verganklikheid van alle vlees en die futiliteit van die lewe in sig van die onontkombare dood.

IV. VRYHEID EN GEBONDENHEID.

## 1. In die Sakewêreld.

Afgesien van die ruimer verhaalgewe, kan die onderliggende tema van vryheid en gebondenheid in die meeste van Elsschot se werke onderskei word. Die begrip vryheid kan op uiteenlopende wyse geïnterpreteer word: „The empirical and popular concept of 'freedom' which has been produced by historical, political, and moral circumstances is equivalent to 'the ability to obtain the ends chosen'. The technical and philosophical concept of freedom...means only the autonomy of choice"<sup>117</sup>. In hierdie studie word die woord „vryheid“ in sy meer algemene konnotasie gebruik as verwysende na die persoonlike vryheid van die individu.

Die moderne samelewing, met sy snelle tempo en onpersoonlikheid, stel hoë eise aan die individu: „De mens - aldus Elsschot - is een individu, een enkeling...Hij staat alleen en apart naar lichaam en ziel, als een roofdier in een oerwoud. Dit oerwoud wordt gevormd door de georganiseerde sameleving, de jungle van de jurisdictie, politie, regering, banken, trusts, concerns, maatschappijen, kantoren, - in één woord: door de General Shipbuilding Company zzoals Elsschot de naamloze zakenwereld betitelt. Door dit onverbiddelijke oerwoud slingeren zich de verraderlijke lianen van de godsdienstige en staatkundige tradities, de vooroordelen, de publieke opinies, de onderscheidingen naar stand, vaderland, ras en meer dergelijke onstoffelijke grootmachten. Deze wildernis is de vijandin van de eenzame mens, maar hij kan haar greep niet ontwijken, omdat zij tevens het jachtterrein is waarvan hij moet leven"<sup>118</sup>. Alleenlik deur die reëls-van-die-spel snel aan te leer, kan die mens in hierdie „verworde“ wêreld 'n redelike bestaan maak en dus 'n mate van persoonlike vryheid verkry.

Hierdie Grootstad-problematiek word aangeroer in werke soos Villa des Roscs en Een Ontgoocheling, maar in Lijmen en Het Been bereik dit besondere proporsies. Veral in Lijmen word die stof van die handelwêreld op treffende wyse verwerk tot romangegewe. Die sakewêreld tree weer in Het Tankschip op die voorgrond, maar op minder treffende wyse as in Lijmen.

---

117. J.P. Sartre, Being and Nothingness, p.483.

118. M. Nijhoff, Feestreden, p.27.

Die uiterlike struktuur van Lijmen toon 'n verwantskap met die skema: a+b+a. Daar word gebruik gemaak van die raamvertelling: Laarmans vertel aan die „ik“-figuur van sy transformasie vanaf 'n kantoorklerkie tot sake-man. Die (b)-gedeelte bestaan uit die verhaal van Laarmans en Boormans se assosiasie en in die laaste gedeelte is eersgenoemde weer in gesprek met die eerstepersoon-verteller. Die raamvertelling bied 'n effektiewe beeld van hoe Laarmans, binne die groter omvang van die lewe, vasgevang sit in die enger sakewêreld van Boorman.

Volgens Van Vlierden is die raamvertelling die vorm waarin Elsschot se sinisme tot openbaring kom: „De binaire struktuur van de raamvertelling biedt aan de gespleten psyche van de cynische kunstenaar een ideaal terrein tot ontplooiing“<sup>119</sup>. (Die humor sou dan ook die sinisme vervang op die moment wanneer dié gespletenheid opgehef word!) M.i. is die raamvertelling uiters geskik vir die uitbeelding van die tema onder bespreking en hierdie „uiterlike“ begrensing word op subtiele wyse binne die werk herhaal: elke daad en gedagte van Boorman is ingestel daarop om Laarmans se vryheid in te perk en hom heeltemal aan die sakewêreld te bind. Soos uit die res van die hoofstuk sal blyk, kom die motief van begrensing die duidelikste tot uiting ten opsigte van Boorman se spreekstyl, veral sy geestigheid, en die uitwerking wat dit op die taalgebruik van Laarmans het. „Beïnvloeding“ en „gebondenheid“ is dus feitlik sinoniem in 'n bespreking van hierdie werk.

Ons sou die werk kon sien as die Laarmans- en Boormangedeelte wat binne die psige van die „ik“-figuur vasgevang is. Die romantiese, gevoelige en onbeholpe Laarmans word deur die beheerste en vernuftige Boorman geïnisieer en in die sakewêreld bygestaan totdat hy 'n selfstandige sakeman is. In die slotgedeelte vlug die „ik“ verskrik van hierdie nuwe Laarmans af weg - duidelik verkies hy hom soos hy vroeër wás. Laarmans het feitlik aan Boorman gelyk geword: „Boorman is de personifikasie van het Bedrog...Alzoo staat in ons midden de homo economicus in zijn misvorming gebrandmerkt“<sup>120</sup>. Uit hierdie „nuwe“ Laarmans se perspektief word die gebeure aan ons meegedeel.

Laarmans vertel hoe hy ongeveer tien jaar gelede aan 'n politieke optog deelgeneem het, toe hy homself skielik gesien het soos hy werklik is en die eentonigheid van sy lewe tot dusver besef het: „Op een gegeven moment stond ik moederziel alleen op de boulevard, met mijn knuppel in de hand en mijn pijp in de mond. En toen zag ik mijzelf voor het eerst zoals

---

119. Willem Elsschot, p.44.

120. P. de Vree, Groot Nederland, Julie 1937, p.43.



ik werkelyk was: een verlorene skaap in die saamenleving" (p.253). Hierdie insig skep die geestelike klimaat vir verandering, want sy vervelige lewe is onuithoudbaar: „Ik verdiende met typen honderd vijf en twintig frank in die maand en ik had mijn dertigste jaar achter de rug. Bleef ik doen wat ik deed, dan zou ik over tien jaar misschien tweehonderd verdienen, over twintig jaar honderdvijftig, over dertig weer honderd vijf en twintig, en dan..." (p.254). Mooi word die eentonigheid van sy beroep in die herhalings binne die volgende sin weergegee: „En al die tijd zou ik brieven schrijven die zouden beginnen met ‚nous vous accusons réception de votre honorée‘, ‚we duly received your favour‘ en ‚wir bestätigen den Empfang‘, en die eindigen zouden met ‚recevez, Messieurs, nos salutations distinguées; ‚yours truly‘ en ‚hochachtungsvoll!‘" (p.254). Soos spoedig sal blyk, vertoon hierdie stelwyse 'n groot ooreenkoms met die styl van Boorman veral in soverre dit die neiging tot oordrywing en die herhaling, vir beklemtoning, aanbetref.

Die verhaal handel oor die bevryding van Laarmans uit die klerikale beroep en sy verslawing aan 'n nuwe beroep. Deur sy mentor, Boorman, word hy aan die sakewêreld bekendgestel en moet hy, paradoksaal, eers volkome geïndoktrineer en verander word, alvorens hy 'n tydelike vryheid binne hierdie nuwe begrensing kan geniet - dié proses word struktureel uitgebeeld. Laarmans word geleidelik gestroop na uiterlike en innerlike deur Boorman se volgehoue raadgewinge, kritiek en bevel. Aanvanklik veroorsaak Laarmans se stilsywe dat Boorman, in sy totale oorheersing van die toneel, tot karikatourale proporsies vergroot word deur sy omvattende alleensprake. Namate Laarmans onder Boorman se invloed kom, begin hy geleidelik 'n eie mening lug en selfs handelend optree. Laarmans se optrede in die verhaal is direk eweredig aan sy graad van betrokkenheid by die sakewêreld en as sodanig 'n aanduiding van die geslaagdheid van Boorman se voorskrifte-vir-sake. 'n Goeie strukturele verhouding word verkry deur Laarmans in die eerste gedeelte van die verhaal aan Boorman ondergeskik te maak en eersgenoemde in die laaste gedeelte van die stuk handelend te laat optree en die kommentaar van Boorman merkbaar te beperk. Daarbenewens is sy geleidelike inlywing by die sakewêreld terselfdertyd die losmaak van Boorman ván sy Wêreldtydskrif, wat ook in die styl en struktuur tot uiting kom as 'n stygende en dalende lyn van betrokkenheid en intensiteit van oortuiginge en uitinge. Laarmans moet veral sy gevoeligheid verloor en leer om sy emosies te betuel. Nou sal hierdie samevatting van die struktuur in detail ondersoek word.

Laarmans drink toevallig in dieselfde kafee as Boorman 'n bier, nadat 'n politieke optog verby is. Buite waai die wind sy hoed in 'n grag en terwyl hy sy „politieke“ knuppel stukkend slaan van woede, kom Boorman op hom af. Uit die staanspoor oorheers Boorman vir Laarmans: „Meteen nam hij mijn hoed van mijn hoofd, gaf hem een originele deuk, zodat hij er werkelijk veel netter uitzag en zette hem mij weder op. Hij handelde met mijn eigen hoofd precies alsof ik het van hem slechts in huur had“ (p.255). Boorman oorreed die opstandige jong man ook summier om sy geliefkoosde pyp (in die vorm van 'n doodshoof) te verbrysel. Hierdie daad is 'n simboliese verwerping van Laarmans se ou self. Om Laarmans se vertrouwe te wen, maak Boorman tydens die ontmoeting slegs terloopse opmerkings. So spreek hy sy meegevoel uit oor die verlies van die pyp, wat Laarmans oortuig dat Boorman, netsoos hy, 'n gevoelsmens is: „Die woorden deden mij goed, omdat zij bewezen dat Boorman op zijn manier een gevoelsmens was en ik, in mijn zwakheid, zonder gevoel nog niet over de baan kon“ (p.256).

Sodra Boorman egter die vertrouwe van Laarmans gewen het, begin hy ingrypende veranderinge aanbring. Ten eerste moet Laarmans se naam verander word: „Nee, Laarmans is onmogelijk, vooral in een land waar de klanten zelf eenvoudig Mosselmans, Biermans en Borremans heten“ (p.256). Hierdie sin is tiporend van Boorman se spraakgebruik: drie „voorbeelde“ word dikwels agtereenvolgens gegee om duidelikheid te verskaf, of 'n joviale toon te verleen. (Dit is dan ook met hierdie stylverskynsel dat die aanvangsparagraawe van Laarmans ooreenkoms getoon het.) In hierdie paragraaf word 'n soortgelyke voorbeeld aangetref, maar nou is die funksie om sy erns te beklemtoon: „Maar je moet doen wat ik zeg. Wat ik zeg... En niet alleen moet je doen wat ik zeg, maar je moet doen zoals ik doe, praten zoals ik praat en zwijgen zoals ik zwijg“ (p.257). Boorman se lewenskennis en relatiewe geestesgesteldheid word in sy uitsprake geopenbaars: dit bestaan uit 'n mengsel van hardop uitgesproke gedagtes, kritiek óp hierdie gedagtes, vrae, stellings en bevele. Weer eens word daar deur Laarmans, die verteller, kommentaar gelewer op die Laarmans van ongeveer tien jaar gelede se reaksie op Boorman se „lijmen“: „En er ging weder zulk een kracht van hem uit, dat ik een eindje opschoof om niet met hem in aanraking te komen want hij leek mij wel een dynamo“ (p.257). Dié beeld pas goed aan by die stadsmilieu met sy handel en industrieë. Uit hierdie geestige vergelyking blyk ook weer eens die invloed van Boorman op sy taalgebruik.

'n Vergelyking van Boorman se eerste langerige „monoloog“ en die aanhef van die verteller, Laarmans, as hy dié scéne in die restaurant voor die gees roep, gee 'n aanduiding van die ooreenkoms tussen die spreekwyses (-style) van hierdie eertydse vennote. Boorman stel voor dat Laarmans

sy naam verander: „Je heet voortaan Teixeira de Mattos, dat is nog eens een naam, vind je niet? Maar geen naamkaartjes laten drukken, hoor, want je moet oppassen. Ik zal je alleen zo noemen, omdat Laarmans er beslist niet door kan. Nu dan, mijnheer de Mattos, je hoeft mij niet te vertellen. Je bent een jaar of dertig, is 't niet? Dan kan het nog gaan. Was je veertig, dan zou ik het niet met je proberen...” (p.257)

En die spreekwyse van Laarmans, die verteller: „Het was een tegenvaller voor Boorman dat hy die avond gedronken had, anders had hij er misschien wel iets beters op gevonden, maar hij had het bier nu eenmaal op. Bij het verlaten van 't café snoot hij krachtig zijn neus, zoals alleen energieke mensen dat doen, duwde zijn hoed in zijn nek om de uitwerking van 't bier door afkoeling van zijn hoofd te neutraliseren, waarna hij even tegen een schutting ging staan om te wateren” (p.258). Daar is veral 'n ooreenkoms in die gemoedelike toon van hierdie twee aanhalings. Beide sprekers verskaf graag oormatige details deur middel van geestige „tussenwerpsels”.

Boorman word deur twee geregsdienaars betrap en hy nooi hulle om saam met hom en Laarmans 'n versterking te gaan geniet. Oënskynlik is hierdie scéne lighartig en gemoedelik, maar Boorman is eintlik op geslepe wyse besig om die geregsdienaars se aandag van die ware aard van sy onderneming af te trek. Met behulp van sy gladde tong, die alkohol en die teenwoordigheid van Laarmans slaag hy ook daarin. Hy gee voor dat hy hulle breedvoerig inlig aangaande die saak van sy Wêreldtydskrif, maar hy vertel aan hulle net wat hy verkies om op vertroulike wyse mee te deel. Laarmans luister nog steeds in swyende verwondering na hierdie breedsprakige, wêreldwyse sakeman.

Boorman toon sy sakeonderneming aan hulle: „Boorman is een wandelende bedrijf, een stuk moderne reclame op mensenvoeten: hij staat vrijwel los van de overige wereld: huisgezin, groep, stand of kerk, hij is minder een man dan een verschijnsel...Zo is Boorman het lijmen zelf, de belichaming van het advertentie-bedrijf dat in de klant alleen de buit ziet. De geest van dit bedrijf is volmaakt aanwezig in de reeks lege vertrekken met indrukwekkende naambordjes, in de imponerende oplage-cijfers van een niet bestaand tijdschrift, en in al die ander succesrijke beïnvloedingsmethoden van heel deze schijn-zonder-zijn”<sup>121</sup>. Boorman spreek reeds vir Laarmans as De Mattos aan voor die geregsdienaars, waardeur laasgenoemde voor getuies by die Wêreldtydskrif betrek word.

Hierdie toneel is humoristies vanweë die twee amptenare se gekibbel onderlangs, die drinkerslied wat een van hulle met mimiek voordra en

---

121. G. Stuiveling, Willem Elsschot, p.14.

Boorman se pogings om Korthals telefonies te bereik. Laarmans ontspan in hierdie atmosfeer en help om die bottels oop te maak: „Ik had mijn hoed op de schrijftafel gelegd, hield de fles tussen mijn dijen en deed vreselijk mijn best, want ik had gaarne op Boorman een goede indruk gemaakt met dit eerste karweitje" (p.262). „Karweitje" is ook 'n tipiese „Boormanisme" wat deur die verteller gebesig word. Intussen gaan Boorman se relaas oor die Wêreldtydskrif nog steeds voort en maak algaande op Laarmans 'n indruk: „Ik begon belang te stellen in de kwestie, want ik voelde dat die verband hield met het contract dat mij verlost had van toekomstige gedistingeerde salutaties" (p.263). Ook die oorspronklike adjektief („gedistingeerde" hier) dra soms by tot die geestigheid van Laarmans, die verteller, se opmerkings.

Boorman se spreekstyl is beslis en neig dikwels om teatraal te wees. Die volgende gedeelte bevat eers 'n heftige ontkenning, voordat daar 'n positiewe wending intree: „Ik wil geen abonnenenten. Geen enkele. Abonnenenten betekent weinig geld, veel last en nog meer praats. Dank je wel, hoor. Maar lezers, die zijn er misschien wel. Die zijn er zoveel men wil. Men, dat zijn mijn cliënten. Soms wel honderd duizend. - Eens zijn er tweehonderd vijftig duizend geweest. Tweehonderd vijftig duizend lezers, mijnheer de Mattos" (p.263). Nog steeds swyg Laarmans en knik slegs instemmend - hy luister egter intens terwyl hy oënskynlik onaktief is.

Dit is reeds in hierdie stadium duidelik dat Boorman se beelde dikwels aan die Bybelse sfeer ontleen word en/of verband hou met geloofsake. Hierdie verskynsel sou miskien daaruit verklaar kon word dat hy 'n dienaar van geld is, dit wil sê dat sy oorwegend geldsugtige lewe in reëlregte kontras is met 'n lewe gewy aan die diens van God. („Julle kan nie God en Mammon dien nie!" Matthéüs 6:24.) As sodanig is Boorman se taalgebruik goed aangepas by sy negatiewe soort „godsdienst", wat gesien kan word as 'n pervertering van die Bybelse gegewe. Dit is ook 'n slinkse set van Boorman om deur middel van sy verwysing na dinge wat behoort tot die religieuse ervaringswêreld van baie mense, gelowig of ongelowig, 'n weinig „vernaamheid" aan sy uitsprake te verleen. Hopelik sou die godsdienstige toon ook 'n mate van respek vir sy onderneming kan uitlok. (In die laaste hoofstuk meer oor hierdie aspek van Boorman se styl.) Boorman dring byvoorbeeld daarop aan dat Laarmans moet meeluister wanneer hy vir Korthals telefoneer: „Pak aan, de Mattos. Druk dat ding tegen een van je oren aan en luister die vent de ziel uit zijn lijf" (p.267). Wanneer die verteller beskryf hoe Boormans tydens die oproep tekere gegaan het, vertel hy hoe laasgenoemde met die sentrale gepraat het „zijn vrije hand opstekend als een profeet, om 't noodlot te weren" (p.268)



Laarmans se onderrig-in-sake kan struktureel in drie „lesse" ingedeel word. Dit is duidelik hoe sy betrokkenheid van gebeurtenis tot gebeurtenis intenser word. Tydens die eerste voorbeeld van Boorman se „lijmen", wanneer hy Korthals se wanpraktyk aan die lig bring, bly Laarmans hoofsaaklik toeskouer. Met behulp van fooitjies slaag Boorman daarin om die vertroue van Korthals se bestuurder in so 'n mate te wen, dat hy laasgenoemde se bedrog wat hy sestien jaar lank verswyg het, verklap: dieselfde voertuig doen diens as lykswa én ambulans, ongeag die moontlike besmetting van die pasiënte. Ter wille van sy salaris verkies dié man sy wrok teen Korthals bo 'n konfrontasie oor die bedrog. Sy lewe word beeld van die gevangenisskap wat Laarmans se lewe in die kantoor ook wesentlik was. Sodoende is die skepping van hierdie karakter artistiek funksioneel.

Laarmans speel tydens die ontmaskering van Korthals 'n geringe rol: hy moet 'n Gentse fotograaf bel en homself as Korthals voordoen, wat twee here stuur om foto's van die lykswa en ambulans af te haal. Boorman se vermoede word bewaarheid en dieselfde registrasienommer pryk op albei die foto's. Hier sien Laarmans sy leermeester vir die eerste keer in aksie, alhoewel die eerste voorbeeld van sy „lijmen" betreklik eenvoudig is: deur bedrog aan die kant van Boorman word die bedrog van Korthals aan die lig gebring.

Boorman herinner aan die Vos Reinaard-figuur. Ten spyte van sy sluideid kan die leser nie sy simpatie met hierdie karakter verloor nie. As verklaring hiervoor kan aangevoer word dat die monsteragtige in Boorman se persoonlikheid tot sulke proporsies vergroot word in sy rol as draer van die handelwêreld-ideologie, dat die pendulum na die anderkant uitswaai. In plaas van afsku vind 'n mate van vereenselwiging by die leser plaas: „De sympathie van de lezer kan daarbij nog blijven bij de sluwste, die het bedrog ontmaskert en te eigen bate gebruikt"<sup>122</sup>.

Boorman se taalgebruik word by elke geleentheid gewysig om by die omstandighede aan te pas. Hy bluf die niksvermoedende Korthals deur die vername toon wat hy aanslaan tydens hul besoek: „Ik ben de directeur generaal van het Algemeen tijdschrift voor Financiën, Handel, Nijverheid, Kunsten en Wetenschappen...Op verzoek van diverse medische kringen heeft de directie besloten in een van de eerstvolgende nummers een studie te publiceren over moderne transportmiddelen voor het vervoer van lijken. En ik geloof wel dat ik voor betrouwbare inlichtingen op dat gebied aan 't goede adres ben, niet waar mijnheer?" (p.276). Hier het ons 'n voorbeeld van Boorman se ironie. Korthals word uiteindelik gedwing om te teken

---

122. Ibid., p.14.

vir twintigduisend eksemplare van die Wêreldtydskrif. Die belang van hierdie episode is eintlik dat Laarmans dit meemaak en inneem, want alles gaan om sy „opvoeding“.

Laarmans se volgende klein opdrag van Boorman is om vir hom 'n nuwe pak klere by die Galeries Internationales te gaan koop. As betaling moet hy slegs 'n velletjie papier oorhandig, want daar lê reeds 'n hoop Wêreldtydskrifte in hul kantore. Laarmans kry nou 'n voorsmaak van die sukses van Boormans se onderneming: hy neem die klere sonder betaling in ontvangs. (Hieruit blyk ook dat Boorman 'n meester op die gebied van psigologie is.) Hy is in hierdie stadium selfs gewillig om sy baard en 'n gedeelte van sy snor te laat verwyder, omdat Boorman dit voorstel. Die stropingsproses raak nou die persoonlikheid van Laarmans en is 'n logiese stap wat volg op die vernietiging van sy uiterlike kentekens van pyp en knuppel. Sy opstandigheid is ook vervang deur algehele insiklikheid.

In hierdie gedeelte is daar die eerste tekens dat Laarmans se spreekwyse ook beïnvloed word deur Boorman se voorbeeld. Op die kassier van die winkel se vraag wat die papiertjie beteken, antwoord Laarmans eers: „Dat beteken niets“ (p.280). Maar, op die man se reaksie dat dit natuúrlik niks beteken nie, verbeter hy gou sy antwoord met die veelbetekenende: „Niets anders dan wat er op staat“. Dit is opmerklik dat hy hierdie oomblik kies om te tas na sy baard, simbool van sy ou self wat nie meer daar is nie.

Alvorens Laarmans se onderrig buite die onderneming voortgesit word, moet hy eers die interne organisasie en prosedure leer ken. Boorman laat sy saak vir die eerste keer in Laarmans se hande terwyl hy op 'n sakebesoek uitgaan. Laarmans faal jammerlik en word totaal oorheers deur ene Renault oor die telefoon. Laasgenoemde wil sy bestelling van Wêreldtydskrifte kansleer, waarop Laarmans slegs „Ja, mijnheer“ kan uitbring. Hy is teleurgesteld oor sy onbeholpenheid: „Nu besefte ik ten volle wat een vod mijn baardperiode, met haar tienduizend salutations distingúees, van mij gemaakt had“ (p.283). Hierdie opmerking word gemaak uit Laarmans-die-verteller se perspektief op die gebeure van destyds. In kontras met die twee woordjies wat Laarmans destyds gebesig het, hierdie geestige opsomming van die situasie. Stilisties dien hierdie kommentaar om die onbeholpenheid van Laarmans, vroeër, in skerp reliëf te plaas en sodoende te beklemtoon.

Die volgende oggend is Laarmans weer alleen op kantoor en hy bestudeer verskeie ou artikels wat Boorman geskryf het. Op bladsy 285 kry die leser gedeeltes uit die kosskoolartikels te sien. Die reproduksie van hierdie artikels, asook ander artikels en advertensies, is in ooreenkoms met die

sogenaamde „nuwe saaklikheid" van die literatuur en hierdie tipografiese aanduidings (soms kursief gedruk) is tiperend van hierdie werk se styl. Stilisties is die aktuele „dokumente" ter insage van die leser, besonder goed aangepas by die verhaalstof en doen nooit aan as „saaklikheid om die saaklikheid" soos byvoorbeeld soms in Villa des Roses die geval is nie.

Laarmans se persoonlike ontdekkingstog ten opsigte van die sake van Boorman word onderbreek deur die binnekoms van 'n klant. Nou het hy 'n geleentheid om te toon waartoe hy al in staat is as sakeman. Met dieselfde aandag waarmee hy die artikels bestudeer het, beskou hy die klant. Dié waarneming word met die kenmerkende geestigheid van die verteller weergegee: „Dat het een Engelsman was merkte ik dadelijk, want hij had een sproetig gezicht, geschoren tot op het been, en een adamsappel waarvan ik de blik niet meer kon afwenden toen ik hem eenmaal in de gaten had. Zijn broekspijpen hingen niet, maar stonden overeind op twee vouwen, die als een dubbele ruggegraat het hele gevaarte recht hielden. Met kleren en al kon hij geen vijftig kilo wegen" (p.286).

Hy trap egter 'n stel af wat Wilkinson betref, want laasgenoemde dring Boorman se organisasie binne, besef dat hy gekul is en kansleer alle verdere onderhandelings. Beangs doen Laarmans verslag en Boorman is hewig ontsteld oor die verlies van die kliënt: „Maar hoe kon je zo stom zijn, de Mattos! Had je hem nog iets anders getoond: de kelder, de zolder, je achterste, wat je maar wil, maar de suite! Lijm dan maar, Boormannetje, lijm jij maar, dag in, dag uit" (p.290). Boorman se menslikheid word verhoog deurdat hy nie slegs voorskrifte vir sake gee nie, maar ook kan vlei, oorreed en ontstoke word, soos blyk uit sy verontwaardigde uitroep.

Tot sy verbasing kry hy nog 'n kans en Boorman raai hom aan om uit die hoogte met voornemende klante te praat. Uit sy raadgeewing blyk weer eens sy geestigheid: „En dan Rijssel, en niet Luik, Gent of Antwerpen, want sommigen zouden aan 't telefoneren kunnen gaan, of 't misschien wel in hun hoofd krijgen mij even na te rijden. Rijssel is over de grens, minder bekend en toch niet te ver, zodat zij mij 's avonds weer op de boulevard kunnen ontmoeten zonder stuipen te krijgen" (p.291). Hierdie sinne illustreer Boorman se rondspringende gedagtegang goed. In verband met die keuse van 'n stad word eers twee redes verskaf om die gewigtigheid van die saak aan Laarmans se verstand te bring. In die volgende sin word nog drie redes daarby gevoeg, wat vyf redes bedra vir die keuse van die plek waar Boorman se fiktiewe konferensie plaasvind. Alles wat Boorman doen, word goed deurdag en behoorlik gemotiveer.

Die heeldag lank klink Boorman se „Ze-ven-tig-dui-zend-ex-em-pla-ren"

in Laarmans se ore na en uiteindelik dring laasgenoemde op details van die gebeure aan: „Ik sloeg de ogen neer en gaf met de dood in 't hart een omstandig verslag van Wilkinson's besoek. Wat er aan fierheid nog in mij smeulde, kwam geweldig in opstand, toen ik aldus gedwongen werd mij lamme houding zelf aanschouwelijk te maken. Toch verzweg ik niets, ook niet dat hij werkelijk een bestelling van zeventig duizend exemplaren had klaarge-maakt" (p.291). Dit is egter die keerpunt in Boorman en Laarmans se verhouding, want indien laasgenoemde nie spoedig aanpas nie, sal hy ontslaan word.

In die gedeelte genoem „Business" tref ons Boorman se groot toespraak aan. Vir ongeveer dertien bladsye lank is hy aan die woord en wend hy 'n finale poging aan om aan Laarmans die beginsels van sy onderneming te verduidelik. Die organisasie, wat Laarmans tot dusver in werking gesien het en waaruit hy die aard en reëls self moes aflei, word nou woordeliks aan hom verduidelik. Ons kan alleen maar let op enkele stylverskynsels uit die „monoloog" van Boorman, wat gesien kan word as die onophoudelike stem van die twintigste eeu se sake- en advertensiebedryf in die klein.

Die ongewone vergelyking is 'n kenmerk van Boorman se styl. Hy beweer dat Laarmans dit sal geniet om geld van die klante in te vorder, want die meeste besef eers waarom dit gaan as 'n kwitansie onder hul neus gehou word: „Dan voelen zij zich als bij een wandeling in een bos met een beminnelijke gezelschap die onder 't kouten een pistool uit zijn gordel trekt" (p.292). Die beeld is ver van die sakewêreld verwyder, maar gee die ontugtering goed weer. Ook uit die uiteenlopendheid van Boorman se beeldspraak blyk sy veelsydigheid.

Boorman is geneig om te filosofeer: „Zolang je liegt en glimlacht zijn ze tevreden, maar de waarheid doet ze rillen. En 't incasseren is de waarheid, net als de dood" (p.292). Verder sê hy dat die kliënte dit nie kan verduur as 'n mens jou siel aan hulle blootlê nie, „want je ziel is als een dag met een lange schemering: zwarter naar gelang je vordert in de richting van de eeuwige nacht. En een blik in die afgrond maakt hen misselijk, als 't zicht van guldend bloed" (p.292). Later beweer hy: „Een serieuze zaak moet kleven als een pleister, zuigen als een vampier en haar tent niet om de vijf of tien jaar elders gaan opslaan. Een goed hengelaar zoekt zijn plek uit en blijft dan zitten, wat donder!" (p.293). In hierdie voorbeeld word gebruik gemaak van 'n dubbele vergelyking met twee uiteenlopende beelde: die saak word met 'n „pleister" en met 'n „vampier" vergelyk - die tweede beeld versterk dus die eerste.

Een van Boorman se voorliefdes is inventarisopname: „Onder 't gesprek mag je ook nota's nemen, zoals de datum van oprichting, het aantal werk-



lieden, leerlinge, kamers, piano's, locomotieven, kazen of potten konserf die een firma in dienst heeft, onderwys, verhuurt, vervaardigt of verkoopt, hoelang het de vader van de tegenwoordige firmant aan 't hoofd van de zaak heeft uitgehouden, in welk jaar hij ten slotte aan zyn einde kwam en de datum waarop deu ode zyn eerste bescheiden roeiboot timmerde, liefst op dezelfde plaats waar nu iedere maand een reuzenstoomboot van stapel loopt, want veel verhuizen is voor een firma geen aanbeveling" (p.293). Dit is interessant om te let daarop dat die naamwoorde eérs opgenoem word en die bypassende werkwoord daarna gegee word. Alleen iemand met 'n bogemiddelde intellek sou in staat wees om in die gewone gesprek op hierdie besondere wyse te praat - behalwe as hy die toespraak woordeliks uit die hoof ken. Die gedetailloorde teruggreep in die vroeë geskiedenis van die firma gee 'n verrassende wending aan die lang sin. Boonop word in die laaste gedeelte geimpliseer dat die feite verander moet word indien die firma baie verhuis het, om die indruk te skep dat hulle aan dieselfde adres te vinde is as toentertyd.

Volgens Boorman moet die vergrotende trap altyd in die artikels wat hulle skryf, gebruik word: „Reuzenschepen, reuzenzaken, reuzenzuivel-fabrieken, reuzenzeepziederijen, reuzenmetaaldraadgloeilampenfabrieken, vooruit maar..." (p.293). In enige ander persoon se toespraak sou so 'n sin 'n uiting van spot of sarkasme kon wees, maar vir Boorman is dit erns. Dit is asof Boorman hier sêlf gehipnotiseer word deur die magiese inkantasie van die moderne advertensietaal. (Hierdie hele gedeelte herinner aan die uitstorting van woorde deur die slaaf in Waiting for Godot.) Alhoewel die geweldige volume woorde van Boorman moet dien om Laarmans ten ene male te oorreed, voel die leser tog dat hierdie middelgedeelte van die werk te omvangryk is en neig om Boorman monsteragtige proporsies te laat aanneem. Dat Laarmans wêl na hierdie indoktrinasië tot die organisasie toetree en selfs handelend optree, verbaas geensins. Struktureel word die aktiewe gepraat van Boorman gebalanseer deur die swygende toehoor van Laarmans. Juis deur Laarmans op die agtergrond te skuif is die leser terdeë bewus van sy swygende teenwoordigheid.

Op geestige wyse gee Boorman aan Laarmans 'n voorbeeld van hoe die eienaars van hierdie ondernemings geslaagd beskryf kan word: „Je zegt bij voorbeeld hoe laat Hooikaas junior opstaat, dat hij slechts water drinkt, wat zeer merkwaardig is voor iemand, die een uitstekende wijnkelder heeft, dat hij er een zeer bijzondere stijl op nahoudt om bevelen aan zijn personeel te geven, en dat de Heer hem begunstigd heeft met een adelaarsblik, die de concurrentie te recht doet beven" (p.294). Hierdie sin gee blyke van Boorman se besondere tipe geestigheid: dit bevat 'n voorbeeld van

geestige naamskepping, minder belangrike feite word in groot detail meege-  
deel en daar word rondgespring tussen fisieke hoedanighede en karakter-  
eienskappe. Dit is onder andere tiperend van Boorman se styl dat hy  
stellings (deur homself gemaak) dikwels uit die hoorder se gesigspunt  
bejeën en 'n moontlike gevolgtrekking wat laasgenoemde sou kon maak, aan  
sy stelling toevoeg. Hy interpreteer dus dikwels wat hy sê en voeg dié  
mening by die stelling, soos byvoorbeeld dat dit baie merkwaardig is dat  
Hooikaas slegs water drink. Sodoende ontnem hy ook vir Laarmans vryheid  
van denke deur hom te konfronteer met reeds geïnterpreteerde feite. Só  
word die motief van gebondenheid stilisties uitgebeeld.

Dan oor die produkte: „O die heerlijke producten van die reuzenfirma!  
Zo bijzonder, zie je! Zo afgewerkt. Zo heel anders dan het courante.  
Het verschil merk je pas in 't gebruik" (p.294). Hier het ons 'n voorbeeld  
wat lyk na sinisme by Boorman - hy het blykbaar nie veel geloof in die  
eerbaarheid van die sakemanne nie - maar, dikwels is dit waar en hy konsta-  
teer dus slegs 'n feit. Sy uitlatings skeep altans die moontlikheid dat  
die leser 'n siniese gevolgtrekking sou kon maak ten opsigte van die  
handelswêreld. (So sou die leser trouwens die hele verhaal kon sien as 'n  
satire oor die sakewêreld.)

Boorman maak ook gebruik van ironie in sy toespraak: „Je moet dan ook  
met een hartelijk woord gewagen van de oude Jan of Klaas, die nu reeds twee  
en zestig jaren lachend aan de blaasbalg staat en niet weg wil van de plek  
waar de firma groot en hijzelf suf geworden is...Dan de snoezige werknans-  
woninkjes met de frisse tuintjes, de keurige nette schaftlokale met de  
lekkere soeplucht, de fabrieksfanfare en het koor van dankbare werklieden"  
(p.294). Hy is wel deeglik bewus van die ongerymdhede wat in die handels-  
milieu voorkom, maar nóg tans beoefen hy hierdie beroep. Terselfdertyd  
vrees hy nie ander interpretasies van genoemde gegewens nie, want hy is  
self nie vatbaar vir invloede nie. Uit Boorman se gebruik van ironie blyk  
ook die verskil tussen hom en Laarmans, want laasgenoemde is wél vatbaar  
vir veral sy leermeester se opinies. Laarmans moet juis van sy naïwiteit  
ontdaan word, sodat hy nié sal dink Boorman beweer die werkers is wêrklik  
gelukkig nie.

In 'n poging om Laarmans tot kritiese en objektiewe denke aan te spoor,  
bestudeer Boorman saam met hom talle advertensies. Telkens wys Boorman  
op die stelwyse in die advertensie, wat op 'n moontlike ongerymdheid en dus  
'n „lymbare" kan dui. Steeds is Boorman opsoek na die bedrog agter die  
waarheid, sodat sý bedrog daarteen te staan kan kom. Hy is byvoorbeeld  
oortuig daarvan dat hulle sal kan onderhandel met 'n assuransie-agentskap  
wat adverteer: „Sous le contrôle du Gouvernement Libérien" (p.295).

Dit klink vir hom suspisies dat hul hoofkantoor in Afrika sou wees. Die advertensies is kursief gedruk, onderstebo, een woord op 'n bladsy ensovoorts: „Alles spartelde, alles snakte naar lucht. Het was een gewriemel als van een wanhopige menigte, waarboven duizend armen tot redding zijn uitgestoken. Zij boden een ontzettend schouwspel, door hun massa en de dichtheid van hun gelederen" (p.299). So lewer Laarmans, die verteller, kommentaar op wat Boorman destyds aan hom getoon het, deur middel van geestige personifikasie.

Boorman het 'n voorliefde vir die hiperboliese, die oordrewe beskrywing. Hy oorweeg hoe die pretensieuse skoefabriek gelym kan word: „Dat is weer een die gelijmd moet worden met reuzenschoenen, reuzenleer en reuzenstatistieken. Je schrijft bijvoorbeeld, dat door aanrijging van al de schoenen, die Laroche, Claessens en Co sedert hun oprichting vervaardigd hebben, een reuzenketting verkregen zou worden, lang genoeg om Parijs met Wladiwostock te verbinden; dat die schoenen, indien ze opeengestapeld werden, een reuzenzuil zouden vormen met een grondvlak van een vierkante meter en niet minder dan tien duizend meter hoog, dus duizend meter hoger dan de hoogste top van de Himalaya, en ten slotte dat het leder van diezelfde schoenen, indien het ijzer was, voldoende zou zijn om er twintig schepen van dertigduizend ton uit te maken" (p.301). Hiér het die beelde weer 'n geografiese oorsprong.

In die volgende aanhaling is daar voorbeelde van Boorman se oordadige adjektiewe, vergelykings en ook 'n verrassende wending in die laaste gedeelte van die eerste sin: „Het wordt vanzelf een heerlijke hutspot van rekening-couranten, chèques, bankbiljetten, aandelen en coupons, telegrammen, auto's, leningen met en zonder premiën, mijnontginningen, gegallonneerde boodschappers en 't graf van de onbekende soldaat" (p.303). Aan hierdie voorskrif vir die oprigting van 'n bank voeg hy verder toe: „Wij moeten daar gul en luidruchtig aankomen en dadelijk erkennen ,que de tous les rouages économiques, la banque est certes celui qui offre au prodigieux et inépuisable thème du développement national les plus admirables ressources.' Want de opvolging van onze ,tous', ,certes', ,prodigieux', ,inépuisable' en ,admirable', slaat in als de bliksem, het doet er niet toe wat je er tussen in last: marmar, cement, papier of maarschalk Foch. Probeer maar eens: ,de tous les maréchaux de la grande guerre, le maréchal Foch est certes celui qui offre au prodigieux et inépuisable thème de la gloire nationale les plus admirables ressources'" (p.303). Daarop sê hulle dan konfidentiële dat die ministerie ongerus begin word oor die aangeleentheid. Waáror, kom nie daarop aan nie...die bank sal miskien wél weet. En dat hul Wêreldtydskrif 'n ondersoek ingestel het: „Als wij zóver zijn krijgen wij

sigaren en porto en worden de deuren dicht gedaan. En per slot van rekening klopt de directeur op mijn buik, zegt dat ik een beste kerel ben en snoert mij de bek met een flinke bestelling" (p.303). Dit is 'n duidelike uiteensetting hierdie van Boorman se metode en bewapen Laarmans vir die volgende toets. Die kontras tussen skyn en werklikheid ten opsigte van die handelswêreld word stilisties verteenwoordig deur die kontras tussen die beleefde verwysing na Boorman se „buik" met daarteenoor die gebruik van die plat „bek". In Boorman se oordadige gebruik van die Franse taal as sakemedium, skuil ook 'n geringe mate van sosiale kritiek, godagtig aan die taalkwessie in België.

Boorman se onderneming word opgesom met die volgende woorde: „Een zaak is een zaak en steeds een overwinning voor een van de partijen"(p.304). Gevoel moet onderdruk word, anders is daar geen sprake van sukses in dié bedryf nie. Boorman sluit sy „onderrig" af met die volgende raad: „Betrouw niet op God, de Mattos. Wees beleefd tegen je klanten, want het zijn je vijanden, vergeet het niet. Zij laten slechts los wat je ze ontwingt en behouden alles waar je niet voor opkomt met je leven" (p.305).

Die eerste voorbeeld van Boorman se „lijmen", naamlik die ontmaskering van Korthals se bedrog, was redelik eenvoudig omdat Boorman vooraf reeds die nodige inligting gehad het. Die tweede keer dat Laarmans hom vergesel, is hul sending veel meer gekompliseerd: hulle stap 'n gekose sakeonderneming binne en tydens die gesprek probeer Boorman iets ongerymd bespeur na aanleiding waarvan hy die slagoffer kan forseer om 'n paar duisend van sy Wêreldtydskrifte te koop. Hulle gaan die meubelsaak van ene Van Ganzen binne en Boorman dring aan om die eienaar te spreek.

Laarmans het nou soveel selfvertroue dat hy waag om Boorman se metode te bevraagteken: „Ik geloof dat ze eigenlijk wilde weten waarom u mijnheer Van Ganzen verlangt te sproken, mijnheer" (p.306). Boorman steek sy gewone hoogdrawende toespraak af, waarin hy te kenne gee dat daar veront-rustende tekens is dat ysterbeddens besig is om houtbeddens te vervang. Hier loop Boorman egter sy rieme styf, want Van Ganzen is 'n buitengewone eerlike sakeman wat sonder aarseling te kenne gee dat hy self op 'n ysterbed slaap en dat sý beddens prulnamaaksels is. Boorman slaag daarin om sy uitlatings sodanig te wysig dat hy nie summier uitgesmyt word nie. Laarmans het homself ten volle geïdentifiseer met Boorman en sy saak in hierdie stadium: „Ik liep zwijgend naast mijn baas, want ik voelde de nederlaag als een persoonlijke belediging" (p.311). Boorman verduidelik die oorsaak van die mislukking soos volg: „Die Van Ganzen behoort tot een zeldzaam geslacht, dat slechts te lijmen is met eenvoud en oprechtheid..." (p.311).



Die derde voorbeeld van Boorman in aksie, is die onderhandeling met mejuffrou Lauwereyssen. Laarmans voel nou al feitlik Boorman se medepligtige en bied advies aan toe hulle dié ongure buurt betree: „Het ruikt hier zo, vindt u niet? Hier kan toch bezwaarlijk iemand wonen die geschikt is om..." (p.312). Hy deins egter nog terug vir die gebruik van die woord „lijmen". Tydens hul besoek aan haar moet Boorman weer eens sy toespraak wysig. Juffrou Lauwereyssen is naïef en gevoelig en verduidelik dat daar iets ernstig skort met haar heen. Laarman, die verteller, lewer kommentaar: „Boorman begreep zeker hoe gevaarlijk het was een dergelijk mens zo plotseling met zijn tijdschrift te lijf te gaan. Een enkel woord of gebaar kon voldoende zijn om argwaan te wekken in een ziel waarvan de eenvoud blijkbaar nog niet gekreukt was, ziekte en tegenspoed ten spijt" (p.315). Boorman se skynheiligheid blyk daaruit dat hy haar aanraai om op God te vertrou en dat hy na haar honde as „lieven dieren" verwys - kort tevore het hy Laarmans aangesê om die „verdomde beesten" weg te jaag.

Boorman voorsien die artikel oor die smidsaak van 'n imposante aanhef: „De vreemdeling die door 't centrum van Brussel slentert en die, verdoofd door de drukte en de herrie, ergens bij de Beurs op een bank gaat uitrusten, vermoedt zeker niet dat er vlakbij nog een fabriek in werking is, die niet moet onderdoen voor die van het Waalse land of van het Ruhrgebied. Hij verbeeldt zich nu eenmaal dat het centrum van die weelderige stad alleen uit hotels, koffiehuisen, pattiserieën en parfumeriewinkels bestaat en dat er geen plaats meer is voor volgelingen van Pluto, voor mensen met zwarte gezichten, die met vuur en ijzer spelen..." (p.322). Hierdie artikel word nog tweemaal herhaal: Boorman dikteer die eerste gedeelte aan Laarmans, Laarmans lees die voltooide artikel aan juffrou Lauwereyssen voor en dan word die artikel weër voorgelees vir die goedkeuring van die smid. Sodoende word die herhaling van clichés in die sake- en advertensiewêreld stilisties uitgebeeld.

Laarmans tree nou handelend op tydens 'n gesprek wat Boorman met juffrou Lauwereyssen voer: „Er trad een stilte in. Na een korte tijd vermande ik mij, en liet plotseling een ‚zeer interessant' los waarvan ik zelf schrikte" (p.316). Deur hierdie nabootsing van sy leermeester help Laarmans om Boorman se lymery te intensifiseer. Laarmans besef dat hy al heelwat van sy persoonlike vryheid ingeboet het, toe die fotograaf hom met minagting behandel en hy hom daarop attent maak dat hy sekretaris en hoofredakteur van die Wêreldtydskrif is: „En pas had ik dat gezegd of ik besefte in welke mate Boormans's lijmen in mijn magere persoonlijkheid reeds had ingevreten" (p.324). Uit dié beskrywende adjektief blyk weer eens die verteller se geestigheid. Ook die Laarmans van die verhaal

se toenemende selfvertroue laat sy humorsin op die voorgrond tree. Hy raai die fotograaf aan om 'n U-yster teen sy apparaat te laat aansweis vir „viervoudige zekerheid" en toe laasgenoemde nie goed begryp nie, sê hy gevat: „Tegen uw sleutelbeen" (p.324). Laarmans se spraakgebruik en toon kom nou al heel duidelik ooreen met dié van Boorman en ook die afstand tussen Laarmans van ouds en Laarmans-die-verteller is, wat die taalgebruik aanbetref, aansienlik ingekort. Veral ten opsigte van die geestigheid is verandering merkbaar.

Laarmans moet die artikel aan juffrou Lauwereyssen voorlees. Aanvanklik klink sy stem wyfelend en ietwat gedemp. Hy het nog nie sy gevoel goed onder beheer nie: „In mijn rug voeld ik de kilte van de machtige schaduw die Boorman in 't kantoor wierp en voor mij glim die aureool van moeder Lauwereyssen, die, met die broer en dat been op sleeptouw, jaar in jaar uit tegen de storm bleef optornen. Echter, naar gelang ik vorderde, werd mijn stem vaster, want ik beseftte dat ik voor mijn brood las, en ik galmde ‚Ruhrgebied' uit, alsof ik er jaren gewoond had" (p.325). Boorman beveel hom om die stuk weer voor te lees, nou aan Pieter Lauwereyssen. Laarmans stort nou al sy gevoel in die stuk en lees voor „met evenveel pathos als droeg ik de ‚Overwintering der Hollanders op Nova-Zembla'voor. Je zag de vreemdeling slenteren, de honden kluiven en de constructiewinkels in een jammerlijke optocht het centrum verlaten om de Vaal over te trekken"(p.329). Die geestige vergelyking en personifikasie word gebruik om die oormatige gevoel uit te kanseler.

Die smid wys egter op onwaarhede in die artikel waarop die verteller erken: „In al haar afschuwelijkheid stond de waarheid in ons midden"(p.329). Uit die gebruik van die woord „afschuwelijkheid" lei ons af dat Laarmans reeds die gesindheid van sy mentor tot sy eie gemaak het. Lauwereyssen maak beswaar teen die „zwarte gezichten", want die werkers sou dink hulle word uitgeskel. Behendig verdraai Laarmans die waarheid en vra onskuldig of die smid verwys na die deel waar melding gemaak word van „hun zwarte volkje". Boorman staan hom dadelik by deur die gunstige konnotasie van hierdie uitdrukking te verduidelik. Uit Boorman se bystand blyk dat hy Laarmans se optrede as sakeman goedkeur. Laarmans ondervind nou reeds 'n mate van vryheid binne die gebondenheid van die sakemanskap deurdat hy selfstandig optree. Laarmans ondervind 'n tydelike insinking na die voorlees van die artikel, maar hy ruk homself gou reg en toe juffrou Lauwereyssen aandring op 'n verslag oor die naamlose vennootskap gee hy op eie inisiatief te kenne: „Mijnheer de directeur...ik heb het project nog niet verder kunnen uitwerken. De beschrijving van deze fabriek en die van de firma Korthals hebben al mijn tijd in beslag genomen" (p.339).

Boorman skryf in hierdie stadium eers die Korthals-artikel, dus na die artikel oor die smidsaak. Die nuwe Lauwereyssens moet hoofsaaklik deur middel van vleitaal en hiperbool betower word, maar die artikel van Korthals vereis sarkasme en ironie. Na sy „lesse" is Laarmans meer opgewasse teen die bedrewe Korthals en hy neem aktief deel aan die skryf van die stuk: „Ik stelde voor in de eerste plaats te boekstaven dat de firma Korthals et Fils zich niet langer bedient van ouderwetse lijkkoetsen, die ons doen denken aan de diligences van onze vaders, maar wel van een speciaal gebouwde moderne motorwagen" (p.341). Dit val egter nie heeltemal in Boorman se smaak nie en hy dikteer 'n inleiding in sy eie styl: „De katholieke godsdienst, die in het sterven niets anders ziet dan de dageraad van het eeuwige leven, heeft wijselijk voorgeschreven dat de teraardebestelling de grootste plechtigheid moet zijn waarmede de kinderen Gods op aarde vereerd worden. ‚Het prangend Dies Irae', dus, of eventueel ‚Requiem' of ‚Kyrië-Elleison' dat moet je dan nog zien, maar ‚prangend' moet je aanhouden,- ‚ontrukkt de wenenden aan hun aardse smart en roept hun toe dat de dode leeft en dat de levenden sterven moeten..'" (p.342).

Laarmans word nou ten volle aanvaar as Boorman se vennoot soos blyk uit die openhartige wyse waarop hy sy gedagtes aan hom toevertrou. Teenoor Laarmans raak Boorman soms van grofhede kwyt: „Dat is het slot. Als we dat gezegd hebben, dan zijn wij uitgekakt, want meer weet ik van Korthals niet te vertellen" (p.341). Tydens die skrywe van die Korthals-artikel merk hy die volgende op: „Je hebt geen tijd om te prakkezeren, want een dode kent geen opportuniteit. Terwijl jij jezelf in 't nauw cijfert gaat hij ruiken. Hij geeft geen raad maar stank" (p.346) (Uitlatings soos hierdie het waarskynlik aanleiding gegee tot gevolgtrekkings dat Elsschot „sinies" en „hard" is.) Binne die kader van Boorman se saaklikheid en te midde van sy oordrewe uitdrukkingsvorme neem sulke uitlatings minder belangrike afmetinge aan.

Boorman laat sy leerjonge elke maand die paaiemente van die smidspaar vorder om hom ten ene male van sy gevoeligheid te ontdaan: „Dat zal een goede school voor je zijn, want het is hard. Iedere maand wordt het harder en je kan uren lang om de hoek in twijfel staan, of je binnen zal gaan of niet. Tot het dan eindelijk weer tot je doordrongen, dat het je plicht is. En plicht kan hard zijn, Laarmans. Denk maar eens aan die arme deurwaarders en aan de beul" (p.345). Laarmans is dus nou ten volle betrokke by die Wêreldtydskrif terwyl Boorman besig is om homself te onttrek. Laarmans raak egter moeilik heeltemal ontslae van sy sensitiwiteit en die invordering geval hom nie: „Ik trachtte mij te troosten met de gedachte dat haar lijden op Boorman's hoofd zou neerkomen en niet op het mijne. Maar dan zag ik

mijzelf terug zoals ik daar gestaan had, toen ik tot tweemaal toe mijn hele ziel in 't voorlezen van die schandelijke studie gelegd had. En ieder ogenblik stond mij dat toneel voor de geest, toen zij die ruigaard verbonden had en hoorde ik opnieuw hare vraag ,of hare liftjes ons hadden kunnen bezielen'" (p.355).

Soos by sy ontmoeting met Boorman, aan die begin, is daar ook by die aanvang van Laarmans se loopbaan as selfstandige sakeman 'n humoristiese insident. Dikke Jeanne ontdek hom op haar stoep waar hy vroeg die môre op die waens met die Wêreldtydskrifte staan en wag en verkeer onder die indruk dat hy die hele nag op haar koms gewag het. Hierdie lagwekkende insidente dien om die spanning te verlig. Uiteindelik is die eksemplare voor die Lauwereyssens se deur afgelaai en Laarmans probeer sy neerslagtige stemming met geestigheid verdryf. Een van die smidswerkers verneem nuuskierig wat in die kiste is: „Hij besnuffelde de stapel, net als die hond, en ik vreesde een ogenblik dat ook hij zijn poot zou opheffen" (p.354).

Op pad na die smidswinkel om die laaste paalement in te vorder het Laarmans 'n vreemde ondervinding. Hy voel homself as 't ware in die teenwoordigheid van Goed en Kwaad: „Aan mijn rechterhand liep mijn schutengel, en links werd ik een donkere gedaante gewaar...En 't was mij opeens alsof ik een derde stem hoorde, die van Boorman. Hij zei dat het onzin was, en dat ik zowel de glimlach als het geld kon krijgen, als ik het maar handig genoeg inpikte" (p.357). Die kontras tussen Laarmans, toé, en die verteller spreek uit laasgenoemde se kommentaar op sy gewetenswroeging van destyds: „Ik was toen nog zo heel anders. Eigenlijk nog een broekje" (p.357).

Boormans skenk aan Laarmans die laaste paalement omdat hy homself genoegsaam onder die knie het. Daarna wyk Boorman uit na die platteland en Laarmans neem beheer van die firma oor vir 'n termyn van twintig jaar.

In die laaste gedeelte is die „ik"-verteller en die „nuwe" Laarmans weer in gesprek. Eersgenoemde dra 'n gediggie voor wat Laarmans lank gelede oor sy moeder geskryf het: „Uit beleefdheid voldeed ik aan zijn verlangen, alhoewel ik voelde dat toegeven aan de nieuwe Laarmans een helling afvoerde, aan de voet waarvan het Wereldtijdschrift zijn monsterachtige muil opensperde" (p.360). Hy kontrasteer die idealistiese Laarmans wat hy vroeër geken het met hierdie gevoellose sakeman. Die gedig spreek van gevoel en spyt omdat hy (Laarmans) nie gehou het by die voorskrifte van sy moeder vir 'n eerbare lewe nie - daar is sprake van „eerlijk blijven" en „tranen". Laarmans stel geen belang meer in dié gedig nie, dit herinner hom slegs om te verneem na die welstand van die „ik"-figuur se moeder. Hy skryf ook nie meer gedigte nie.



Na tien jaar in beheer van die Wêreldtydskrif het Laarmans sy oorgevoeligheid verloor en sy toon en spraakgebruik kom onteenseglik ooreen met dié van Boorman. Hy wil byvoorbeeld van sy vriend weet of hy nog steeds dieselfde betrekking beklee en hoeveel hy per „krukuur“ verdien: „Wel krukuur beteken een uur, dat je effectief op je kruk doorbrengt. Iets als kilowatt, begriep je?“ (p.361). Hier vertoon hy dieselfde neiging as wat Boorman had om die terme van die een beroep of gebied op die ander oor te dra, met geestige effek.

Laarmans stel voor dat die „ik“ sy sekretaris word, soos hy destyds vir Boorman geword het: „Onder 't lijmen heb je niets anders te zeggen dan ,zeer interessant'. Verder enig redactiewerk: de tous les rouages économiques, respectievelijk matériaux de l'architecture of généraux de la grande guerre, la banque, respectievelijk de la décoration of de la gloire nationale, les plus admirables ressources“ (p.362). Indien hy soms sou deurmekaar raam met die clichés sou dit nie veel verskil maak nie, want volgens Laarmans sal die meeste klante dit nie eers hoor nie, só meegevoer is hulle deur „de cavalcade van onze bijvoeglijke naamwoorden“. Daar sou tog spoedig 'n ander „achterste“ op die „ik“ se plek in die Gemeentehuis sit, sê Laarmans op kenmerkende Boormanagtige wyse. Terwyl die „ik“ vervaard wegvlug, roep Laarmans hom nog agterna: „En ik beloof je vrijblijvend dat wij eventueel misschien bijna niets van je baard zullen afnemen!“ (p.362). Die „ik“ kies dus om vry te wees van die gebondenheid van die handelswêreld, waarin gevoel oorheers word deur saaklikheid.

Laarmans is dus bevry van sy lewe as kantoorklerkie en doen nou selfstandig sake. Uiteindelik is hy ook vry van Boorman se oorheersing, wat aanvanklik onontbeerlik was om hom te skool vir sy nuwe beroep. Hy het egter die een begrensing verruil vir 'n andersoortige, want die sakewêreld fungeer volgens bepaalde reëls en handelskodes wat streng nagevolg moet word. Boorman, daarenteen, maak homself geleidelik los van die handelswêreld maar raak intens betrokke by gewetenskessies. In die sakewêreld kom vernuf teen vernuf te staan en die knapste sakeman wen. Wanneer die saketegniek egter te staan kom voor goedheid en eerlikheid, verloor dit dikwels die stryd. In die Lauwereyssen-geval verlaat Boorman die gebied van sake en raak gewikkel in 'n morele stryd, waarvan hy homself slegs met moeite sal bevry.

Die verhaal van Lijmen word in Het Been voortgesit, tien jaar later. Indien eersgenoemde werk gesien word as die verhaal van gebondenheid, kan laasgenoemde beskou word as die verhaal van bevryding: Boorman bevry hom-

self van sy gewetenskuld en Laarmans bevry homself van die sakewêreld. Paradoksaal lê die „vryheid en gebondenheid“ van die sakeman, Boorman, op die gebied van die gevoel en dié van die gevoelsmens, Laarmans, op die terrein van die saaklike handelswêreld.

Weer word die verhaal aangebied in die vorm van 'n raamvertelling: Laarmans loop die „ik“-verteller weer raak en nooi hom om die volgende Sondag by hom besoek af te lê, wanneer hy aan hom sal vertel waarom hy nou by die General Marine and Shipbuilding Company werk. Die „ik“-verteller is verbaas oor Laarmans se veranderde voorkoms sedert sy vorige ontmoeting met hom as welvarende sakeman - hy rook selfs 'n pyp soos van ouds.

Wanneer Laarmans hierdie verhaal vertel, is hy reeds vry van die Wêreldtydskrif en dus ook heeltemal onder Boorman se invloed uit. Die ietwat oordrewe geestige trant van Laarmans-die-sakeman is nou vervang deur 'n bedaarde verteltrant. Die inleiding van Laarmans se vertelling bevat lang, rustige sinne: „En zo heeft Boorman dan moeten ondervinden dat een daad lang kan nawerken en je nog wel eens achterhaalt al schijnt de laatste rimpeling sedert jaren van je spiegel weggevaagd. Het nieuwe treffen met dat mens heeft niet alleen het einde van mijn directeurschap ingeluid en mij als een dor blad tot in de vluchthaven van deze monsterachtige fabriek geblazen, maar ik ben er bovendien tot nadenken door gebracht“ (p.366). Hierdie laaste sin bevat 'n geykte vergelyking wat stilisties goed aangepas is by Laarmans se nuwe „gewone“ lewenswyse. Hy is weer eens 'n rat in die sakewêreld se goed geoliede masjien, maar nie meer 'n operateur nie.

Laarmans se neiging om te filosofeer vertoon heelwat meer diepte as die wysgerighede van Boorman in die vorige werk. Boorman se wysheide is meestal beperk tot die sakewêreld, maar Laarmans s'n is meer algemeen-eksistensiële: „Ik ben mij gaan afvragen of al onze daden en gedachten niet achter ons aan wandelen, of zij niet een deel van ons zijn, ons gevolg, onze hovelingen, waarvan de stoet aangroeit naar gelang wij zelf slinken, die wij evenmin negeren kunnen als onze vleselijke kinderen en die misschien fluisterend nablijven, lang nadat wij zelf tot stilte gebracht zijn“ (p.366).

Hy het egter nog nie sy sin vir humor verloor nie, soos blyk uit die geestige toon waarop die volgende sin eindig: „Zo lang ik bij hem in de leer was geweest had hij haar nooit bij name genoemd, terwijl hij nu geregeld aan Martha refereerde als was ik aandeelhouder in dat mens“(p.367). Hy verwys na Boorman se vrou, wie se afsterwe hom vervul het met berou omdat hy haar tydens haar lewe afgeskeep het. In nie-saaklike aangeleenthede het Boorman sterk op Laarmans gesteun en hy moes hom gedurig opbeur en troos.

In teenstelling met hierdie nuwe spreekstyl van Laarmans is die styl waarin hy homself aan die begin van sy verhaal uitdruk. Op een van hul wandelinge kom hy en Boorman vir juffrou Lauwereyssen teen en Boorman loop haar per ongeluk onderstebo. Laarmans maak vir Boorman attent daarop dat die dame 'n houtbeen het: „Zij is het kwijt...De wonderzalf van Averbode heeft dus niet mogen baten" (p.369). Laarmans staan nou objektief teenoor sy taalgebruik van vroeër en sê dat dit „volkomen in zijn stijl was". Ook nog in Boorman se eie, lighartige styl verseker Laarmans hom dat daar geen verband kan wees tussen die saketransaksie met juffrou Lauwereyssen en die verlies van haar been nie, trouwens daar kan tussen die twee sake „niet meer verband bestaan dan bij voorbeeld tussen de periodieke wisselingen van onze ministeries en de even periodieke aardbevingen in Peru..." (p.370).

Boorman probeer om Laarmans met sy skuld te belas en Laarmans verdedig homself in sinne van dieselfde lengte as Boorman s'n, waardeur gesuggereer word dat Laarmans nou 'n waardige teenstander vir sy eertydse leermeester is: „Want ik kende Boorman en wist dat hij mij te sterk was. Indien ik één atoom aanvaardde zou hij weldra volkomen gelouterd en ik met alles beladen zijn" (p.370). Nadat hy Boorman se geheue verfris het aangaande die Lauwereyssen-geskiedenis, erken hy dat Laarmans gelyk het.

Laarmans bevry homself van die sakewêreld namate Boorman afgetakel word as gevolg van sy skuldgevoel oor juffrou Lauwereyssen se beenverlies. Hierdie stropingproses geskied in vyf episodes, waarvan die eerste sy konfrontasie met die kerk is. Vir Boorman word die saak nooit wêrklik 'n morele kwessie nie - hy sê self sy geval het „niets te maken met bedreven zonden, want mijn transactie was van een commercieel standpunt onberispelijk" (p.373). Omdat hy pastore as sakelui in hul eie reg sien, stem hy in om Laarmans se neef te besoek. Dié geestelike leier raai vir Boorman aan om die geld terug te betaal om sodoende gemoedsrus te bekom. Dat ons in hierdie stadium nog duidelik te make het met 'n onveranderde Boorman van ouds, blyk uit die feit dat hy 'n geldelike vergoeding as genoegsame boetedoening beskou: „Wij zijn toch beschaafd? Het ene biedt weerstand tot drie nullen, het andere tot vier of vijf, een enkel tot zes, want het is slechts een kwestie van stand en milieu, maar als je blijft pompen barst eindelijk het omhulsel en slaat de schaal door aan de kant van 't goud" (p.377). Toe sy skuldoffer egter deur die dame geweier word, bars hy uit in 'n monoloog van verontwaardiging: „Zij loopt natuurlijk de kerk plat, spoedt zich op Asdag om een kruisstempel, maar is niettemin uit plaat- en hoekijzer getimmerd, net als haar liften, want dat weigert halsstarrig overeind te worden gezet door wie haar te goeder trouw onder de wielen heeft gereden" (p.384).

In 'n tweede poging om advies in te win, wend Boorman homself na 'n balju, Van Kamp. Dit slaan hom dronk dat iemand, wat niks verskuldig is nie, 'n som geld wil terugbesorg. Boorman bevind homself nou in 'n soortgelyke posisie as sy eertydse kliënte, uitgelewer aan die kennis en bedrewenheid van beroepslui. Van Kampen praat byvoorbeeld 'n taal wat sterk herinner aan dié van Boorman toe hy nog handel gedryf het: „Waar een nederige intrede, een uitdrukking van berusting, waar alles van belang is bij 't verschijsning voor een magistraat die vermoeid kan zijn, ziekelijk soms, ontevreden omdat hij vegeteert of het thuis niet naar zijn zin heeft, of die daags tevoren aan een feest heeft meegedaan, daar is een blijk van inschikkelijkheid jegens uw tegenstander zeker iets dat bijdragen kan om hem gunstig voor u te stemmen" (p.386). Die stryd van Boorman vind dus op die gebied van die taál ook plaas. Boorman se taalgebruik bestaan nou meestal uit retoriese vrae, uitroepe en aantyging teen juffrou Lauwereyssen

Die derde aftakelings-scène is die besoek wat Boorman aan die geregs-hof bring. Laarmans beskryf die humoristiese episode waarin 'n regter sukkel om Boorman se ietwat ongewone saak te verstaan. Op geestige wyse verwys hy na die geregtelikes as „togas": „Bij die naam kwamen al de hangende toga's overeind, keerden zich om en keken mijn buurman bewonderend aan. Eén liet even zijn hand als een waaijer gaan en daarop wendde de hele rij van zwarte dienaren zich weer naar het altaar toe" (p.394) Laarmans se betreklike onbetrokkenheid by Boorman se probleme blyk uit dié objektiewe waarneming van die gebeure. Sy bevryding van Boorman en sy Wêreldtydskrif is direk eweredig aan sy toenemende geestigheid, maar nou van die ongedwonge „gewone"soort (soos gestel teenoor die aangekweekte geestigheid van Boorman ter wille van suksesvolle sakevoering). Boorman se „sakestyl" is nie opgewasse teen die taal van die gereg nie en hy verloor sy saak.

Die vierde poging wat Boorman aanwend om sy skuld uit te wis, naamlik om die oorgeblewe Wêreltydskrifte teen die verskuldigde bedrag op die vendusie van die Lauwereyssens te koop, misluk ook. Onder polisiebegeleide word Boorman na 'n inrigting vir geestelik versteurdes geneem. Dié episode is nog meer humoristies as die vorige en word in detail deur Laarmans oorvertel: „Die twee honderd negentig frank gingen het winnen toen mijn buurvrouwtje, dat de hele morgen gegeten en gezwegen had, haar onttakelde banaan in de hoogte stak om de aandacht van de notaris te trekken en rustig drie honderd vijftig bood. En zij was zo zeker dat niemand op dat reuzenbod zou durven reageren dat zij zich dadelijk de mond vol stopte met haar laatste stuk en de schil tussen haar benen door onder de stoelen zwierde. De man die 't eerste bod gedaan had keerde zich om en lachte haar welgevallig toe, als voelde hij zich vereerd door haar verpletterd te worden" (p.398)



Wanneer Boorman in die gestig opgeneem is, is Laarmans wêrklik bevry van sy invloed. Psigologies gesien kan hierdie bevryding daaruit verklaar word dat Laarmans respek verloor het vir Boorman, wat 'n uitstekende sake-man en mentor was, maar nou jammerlik gefaal het op die gebied van die „gewone lewe“. Laarmans se lojaliteit teenoor die Wêreldtydskrif is 'n knou toegedien en uiteindelik breek sy lankonderdrukte gevoelens weer los: „Ik bleef alleen achter en een zekere droefheid kwam over mij . Nooit was het tot mij doorgedrongen dat ik van Boorman hield en nu besepte ik dat hij mijn geestelijke vader was. Mijn lafheid wekte braaklust op en ik zou liefst onvindbaar ver weg zijn geweest, op een boerderij in Nieuw-Zeeland, om hem nooit weer onder de ogen te komen" (p.400). Laarmans voel skuldig omdat hy Boorman in die steek gelaat het en besluit om hom nog by te staan totdat hy herstel en ontslaan is.

Boorman pas homself aan by sy veranderde omstandighede en aanvaar die lewe in die inrigting filosofies. Uit sy taalgebruik blyk dat hy sy kalmte van vroeër teruggewin het: „Krijgt men niet voortdurend veel eigenaardiger dingen te zien? Heren van gezag behangen met decoraties, prelaten knikkend onder mijters en brocaat, somber achter de eerste de beste lijkkoets aanstappend als braken zij van smart en zich plechtiger bewegend dan bij 't zinken van hun eigen moeder, vooral wanneer die in haar jeugd een café gehouden heeft..." (p.404). (Hierdie gedeelte bevat die motief wat soms in die moderne literatuur struktureel en stilisties uitgebeeld word, soos byvoorbeeld in Keerweer.)

Met behulp van Laarmans se neef, die pastoor, word 'n ontmoeting tussen Boorman en juffrou Lauwereyssen gereël na sy ontslag uit die inrigting. Nadat sy die geld in ontvangs geneem het, is Boorman tevrede dat sy skuld, in alle opsigte, betaal is. Na hierdie suksesvolle „transaksie" gee Boorman in sy styl van vroeër aan Laarmans instruksies in verband met die „lym" van 'n lotery waarby hulle verbyloop: „Als je keurig uitgedost op die mensen af gaat, want je bent niet altijd tip top en je zorgt dat op je gezicht een stille commissie van tien percent te lezen staat, dan lever jij daar een tijdschriftje voor ieder Belgisch gezin, zijnde dus minstens één miljoen vijf honderdduizend exemplaren, die als termieten alles zullen ondergraven wat nog twifelen mocht aan het vaderlandslievende van hun trommel" (p.408). Boorman neem weer beheer van die Wêreldtydskrif oor nadat Laarmans sy diens verlaat het. Laarmans en sy kollegas by die fabriek ontvang elk 'n eksemplaar wat 'n artikel oor die staatslotery bevat. Sy styl is dieselfde as van ouds: „De tous les éléments de l'économie politique, la Loterie d'Etat..." (p.410).

Die motief van gebondenheid aan en deur die sakewêreld, waardeur die moderne mens se vryheid ingeperk word, word in Lijmen en Het Been nie alleenlik struktureel uitgebeeld nie maar veral stilisties ver-beeld. Dié onderliggende tema word in Het Tankschip voortgesit, weér geïllustreer deur die sakewêreld. Hierdie verhaal word ook aangebied in die vorm van 'n soort raamvertelling: iemand by name Laarmans speel nou die rol van die „ik“-verteller en hoor die verhaal van sy swaer, Jack Peeters, aan. Daar vind hier egter geen wisselwerking tussen Laarmans en Peeters plaas nie, soos byvoorbeeld in die stryd wat die „ik“ in Lijmen met die „nuwe“ Laarmans gevoer het. Binne die vertelling van Frans Laarmans het ons die verhaal van Peeters, daarbinne die vertelling van Boorman en laasgenoemde gee die sakegeskiedenis van De Castellane en sy skip weer. Hierdie „konsentriese“ struktuur pas goed aan by die tema „gebondenheid“ en skep 'n beeld van die gekompliseerde transaksies, wat in die sakewêreld gevoer kán word. Die lang uiteensettings van Boorman maak die middelgedeelte van Peeters se verhaal ietwat swaar aan sakedetails. Dié hoeveelheid oortuigingsstof is egter in aanneemlike mate nodig om vir Peeters, 'n sakeman in eie reg, „geloof“ in hierdie transaksie te gee.

Laarmans is in hierdie verhaal 'n onbetrokke waarnemer en die sake-wêreld interesseer of bekoor hom nie in besondere mate nie. Sy geestige siening blyk uit die volgende aanhaling: „Zoals iedere namiddag zat daar de voltallige bemanning van het pension ‚Cosy Corner‘, verder mijnheer Smekens van de bungalow ‚Mon Trésor‘, mevrouw Bruylant met een vriendin, mijnheer Delarue met zijn foxterrier, mijnheer Rousseau met zijn asthma, mijnheer en mevrouw Orban van die villa ‚Les Soupirs‘, mijnheer Dieudonné met een dame in een badmantel, want die man is onverbeterlijk, mijnheer Masson, mijnheer Heudens, mijnheer Van Hal, mijnheer dinges, hoe heet hij ook al weer, en bovendien mevrouw Ketelaar met haar twee aankomende dochters, alle drie permanent gogolfd en ieder met een cigaret“ (p.657). Die verveling van die sproker tydens die vakansie aan see blyk uit die detail oor sy medevakansiegangers en die algemene vervelige atmosfeer word gesug-gereer deur die lang, vervelige sin. Deur die oë van Laarmans kry die leser 'n bepaalde perspektief op die moderne vakansie, die jaarlikse „vryheid“ van die daaglikse sleurlewe.

Die nuwe motor waarmee Peeters vir Laarmans en sy vrou kom beïndruk, vorm 'n skakel tussen die vakansie en die sakewêreld. Laarmans se „lof-sang“ aan die Rytuig, gee blyke van sy geestige uitkyk op ook dié aspek van die moderne welvaart: „Toch vergt dat meerijden enige opoffering, want wie Pro Deo rijdt dient tijdelijk afstand te doen van zijn persoonlijkheid. Je moet de man die zeggenschap heeft over het ding in alles zijn zin geven,

hem niet tegenspreken tensij bij wijze van kwinkslag, want narrerij geeft reliëf aan een heer...Je moet kwiek zijn bij ieder halte, de achterdeur open maken om de dames te helpen uitstappen en rugwaarts voorop lopen als je een garage binnen moet of bij scherpe bochten in een bergland. Eindelijk zorgen dat niemand je voor de eigaar verslijt, want ere wie ere toekomt. Tenzij je gaat instaan voor de helft van de benzine" (p.659). Hulle reis saam met Peeters-hulle na Bastogne en terwyl hulle daar is, breek die oorlog uit. Vir Peeters is dit 'n blye tyding want hy kan sy skip verkoop en 'n groot geldelike wins maak.

Die middelgedeelte van die werk bestaan uit die transaksies tussen Peeters, Boorman en De Castellane. Die Boorman van hierdie werk maak ook gebruik van hiperbool, woordspeling, vergelyking en „gesogte" beeldspraak om sy „sakegodsdienst" te verkondig: „En misschien wordt hun diagnose gecompleteerd door ook uw scheiding van goederen discreet te signaleren als een dreigend symptoom. Die springlading wordt door de Castellane in petto gehouden tot de gezanten van de fiscus weer eens bij hem op besoek komen, want na het lezen van uw jheremiade en van dat bankiersrapport zullen die heren ineenzakken als de Castellane in zijn Bar Américain en kunnen niet anders doen dan het slachtoffer condoleren, als er ten minste een beetje tacht in zit" (p.680). Bladsye lank hou Boorman in hierdie trant vol (soos oorvertel deur Peeters).

Peeters is 'n waardige opponent vir Boorman soos onder andere blyk uit sy taalgebruik: „Voor de mindere man was er toen nog geen oorlog in 't zicht, want de Paus liet zijn banvloeken in de schede en zegende rustig door, de laatste vorsten wandelen rond met hun kroon, parlementen en volkenbond zonden ongestoord hun gekakel ten hemel...En toch kon ik nog steeds niet geloven dat uit Boorman's poppenspel voor mij iets positiefs geboren zou worden. Al zat de getekende overeenkomst in mijn zak, zo warm als een kloppend hart, al was Boorman zelf zo definitief vertrokken als de metselaars met hun rommel nadat de laatste van de laatste stenen gelegd is..." (p.684). Peeters laat homself uiteindelik bind deur hierdie transaksie maar alles strek per slot van sake tot sy voordeel. Aan die einde van sy lang verhaal drink hy en Laarmans 'n heildronk op die oorlog.

'n Interessante aspek van die moderne mens se bestaansdilemma word beklemtoon deurdat geld 'n belangrike rol speel in die meeste van die werke: baie van die karakters se lewens word verder bemoeilik deur té min of té veel geld. Hul vryheid word deur geld ingeperk en hulle word gebonde aan hul eie materiële behoeftes. In hierdie drie werke word dié motief struktureel en stilisties uitgebeeld, maar veral in Lijmen kry dit artistieke trefkrag.

## 2. In die Familiekring.

In verskeie van Elsschot se werke word die onderliggende tema van gebondenheid deur die eggenote en huisgesin aangetref. Pol van Domburg voel homself in De Verlossing in 'n mate ingeperk deur sy vrou en godsdienstige dogters en in Kaas word die familie ook beskou as bindend. Ook in Pensioen ervaar die hooffiguur sy familiebetrekkinge as 'n lastige verantwoordelikheid. In Het Dwaallicht sien die hoofkarakter sy familie as 'n onontkombare verpligting.

Tsjip is die werk waarin die gebondenheid deur die familie die sterkste op die voorgrond tree. Tsjip en De Leeuwentemmer vorm saam 'n soort tweeluik en die gebondenheid van Laarmans in eersgenoemde werk word beklemtoon deur sy bevryding in laasgenoemde novelle. Die familie is simbool van verslawing en terselfdertyd 'n beskutting teen die storms van die buitewêreld. Daarom die konflik in Laarmans se gemoed - enersyds wil hy bevry wees van die gesin en, andersyds, wil hy daarin opgeneem wees: „Voor de zóveelste maal kom ik thuis van de reis en weer staat mijn stoel gereed, tafel en bed gedekt, pantoffels bij 't vuur, alsof ik iedere dag verwacht werd...Hun gerustheid, hun zekerheid dat ik ook ditmaal terugkeren zou heeft mij beschaamd en diep gegriefd" (p.483). Hierdie stryd van Laarmans speel af op die gebied van die taal en word deur stilistiese teenstellings uitgebeeld.

In teenstelling met Lijmen en Het Been speel die konflik tussen vryheid en gebondenheid hom in hierdie werk op 'n „dieper", meer persoonlike vlak af, naamlik in Laarmans se gemoed. Die konflik hou hier dus sterker verband met die eksistensiële problematiek: die innerlike dwang van sy fisieke menswees lei tot Laarmans se huwelik en vaderskap. Dit bring verantwoordelikheid mee, maar die uiteindelijke keuse tussen die verantwoordelikheid vir die gesinsgenote opneem of nalaat om sy plig na te kom, berus uitsluitlik by hóm alleen.

Vryheid is in Lijmen ingeperk deur die ruim sosiale sisteem maar in Tsjip word dit veroorsaak deur die daaglikse „huislike roetine": „But, apart from philosophic or scientific system Kierkegaard pointed out that there is another kind of systematization, i.e., that deadening wall which is built up round man by daily routine. Kierkegaard designates this the 'universe of the immediate neighborhood'. Enveloped in this, man becomes



ego-centric and loses his freedom. The syncope of freedom leads to anguish"<sup>123</sup>.

Struktureel word die verhaalgedeelte van Tsjip tussen 'n „Opdracht" en „Achter de Schermen", 'n ontleding van die inleiding, geplaas. Beide hierdie voor- en na-gedeeltes word uit Laarmans se perspektief vanuit die gesin geskryf. Die middel-gedeelte, dus die verhaal, word geskryf in die paradyslike skrywerswêreld waarheen hy periodiek „afreis" (soms is dit ook terselfdertyd 'n werklike reis wat onderneem word). Paradoksaal handel die gedeeltes van Laarmans-die-gesinshoof oor sy skrywerskap en die gedeelte, wanneer hy homself distansieer van die gesin, oór die gesin. Daar is dus 'n wisselwerking tussen hierdie twee wêrelde, naamlik die van Laarmans se skrywerskap en dié van sy gesinslewe. Tussen hierdie twee wêrelde beweeg hy oor en weer; wanneer die benouing in sy gesin onuithoudbaar word, ontvlug hy in sy skrywe en skryf homself lós daarvan; wanneer hy homself in gindse land „nog slechts een vieze vlek in een onbezoedeld landschap, een hoopje vuil in de feestzaal" voel, keer hy terug na die gemoedelikheid van sy huis.

Die verhaal-gedeelte van Tsjip handel oor die huwelik van 'n dogter en die geboorte van 'n kleinseun. Dit is egter ook die ver-beelding van Laarmans se innerlike aanpassing en opneem van verantwoordelikheid teenoor sy gesin. Geleidelik word sy fisieke teenwoordigheid aangevul deur 'n geestelike betrokkenheid by die wel en wee van sy huisgenote. Geleidelik verloor Laarmans sy vryheid en hierdie proses word weerspieël deur sy innerlike gedagtegang en sy uitlatings. Die geestigheid speel ook 'n rol ten opsigte van die tema onder bespreking. 'n Stilistiese geladenheid word bewerkstellig deurdat Laarmans se innerlike gedagtes en kommentaar op gebeure en dialoog, aan die leser openbaar word – dikwels vorm dit 'n skerp kontras met wat hy teenoor die betrokke karakters uiter. Wanneer die spanning tussen hierdie twee „strominge" min of meer opgelos is, is Laarmans se „gebondenheid" aan sy gesin volkome. Hierdie „stylspanning" dien dus as 'n „stilistiese barometer" ten opsigte van die betrokke tema. Die styl word dus as struktuurmiddel aangewend en hierdie verhaalbou is besonder goed aangepas by die geringe „verhaalgegewens": dit voorkom dat die een deur die ander oorskadu word en 'n sekere onewewigtigheid sodoende ontstaan. Hierdie struktuur verhef ook die gewone verhaaltjie tot méér as blote „storie" omdat die eksistensiële problematiek van Laarmans daardeur uitgebeeld word. (Veral ten opsigte van die godsdiensvraagstuk bereik genoemde spanning groot intensiteit, maar hierna sal in die laaste hoofstuk verwys word.)

---

123. K. Guru Dutt, Existentialism and Indian Thought, p.14.

Aanvanklik is Laarmans verbaas oor Bennek se teenwoordigheid in sy huis: „Ik herinner mij niet precies meer hoe en wanneer de vreemdeling in huis gekomen is, maar hij loop hier nu voortdurend rond" (p.485). Die werk open op 'n ligte toon en die onoplettendheid van Laarmans doen humoristies aan en hierdie effek word versterk deur die geestige oordrywing waarvan in die laaste gedeelte van die sin gebruik gemaak word. Objektief word die student waargeneem en beskryf: „Het is een lange, beleefde Pool die zijn hakken tegen elkander klapt bij 't begroeten en die bij 't komen en 't heengaan mijn vrouw een handkusje geeft" (p.486). Sy afsydigheid teenoor die Pool, en sy verhouding met sy dogter, blyk verder uit die retoriese vrae wat hy aan homself stel: „Ik meng mij liever niet in die gedachtenwisselingen, want wat schiet je daar mee op? Hoe kan nu iemand weten wat zo 'n Pool in zijn schild voert? Onze eigen Vlaamse jongens zijn immers niet te betrouwen?" (p.485).

Adele se moeder oefen druk op Laarmans uit om Bennek uit te vra na sy voornemens met sy dogter. Laarmans verzet hom teen dié aanslae en maak asof hy die verwyte nie hoor nie. Innerlik is hy versteur en sy verontwaardiging spreek uit die volgende gedagte: „En ik vind het onrechtvaardig en onverdiend dat ik zo tegen hem word opgejaagd terwijl zij zelf als van zuiker is maar geen bek open doet over de levenskwesitie" (p.486). Sy innerlike rebellie kom in die „monologue intérieur" tot uiting en hierdie gedagtes vorm 'n kontras met sy uiterlike stilswye. Hy probeer 'n daadkragtige optrede vermy, maar voel homself algaande 'n vreemdeling in sy eie huis omdat hy 'n goeie indruk op Bennek probeer maak.

Laarmans hou homself met sy skoonvader se probleme besig om sodoende sy nagelate verpligtinge op die agtergrond te skuif. Die ou heer dwing egter 'n belofte van hom af dat hy die Pool sal spreek. Uiterlik is Laarmans hoflik maar innerlik tier hy: „Het vuur wordt mij zó na aan de schenen gelegd dat ik onze Pool ten slotte tóch te lijf zal moeten, hoe zeer het mij ook tegen staat" (p.486). Sy beeldspraak raak al hoe meer intens namate hy by die huwelikskwessie betrek word. Hier is die teenstelling tussen sy uitinge en sy gedagtes nog skerp.

Hy wend 'n eerste poging aan om op te tree: „Ik moet nu iets doen, dat is zeker. En om goed te laten blijken dat er nog meer wilskracht in vader zit dan zij wel denken, zeg ik luidop dat die hele comédie lang genoeg heeft geduurd, waarop ik een blik van mijn vrouw onderschep die zwaar is van minachting" (p.491). Die familie sien hom nog steeds as verraaiër en buitestaander en uit sy gedagtes blyk dat hul houding hom 'n bietjie begin hinder. Hy staan op sy beurt ook ietwat afsydig teenoor sy vrou en sien haar geestig as „een equilibriste", waar sy op 'n leer werk.

In hierdie stadium maak Laarmans soms van ietwat onvleiende vergelykings gebruik waarin sy familielede met diere in verband gebring word. Hy gaan Adele spreek en hoop dat Ida haarself uit die voete sal maak: „Maar zij blijft zitten, met haar armen om Adele's hals en kijkt als een wild beest dat zich te weer stelt" (p.492). Na Ida word ook verwys as „het zware kalf".

Laarmans luister 'n gesprek tussen Adele en sy vrou af waaruit blyk dat sy en Bennek reeds lank die moontlikheid van 'n verlowing oorweeg. Hy dink: „Er wordt hier allerlei gebrouwd zonder dat mijn vrouw of ik er iets van af weten. Een ware heksenketel" (p.493). Hy skaar hom in hierdie saak by sy eggenote en die geestige metafoor word teen die res van die gesin gerig. Vroeër het hy gevoel dat allerlei allcenlik agter sý rug gekonkel is, terwyl hy besig was met sy skryfwerk. Sy vrou vorm dus die vernaamste skakel tussen hom en die res van sy gesin en as sý verontreg word ontwaak 'n beskermingsdrang in hom: deur haar begin hy geleidelik sy verantwoordelikhede opneem. Voortaan word die eerstepersoonsvoornaamwoord meestal vervang deur „ons" en „wij". Sy vrou slaan egter nog steeds 'n negatiewe houding teenoor hom in en is geensins oortuig van sy eerbare bedoelings nie.

In die laaste instansie is Laarmans onlosmaakbaar verbonde aan die „bloed" van sy bloed - kruip gevoel waar dit nie kan loop nie. Dieselfde kritiese houding wat in „Achter de Schermen" teenoor sy skrywe geopenbaar word, word nou ingeslaan om die moontlike interpretasie van sy gesin se uitlatings en optrede te probeer bepaal, sodat hulle te alle tye 'n gunstige indruk op Bennek maak. Terwyl die gesin byvoorbeeld wag op die binnekoms van Bennek se vader, fluister Jan op tipies skoolseunagtige wyse: „The hostilities are opened" (p.494). Laarmans voeg hom toe dat dit sy laaste Engels vir die dag behoort te wees. Deur hierdie geestige uitlating, waardeur die gesinsgebeure in verband gebring word met die heersende wêreldtoestande, word die spanning van die oomblik verlig. Uit Laarmans se mondelingse optrede spreek sy betrokkenheid by hierdie aangeleentheid.

Soos Laarmans se geestigheid en spitsvondige vergelykings aanvanklik gerig was teen sy gesin, toe hy hom nog ver van hulle verwyder gevoel het, word dit nou as 'n wapen teen die Poolse gaste gebruik. Ook die dierebeelde word op hierdie nuwe teenparty oorgedra: „De zoon loopt naast de vader als een hazewind naast een bul" (p.494) Veral teenoor die Poolse vader voel Laarmans duidelik vyandig en so 'n houding is immers psigologies motiveerbaar, want as hoof van sy eie gesin, raak hy in 'n persoonlike magsstryd met die Poolse gesinshoof gewikkel. Hieruit blyk dat hy homself vereenselwig met sy rol as hoof van sý gesin. Uiterlik is hy hoflik teenoor



sy gaste, maar uit sy perspektief as gekrenkte vader oor die huweliks-aansoek wat uitbly, word die Poolse vader vervorm tot 'n karikatuuragtige figuur in Laarmans se gedagtes: „De man klapt zijn hakken tegen elkander, geeft mijn vrouw een geweldige handkus, verdeelt een vluchtige groet onder de kinderen, steekt mij een klauw toe als een grijpemmer en blijft dan, met de handen op de rug, midden in ons salonnetje staan" (p.494). Hierdie sin lees so stokkerig as wat die gebare sêlf blykbaar is en herinner aan draaiboekvoorskrifte. By die Pool se vertrek buig hy weer „circulair" en later verwys Laarmans na hom as „die mastodont" (p.512).

Laarmans se intense betrokkenheid by sy dogter se liefdesprobleme blyk uit die stille gesprek wat hy met homself voer oor wat die Pool se reaksie moontlik kon wees op sy uitlatings. 'n Kort aanhaling uit sy „monologue intérieur" sal volstaan om die trant van sy gedagtegang te illustreer: „Ik zou ook kunnen vragen: ,en hoe vindt u mijn oudste dochter?' Maar ik wil niet doorgaan voor een handelaar in blanke slavinnen. Ofwel kon ik medelen dat Adele, net als zijn zoon, over enkele weken afgestudeerd is, wat van zelf insluit dat zij dan beschikbaar komt voor een huwelijk..."(p.494). Deur middel van geestigheid temper hy sy gevoelens.

As gevolg van sy ateïstiese neiging kom Laarmans se gesin in die skande by die Pool, wat blykbaar 'n volhardende Katoliek is. Laarmans se diepe vernedering oor dié voorval kom stilisties tot uiting in negatiewe gedagtes ten opsigte van die Poolse vader se vertellings. Na aanleiding van 'n opmerking aangaande hul bediende in Pole, dink Laarmans: „Nu, voor mijn part mag dat mens niet alleen gerust naar de markt gaan, maar er zelfs nooit meer van terugkeren. Ik zwijg echter ter wille van mijn dochter. Als die canapé maar stand houdt" (p.495). Deur middel van geestigheid probeer Laarmans om sy ergernis en verleentheid te bowe te kom. Die positiewe wending, ten opsigte van hul meubelstuk, in die laaste gedeelte van hierdie sin, dui ook op die positiewe gesindheid van Laarmans teenoor sy gesin, in vergelyking met sy instelling teenoor die Poolse gaste.

Laarmans tree werklik handelend op wanneer die langverwagte brief uit Pole opdaag, waarin 'n huwelik met sy dogter afgekeur word. In blinde woede skryf hy 'n onvriendelike antwoord, maar later het hy spyt omdat hy toegegee het aan „een onweerstaanbare drang om (mijn) beledigde dochter te wreken" (p.497). Sy daadwerklike optrede is in skerp kontras met die gebrek aan belangstelling wat die res van die familie toon. As gevolg van sy poging om die brief terug te kry, beland hy homself selfs in humoristiese situasies en skaad sy eie waardigheid. Sy angstigheid blyk uit sy koorsagtige gedagtegang op pad na die posbus: „Wat gaat zo 'n taxi toch snel. Hier is de bus al. Een gietijzeren gevaarte als een brandkast, dat het trottoir



versperts" (p.498). Die agterdogtige eienares van 'n viswinkel probeer vasstel wat Laarmans daar doen en in sy verbouereerdheid antwoord hy dat hy op 'n bus wag, terwyl die taxi nog langs hom gereed staan.

Uiteindelik vertaal Laarmans maar die Poolse vader se brief vir sy vrou. Sy is geskok, want hulle het nooit probeer om Bennek as skoonseun te werf nie. Hierdie finale terugslag verenig die egpaar en dit is opmerklik dat hierdie versoeningsscène geen geestigheid bevat nie (VII). Die ernstige toon is direk oweredig aan die belangrikheid van hierdie versoening. Met hernude ywer staan hy sy dogter by in die „lang ellende" van wag op nuus uit Pole. Die stryd wat hy binne sy familie voer om Adele teen die nuuskierige tantes te beskerm, word beskryf met behulp van beelde en terme ontleen aan die oorlog (wat in die omringende wêreld dreig): „op verkenning, slagveld, strategisch, zware artillerie, schilden en salvo" word onder andere gebruik. Laarmans onderneem selfs om 'n leuen te vertel en stel die ou dames gerus deur hulle mee te deel dat die huwelik spoedig sou volg. Sy brawe uiterlike houding stem egter nie ooreen met sy binnegedagtes nie - hy dink aan Adele as „onze half verloofde sukkel" en sien haar „als een melaatse...als een die door een kwade hand is aangeraakt" (p.505).

Bennek besluit om tog maar met Adele te trou en Laarmans word deur die voorgenome huwelik versoen met die verlede en voel homself ingeskakel by die onveranderbare kringloop van die lewe: geboorte, huwelik en dood. Hy sien sy ouers weer in sy verbeelding en onthou hoe die kinders geleidelik die ouerhuis verlaat het. Met filosofiese godelatenheid dink hy: „En zo zal het ook ons vergaan, want een gezin heeft zijn groei en zijn verval, als elke onderneming" (p.511). Deur hierdie bewuswording van die verganklikheid, ook van die gebondenheid van die gesin, kom 'n groter aanvaarding by Laarmans. Hy word ook intens bewus van die naderende ouderdom. As 'n teenvoeter vir sentimentele en beangstigende gedagtes, raak hy gemoeid met reëlins vir die huwelik te Coxyde. Op die troudag oorval droefheid hom weer en sy gemoedstoestand word goed weerspieël deur sy siening van dié dag: „De wind, die uit het Noorden komt, rukt aan de gesloten villa's, huilt door de telefoondraden en blaast de kippen van de baan. De magere kat van boertje Costenoble komt uit de duinen en sluipt naar huis. Het hek van Acou is losgerukt en klapt in de wind. Het zand vliegt de dijk op en uit zee komt het dreigend gehuil van die brulboei" (p.515).

In 'n poging om sy leed te verberg beskryf Laarmans die huweliksfees met kenmerkende geestigheid. Adele sit langs haar moeder „als een kuiken naast een kloek" en Jan drink sy glas leeg „als een Tempelier" (p.521). In teenstelling met die feestelikheid van hierdie eerste huwelik, is die kerklike huwelik, wat Adele-hulle oók ondergaan. Godsdienst, wat Laarmans al

die jare vermy het, kom nou ter sprake. In so 'n mate neem hy egter nou die verantwoordelikheid van sy vaderskap op, dat hy selfs bereid is om toekomstgeluk vir sy dogter te probeer verseker deur as 't ware tot by haar geboorte terug te beweeg in die tyd en haar voor te berei vir die doop en aanneme. (Hierdie gedeelte word in die laaste hoofstuk uitvoerig bespreek.)

Laarmans deel in die opwinding wat tuis heers oor die naderende moederskap van Adele. Die geboorte van Tsjip word uitvoerig deur Adele beskryf en die volledige brief word aangehaal. (Hierdie aandag wat aan die begin van die aardse lewe geskenk word, balanseer die rol wat die dood in die oeuvre speel.) Terwyl Laarmans in die tuin van sy seeverblyf op die koms van sy kleinkind wag, verskyn sy ouers weër in 'n visioen aan hom. Hierdie tweede verskyning vorm 'n teenstelling met die eerste (sien hier bo): die negatiewe aspekte van die huwelik en vaderskap is aanvanklik beklemtoon en nou wys hulle op die kompensasie wat die huwelik bied in die vorm van kleinkinders, waardeur die grootouers as 't ware opnuut gebore word. Hulle spreek in één stem tot hom: „Zie je wel, jongen, dat er nog goede dagen komen? Laat ze allen trouwen. Laat ze alles medenemen. Als zij maar kinderen verwekken die je verkleumd hart zullen opwarmen" (p.537).

By die aanskoue van die kind breek 'n jubeltoon in Laarmans se hart los - dit is asof sy persoonlike Verlosser gekom het. Hy wandel met die kind op sy arm en sluit heimlik 'n verbond met **Tsjip**: „Samen zullen wij door dik en dun gaan, ik voorop. En ieder krijgt zijn werk. Terwijl ik de doornen kap kan hij de bloemen plukken. Langs de baan zal ik hem onderrichten: dat hij veel doen moet van wat ik heb nagelaten en veel nalaten van wat ik heb gedaan;...Ik zal met hem het lied der bevrijding aanheffen en zo bereiken wij samen het land waar die gouden vogel jubelt, véél hoger dan de leeuwerik..." (p.538). In kontras met die ontstoke binnegedagtes wat Laarmans vroeër gekoester het, dié „liriese" gedeelte wat klink soos 'n lofsang. Die spanning wat tussen Laarmans se „innerlike" en „uiterlike" gedagtes geheers het, is hier opgelos en die vreugde wat hy as grootvader ondervind, word vryelik uitgeleef in die volgende werk De Leeuwentemmer.

Wanneer Laarmans deur middel van die kleinkind met sy familie versoen is, kan hy 'n kritiese blik op sy skrywerskap werp. Uit hierdie perspektief ontstaan „Achter de Schermen", waarin hy homself distansieer van wat hy in die inleidende gedeelte geskryf het. Soos hy self sê: „Het gaat immers niet aan, voor iemand die vrouw en kinderen ten laste heeft, zich telkens af te zonderen om de leden van zijn gezin en zijn eigen binnenste van uit een hoek te gaan bespieden en ze een voor een onder het mes te nemen om uit hun bloed voor vreemden een filtraat te bereiden" (p.539).

Sy skrywerskap vervul hom met skuldgevoel teenoor sy verwaarloosde familie-  
lede. In hierdie laaste gedeelte rig hy sy geestigheid teén sy skrywery  
en vind daar 'n amusante ontleding plaas van wat hy vroeër geskryf het.  
Met volgehoue objektiwiteit beskou hy die „Opdracht” uit die oogpunt van  
'n leser en hierdie kritiese gedagtes word van die oorspronklike uitinge  
onderskei deurdat laasgenoemde gedeeltes kursief gedruk word. Hy dryf  
byvoorbeeld liggies die spot met sy keuse van tafelgeregte en laat die  
disse op gedramatiseerde wyse as „kandidate aantree”.

Die Laarmans-karakter van hierdie werk word dus as 't ware geskep  
deur die stilistiese spanning tussen sy innerlike gedagtes en sy uitsprake  
teenoor sy gesinslede. Hy doen homself aanvanklik afsydig voor maar  
langsamerhand breek sy „gevoel” deur en word hy versoen met sy naas-  
bestaandes. Veral die koms van Tsjip verlos hom uit sy „smeulend leven”.  
Tydens hierdie aanpassingsproses word die stylspanning geleidelik opgehef.  
Uiteindelik vind Laarmans dus 'n soort bevryding deur sy gebondenheid aan  
sy gesin.

De Leeuwentemmer bestaan uit briewe wat Laarmans aan sy seun, Walter,  
skryf. In teenstelling met groot gedeeltes van die vorige werk, is die  
trant in hierdie werk opgewek en geestiger as in Tsjip. Die lighartige  
toon van die liriese laaste gedeelte van die vorige werk bly behoue en is  
tiperend van die „bevryde” Laarmans se verteltrant. Die verhaal handel  
dan ook grotendeels oor sy „Verlosser”, Tsjip. Sy tydelike verlossing  
van die eentonige gesinslewe word, paradoksaal, bewerkstellig deur sy totale  
verslawing aan sy kleinseun. Om Walter 'n aanduiding te gee van wat hom  
te wagte is tydens Tsjip se bescek aan Parys, stuur Laarmans aan hom 'n  
getroue verslag van een van sy gesprekke met sy kleinseun.

Laarmans word „geïnisieer” deur Tsjip om tot sý wêreld te kan toetree-  
dit geskied deur middel van 'n reeks probeer- en trefpoginge. Die groot-  
vader word gestroop van sy inhibisies en vaste oortuiginge en selfs die  
taal word vir hom nuút deur elke nuwe benoeming van Tsjip. Hierdie  
gedeelte word opgebou deur vrae van Tsjip, afgewissel met ontleding van die  
vrae en Laarmans se antwoorde daarop. Tsjip vra byvoorbeeld of die leeu  
so groot soos die wêreld is, waarop die grootvader dink: „Als ik de pot dan  
tóch weer op moet, dan is zijn leeuw mij nog het liefst van al, want ik zelf  
ben nog niet voldoende ontbolsterd om geen restje van ontzag meer te hebben  
voor de schrik der woestijn. Dus vooruit met dat beest. Ik maak er kort  
spel mee” (p.552). So maklik was dit egter nie, want Tsjip is nie tevrede  
met 'n negatiewe antwoord nie. Laarmans se ommeswaai na 'n afirmatiewe



antwoord val ook nie in sy smaak nie: „Ik heb vertrouwelijk zijn naam gebruikt met een lichte tremelo, in de hoop hem goedgunstig te stemmen en geef hem ditmaal ineens zijn mond vol door niet eenvoudig ‚ja‘ te zeggen, want dat had na mijn neen een beetje onnozel geklonken" (p.552). Dit is duidelik dat Laarmans deeglik in die greep van sy kleinkind is, soos veral blyk uit die feit dat hy selfs sy stem moduleer vir die geleentheid. So afsydig as wat hy by die aanvang van Tsjip teenoor sy gesin was, so intens is hy nou betrokke by sy kleinseun se doen en late.

Die artistieke trefkrag van hierdie verhaaltjie oor ´n kind lê veral in die wyse waarop die verhouding tussen hom en sy grootvader stilisties uitgebeeld word. Ook Laarmans se heimlike gedagtes sentreer om Tsjip en sy moontlike interpretasie van en reaksie op antwoorde. In hierdie gedeelte word die harmonie tussen grootvader en kleinseun weerspieël in die konfliklose verband tussen die binne- en uitgesproke gedagtes. Later in die werk, wanneer die kommervrye tyd van samesyn verby is, vertoon die styl weer ´n mate van interne spanning, soos in die vorige werk. Die kompleksiteit van die onuitgesproke gedagtes behoort wel deeglik tot die wêreld van ´n volwassene en bevat dikwels geestige kommentaar op wat Laarmans teenoor Tsjip uiter. Die geestigheid is hier suiwer ´n blyk van opstuwende lewenslus en vreugde – dit vorm ook ´n kontras met die erns van die dialoog tussen grootvader en kind. ´n Groot vermenging van die besproke geestige verskyningsvorme (sien hoofstuk II) vind in hierdie werk plaas.

Hul gesprek neem dikwels die vorm aan van ´n „drama" waarby dit soms vir Laarmans nodig is om ´n nadenkende, gerimpelde gesig te vertoon „als een echte Arcimedes". Hiperbool, klanknaboetsing, oormatige details en werkwoorde word gebruik om hierdie primitiewe vorm van drama te skep, wat goed aangepas is by die verbeeldingwêreld van ´n kind waarin daar nog geen „praktiese bezwaren" bestaan tussen droom en daad nie. Onder Tsjip se invloed maak die grootvader byvoorbeeld gebruik van talryke werkwoord om ´n kragdadige toneel te skilder, want die kind skep behae in aksie al is dit dan net dié van die woord: „Ja, als het donker is pakt de leeuw het paard beet, schudt het flink door elkaar, scheurt het in stukken, eet het op en likt de vloer schoon" (p.556).

Laarmans begaan weer eens ´n „flater" in verband met die uitkoms van ´n geveg tussen die lokomotief en die straatroller. In ´n poging om sy aansien te red maak hy gebruik van klanknaboetsing om Tsjip te beïndruk: „De machine van de trein komt van daar en de straatwals van ginder. Dichter en dichter. Opgepast, want zij botsen tegen elkaar. Taratadjing! Bom! En zij blijven alle twee staan" (p.577). Tsjip wil ook weet wat sal



gebeur as sy oupagrootjie deur die straatroller verpletter word en Laarmans moet herhaal wat die bestuurder sê: „Hij zegt: potverrrrdomme, alweer een onder mijn machine" (p.558). Laarmans gee ook aan Tsjip 'n rol tussen die lewelose „karakters" soos die stoomroller en die lokomotief, die leeu se stert en die „zonnesteek": „Als hij ziet dat de straatwals vader verpletterd heeft, dan zegt Jan niets maar wordt kwaad. Hij laat zó zijn ogen rollen, houdt de straatwals met één hand tegen, sleurt met de andere hand die vent van zijn machine, neen, van zijn straatwals, drukt hem plat en zwiert hem over de Eiffeltoren tot in de Seine. Voilà." (p.560). Laarmans probeer vir Walter oorreed om hierdie drome van Tsjip ongeskonde te hou.

Adele kondig aan dat sy en Bennek gaan skei, wat die einde van 'n kommervrye tydperk vir Laarmans beteken. Hy probeer weér sy teleurstelling met behulp van geestigheid te bowe kom: „Hier by ons zou die monocle misschien de hoofdschotel kunnen zijn, maar ginder zeker niet. Integendeel, in een monocledragend land, zou dat glas zich tegen haar keren" (p.574). Wanneer Adele egter vir die tweede maal in die huwelik tree word Laarmans oorweldig deur skuldgevoel: „Dat ik zo 'n vrouw, die naar de dertig loopt, niet meer over mijn knie kon leggen, hoeft geen betoog, maar wij hadden haar ons verderflijk galjoen kunnen ontzeggen, haar naar Danzig kunnen trappen met verbod nog een voet bij ons aan boord te zetten vóór zij tot inkeer zou gekomen zijn, haar kunnen doen plaats nemen naast een ledepop met een monocle bij wijze van oefening" (p.582). Hier is weer 'n sekere spanning tussen wat Laarmans sê en dink, want hy swyg teenoor sy gesinslede maar hierdie lang, emosionele sinne dui op sy ontstelde gemoed. Hy voel skuldig oor die wyse waarop hy sy gesin opgevoed het en verantwoordelik vir die gemoedstoestand van sy gewese skoonseun.

As gevolg van sy liefde vir sy kleinseun verneder Laarmans homself om pleitbriewe aan Bennek te skryf: „Mijn straf is zwaar, maar ik heb zwaar misdaan jegens mijzelf. Ik heb mij aan dat kind vergooid, mijn knoken aan hem gewarmd, hem als scherm gebruikt tegen de grauwe verveling, van hem gegeten tot ik kotste en het evenwicht verloor. En dan het branden van die vernedering. De Eenzame weet wat het voor mij zijn moet en doet het tóch. En ik die dacht dat ik onaanvechtbaarder was dan de Godheid" (p.585). Laarmans se jubeltoon verander geleidelik in 'n hulpelose gejammer teenoor homself, terwyl hy uiterlik kalm die ander gesinslede bystaan en van raad bedien. Hy besoek die plek waar hy en Tsjip die verbond van die „Dorre bladeren" gesluit het. Sy leed word nou gedramatiseer en dit vorm 'n kontras met die verbeeldingspel wat hy en Tsjip gespeel het: „Ik duizelde en wist niet wie ik eerste gehoor verlenen zou van die om mij heen stonden. Ik sloeg een smekende blik op de hoop, maar die kon geen woord uitbrengen.

Het was de smart die begon, met eenvoud en een diepe stem. Daarop liet de schaamte haar gestotter horen en eindelijk werd alles overstemd door het ijselijk gegil van de woede. Noodlot, beproefde makker, ik groet u" (p.586).

Die res van die verhaal word gekonstrueer uit aangename belewenisse vir beide die grootvader en Tsjip wanneer hy op besoek kom en terneer-drukkende verblywe van die kind in Pole, tuis weerspieël deur Laarmans se bedrukte gemoedstoestand. Sy magteloosheid kom tot uiting in die gedagtes wat die lesers (en Walter) ter insage kry, maar van die res van die familie verborge bly: „Maar hoe krijgen wij voeling met de vijand zo lang wij hier voor anker liggen. En de Leeuwentemmer zelf dient gespaard. Immers, bij de minste onhandigheid is de Eenzame in staat hem uit te besteden in Oklahoma" (p.587). Na sorgvuldige ontleding versend Laarmans weer eens 'n brief aan Bennek hopende dat dit die gewenste uitwerking sal hê: „want het was moegelijk dat hij en mijn brief nog tegenover elkander zaten en dat hij onder het staren van mijn basilisk toch nog bezwijken zou" (p.588). Sy brief bly egter onbeantwoord: „Met dat al begin ik te vrezen dat die poolse struis mijn fameuze brief zonder enig ongemak vertoord heeft...Waar is het kind? Loeft het nog? Is het gezond? Komt het ooit terug?" (p.588). Hy gebruik sy geestigheid as afweermiddel teen sy ontsteltenis en leed, ook ten opsigte van die Poolse ouma: „Mijn brief moet op dat oudere lichaam als een purgatie gewerkt hebben want het heeft een lintworm van vier pagina's uitgeworpen" (p.590).

Laarmans is in hierdie stadium heeltomal betrokke by die familielewe - selfs sy innerlike gedagtes en gevoelens word in hierdie werk aan Walter geopenbaar. Soos hy dit self uitdruk: „Want ik ben bereid afstand te doen van alles in ruil voor de ademtucht van dat jonge leven, voor de geur van die ontluikende roos" (Tsjip - p.538). In hierdie werk ly hy baie en verneder homself, maar uiteindelik is hy en Tsjip weer verenig. Die eerste gedeelte van die werk is gekenmerk deur lighartigheid en geestigheid terwyl Laarmans se persoonlike ellende in die laaste gedeelte deur middel van ontstelde gedagtes en skerpe geestigheid uitgedruk is. Die werk eindig op 'n noot van berusting en wysgerigheid - 'n verband word gelê tussen die wêreldstryd en húl stryd om die kind: „En als het wraakroepend geweld, dat over Europa ontketend is bedaren sal, als de strijd tussen honger en overvloed sal uitgestreden zijn, als de bidders zullen zwijgen en de schaamte ontluiken zal, dan, zegt men, zal ons uit het Oosten een nieuwe geest tegenwaaien, de lang verbeide geest van begripen en verbroedering...In afwachting kan hij (Tsjip) in ons tussendek Olympiades organiseren en een ruim gebruik maken van leeuwen, straatwalsen, machines van de trein, zonnesteek en opperwezens, plus dan die hinderlijke paardestaart en de eeuwig hand van vader" (p.601).

V. SKYN EN WERKLIKHEID.

Die sogenaamde „outsider“ kan beskou word as die vernaamste literêre figuur van die eksistensialisme. Een van die opvallendste eienskappe van die „outsider“-figuur is sy volgehoue soeke na die waarheid, wat dit dan ook al mag wees: „The Outsider's case against society is very clear. All men and woman have these dangerous, unnamable impulses, yet they keep up a pretence, to themselves, to others; their respectability, their philosophy, their religion, are all attempts to gloss over, to make look civilized and rational something that is savage, unorganized, irrational. He is an Outsider because he stands for Truth“<sup>124</sup>.

In sommige van Elsschot se werk word 'n soortgelyke neiging geopenbaar, naamlik dat die skyn afgestroop moet word om die waarheid aan die lig te bring. Juis hierdie opvatting, dat die soms minder aanneemlike werklikheid verkieslik is bo die valse skyn, het onder andere aanleiding gegee daartoe dat hierdie skrywer in die verlede as „sinies“ beskou is: „In zijn werk is Elsschot niet meer of niet minder cynisch en sentimenteel dan wij het allen zijn in onze dagelijksche conversaties, onze uiteraard op het ego afgestemde gedragswijze, onze opinie over onze evenaaste, onze persoonlijken ‚struggle for life‘, in ons verlangen naar een schoner leven anderzijds, onze aangeboren hunkering naar 't medevoelen en -begrijpen van onze medemensch, de uren van eenzaamheid, waarin wij het contact met de gemeenschap schijnen te verliezen, den weemoed om het naderen van ouderdom en dood....Rekening houdend met dit alles zouden wij den auteur...graag de schrijver der volkomen eerlijkheid noemen. Het paroxystische van Gerard Walschap, de eenigzins romantische verteedering van Lode Zielens, het miserabilisme met een caritasondergrond bij L.P. Boon, de bitterheid van den huidige Albert van Hoogenbemt zijn hem vreemd“<sup>125</sup>.

„Eerlikheid“ is egter 'n relatiewe begrip („volkome“ eerlikheid waar-skynlik uitgesluit), maar dit blyk tog waar dat in die oeuvre van Elsschot 'n voorkeur vir die ongeromantiseerde, alledaagse vertoon word. En dan dikwels ook vir die minder algemene opvatting van die sogenaamde „werklikheid“: „De dingen zijn niet wat ze lijken, ieder gezicht verbergt een tweede gezicht; het fatsoen, ontmaskerd, is angst voor de vitaliteit; de deugd, ontmaskerd, blijkt eigen liefde en eigenbaat; de schoonheid, ont-

---

124. C. Wilson, The Outsider, p.13.

125. H. Lampo, Volksgazet, 12 Desember 1946.

maskerd, zinledige vormendienst; de retoriek, ontmasker, ontucht met de taal"<sup>126</sup>. Hieruit blyk ook 'n sin vir die relatiwiteit van dinge, want die lewe is immers opgebou uit teenstellinge, waarin ook die negatiewe elemente dikwels 'n belangrike funksie het. 'n Anonieme kritikus vra homself af: „En hebben wij eigenlijk niet meer profijt van boeken, die een zoo bittere werkelijkheid zonder vermooiing, in al haar wrangheid, maar met den wijzen, bevrijdenden glimlach van begrip en humor durven te toonen, dan van zulke waarin de gangbare sentimenten zonder verdieping voor de zoo-veelste maal op de gangbare wijzen worden afgebeeld?"<sup>127</sup>.

Ook die taalgebruik gee blyke van 'n werklikheidsin by die auteur. Soos Nijhoff dit stel: „Zijn verhalen zijn in zulk een onberispelijk proza gesteld, dat het proza niet geschreven schijnt maar schijnt te spreken. Dit geldt niet alleen voor de weergegeven gesprekken...maar het geldt ook voor de vertellende gedeeltes in de verhalen, omdat het hier telkens is alsof de schrijver met de lezer een zijdelings gesprek voert...de geest van zijn werk is een geest van werkelijkheid in zien en voelen, denken en schrijven. En al zien wij niet allen de werkelijkheid zoals hij ze ziet, toch is zijn werk voor ons allen een voorbeeld van zuiverheid in aanvoelen en spreken"<sup>128</sup>. Hierby kan nog gevoeg word: „Zijn stijl is geen 'stijl' in schoolse zin; geen literaire wendingen, geen mooie woorden, geen gezochtheden; er is een directheid die zijn proza sprekend maakt en een eenvoud (deze allermoeilijkste manier van schrijven, die een manier van 'zijn' is), welke hem zowel voor iedereen toegankelijk als klassiek maakt"<sup>129</sup>.

Die betrokke tema naamlik „skyn en werklikheid" kan by meer werke ter sprake gebring word, maar in Een Ontgoocheling en Pensioen kom dit op die opvallendste wyse na vore. Hierdie twee novelles vorm 'n interessante paar, omdat eersgenoemde werk die manlike teenvoeter bevat van die ou moeder in Pensioen: die negatiewe aspekte van vader- en moederskap word in dié werke belig. In Villa des Roses word die ongekunsteldheid van Louise nie sonder meer as 'n voortreflike eienskap voorgehou nie, maar uit die verhaal self blyk die negatiewe aspekte van té veel „goedheid". Ook die karakter van Sideria in De Verlossing sou kon baat vind by meer „boosheid". Dat

126. G. Stuiveling, Willem Elsschot, p.7.

127. Nieuwe Rotterdamsche Courant, (I), 1937.

128. Feestrede, p.26.

129. P.H. Dubois, Het Vaderland, 1 Junie 1960.



religieuse vroomheid nie slegs in positiewe konnotasie gesien sou moet word nie, blyk uit die beskrywing van die vroom dogters van Van Domburg. Die positiewe kant van die oorlog word deur die verhaal van Peeters se ongelooflike transaksie met die Guadeloupe in Het Tankschip geïllustreer (in heel beperkte sin).

Soos die meeste van die ander verhale is hierdie twee werke ook nie groot van opset nie; „Gedachtenconflicten blijven hem vreemd, epische breedheid of abysmale diepte moet men bij hem niet zoeken maar het dagelykse drama van de modernen Elckerlyk met zijn duizendvoudig zelfbedrog, zijn ijdelheid en zijn jammerlijke vrees voor het einde"<sup>130</sup>. In Een Ontgoocheling word die verhaal in die derdepersoonsvorm gegee en dit handel oor die selfbedrog van vader De Keizer ten opsigte van homself en veral in verband met sy seun, Kareltye; in Pensioen word die negatiewe aspekte van moederskap deur die eerste persoon-verteller, Laarmans, onthul. Verskillende fasette van selfbedrog word dus in eersgenoemde werk behandel terwyl die gewone mens se selfbedrog ten opsigte van sy medemens, die romantiese, sentimentele, gehuldigde emosies, op die keper beskou word in laasgenoemde verhaal.

In Een Ontgoocheling word verskeie „werklikhede" en „skyn-werklikhede" aangetref, wat in voortdurende wisselwerking met mekaar verkeer. Deur hierdie spel van realiteit en droom word die strukturele aard van hierdie andersins skrale novelle bepaal. Humor en geestigheid speel 'n rol in die oorgang van die een „werklikheid" in 'n ander.

Mevrou De Keizer sloof haarself af vir haar man en kinders en laat geen plek meer vir die droom in haar lewe nie. Meganies verrig sy haar dagtaak, afgesny van ideale en hoër dryfvere. Sy laat haar deur die slagter se gade ompraat om op Van Tichelen te spioeneer en hierdeur dring 'n heel ander soort werklikheid op die vlak van mevrou De Keizer se kleurlose, armoedige bestaan in: die lewe van genietinge en vermaaklikheid. In kontras met die beskrywing van die huislike lewe van die De Keizers, bevat hierdie gedeelte humoristiese beskrywings. Die gebeure om die „Empire Tavern" verkry 'n eksotiese kleur deur die aankoms van 'n Turkse smous, wat op geestige wyse beskryf word: „Langzaam kwam hij aanstappen, als een kameel, tot waar hij de twee vrouwen en Kareltye in 't oog kreeg. Hij draaide bij, keek beurtelings madame De Keizer en madame Van Tichelen aan, nam een geel tafelkleed van zijn arm, vatte het bij twee tippen, liet het zwierig openvallen als een vlag die bol gaat staan voor de wind, toonde zijn prachtige tanden in zijn bruin gezicht en zweeg, als was hij zelf

---

130. M. Gijsen, De Literatuur in Zuid-Nederland sedert 1930, p.88.

onder de bekoring" (p.120). Deur die aangebode ware te koop, maak mevrou De Keizer haarself aan dieselfde „misstap" as haar man skuldig, naamlik om onder die bekoring te kom van die vreemde, die eksotiese.

Een van die „dames" deel die groepie mee dat hulle nie aalmoese gee nie, wat hul verontwaardiging laat styg. Op daardie oomblik word die klugtige van die situasie tot 'n hoogtepunt gevoer, wanneer 'n honderdtal studente, met knuppels gewapen, die taverne binnedring. In die proses word die twee vroue waarskynlik vir „kelnerinne" aangesien, want 'n dans word voor hulle uitgevoer en een van die studente val op sy knieë voor mevrou De Keizer. Tydens al die gebeure is dit telkens die nugter opmerkings van Karelkje wat die vroue tot die werklikheid terugroep. Hy sien dadelik dat dit sy vader is wat Van Tichelen na die herberg vergesel, deel aan sy moeder-hulle mee dat die „grote rose meid" wat na buite kom, „een" van hulle is en wens dat sy vader aan elkeen teenwoordig 'n kas sigare kon verkoop. Uit hierdie uitlatings blyk Karelkje se nugterheid, wat verskil van die indruk wat hy later op skool maak.

Deur die aandag te vestig op die ondervindinge van die vroue buite die herberg, dus op hul indirekte belewing van die gebeure daarbinne, verkry De Keizer se avontuurtjie 'n skynindruk van veel groter belang as wat dit regverdig. Tevergeefs vertel De Keizer aan sy vrou die waarheid, naamlik dat hy op aandrang van die slagter na die huis-van-vermaak gegaan het en slegs toegekyk het. Sy vrou is net so „skuldig" as hy, indien daar van skuld kan sprake woes, maar sy verwys voortaan telkens na hierdie insident wanneer sy in stryd met haar eggenoot kom in verband met huislike aangeleenthede. Sy laat dus die skyn, haar wanindruk, toe om die werklikheid vir haarself en haar man te bemoeilik.

Van ewe veel belang as sy sigaarvervaardiging, is die kaartspelersvereniging vir De Keizer. Eintlik leef hy homself hier uit en is hierdie „werklikheid" vir hom meer aanvaarbaar as sy daaglikse arbeid. Reeds by Karelkje se geboorte verklaar hy dat sy seun nie sigaarfabrikant gaan word nie. Die kring van die kaartspelers behoort egter tot die „skynwerklikheid", tot die geluksalige droomsfeer, verwyder van die veeleisender daaglikse werklikheid. De Keizer vind dit moeilik om droom en daad van mekaar te onderskei, 'n onvermoë waaruit sy uiteindelijke ondergang spruit. Hy neem sy seun saam na die vereniging en verklaar dat Karelkje homself as advokaat gaan bekwaam. Sy vriende is beïndruk en De Keizer is gelukkig.

Een van die strukturele kenmerke van hierdie verhaal is die skielike oorgange van die een milieu na die ander, sonder tipografiese aanduidings soos in die meeste van die ander nouvelles. Na hierdie vrolike scéne by

die kaartspelers, verskuif die verhaal direk na die hoerskool wat Karelkje bywoon. Hierdie skielike oorgange dra daartoe by om die kontras tussen skyn en werklikheid te verskerp. Die verhaal word humoristies wanneer dié twee elemente in konflik met mekaar kom tydens 'n Latynse les. Karelkje is besig om lekkergoed op sy lessenaar te rangskik toe hy vir die eerste keer in maande gevra word om 'n sekere woord te verklaar. Sy konsternasie en gebrekkige begrip blyk uit sy gedagtes op dié oomblik: „Het is een zelfstandige spraakleer die als mannelijk voorbeeld wordt aangehaald voor de tweede verbuiging. Een zelfstandig voorbeeld dat als mannelijke verbuiging wordt aangehaald voor het naamwoord van de tweede spraakleer" (p.126). Die hilariteit van die klas bereik toppunt toe iemand hom 'n papiertjie met die woord „Rosa" daarop geskryf gee, wat hy sonder meer luid voorlees.

Die werklikheid, naamlik dat hy ongeskik is om advokaat te word, dring nou vir die eerste keer tot Karelkje deur. Sy vader vind dit egter baie moeilik om die werklikheid te aanvaar – sy seun moés eenvoudig bereik wat hý agterweë gelaat het. Die wanverhouding wat tussen vader en seun ontstaan is humoristies omdat die skyn hier ook in botsing kom met die werklikheid. Karelkje doen homself as vreeslik berouvol voor, maar in der waarheid laat die saak hom betreklik koud: „Vroeg De Keizer bars: ‚waar hij vandaan kwam', dan keek hij doodsbouwd en antwoordde zwakjes: ‚een beetje gewandeld, Pa, '..." (p.130). Uit hierdie ongenaakbare houding van die vader kom een van die minder prysenswaardige aspekte van die vaderliefde aan die lig: onder die voorwendsel dat die beste vir hul kinders verlang word, is hul persoonlike frustrasie en onvervulde drome eintlik die dryfveer vir hul geesdrif.

Vir Karelkje breek daar 'n idilliese tydperk van leeglê en droom aan. Treffend word die aktiwiteit in die omringende wêreld deur middel van die teenwoordige deelwoorde gesuggerer en met sy ydelheid gekontrasteer: „Snikkende dronkaards, vechtende honden, fluitende gevelschilders, stofzuigmachines in werking, hollende spuitgasten, het openstaand mangat van een riolering, een snoeiende tuinman in de bomen, het op de been helpen van een gevallen paard, niets ontging zijn aandacht en van op afstand zag Karelkje hoeveel tijd er ongeveer mee om te krijgen was" (p.129). Hy bring sy tyd ook tussen die ander leeglopers in die park deur.

Karelkje se aanpassing by die daaglikse „werklikheid" word in drie opeenvolgende episodes getoon, afgewissel deur gebeurtenisse by die kaartspelersvereniging waarby sy vader betrokke is. Gelukkige tydperke vir Karelkje gaan gewoonlik gepaard met tye van kommer en bedruktheid vir sy vader. Nadat Karelkje byvoorbeeld in die skool verneder is, slaag

die ou De Keizer daarin om die ware feite van sy vriende te weerhou - voorlopig. 'n Sekere spanning word veroorsaak deur die verwickelinge in die kaartspelersvereniging een „stap" agter die gebeure wat om Karel'tje gesentreer is, te hou. Terwyl die spanning in die scénes waarin die kind betrokke is, binne 'n bepaalde situasie begin, opbou en opgelos word, vertoon die spanning ten opsigte van De Keizer 'n lang, volgehoue lyn, wat die uiteindelijke verbreking daarvan meer intens maak. Die seun se klein „tragedies" speel af teen die agtergrond van die vader se oorkoepelende ellende en dien om die tragiek van die ouer man se lewe te beklemtoon.

Na sy mislukte skoolloopbaan, word Karel'tje kantoorjonge by 'n skeepvaartmaatskappy. 'n Geslepe weeskind probeer hom slinkshede leer, maar hy stel weinig belang daarin. Hy verloor belangrike dokumente en word ontslaan. Hierdie gedeelte bevat geen humor of geestigheid nie want hy koester geen illusies aangaande dié betrekking nie. Na 'n kort terugkeer tot sy vriende in die park, word hy drukkersjonge. In verband met hierdie beroep het hy vergesigte van visitekaartjies wat hy vir hom en sy suster gaan laat druk en sien hy uit daarna om met 'n perdekar rond te ry - dit is egter 'n hónde-karretjie waarmee hy bestellings moet aflewer. Die growwe humor wat in hierdie gedeelte tot uiting kom is goed aangepas by die werkersmilieu en dien om Karel'tje by die drukkerij in te lyf. Sy groot kop val ook hiér op en iemand skree op geestige wyse: „Dat is die kop"(p.143). In vergelyking hiermee was die geestigheid van die skool episode meer verfynd, toe daar in verband met hom gesê is: „Grote lantaarn, maar klein licht" (p.127).

Wanneer De Keizer weér in geselskap van sy vriende, die kaartspelers, is, het Karel'tje reeds 'n mislukking van sy skoolloopbaan gemaak, sy eerste betrekking verbrou en staan hy in diens van die drukkerij. Deur laasgenoemde twee gebeurtenisse te laat plaasvind sonder die strukturele onderbreking van 'n toneel in geselskap van die kaartspelers, word die spanning verhoog. De Keizer word nie alleen deur sy seun teleurgestel nie: in sy kaartspelerswêreld dring die werklikheid, naamlik dat sy metodes verouderd is, tot hom deur toe hy openlik deur die jongeres daarvan beskuldig word dat hul vereniging die toernooi as gevolg daarvan verloor het. Sy aftakeling is voltooi toe die nuwe lede vir Dubois met 'n oortuigende meerderheid tot voorsitter verkies bo De Keizer: „Op dat ogenblik besefte de ontmoedigde De Keizer voor het eerst dat de Vereniging zijn leven was"(p.149). In die uiterlike veranderinge wat die nuwe voorsitter aanbring, word die sloping van De Keizer se innerlike „wêreld" gemanifesteer.

Ook die grondwet van die vereniging word gewysig, waarop die ontstelde De Keizer opmerk dat hulle dan maar „schoppenboer" ook kan speel, soos



sy kinders tuis. Dubois se antagonisme en uiteindelijke oorwinning oor De Keizer word reeds in die vooruitsig gestel toe hy laasgenoemde weerspreek het oor die groot hoeveelheid huiswerk wat Karelkje sou weerhou daarvan om sy vader te vergesel. Dubois gryp dadelik na hierdie geleentheid om na die seun se mislukkings te verwys, waarop die ander lede van die vereniging gretig uitvra. Die waarheid is op die lappe en buite homself skree De Keizer dat sy seun ten slotte 'n vak wou leer. Die stryd tussen De Keizer en Dubois is nou openlik aangeknoop en die verborge spanning tussen hulle word voor die gees geroep. Uiteindelik word De Keizer daartoe gedwing om af te sien van sy drome en die werklikheid te aanvaar - die lus om te lewe verlaat hom vanaf hierdie punt in die verhaal. Karelkje deursien op jeugdige leeftyd al die bestel van dinge en gaan die daaglikse werklikheid illusieloos tegemoet. Sy vader leer eers op gevorderde leeftyd om afstand te doen van die skyn, die selfbedrog waarmee hy die bestaan tot dusver vir homself leefbaar probeer maak het.

De Keizer se laaste dae word versuur deur sy rebelse houding teenoor Dubois: hy weier om by hom steenkool te koop vir die winter, waarop die nuwe voorsitter homself daarop toespits om die rokery in die vereniging af te skaf. Kort hierna word De Keizer bedlënd en bestel tog maar die nodige steenkool. Noudat hy die werklikheid van die dood in die gesig staar, beweeg hy en die meer realistiese Karelkje geestelik nader aan mekaar en kommunikeer vir die eerste keer wêrklik. Karelkje vertel van die vernederinge wat hy op die drukkerswerf moes verduur en sy vader druk geskokte verontwaardiging uit. Hy verwyt homself dat hy die ware toedrag van sake nooit besef het nie...Voordat hy sterf, moet De Keizer nog aanhoor hoe Dubois die steenkool kom aflaaï en deur hierdie gebeurtenis word sy totale aftakeling en desillusie onderstreep.

Dubois benut De Keizer se afsterwe om 'n kompetisie uit te skryf, waardeur hul vorige neerlaag gewreek kan word. In die skouspelagtige begrafnis wat die kaartspelersvereniging vir hom reël, seëvier die skyn op ironiese wyse, want hy sou nooit so 'n seremonie begeer het óf kon bekostig nie. Op oordadige wyse word die sterfkamer versier, daar is keurige lyk-bidders, vyftig rytuie en 'n imposante orkes, benewens die kaartspelers van heinde en verre. 'n Lewensgroot skildery word aan die weduwee oorhandig en Karelkje word by die optog betrek. Die leë vertoon word goed geïllustreer deur die toespraak wat Dubois maak: „Hij resumeerde prachtig De Keizer's schitterende loopbaan, eerst als eenvoudig lid, spoedig als ondervoorzitter, en eindelijk jaren lang als Voorzitter der Lustige Whistspelers. Zeer delicaat verzweeg hij 's mans gedwongen aftreden naar aanleiding van de nederlaag te Brussel en eindigde met een roerende vaarwel

en met de verzekering dat De Keizer ten eeuwigen dage in aller aandenken zou blijven voortleven" (p.158).

Humor kom weer by hierdie „skyn“-gedeelte ter sprake. Karel'tje sien die begrafnisoptog deur die venster nader en jubel ingenome: „'t Is een vereniging“, waarop sy moeder hom tot stilswye maan. Die kontras tussen die swyende huisgesin, afgesonder in hul smart oor die verlies van hul vader, en die luidrugtige verrigtinge daar buite beklemtoon veral die lyding van die eggenote. Ongeag haar smart, berei sy vir haar kinders 'n maaltyd voor - sy gee aan Karel'tje 'n dosie vuurhoutjies om vir die sout te betaal, in plaas van geld: „En toen Karel'tje haar aankeek, omdat zij zo raar praatte, zag hij dat zij met neergetrokken mondhoeken wenend de soep proefde" (p.159).

Aan die einde van die verhaal word De Keizer se skynheiligheid en bedrog teenoor die bedrog van die groép geplaas en sodoende gerelativeer: in soverre dit skyn aanbetref, verdwerg die klugtige begrafnis sý leuen. Die lewe is 'n spel van skyn en werklikheid gespeel deur individu en samelewing. Werklikheid vervlugtig en skyn begogel: ook dít vorm deel van die eksistensiële dilemma.

Ook in Pensioen soek die leser tevergeefs na 'n gekompliseerde verhaal of -struktuur. Hier word weer eens gebruik gemaak van die tradisionele tegniek van 'n eerstepersoonsverteller wat 'n verhaal vertel. Tog staan die inhoudelike nader aan die moderne literatuur as aan die tradisionele in die sin dat daar 'n neiging is om te stroop van die illusie, om die skyn te verwerp terwille van die waarheid. Alle aspekte van die „waarheid“ kan natuurlik onmoontlik aangeroer word, daarom word gekonsentreer op maar één minder beklemtoonde aspek van die moederliefde, naamlik die selfsug en meedoënloosheid wat daarmee gepaard kan gaan. 'n Onbekende kritikus merk dan ook in verband met hierdie boek op „dat de schrijver met de grootste vrijmoedigheid al zulke overwegingen uitspreekt, welke de conventie meestal verzwijgt, en die men gewoonlijk ook tegenover zichzelf niet eens laat opkomen, althans dadelijk weer onderdrukt“<sup>131</sup>. Geestigheid en humor word aangewend om die positief-geromantiseerde beeld van die moeder te ontdaan van skyn.

Uit die openingsgedeelte kry die leser 'n indruk van Laarmans, die verteller, se persoonlikheid - deur sy perspektief word die moeder gesien. Hulle ontvang besoek van sy vrou se broertjie wat op pad is na die oorlog.

---

131. Nieuwe Rotterdamse Courant, (II), 1937.

Laarmans voel skuldig omdat hy nie aan die oorlog deelneem nie en hoop dat die jongeling geen aanmerking sal maak oor die voedselvoorraad wat hulle besig is om te versamel nie. Ongemerkt skuif hy van die produkte met sy voet onder die tafelkleed in. Die humoristiese element in hierdie gedeelte dien om die aandag af te trek van die sombere werklikheid van die oorlog, waarin menseleuens vernietig sal word - moontlik ook dié van Willem. Deur middel van geestigheid probeer Laarmans sy eie skuldgevoel onderdruk toe sy vrou haar broer by wyse van afskeid 'n muntstuk in die hand stop: „Hij had nu toch zijn muntstuk bij zich om over de Styx te geraken" (p.606).

In hierdie werk bestaan daar weer 'n sekere spanning tussen die ongenaakbare uiterlike wat Laarmans voorhou en sy innerlike gevoelens. Soms dring sy „saaklike" toon ook tot sy binnegedagtes deur tydens sy poging om homself te versoen met die onaanvaarbare werklikheid van oorlog en dood asook met sy eie skuldgevoel. Dit blyk veral uit sy „filosofiese" denke: „Hoe verser het lijk toch, hoe dieper de smart. Een dode die nog omhelsbaar is verlokt tot teugelloos leedvertoon, terwijl een bepaalde graad van ontbinding zelfs de tranen van een moeder stollen doet als de poolwind het water en een korte ontzetting geeft die minder slopend is dan zo 'n leed waar geen eind aan komt. De normale rouwperiode wordt uitgeschakeld, want die behoort aan te vangen met de laatste snik en de tranenreeks die men heeft moeten missen kan achteraf niet meer volkomen worden bijgeschreid... Ja, er is voor alles een tijd" (p.608). Die Laarmans van hierdie verhaal vertoon 'n sin vir die relatiwiteit van dinge en hy wend sy geestigheid as 'n soort wapen aan teen sy gevoel.

Sy „gevoel" breek egter soms deur, soos wanneer hy wens dat hy vir Willem kon versteek sodat hy nie die oorlog hoef te voer nie. Bitter dink hy dat die ryksbestuur dit benoud moet hê, met al die dooies op hul siel. Terwille van die res van die familie, wat op hom steun in hierdie tyd, moet hy egter 'n ongevoelige front voorhou: „Maar zo 'n zeeman aan 't hart drukken, dat ging toch niet. Dan was hij zeker geweest dat hij de dood werd ingezonden" (p.608). Omdat hy sy gevoelens ter wille van sy posisie as arbiter en raadgewer in die familie moet verberg, beskryf Laarmans ook die moeder in die saaklike, harde styl wat hy gebruik as 'n skans om te midde van alles staande te bly. Hy bejeën haar met die grootste simpatie, maar as gevolg van sy nugter kyk op die lewe kan hy ook nie nalaat om haar minder goeie hoedanighede op te merk nie. Uit hierdie optiek van Laarmans word die moederfiguur in hierdie werk gebore en die beskrywing van haar behoort m.i. nie los van die verhaal gesien te word as 'n karikatuur van 'n moeder en as 'n hatige uiting van sinisme nie. Laarmans se skyn-ongevoelighede word aangewend om die beeld van 'n moeder as reine selfopoffering,

liefde en sagtheid, die nek in te slaan.

Daar mag pakkette aan die soldaat, Willem, versend word en die ou moeder ondermyn selfs haar eie huishouding tydens haar versendingsmarathon. Sy ontwikkel 'n belangstelling in Laarmans-hulle se kosvoorrade en spoor sy vrou aan om met die kinders te gaan wandel: „In werklikheid wil zij alleen zijn om een smokkelzak te vullen die onder haar rokken bengelt. Bij pozen heeft zij zo 'n omvang dat een buurvrou haar al gevraagd heeft of zij nog een kind verwacht" (p.610). Sy word ook van winkeldiefstal verdink. Laarmans gee sy indruk van haar soos volg weer: „Sluwheid, onversaagdheid, geduld, alle sluimerende gaven breken zich baan. Niets is haar te zwaar noch te min. Zij kan smeken, vleien, huilen, liegen, uren staan wachten voor de poort van een of ander comité" (p.610). Goed suggereer hierdie reeks werkwoorde die aktiwiteit van die moeder, maar beeld terselfdertyd Laarmans se verontwaardiging deur middel van die „galopperende" ritme uit. Sy maak spoedig vriende met die Duitser in beheer van die versendingsdepot en, soos Laarmans geestig opmerk: „Als de cerberus maar even zijn rug laat zien is zij verdwenen en zit God weet waar, boven of in de kelder, in ieder geval daar waar zij wezen moet" (p.610).

Sy slaag daarin om altesaam seshonderd-en-twintig pakkette te versend, waaronder haring in 'n uitgeholde brood gestop, verseëlde blikke en 'n rosekrans in 'n koek gebak. Sy brei ook tallose truie en kouse en haar familie is naderhand radeloos. Soos Laarmans geestig opmerk: „Wij hebben een paar maal met zachtheid geprobeerd haar ijver tot iets redelijks in te tomen, maar dat bracht dadelijk verwijdering. Als ik ooit iets hoor van een wereldkampioenschap voor moeders dan laat ik haar inschrijven" (p.611). Telkens word die moeder se optrede en gedrag deur middel van Laarmans se geestigheid meer aanneemlik gemaak, vir homself én vir die leser.

Al haar aktiwiteite draai om die soldaat, Willem. Deur telkens na die maaltvleis-insident te verwys, word die leser nie toegelaat om ooit van hom te vergeet nie, al is hy afwesig. Toe sy moeder twee keer agtereenvolgend maaltvleis wou voorsit, het hy haar met sy porsie in die gesig gegooi. Laarmans is van mening dat die gevarieerde „spyskaart" van Willem hieraan te danke is! Laarmans voel jammer vir die meisie wat deur hom in die steek gelaat is en dink geestig (om sy gevoel te beheer): „Ja, zo'n meisje met een kind klampt zich ergens aan vast, al is het dan maar een varensgezel die de tweede dag al met gehakt gooit" (p.609). Hy is ook van mening dat Bertha niks met die moeder sal kan uitrig nie „voordat (zij) met onze zeeman getrouwd is en haar eerste gehakt verwerkt heeft" (p.613). Deur die aandag te vestig op die wáre aard van Willem om wie alles gaan, word



pateties. Sodoende word verhoed dat sy té monsteragtig en karikaturaal word.

Die ou dame oorreed vir Bertha om haar pakkette aan haar af te gee vir versending, maar toe Willem na ses maande kla dat hy niks van Bertha ontvang nie, kom haar bedrog aan die lig. Laarmans onderneem om Bertha se pakkies weg te stuur en op 'n dag loop hy sy skoonmoeder raak waar sy op die beampte afstuur „als voer zij op een kompas" (p.613). Sy herken die verpakking van Bertha en dring aan daarop dat hy die pakkette oorhandig. Sy bars daarop uit in 'n skaterlag wat Laarmans laat sweet: „Behoorde dat hele pak moederliefde niet ter plaatse verdelgd te worden?" (p.613).

Die moeder kom op besoek terwyl Bertha by Laarmans-hulle is. Laarmans het in tussen te hore gekom dat die onderhoudsgeld vir Willem se kind, al 'n jaar lank aan die skoonouers uitgekeer word as gevolg van skriftelike aansoek wat hulle daarom gedoen het. In haar onkunde maak Bertha melding van die onderhoudsgeld wat sy moontlik kan bekom, wat Laarmans in 'n netelige posisie plaas - hy wens hy kon die ou dame by die deur uitsit, gou aan Bertha die toedrag verduidelik en haar weer binnehaal: „Hoe moet dat aflopen? Ik sta nog steeds achter 't monster. Als ik het nu opneem en buiten draag..." (p.619). Hoe listiger en skynheiliger die ou moeder raak, hoe geestiger word Laarmans se gedagtes om haar „boosheid" te kan aanvaar. Uiteindelik blaas die ou dame die aftog: „Zij grabbelde naar haar pakketten, liep de tafel bijna omver en schoof onze straat door in een tempo dat mij met verstomming sloeg. Die gaat nog eens te voet naar Soltau" (p.620).

Toe die soldategeld nie meer uitgekeer word nie, is die ou moeder buite haarself. Deur die oë van Peeters, 'n amptenaar by die stadshuis, word haar manewales vir meer as 'n bladsy lank beskryf. Selfs sy gewone opgewektheid word vertroebel deur dié herinnering: „Een pas gevangen tijger haalt er niet bij...Op zoek naar onze voorsitter dwaalt zij 's ochtends vroeg al door ons reusachtig gebouw, soms voor dat ikzelf nog op kantoor ben, loopt de ene gang uit en de andere in, hier en daar aankloppend, waar zij ook maar een deur ziet...Zij bedreigt hem met de Koning en met een zekere Fritz... En dat is jouw schoonmoeder? Waarom is de strychnine dan uitgevonden? Jij hebt immers een broer die dokter is?" (p.622). Saam met die visie van Laarmans en sy gesin op die ou moeder, help hierdie mening van 'n buitestaander om 'n meer gebalanseerde opinie oor dié dame te verskaf: dit is immers duidelik dat Laarmans se mening nie ongegrond is nie.

Ook die beëindiging van die oorlog skenk aan die moeder geleentheid om tot organisasie oor te gaan: sy reël dat daar vlac en musiek sal wees vir Willem se terugkoms. Twee soldate bring egter tyding dat Willem aan griep

oorlede is, waarop die bedroefde moeder dadelik verneem of die stoflike oorskot van soldate wat in die vreemde begrawe is, opgeëis kan word. Die positiewe kant van die moeder se karakter word egter ook belig deurdat sy die twee soldate nie sonder verversings wegstuur nie: „Zij sloeg een kruis en bleef een tijdlang zitten met de handen voor haar gezicht. En daarop begon zij jammerend koffie te zetten, want zo wilde zij die jongens niet laten gaan" (p.626). Sy tref dan ook reëlings vir 'n luisterryke herbegrafnis en verkry finansiële ondersteuning van plaaslike winkeliers deur op hul gevoel te speel en op die geldelike voordeel van die begrafnisgangers te wys. 'n Grafsteen word ook bestel „als een blijvend aandenken aan Willem en aan zijn sneuvelen voor het vaderland" (p.633).

Laarmans kom telkens in konflik met die res van die familieleden, die „Grote Raad" soos hy hulle noem, oor sy bemoeiing met Bertha en nou ook weer as gevolg van sy partydigheid vir die ou moeder. By die familie is daar sprake van kleingeestige gemeenheid wat op geen stadium gerelativeer word deur 'n tikkie gevoel of 'n sprankie humor nie. Hulle wil alleen maar toesien dat die ou dame hulle nie tot las word in haar oudag nie en dat hul erfposisie so groot as moontlik is. Die ou moeder, gesien teen die agtergrond van haar kinders se optrede, word herlei tot minder gruwelike proporsie. Op elke verwikkeling lewer hulle kommentaar en hul gesanik herinner aan 'n Griekse koor. Toe hulle kennis neem van die herbegrafnis wat die moeder vir Willem beplan, spreek hulle hul misnoeë uit: „Niet zodra werd bekend dat het haar ernst was met dat transport of de Grote Raad heeft zich hier aangemeld en zijn eerste koor der duisternis gezongen" (p.629). Musikale terme word herhaaldelik op geestige wyse deur Laarmans in verband gebring met die Grote Raad - daar word byvoorbeeld verwys na hul „kantate" (p.630) en ná die begrafnis lees ons hulle „heeft een nieuw lamento gezongen" (p.633). Al is Laarmans se houding teenoor die moeder objektief, behou sy sy simpatie, terwyl hy sy geestigheid as wapen aanwend teen die res van die familie: „Geluk er mee, jongens. Denkt gij werkelijk dat zij zwichten zal voor 't gebroed dat gij zijt, al waart gij duizend in plaats van een handvol? Fritz, Peeters en ik weten wel beter. Dan zwicht Michael nog eerder voor Lucifer" (p.630).

Dit word bekend gemaak dat 'n pensioen aan oudstryders uitbetaal sou word: „Alles wat van 't leger was overgeschoten had een flinke actie op touw gezet en optochten gehouden waarin rompen in karretjes voorop reden, blinden voortgestuwd en mensen met drie of twee ledematen voortgeholpen werden...Want de regering, blij als zij was het geplengde bloed met geld en erelinten te mogen afwassen, haastte zich de geofferde krachten en organen in te delen in een behoorlijk tarief dat de opwellende wraaklust in

de kiem verstikte" (p.633). Laarmans se wrewel teen die verkwisting van menseleuens en -liggame kom deur middel van satiriese geestigheid tot uiting in hierdie gedeelte. Bertha eis nie die pensioen van Willem vir Alfred op nie, uit vrees dat dit 'n onnodige verwydering tussen hom en sy stiefvader sal veroorsaak.

Die ou moeder gaan egter oor tot aksie, soos Laarmans geestig te kenne gee: „Moeder is al een tjdlang, als een mol, een nieuwe pijp aan 't graven" (p.636). Sy is besonder vriendelik en bring lekkers vir sy kinders. Laarmans lig haar gereeld in aangaande Bertha en haar kind se sake: „want ik kan niet nalaten dat vel af en toe op de folterbank te leggen. Zij heeft indertijd mijn vriend Peeters, diens voorzitter en secretaris-generaal het leven zuur genoeg gemaakt. Zij heeft trouwens een taaie pels en zal er niet aan dood gaan. Is 't waar of niet, moeder?" (p.636). Alhoewel Laarmans op oneerbiedige wyse na die moeder verwys, bevat hierdie uitlating nie die bitterheid van sy uitspraak teen die oorlogverwoesting nie (sien hierbo). Sy goedhartigheid en simpatie spreek uit die laaste sin, wat hy spelonderwys tot haar rig.

Deur op haar kinders se gevoel te speel, slaag die moeder daarin om hulle te laat teken dat hulle afstand doen van hul aandeel aan Willem se pensioen: „Jullie vergeten zeker dat ik zeventig ben? Een oude versleten sukkel...Als Bertha het niet krijgt zou het toch jammer zijn dat wij het niet kregen, want dan zou onze Willem de enige gesneuvelde zijn die niets zou opbrengen. Willem, zo 'n brave jongen" (p.637). Die Grote Raad gee hul toestemming uiteindelik want al die geld wat sý in die hande kry, kom later na hulle toe. Laarmans kies nog steeds kant vir die ou moeder, soos blyk uit die geestigheid wat hy teén hulle aanwend: „En of zij 't geld nu besteedt aan moiré-mantels, aan bloemen of gewoonweg aan vlees, dat gaat de Grote Raad, die hydra met haar waterkoppen, eenvoudig niet aan, vind ik" (p.639).

Die geleidelike aftakeling van die moeder begin en kindsheid vervang haar dinamiek van vroeër. Die beskrywing van haar laaste dae is nie sonder 'n mate van humor nie: „Wanneer ik uit hengelen ga en voor dag en dauw beneden kom, dan ontwaar ik in de nachtelijke huiskamer een gedaante die spartelt in een warreling van ondergoed waar zij zonder hulp haar romp probeert in te krijgen. Zij breekt zich nog eens de nek" (p.643). Hy stel voor dat die familie 'n non huur om na die ou dame se behoeftes om te sien, wat weer eens teenkating van die Grote Raad uitlok: „Zij hebben gelijk, maar zij heeft al een eerste beroerte gehad. En als zij niet dadelijk ja knikken dan geef ik haar twee nonnen in plaats van een"(p.643).

Alfred ontdek dat hy geregtig is op die pensioen van sy regmatige vader en die ou moeder ontvang 'n bevel om die verskuldigde bedrag terug te betaal aan haar kleinkind. Laarmans se bemoeïing met die moeder beland hom nou in 'n onbenydenswaardige posisie: „En nu moet ik de oude kruiperijen van ons gewezen monster trachten goed te praten" (p.648). Hy moet haar saak nou voor 'n regsbank bepleit en berei 'n toespraak voor: „Gevoel moet ik die heren geven, woorden die zó opwellen uit het hart. En al zeg ik het zelf, het mijne heeft een debiet als weinig harten geven" (p.649). Die hof besluit egter dat die verskuldigde bedrag sonder versuim aan Alfred terugbetaal moet word, waarop die Grote Raad hul dae deurbring met „vervloekingen en gejammer" omdat hul erfporisie totaal uitgeput is.

Nadat die verhaal afgesluit is, volg 'n soort „epiloog" in 'n styl wat herinner aan die Bybelse psalms. Hier is Laarmans gedistansieer van die persone onder bespreking en kan hy sy masker van „hardheid" laat sak. Op geestige wyse voeg hy die familieledede toe: „Grote Raad, uw laatste Miserere is gezongen. Val uiteen" (p.652). Aan Bertha sê hy heimlik: „En gij, Bertha, nu gij bevrijd zijt van Willem, van Wouters en ook van die jongen, want die heeft nu toch zelf vrouw en kind, naai moedig door en laat uw kachel ronken" (p.652). Hy bespiegel oor die lot van afgestorwe familieledede in die Hiernamaals en lê 'n verband tussen die aard van hul dade op aarde en hul uiteindelijke lot. Laarmans se „gevoel" vir sy familieledede spreëk uit hierdie gedeelte. Weer eens word die aandag op die relatiwiteit van alle dinge gevestig: „Want zoals Prediker gezegd heeft, jongen, er is voor alles een tijd" (p.653).

In hierdie werk is daar 'n volgehoue bewustheid van die negatiewe en positiewe kante van 'n saak, veral van die menslike natuur. Niks is alleen maar „goed" of „sleg" nie: die geheel bestaan uit 'n sekere vermenging van hierdie twee polêre elemente. Die gewone goed-en-kwaad proporsies word in die karakters van Willem, Alfred, Bertha en die meerderheid van die persone by die verhaal betrokke, aangetref. Laarmans neig om meer „goed" as kwaad te wees en die teenoorgestelde is waar van die Grote Raad - hulle is gedurig in stryd met mekaar en sodoende word 'n balans van dié twee magte verkry. Ook die negatiewe aspekte van die begaanheid van kinders oor hul bejaarde ouers word belig, maar veral die negatiewe en positiewe aspekte van moederliefde. Telkens word 'n situasie geskep waarin die positiewe kant van moederskap kan seëvier, maar meestal stel die moeder teleur deur haar negatiewe optrede. Haar goeie hoedanighede word egter ook aangetoon, wat lei tot 'n gebalanseerde beeld van die moeder waarin goedheid én egoïsme ingeorden is tot 'n geheel. Deur Laarmans word „moederliefde" van skyn gestroop en „die moeder" in haar skamelheid as méns vergestalt.



VI. DIE MODERNE PROMETHEUS.

Rebellie teen die Magte wat die mens beheer het sy argetipiese voorbeeld in die mite van Prometheus. Hierdie opstandigheid word in die hand gewerk deur die kontradiksie naamlik dat, as meester van tegnologie, heerser oor die aarde en oorwinnaar van die ruimte daar één vyand oorbly, wat die moderne Prometheus nie kan oormeester nie: die dood. Die dood is 'n onverstaanbare fenomeen, maar tog weet elkeen dat sy eie afsterwe onvermydelik is. Dié frustrasie word vererger deur die feit dat gelowiges sowel as diegene wat skepties staan, deur dieselfde lot getref word: „It is this irrelevancy or a man's beliefs to the fate that can overtake him that supplies the most primitive ground for Existentialism...”<sup>132</sup>.

'n Konflik ontstaan tussen gevoel en rede, veral by die „outsider”, wat dikwels geteister word deur eksistensiële vraagstukke. Die denkende persoon wil graag glo in iets, want dit is vir hom moeilik om te aanvaar dat futiliteit uiteindelik die oorhand kry. Maar sy waarheidsliefde laat hom nie toe om te glo aan dinge wat nie logies verklaarbaar is nie - hy verseg om sy intelligensie te verdoof deur sy menslike, subjektiewe begeertes: „This is one of the Outsider's worst dilemmas: to feel the whole being groaning for emotional satisfaction, some solid reality to touch, and to feel the reasoning faculty standing apart, jeering at the possibility of satisfaction and discouraging its approach...Should he deliberately repress his reasoning faculty, accept a faith and hope that his reason will be reconciled to it one day? Accept Credo ut intelligam?”<sup>133</sup>.

'n Nihilistiese lewensvisie lei dikwels tot 'n ironiese instelling teenoor religie: die negatiewe bemoeiing met God en godsdiens openbaar moontlik 'n dieper religieuse gesindheid as die onbevraagtekende aanvaarding van bestaande dogma. Selfs indien God sou bestaan, verander dit nog eensins die menslike kondisie in die Sartriaanse sin van die woord nie: „Rejecting the help of God, even going so far as denying the existence of God, the metaphysical rebel directs his fit of rage, like Ahab, against everything in the universe which imprisons him in the finite. His despair turns demoniacal. In his upsurge of despair, he revolts against the whole of existence. As Kierkegaard says, and he knew whereof he spoke, the rebellious despairer 'wills to be himself, himself with all his torment,

---

132. C. Wilson, The Outsider, p.112.

133. Ibid., p.199.

to protest against the whole of existence"<sup>134</sup>. Dit is die dilemma van die moderne mens: in die milieu van die Relatiewe gaan sy soeke na die Absolute voort en terwyl hy verstandelik die waarheid naspeur, smag sy hart na die sekerhede wat uit geloof gebore word.

Volgens Nietzsche kan kuns as 'n middel dien om die bestaan leefbaar te maak - dit is 'n stimulus en verleier tót die lewe. In sommige gevalle kan die skrywerskuns dien as surrogaat vir die godsdiens: „De kunst ruimt uit den weg de fatale zedewet met haar onverbiddelijke eischen, het onschoone kruis, de onmannelijke boete en berouw, het dwaze geweten; ze bestrooit het pad van den mensch, die aan zichzelf genoeg heeft, met rozen en wierook, en draagt den aardezoon op het trotsche schip van den algemeenen vooruitgang, met de Pegasusvlucht der gedachten...over in een schonere wereld aan de overzijde, welke slechts het aroma der aardsche kunstatmosfera in verhoogden graad biedt" <sup>135</sup>. Skrywe as sulks, in die lig van die eksistensiële aanvoeling, sou in sekere gevalle as 'n rebellie teen die Niet beskou kon word.

In die oeuvre van Elsschot word die tema van die godsdiens op 'n pertinente wyse aangeroer. Hierdie tema hou 'n noue verband met die geestigheid: die vertwyfeling en bittere opstandigheid kom tot uiting in wat ek die geestige sinisme wil noem. Indien daar m.i. sprake is van sinisme in die werk van Elsschot, kom dit tot openbaring in uitlatings wat met God en godsdiens verband hou. Plokker maak hiervan melding ten opsigte van die menslike psigologie wanneer hy praat van „de cynische Witz, het verzet, dat verborgen in ons leeft tegen morele en religieuze autoriteiten..."<sup>136</sup>. Hierdie spesifieke tipe geestigheid kan uitgeken word daaraan dat die „saak" waarna verwys word gewoonlik die Bybel as voedingsbron het. In 'n paar instansies speel die godsdienstige gegewens 'n belangrike strukturerende rol, byvoorbeeld in die vroeë werk De Verlossing en in die laaste werk, Het Dwaallicht. In Tsjip het die religieuse ook 'n kernfunksie.

Miskien is dit nodig om net weer te beklemtoon dat 'n onderskeid gemaak word tussen krasheid en sinisme. In De Leeuwentemmer tref ons 'n voorbeeld van geestigheid aan, wat tiperend is van die krasheid waaraan die skrywer homself soms „skuldig" maak: „Uit haar neus hangen twee watten proppen, als snottebellen, want dat schijnt een nieuw preventief middel te

134. C.I. Glicksburg, The Ironic Vision in Modern Literature, p.159.

135. N. Buffinga, Religie en Kunst, p.28.

136. J.H. Plokker, De Lach in de Literatuur, p.19.

zijn tegen besmetting" (p.596). Hier is egter nie sprake van minagting en 'n hoonlag, wat by sommige van die voorbeelde van geestige sinisme teenwoordig is nie. Baie uitsprake wat in die verlede as die sogenaamde „sinisme" van Elsschot aangesien is, behoort m.i. tot die eersgenoemde kategorie. Selfs die geestige sinisme is nie altyd suiwer sinies nie, maar kom wel ná daaraan. Die godsdienst, hiér bron van die geestige sinisme, is vir almal toeganklik en die gesofistikeerde leser behoort nie toe te laat dat 'n subjektiewe reaksie van byvoorbeeld gekrenktheid afbreuk doen aan die waardering van die werke nie.

In Villa des Roses speel die godsdienst nie juis 'n rol nie, inteendeel, hierdie versameling mense is afgesny van hoër dryfvere en ten volle ingestel op die sekulêre. Die aanwending van Gods naam as 'n skelwoord pas goed aan by hul mentaliteit en milieu. Madame Brulot hoop om soveel drank as moontlik tydens die feesviering te verkoop: „Maar hoe dan, lieve God, hem belet op zijn beurt óók te tracteren" (p.55). Wanneer die heer Brulot die lemoene in madame Gendron se tassie „ontdek", los hy 'n gemaakte „Seigneur bon Dieu" (p.67). Martin skryf dat hy al sy skuld sal vereffen „zo waar als er een God was" waarop die losieshuiseienaar „Ah! nom de Dieu!" (p.74) laat volg en beloop om sy nek te breek.

Louise, die diensmeisie, bou haar hoop vir die toekoms op die voorstelling van 'n fortuinverteller. Toe sy besef dat sy Grünwald se kind verwag, wend sy haar in wanhoop tot die God wat sy moontlik in haar jeug geken het. Sy koop gewyde kerse om haar lot te probeer versag: „Toch had zij drie avonden achter elkaar telkens een der kaarsen aangestoken en Jezus, Maria en de Heilige Lodewijk, haar patroon, om hulp gebeden"(p.93). Die swangerskap duur egter voort, waarop die verteller sy geestige kommentaar laat volg: „Nu Jezus en zijn moeder haar in de steek lieten, begon zij aan een juffrouw te denken" (p.93). Die stelwyse van die eerste gedeelte van die sin sou geïnterpreteer kon word as ligweg spottend on 'n sekere objektivering is uit die „zijn moeder" in plaas van „Maria" af te lei, ten spyte van die vertroulike trant. Enersyds weerspieël hierdie insident die naïwiteit van die dorpsmeisie, maar andersyds kan dit beskou word as ligte kommentaar op die krag van gebed. Slegs die uiterlike handeling het in hierdie geval oorgebly en Louise het geen innerlike geloofsoortuiging nie.

In Een Ontgoocheling speel die godsdienst ook feitlik geen rol in die beleweniswêreld van die karakters nie. De Keizer besoek blykbaar nog die kerk, want ons lees: „De mis was om tien uur uit en daar het middageten pas om half twee door moeder werd opgediend, had De Keizer drie en een half uur vóór zich om biertjes te drinken" (p.123). Op sy sterfbed laat hy

geen priester roep nie en toe hy deur benoudheid oorval word, wonder hy of hy nie dalk op sterwe lê nie. By die drukkerij skrik Kareltye eenkeer groot en roep uit dat hy wel aangeneem is. Die moeder aanvaar alles wat met hulle gebeur gelate, want die „Noodlot" het dit só beskik. Ook hier is geen religieuse stryd en konflik nie.

Die religie, in die gewone sin van die woord, kom nie ter sprake in die werk Lijmen nie. Hier het ons egter te make met die geperverteerde godsdiens van die sakeman, Boorman. Hy probeer om Laarmans, gevoelig en vatbaar vir invloed, by die twintigste-eeuse „geloof" aan die materiële in te lyf. Ook in die handelswêreld is 'n sekere mate van geloof nodig vir die suksesvolle deurvoer van transaksies. Laarmans ondervind 'n mate van beklemming wanneer hy besluit om tot die wêreld van Boorman toe te tree; „als verkocht ik mijn ziel" (p.257).

Deur middel van die karakter Boorman, word die godsdienskwessie geobjektiveer, want Boorman verpersoonlik alles wat in reëlregte kontras met die religieuse opvattinge is. Binne Boorman se „wêreld" en ten opsigte van sy karaktereienskappe, is sy uitlatinge heeltemal aanvaarbaar en slegs geestig. Binne die konteks van wat die deursnee-leser as „die gewone lewe" ervaar, sou Boorman se opmerkings egter as geestige sinisme bestempel kan word. Tydens die besoek van die twee polisiemanne en Laarmans verskaf Boorman aan hulle inligting aangaande die Wêreldtydskrif – onder andere deel hy hulle mee dat daar geen intekenaars op sy tydskrif bestaan nie; „En mochten jullie ooit door enige rechter gedagvaard worden om daarvan te getuigen, steekt dan kordaat twee van je ambtenaars vingers op, sleept de Heiland er bij en zweert tot hij aan zijn kruis van kleur verschiet.... Begrepen?" (p.264). Deur die uitlating binne 'n belangrike ontboorseming te plaas, wat op vertroulike wyse meegedeel word en deurdat dit op dawerende wyse uitgespreek word, word die aandag afgetrek van die werklike inhoud van Boorman se woorde. Dit is onwaarskynlik dat die betekenis van „tot hij (de Heiland) aan zijn kruis van kleur verschiet" tot hierdie groepie, reeds vrolik van die alkohol, sou deurdring. Miskien tog wél, maar die siniese bo-tone van hierdie geestigheid is veral vir die leser bedoel, of altans vir hóm bevatlik.

Indien daar verder oor nagedink word, is dié uitlating inderdaad geestig-sinies, met klem op die sinisme. 'n Idiomatiese uitdrukking wat gewoonlik ten opsigte van 'n sterfling gebesig word, naamlik „sweer tot jy blou word in die gesig", word hier doodluiters in verband gebring met die seun van God. Die klem wat gelê word op die vasgnael-wees aan die kruis, dra ook daartoe by om die goddelike te ontkragtig. Verder is dit ook nie duidelik of Christus van kleur sou „verschiet" as gevolg van verleentheid



of woede nie. Boorman vra hulle om te sweer dat daar geen intekenaars is nie (die waarheid), daarom sou Christus Hom nie vir hul leuens kon skaam nie. Blykbaar slaan die uitlating dus eerder op woede omdat Hy betrék word by hul eed of moontlik sou die nadruklike gesweerdery Hom verder uitput. Hierdie verwysingskeuse moet dien om die toehoorders te ontsenu, maar vir die leser dien dit ook om 'n beeld te vorm van die spreker: die keuse van die Bybelse gegewe as verwysingsveld vir dié geestigheid skep die moontlikheid vir verskillende interpretasies ván die geestigheid, want die gegewe is nie konstant of absoluut bepaal nie, maar wel kontensieus. Daarbenewens is dit reeds deur Boorman met betekenis gelaai, naamlik met blyke van minagting en spot. Juis die keuse van die Bybelse verwysings werk mee om die geestigheid 'n siniese aard te laat verkry, veral indien gesien in die opset van die godsdienstema in sy geheel. In die lig van die geheel sou ons hier kon praat van „gekamoufleerde" sinisme, want hierdie woorde klink heeltemal gewoon as dit deur Boorman gebesig word en ook die feit dat dit uitgespreek word ten opsigte van die eedaflegging, pas goed aan by die betrokke verhaalinhoud.

Dit is egter opvallend en van belang dat Boorman se godsdienstige verwysings nie slegs tot 'n enkele geval beperk bly nie, maar dat feitlik al die beelde wat hy gebruik en al die verwysings op die religieuse gegewe gebaseer word. Telkens skep die geestig-siniese opmerkings die indruk dat hulle nie eksplisiet bydra tot die verduideliking of opheldering van 'n saak nie, maar op 'n byna spottende, honende wyse oorbodiglik daaraan toegevoeg word. In sy voorskrif-vir-sake sê Boorman byvoorbeeld aan Laarmans dat die swakplek van die mens se natuur is, om altyd die beste te probeer wees. Hieraan voeg hy ongevraagd toe: „Jesus Christus, die gepraat heeft als had hij de wijsheid in pacht, heeft daar niets aan veranderd" (p.304). Tussen die negatiewe aspekte van die handelswêreld wat Boorman in hierdie gedeelte belig, klink dié sin soos 'n opmerking met negatiewe inhoud. Dit is egter méér as slegs 'n stelling: sonder die gedeelte tussen die komma's, naamlik „die gepraat heeft als had hij de wijsheid in pacht", sou dit slegs 'n konstatering wees van 'n persoonlike opinie. Deur die byvoeging van hierdie sinsnede kry die uitlating 'n siniese karakter, want minagting en hoon word gesuggereer. Daar word geïmpliseer dat Christus slegs gepraát het asof Hy die wysheid in pag het. Tegelykertyd is die uitlating ook geestig, want bloot die arrogansie wat daaruit spreek, lei tot 'n glimlag by die leser. Hierdie voorbeeld is ietwat subtieler as sommige van die ander, omdat dit binne 'n monoloog van negatiewe aard geplaas word en sodoende minder opvallend is.

Nog 'n voorbeeld van verbloemde sinisme word in die volgende gevind -

Boorman hou aan Laarmans 'n soort geloofsbelydenis-van-sake voor: „Tracht self te geloven wat je vertelt, dan vooral werkt je betoog oortuigend. En de oortuiging, zie je, die moet je er trachten in te krijgen, want dan gaan die mense soms ower tot daden, waar zij een uur later voor zouden terugskrikken. Ek heb eens een bankdirekteur het heilig vuur ingeblazen, sonder dat ek het self gemerk had, want zijn gesigt was te zof om er iets op te lezen. En toen opeens brak het los. Hij sprong owerind, sloeg op die tafel en bestelde mij een miljoen eksplaren met een beskrywing van zijn bank. Ieder Belgisch gezin moest er een krijgen, beweerde hij. Hij leek wel een kruisvaarder, in 't zigt van Jeruzalem" (p.305). Hierdie oordrewe vergelyking wat hy tref is geestig, maar ook ligweg sinies: hier word gesuggereer dat kruisvaarders noodwendig fanaties optree en „buite hulself" is. Weer word die sinisme versteek, hier in die geestige beskrywing van 'n humoristiese toneeltjie.

Uit alles wat Boorman kwytraak, blyk dit dat hy geen gelowige is nie, daarom kom die passasies wat hy vir die Korthals-artikel dikteer, as 'n bespotting voor -- dit vorm deel van dié man se straf om hierdie blomryke studie te moet aankoop. Net enkele aanhalings uit die lang gedeelte: „Ons geloof omringt het stoffelijk overschot van die mens, bij zijn uitvaart, met een praalvertoon, dat wel verschild volgens stand en loopbaan van die afgestorvene, maar toch steeds een verheven uitdrukking is van eerbied voor wie pas uit dit lewen is gescheiden, en van ontzag voor die wilsbeskikkingen van die Schepper" (p.342). Boorman se onvertroudheid met kerklike aangeleenthede blyk uit sy onsekerheid of dit die „Dies Irae", „Requiem" of „Kyrië-Eleison" is, wat by die begrafnis gesing word. Aan Laarmans sê hy dat hy die antwoord nie in 'n adresboek sal vind nie ('n refleksie op sý onkunde): „Je moet in een kerkboek kijken en anders vraag je 't aan een pastoor. Of liever aan een koster, want die weet dat even goed, en aan een pastoor kan je onder 't vragen geen sigaar geven" (p.342). Uit hierdie aanhaling blyk weer eens Boorman se besondere tipe humorsin: geestig, met 'n tikkie sinisme in sy geringskatting van die godsleraar.

Die verhaal word vertel deur Laarmans, nadat hy reeds ten volle deur sy leermeester, Boorman, beïnvloed en onderrig is. Uit sy taalgebruik en gedagtegang blyk dat ook die voorliefde vir verwysings na godsienis sake deur hom oorgeneem is. Tydens Laarmans se eerste besoek aan die organisasie van Boorman kom iemand die trap af toe hul party al ver gevorder was: „Die bazuin van 't laatste oordeel had ons niet schielijker kunnen doen opstaan" (p.265). Geestig, maar sonder die sinisme van Boorman, die „Anti-chris", soos wat hy deur sommige kritici genoem word. Laarmans se assosiasies met die kerk is blykbaar stof tot angsvalligheid vir hom soos spreek uit sy

ervaring tydens die besoek aan die Lauwereyssens: „Na ,vervaardigd worden' viel een stilte in, die mij koud maakte, iets als 't zwijgen in de kerk onder de nuttiging" (p.328). Terwyl die smidswerkers gefotografeer word vir die Wêreldtydskrif, maak Laarmans 'n geestige observasie: „Met zijn afgematte ogen en hangende knevel stond het mannetje daar, knikkend onder zijn zware moker, als een nieuwe Christus onder zijn kruis" (p.335). Miskien sou 'n mens hierin iets kon lees van Laarmans se gesindheid teenoor religieuse aangeleenthede, naamlik dat hy Christus as 'n patetiese figuur beskou, omdat die Lauwereysen-broer 'n bejammerenswaardige figuur slaan (pateties in 'n negatiewe sin bedoel). Dié uitlating is egter ontdaan van die sinisme wat Boorman daarin sou kon gelê het.

Laarmans behou in die volgende werk, Het Been, sy neiging om in godsdienstige terme te praat. Aan die „ik"-verteller verduidelik hy dat hy nie meer in Boorman se diens staan nie: „Boorman had mij opgetuigd, Boorman heeft mij afgetakeld. De naam van Boorman zij geloofd" (p.365). Boorman word beskou as 'n soort god-van-handel en deur middel van hierdie uitlating probeer Laarmans homself onthef van die vernaamste verantwoordelikheid vir die gebeure, want hy kan tog nie verkwalik word dat hy nie opgewasse was teen só 'n magtige wese nie.

Hy dink ook aan sy verhouding met Boorman in Bybelse terme, soos hy teenoor die „ik"-figuur te kenne gee: „Ik had Boorman een eerste maal verloochend tijdens ons besoek bij mijn neef, toen ik mij had voorgedaan alsof heel zijn uiteenzetting over het tijdschrift voor mij een nieuwigheid was. Een tweede maal toen het bananenvrouwtje met de vinger gewezen had en ik schuil was gegaan onder de menigte, als kende ik hem niet" (p.409). Hier is daar 'n duidelike ooreenkoms met die Petrus-geskiedenis van die Nuwe Testament. Ook: „want zo plotseling als mijn kennismaking met hem was geweest, so plotseling ben ik van het toneel verdwenen...Het contract dat wij in de Brasserie du Lion Royal hadden getekend heb ik hem zonder enig commentaar teruggezonden bij wijze van derde en finale verloochening" (p.409). 'n Mens sou in Laarmans se dissipelskap ten opsigte van die „Anti-chris" Boorman (ook die verloëning in ag geneem) 'n paradoksale begeerte kon sien tot dissipelskap van Christus.

Boorman pas die geestig-siniese spreekstyl, wat hom goed te staan kom in sy saketransaksies, ook toe in sy privaatlewe. Sy gewete pla hom oor die Lauwereysen-geval en hy stem in om Laarmans se neef, pastoor Jan, te besoek: „omdat je niet kon weten of iemand die Latijn kent en al die bezweringsformulieren van de godsdienst, soms niet over een ander middel beschikte om duivelen uit te werpen, zoals de baas en zijn discipelen indertijd geregeld deden" (p.376). Hier word gesuggereer dat die „beswe-

ringsformuliere" van die godsdiens magteloos is om òiwels uit te dryf, daarom hoop hy dat die pastoor oor 'n ánder middel beskik. Veral die gebruik van die woord „baas" spreek van minagting – Boorman voel homself geensins ondergeskik aan Christus nie. Die oordrag van saketerminologie op die terrein van die religie het 'n geestige effek.

Deur middel van 'n „dramatiese monoloog" probeer Boorman homself oortuig dat hy geen skuld dra aan juffrou Lauwereyssen se verlies van haar been nie. Hy verwys onder andere na die Bybelse geskiedenis van die goue kalf en vra of Laarmans al van dié episode gehoor het. Boorman openbaar 'n goeie kennis van die Bybel en is, paradoksaal, intens gemoeid met die religie wat hy laster en verwerp. Hy besluit om die bedrag deur middel van 'n faktuur aan die dame terug te besorg: „Het wordt een van haar mooiste dagen en die broodregen in de woestijn haalt er niet bij" (p.380). Sy weier die aanbod waarop Boorman vroom uitroep: „Roept het geen wraak voor God dat iemand zo laag kan vallen?" (p.384). Deur die gebruik van die manna-beeld word vaagweg geïmpliseer dat die voedselverskaffing bloot 'n skouspelagtige daad was.

By pastoor Jan wag 'n tafel vol „sacerdotale toebereidselen" van drank en eetgoed op hulle: „Een tafel als voor een laatste avondmaal", meen Laarmans. Die pastoor hoor Boorman se „bieg" aan en spreek die mening uit dat die terugbesorging van die verskuldigde bedrag Boorman van alle blaam behoort te onthef. Hy val egter vir Laarmans aan: „En jij, ellendeling, heb jij er dan helemaal geen hinder van? Neen, voor jou is het koninkrijk der hemele een permanente bioscoop waar je wel in komt en jij slaapt intussen gerust, als een zwijn dat je bent. Zit daar niet als een Petrus die deze man niet kent" (p.376). Dié gemoedelike skertstoon is in orde tussen familiebetrekkings, maar nietemin klink dit ietwat „wêrelds": hy beklemtoon die geldelike vergoeding, maar maak geen melding van berou nie. Hy vrees vir wat juffrou Lauwereyssen Boorman sou kon aandoen: „Een geluk dat de kruisiging in onbruik is" (p.405). Geestig, maar nie baie eerbiedig in die mond van 'n godsman nie. Tydens die weersiens tussen Boorman en juffrou Lauwereyssen staan hy „van de hand Gods geslagen" (p.407). Sy aanvaar die geld waarop dit vir hom „een gezegende dag" word. In die volgende opmerking van Laarmans is 'n tikkie kritiek op die wêreldlike mag van die geestelikes beslote: „En daar de gerokte dienaren van het opperwezen een machtige broederschap vormen, had hij spoedig voor mij niet alleen een betrekking als correspondent bij de General Marine and Shipbuilding Company, maar ook een vrouw gevonden" (p.409).

In die volgende werk, Kaas, kom ook 'n aantal verwysings na godsdiens-



tige sake voor, alhoewel in mindere mate as byvoorbeeld in die vorige werk. Laarmans gaan hier nie skuil agter 'n sterker persoonlikheid nie en sy uitsprake word ook nie beïnvloed deur die spreekstyl van byvoorbeeld 'n Boorman nie. Laarmans probeer homself oortuig dat kaas, afgesien van voorkoms en reuk, 'n edel artikel is: „Ik geloof dat de Joden hun eetwaren zegenen en moet een christenmens niet bidden voor hij kaas eet?" (p.435). Daar is iets humoristies in hierdie rasionalisasiepoging met behulp van religieuse gebruike, gebesig deur iemand wat klaarblyklik gedistansieer voel ván die godsdiens. Laarmans se kaasonderneming is feitlik 'n „geloofsdaad" en dit is nie vreemd dat die hek van die bergingskelders vir hom lyk soos „een poort als van een burcht ten tijde der kruistochten" nie. Toe hy uiteindelik 'n tweedehandse lessenaar opspoor dink hy: „Die zoekt, die vindt, dat heb ik zo pas ondervonden." (p.455). Die oordrag van dié Bybelse gegewe op die soektog na 'n meubelstuk is verrassend en geestig. Hy gooi 'n St. Josefbeeldjie, wat hy noodgedwonge moes koop, weg uit skaamte.

Die „kaasdroom" stort in duie, wat aanleiding gee tot die volgende gedagte by Laarmans: „Was ik geen jammerlijk vrijdenker, ik zond een gebed op. Maar kan ik nu, op mijn vijftigste jaar, plotseling aan het bidden gaan voor een kaaskwestie?" (p.473). Deur die aksent op die onderwerp van die gebed te plaas, probeer Laarmans die feit verdoesel dat hy nie kan bíd nie. Dié momentele weekheid, naamlik om die gebed te oorweeg, word direk uitgekanselleer wanneer hy wonder of hy die kaasonderneming aangepak het ter wille van die verbetering van sy familie se lot: „Dat zou edel zijn, maar zo 'n Jezus Christus ben ik niet" (p.473). Hierdie uitlating is oënskynlik soortgelyk aan dié van Boorman in die vorige werk, maar dit is nou die onverbloemde mening van Laarmans. Die wyse waarop „Jezus Christus" gebruik word, voorafgegaan deur die onbepaalde lidwoord, impliseer 'n bepaalde tipe waarmee „edelheid" geassosieer word – wat vir Laarmans blykbaar onaanneemlik is. Die aardse en hemelse word op 'n sarkastiese wyse verenig en uit hierdie kontras spruit die ontluisterende geestige sinisme. Die religieuse verwysings dui op 'n paradoksale gemoeidheid mét die godsdiens wat telkens deurskemer in die vorm van geestigheid. Ook die geestige sinisme hou waarskynlik verband met die wese van Laarman en spruit uit sy persoonlike probleme en vertwyfeling ten opsigte van die godsdiens.

Ook in De Leeuwentemmer is daar verwysings na religieuse aangeleenthede en Laarmans word hoofsaaklik deur middel van sy kleinsoun hiermee gekonfronteer. Laarmans moet tydens hul verbeeldingspel die oupagrootjie wat deur die stoomroller „doodgery" is, in ere herstel en hy verwys daarna as „de komedie van die verrijzenis" (p.561). Hy wens dat hy aan Tsjip die versekering kon gee dat hy nooit sal sterwe nie, want die kind se „ideologie"

sluit onder andere in dat hyself „eeuwig leven zal en nog wel hier beneden" (p.563). Laarmans se negatiewe instelling teenoor God en godsdiens blyk uit sy gedagtes nadat Tsjip wou weet wat die uitkoms sou wees, indien God met die „zonnesteek" veg: „Ik constateer tot mijn verbazing dat ook het Opperwezen bij zijn troep geëngageerd is en vraag mij af wie mij dat gelapt heeft. Nog een geluk dat die zonnesteek slechts een verloren kost is, want moest het tegen zijn leeuw gaan, ik zou geen raad weten" (p.562).

Die volgende insident laat ook Laarmans se gesindheid teenoor die godsdiens deurskemer. Na een van Tsjip se besoeke aan Pole rammel hy teen 'n rasende tempo iets af wat die Onse Vader blyk te wees. Laarmans merk op: „Dat moet je onthouden...dan ken je tenminste Pools" (p.580). Deur die klem op die taál in plaas van die gebed te laat val, openbaar hy sy aweregse instelling teenoor die religie. Tsjip vra sy oupa om te raai wat hy om sy nek dra: „Ik zal het zeggen, Jan. Een scapulier is het. Dat is iets van Le Bon Dieu" (p.580). Dié kennis verbaas die kind. Laarmans se vreugdevolle verhouding met sy kleinseun word vertroebel deurdat hy in Pole met die godsdiens kennis maak: „Ik begin in te zien dat ik met die besoeke aan Polen zal af te rekenen hebben. En ik ben benieuwd of hij het zal bestaan het Opperwezen nog te gebruiken als tegenstander van de Zonnesteek" (p.580). Hier word die teenpartye deur middel van hoofletters gelykgestel. Die Poolse ouma laat weet dat Tsjip tot God aangetrokke voel, waarop sy oupa dink: „Ja, dat weet ik, want het Opperwezen werd ook hier in zijn cirkus geregeld aan het werk gesteld" (p.591). Spottend impliseer hy dat die godsdiensoefening in Pole tot die kategorie „sirkustoertjies" behoort. Hy is heftig gekant teen die „narcose" van die godsdiens waarmee die kind verdoof word.

Ook Bennek gaan op in die godsdiens nadat hy en Adele geskei is en Laarmans kom tot die volgende gevolgtrekking: „En was ik alleen, ik zou het misschien ook eens met het geloof proberen" (p.593). Sy gesin word as 'n verskoning aangevoer om sy ongeloof te regverdig. Die volgende opmerking wat Laarmans ten slotte teenoor Walter maak, weerspieël ook 'n negatiewe gesindheid: „Wat de andere sekten doen is hier niet bekend, doch de Christenheid zendt haar beste geboden ten hemel en onze Paus wordt voortdurend buiten gebracht en dan weer binnen gedragen. Maar, hoog boven al dat gemompel uit, doet het Gouden Kalf, op zijn rots in de Noordzee, de hoorn schallen en roept zijn aandeelhouders ten strijde op" (p.601). Hy vind dit onbegryplik dat sogenaamde godsdienstiges kan oorlog voer en hoop die Nuwe Boodskap uit die Ooste sal 'n tyd van onderlinge begrip en verbroedering inlui.

In Pensioen word ook enkele Bybelse verwysings aangetref - die ou moeder se onverskrokkenheid word byvoorbeeld op geestige wyse teen die Grote Raad se listigheid opgeweeg: „Dan zwicht Michael nog eerder voor Lucifer" (p.630). In hierdie werk is Laarmans onder die invloed van die Bybelse Prediker in sy aanvoeling vir die relatiwiteit van alle dinge. Die slotgedeelte word in die styl van die Statebybel geskryf, die verskillende karakters word as „gij" aangespreek en aanhalings word uit die betrokke Bybelhoofstuk gemaak. Die hoop word uitgespreek dat die gestorwe familie-lede in die Hiernamaals vergoeding vir hul daade op aarde sal ontvang asook die rus en vrede wat hier benede ontbreek het. Die moontlikheid van 'n lewe hierna word dus nie deur Laarmans ontken nie, maar dit is tog opvallend dat hy die hoop vir andere uitspreek.

Ook in die volgende verhaal, Het Tankschip, val die beelde en vergelykings in die kader van die Bybelse verwysingsveld. Alhoewel die beelde en vergelykings dikwels geen direkte betrekking op Laarmans se geestestoestand en persoonlike visie van die godsdiens het nie, is dit nogtans interessant om waar te neem hoe konstant daar na die een of ander aspek van die religie gereik word ten opsigte van die taalgebruik. Tydens hul vakansiereis stel Peeters se vrou belang in die plaaslike produkte: „Want wie in Rome komt besoekt Sint Pieters en wie in Bastogne belandt dient hammen te kopen" (p.660). Laarmans self verkies om die kopery gou af te handel want hy vertoef nie graag lank in 'n winkel nie: „Trouwens, ik ging op in die hammen als in een gebed" (p.660). In die slaghuis hoor hulle oor die radio dat die oorlog uitgebreek het: „Eigenaardig dat het zoëven nog vrede was en nu ineens oorlog. Het ene was zo doodeenvoudig op het andere gevolgd als Pasen op Vasten" (p.663).

In hierdie werk word die Boorman-mite as 't ware verder uitgebou deur die optrede van 'n ander Boorman-figuur. Peeters word in onmiskenbare saketruant aangeraai om die transaksie in verband met die skip te beklink, ter wille van geldelike wins. Hier het ons weer die aweregse „handels-godsdiens" met die klem op 'n ander faset: die vermoë om te glo is aangebore, iets waarmee die mens geseën is of nie. Baie het al hierdie aanbod van Boorman van die hand gewys: „Windt u niet op en tracht niet alleen te begrijpen maar vooral te geloven...Maar hij (Papagos) kon niet geloven omdat zijn mentaliteit het niet toelaat. Hij is een volbloed van het negocie bedrijvend legioen waarmede onze moederaarde gezegend is en voor wie als heilig geldt dat een zaak steeds een kwestie moet zijn van geven en nemen..." (p.668).

Hierdie Papagos-geskiedenis klink soos „Die gelykenis van die ongeloo-

wige Griek" en bied 'n beeld van die rol wat geloof in die handelswêreld speel. Die Griek kon nie glo aan dié spesifieke saketransaksie nie, omdat dit te ongekompliseerd was: „Hij wacht nu zeker nog op het ware voorstel, waar wél geld en risico aan te pas komen...Moge de Heer zich oor hem ontfermen" (p.668). As Peeters „tenminste gelooft en accepteert". Hier vind 'n vermenging van die aardse en hemelse plaas wat sou kon dui op 'n begeerte om die afstand tussen die twee te oorbrug: „De heilige Thomas moest immers al die wonden zien en betasten? En ik ben er zeker van dat hij ook dān nog niet geloofde want het geloof, in wat dan ook, wordt iemand ingegeven. Het is een genade, begrijpt u? Men gelooft in zijn meisje, in een betere toekomst, in God, in mijn tankschip of men gelooft er niet in" (p.669). Klem word gelê op die ongekompliseerdheid van geloof en Boorman spreek die hoop uit dat Peeters eenvoudiger van hart is, anders sal hy die aanbod van die hand wys „tot het jongste gericht". In hierdie gedeelte kan 'n objektivering van die geloofsprobleem gesien word, asook 'n poging om die verantwoordelikheid van die mens vir sy eie saligheid af te skuif op die Hemele, met verwysing na die leer van die Uitverkiesing.

'n Ander aspek van dieselfde probleem word in Boorman se verdere relaas aangeroer: „Ja bekeren is een lastig werk, mijnheer Peeters, en ik vraag mij af hoe de eerste vaklieden van het geloof er in geslaagd zijn hun diverse drankjes door zulke onafzienbare scharen te doen slikken...Want men verkiest het bekende, gewone, vertrouwde, al is het ook de bekende ellende, de vertoude droge korst en schuwt het nieuwe, het vreemde, want niemand doet gaarne de eerste stap" (p.669). Daar is wel iets geestig in die ongeërgde wyse waarop Boorman die handelsterme op die gebied van die godsdiens oordra – al sou sommige lesers dit selfs as minagting kan beskou dat die vroeë Evangeliste tot die vlak van verkoopsmanne gereduseer word.

Die Gaudeloupe-transaksie is ook 'n geloofsdaad: „Zij aanvaarden onderwerelden en zielsverhuizingen, hemelvaarten en geestverschijningen, de ark van Noach en de roeping van Jeanne d'Arc, maar tegen het kosteloze van mijn tankschip zetten allen een hoge rug op, beginnen te blazen en gaan uit de weg als voor een onbekend beest" (p.669). Daar word geïmpliseer dat die vermelde instansies nog ongeloofliker is as die onderneming met die skip. Hierdie effense sinisme aan die kant van Boorman is ten opsigte van sy persoonlikheid en sakestyl aanvaarbaar. Ook in die „belade wees" van die volgende aanhaling sit 'n tikkie minagting indien dit in verband gebring word met die „handelware" van godsdienaars: „Dat ik met een schip rondloop komt alleen door het vak van De Castellane en ik had dan ook op 't ogenblik net zo goed met sardines, mijnhout of paternosters beladen kunnen zijn" (p.671). Ook Boorman se skynheiligheid is oneerbiedig: hy het weens sy



gesondheid na Frankryk gekom en het nooit vermoed dat hy geroep sou word om „een rol te spelen in maritieme zaken, maar de mens wikt en God beskikt" (p.671). In hierdie werk wend Boorman weér 'n doelbewuste poging aan om iemand tot sy „godsdienst" oor te haal, naamlik vir Jack Peeters, maar Laarmans staan heeltemal afsydig en hoor slegs die verhaal aan soos vertel deur sy swaer. Die „handelsgodsdienst" laat hom nou koud maar die vraag bestaan nog: kan hy die Christelike godsdienst aanvaar?

Boorman vertel verder hoe hy die moeilikhede van De Castellane ter harte geneem het en besluit het om hom te help om van sy oortollige geld ontslae te raak: „Hij zat daar ineengezakt, als de verloren zoon" (p.674). De Castellane sê aan Boorman om nie moeite te doen nie: „En in zijn spontaan tutoyeren lag meer verdriet dan in het hele boek van Job" (p.674). Boorman hou egter vol dat sý slim plan die oplossing was, soos hy vroom te kenne gee: „Het kopen en verbouwen van de Guadeloupe was een ware ingeving van Gods voorzienigheid geweest" (p.675). Peeters kan nie nalaat om by te voeg dat hy in hierdie stadium die begeerte moes onderdruk om Boorman by die deur uit te gooi nie „maar ik wilde het slot van zijn preek niet missen" (p.677).

Uiteindelik stem Peeters in om hierdie vreemde transaksie aan te gaan. Boorman vertel hoe De Castellane op Peeters se antwoord gewag het „als op de Heiland" (p.680). Volgens Boorman is De Castellane 'n voorbeeldige Katoliek en hy „heb God voortdurend om bijstand gebeden" (p.681). Om Peeters finaal te oortuig en by die saak te betrek, verfris Boorman sy geheue: „Kom, wees nu niet flauw. Of zal ik de tien geboden van ons geloof nog even recapitulieren?

- ,U koopt die snoes sonder te betalen. Wat anders kunt u doen sonder als man van zaken een misbaksel te zijn?
- ,U accepteert de verbouwing, sonder dat u betaalt.
- ,U brengt haar in veiligheid, bij voorbeeld in Barcelona, dus niet te ver van het sirkus.
- ,U verkoopt het beest.
- ,U inkasseert het geld.
- ,U neemt uw deel, zijnde tien percent en de helfte van het surplus.
- ,U geeft de rest aan de Castellane in geld, met vermindering van cheques, en dergelijke die uw handtekening dragen.
- ,U gaat daags nadien weer door met af en toe een skeepje te verhandelen tegen een karig loon, zoals u nu al jaren doet.
- ,U wordt gedecoreerd.
- ,U viert, om iets te vieren, over afzienbare tijd u gouden jubileum als scheepsmakelaar, waarvoor ik dan gaarne even van Brussel kom" (p.682).

Hier word die Bybelse gegewe op onmiskenbare wyse geperverteer om aan Boorman se doel te beantwoord. Op meesterlike wyse word die kern van 'n taamlik gekompliseerde verhaal tegelykertyd vir die leser opgesom. Ook Boorman se spesifieke tipe geestigheid kom in hierdie gedeelte tot uiting en die koele berekendheid van sy voorstel word verskuil agter die joviale, gemoedelike trant wat hy teenoor Peeters handhaaf.

Uit die aard van die saak was dit onmoontlik om tot dusver 'n gedetailleerde ontleding te gee van die bepaalde funksie wat die godsdienstige verwysings in elkeen van die werke vervul. Slegs die ooglopende gevalle van geestige sinisme is aangedui. Die doel was dan ook slegs om die konsekwente gebruik van die Bybel en godsdienstige aangeleenthede as bron vir aanhalings en verwysings onder die aandag te bring. Dit is ongetwyfeld een van die mees opvallende kenmerke van die werk van Elsschot dat daar voortdurend aandag uitgaan na die religieuse, hetsy bewustelik of onbewustelik. Om kortliks op te som: in die eerste twee werke speel die godsdiens feitlik geen rol nie; die Boorman-figuur verteenwoordig die ongeloof of ateïsme, wat in sy uitsprake tot uiting kom in die vorm van geestige sinisme; Laarmans vertoon aanvanklik geen noemenswaardige affiniteit met die godsdiens nie en skryf homself in as leerjonge by Boorman om in sy aweregse „handelsgodsdiens” onderrig te word – 'n tydlank verkeer hy onder die invloed hiervan, maar geleidelik bevry hy homself van Boorman se oorheersing en probeer sy eie heil uitwerk.

Vanaf Kaas tref ons Laarmans met sy persoonlike probleme op verskeie gebiede aan, met enkele verwysings in hierdie werk na sy onvermoë om te bid en te glo. Hier staan Laarmans nog skepties teenoor die godsdiens maar in die daaropvolgende werke word dit duidelik dat sy ongeloof hom diep kwel en dat hy na 'n oplossingsformule soek vir sy geesteskwellinge. Laarmans word in elke werk ouer en hoe nader die dood dreig, hoe dringender word sy versugting na geloofsaanvaarding. In Pensioen is sy houding toegeefliker en die slotgedeelte gee blyke van aanvaarding van 'n lewe Hiernamaals, maar dan vir ander lede van sy familie. Het Tankschip is weer 'n teruggreep na die „sakeromans” van vroeër, waarin Laarmans weer eens in aanraking kom met 'n sekere Boorman, maar nou luister hy slegs na die verhaal van sy aktiwiteite en staan heeltamal afsydig en los van die „handelsgodsdiens”. 'n Mens sou dit kon interpreteer as 'n beweging in die rigting van moontlike ateïsme by Laarmans in die omgewing van Lijmen/Het Been, vanaf 'n toestand van betreklike onverskilligheid tydens die jeugwerke, met die moontlikheid vanaf Tsjip/De Leeuwentemmer oop vir geloofsaanvaarding van die een of ander aard. Laarmans se gesindheid word meer toegeeflik, maar 'n uiteindelijke oplossing vir sy vraagstukke word nie bereik nie...

Die godsdienstema, as struktuurmiddel, kan goed vergelyk word deur die derde werk in die oeuvre, De Verlossing, en die laaste werk, Het Dwaallicht, naas mekaar te plaas. Eersgenoemde behoort tot die meer tradisionele tipe roman, waar die religieuse konflik op 'n klein dorpie tussen die priester en die ateïs, Van Domburg, afspeel. In die laaste werk voltrek die godsdienstdrama hom hoofsaaklik in die gemoed van Laarmans. 'n Tussenstadium word verteenwoordig deur die middelgedeelte van Tsjip, wat die kern van hierdie werk vorm en die mees eksplisiete uiting van Laarmans se godsdienstdilemma is. Vanaf aanvanklike „objektiwiteit“ teenoor hierdie onderwerp, verander dit tot die meer persoonlik, subjektiewe belewenis van religieuse vraagstukke.

In De Verlossing is Pol van Domburg 'n buitestaander ten opsigte van die Groendalse gemeenskap: hy bevind homself in die skemertydperk tussen die tradisie van vroeër en die vernuwing wat veral besig is om op sosiale gebied plaas te vind. Hierdeur, en as gevolg van sy vooruitstrewende geaardheid word sy eksistensiële nood verhoog. Hy word as nuwe aankomeling „Pol“ gedoop want hy is die eerste van 'n nuwe geslag aldaar. Anders as die Groendallers staan hy los van 'n verlede wat vorige geslagte aanbetref: „Heeft Jan een zoon die Jozef heet, dan staat die bekend als Jef van Jan. En wordt Jef vader vóór Jan dood is, dan heet het kleinkind Louis van Jef van Jan...“ (p.163). Die ouer inwoners heg veral veel waarde aan die verlede, waaraan hulle hulself gebonde voel, maar die jongeres openbaar 'n gees van rebellie en smag na vernuwing: „Maar de jongeren, die pas soldaat geweest zijn, die vrijen en vechten en alles overschreeuwen, die houden zich niet op met schimmen maar lopen hossend storm tegen de toekomst“ (p.164). Benewens die sekuriteit wat deur die vaskleef aan die vorige geslagte verskaf word, voel die meeste Groendallers hulself ook verseker van 'n toekoms in die Hiernamaals, soos voorgehou deur die plaaslike pastoor. Pol staan los van verlede én toekoms.

Veral op die gebied van die godsdien is Pol 'n „outsider“. Deur op eie inisiatief self grondbesitter te word, haal hy vir hom die ergernis van die plaaslike pastoor op die hals, want Holemans is die enigste een wat 'n huis bewoon wat nie tot die graaflike domein behoort nie. Op Groendal het die pastoor algehele volmag: „Hij kon straffen met de hel en lonen met de hemel, waar alles vergolden werd wat zij zo lang aan vlees en boter hadden moeten derven“ (p.179). Holemans is egter te oud om die stryd met Pol aan te knoop en vermaan hom slegs omdat hy sy vrou mishandel. Hierdie konfrontasie tussen Pol en die pastoor verskaf egter aan die „alwetende“ derdepersoonsverteller die aanknopingspunt om direk oor te gaan tot die mededeling van verder inligting aangaande Pol se houding teenoor die gods-

diens in die algemeen. Pol word as 'n gevaar vir die gemeente beskou omdat hy die enigste een in die gemeenskap is wat boeke lees: „Hij twijfelde waarachtig aan 't bestaan van God en werd in zijn twijfel gesterkt door zijn zwager, die in de stad woonde" (p.180). Hy is dus ook 'n vernuwer deurdat hy rebelleer teen die oorheersing van die kerk. Sy soeke na kennis lei daartoe dat hy sy eie opvattinge handhaaf, ook ten opsigte van die godsdiens.

Op bladsye 180 - 181 vind ons opeenvolgend drie insidente waartydens Pol spottende aanmerkings in verband met die godsdiens maak. Die eerste uitlating word tydens 'n gemoedlike kegelparty gemaak. 'n Vader van veertien kinders, wie se jongste pas gestorwe is, merk op dat die kind sekerlik beter daaraan toe is „daarboven" as hier op aarde. Pol vra: „Ben je daar zeker van...Heb jij dan al in dat hotel gelogeed?" (p.180). Die omstanders lag en die man moes toegee dat hy dit nog nooit meegemaak het nie. Maar, as 'n mens dít nou nie meer glo nie! Hierdie uitlating van Pol klink gewoon geestig te midde van die ontspanne atmosfeer tydens die spel. Deur die klem op die „jij" te laat val, skeer Pol op die oog af die gek met die betrokke persoon. Moontlik ontgaan die siniese spot van die ateïs dié eenvoudige mense by hierdie geleentheid: eintlik rig hy sy spotlag teen die sogenaamde hemelse „hotel".

Direk na bogenoemde episode word die insident verhaal, waar Pol tydens 'n besondere swaar storm met sy vriende in 'n herberg sit en kaartspool. Die eienares is bevrees en maak die kruisteken terwyl sy die Drie-eenheid aanroep. Pol kan homself nie daarvan weerhou om te vra: „Heb jij die al gezien?" (p.181). Hierdie uitlating is meer pertinent as die eerste want geen poging word aangewend om dit te verbloem as iets geestig nie. Ook val die klem hierdie keer op die „gezien", wat minder speels is, as om die voornaamwoord (sien hierbo) te beklemtoon. Die toehoorders ervaar dié opmerking ook nie as 'n grap nie en hulle swyg by die aanhoor van hierdie sinies-sarkastiese uitspraak. Deur die klem op die werkwoord te laat val, poog Pol om die feit dat hy eintlik die bestaan van die Drie-eenheid betwyfel, minder ooglopend te maak.

Daarop word vertel van 'n ander geleentheid toe Pol tydens 'n gesprek oor hel en duiwel grinnikend gevra het of een al ooit teruggekeer het om te „vertellen hoe of het toegaat in die parochie" (p.181). In hierdie geval is daar nie sprake van 'n grappie of terglustigheid nie: Pol lag sy hoonlag alleen en die uitlating verkry 'n sterk siniese kwaliteit omdat die toehoorders dit nie as geestig ervaar nie. Waarskynlik is dié eenvoudige mense gekrenk in hul slaafse gelowigheid.



Hierdie drie insidente volg mekaar nie direk in die tyd op nie. In die werk word hulle agtereenvolgend oorvertel, waardeur daar intensifisering van Pol se verbale sinisme plaasvind: aanvanklik verberg hy sy ontheiligende gedagtes effektief, maar geleidelik word sy uitlatings openlik spottend en sarkasties. In elke geval word 'n hoorder binne die verhaal betrek. Enersyds dra dit daartoe by om die onderskeid tussen Pol en die res van die inwoners te beklemtoon en, andersyds, dien die herhaling van die dialoog om die derdepersoonsverteller op die agtergrond te skuif.

Hierdie werk vertoon 'n losse struktuur: die een insident volg die ander snel op, elkeen verskillend van aard. Pol se karakter is die bindende faktor en die gebeurtenisse dien veral om sy rebellie teen verskillende aspekte van die samelewing te toon. Hy slaan sy vrou gereeld omdat hy vermoed dat hy nie die vader van hul eerste kind is nie. In die tweede plek onderskei hy homself deur 'n suksesvolle sakeman te wees - daarom die beskrywing van die transaksies met die boere. Ook sy vernuftige verkryging van sy grond, deur die jong grafie te beïnvloed, word uitvoerig beskryf. Sy revolusionêre gesindheid ten opsigte van die politiek word geïllustreer deur sy verhouding met sy swaer, wat in die stad woon. Al hierdie verligte opvattinge van Pol saám, dien om sy konflik met die kerk op die spits te dryf en word dus deur middel van die godsdienso-motief saamgesnoer.

As gevolg van Pol se rebelse houding teenoor die kerk, word die geleentheid geskep om pastoor Holemans en sy opvolger, Kips, met mekaar te kontrasteer. Voor sy dood raai Holemans vir Pol aan om versigtig te wees: „Ga liever niet dóór de mensen hier 't hoofd op hol te maken, want je speelt met vuur" (p.183). Pol het voorheen ten minste in die kerk gaan sít, maar vandat hy grondbesitter geword het, bly hy in die voorportaal staan. Dié welmenende woorde lok dan ook geen kragtige verset by Pol uit nie. Die nuwe pastoor, Kips, is egter self 'n revolusionêre tipe godsmán, wat geen gebede prewel nie, gekruide taal gebruik, veel ondernemingsgees vertoon en nie skroom om die graaf se wild te steel nie. Pol reageer heftig op sý aantyginge en hierdie persoonlikheidskonflik dra daartoe by om die lewe vir hom te bemoeilik. Ligte kritiek op die toestande wat in die kerk geheers het op die tydstip wanneer die verhaal afspeel, kan gelees word in die skepping van die Kips-karakter: hy raai die gemeentelêde aan om hul lot swyend te verduur want hul sou vergoeding in die hemel ontvang vir hul aardse ontberinge, terwyl hyself opstandig en wêrelds is.

Kips konfronteer Pol dan ook spoedig met die feit dat hy sy vrou mishandel. Afsiesien van hul onderskeie beroepe, is hulle bloot twee sterk persoonlikhede wat in stryd met mekaar kom: „Behalve zijn lijfrok had Kips

niets van een geestelike. Hij had het voorkomen van een veldheer, van iemand die steeds gebieden moet en onmogelijk kan gehoorzamen, terwijl Pol met zijn hoog voorhoofd, zijn bittere mond en zijn vaal gezicht een pracht van een kardinaal zou geweest zijn" (p.191). Tydens die woordewisseling wat volg, snou Pol die pastoor onder andere toe: „Jullie hebben duizenden menzen gehangen en geradbraakt, is 't niet? Ja man, van 1567 tot 1573. Maar die tijd is voorbij hoor..." (p.191). Die stryd tussen die twee mans is nou wel deeglik aangeknoop en Kips begin Pol se winkelsaak ondermyn. Pol veg desperaat om sy vryheid te behou want hy kom nie alleenlik teen die pastoor te staan nie, maar deúr hom teen die Kerk: „Ik lopen gaan voor die vent? 't Is mijn grond en mijn huis en ik blijf. En niet meer naar de kerk tot hij gaat lopen, verdomd" (p.193).

Pol se swaer, Van Hemeldonck, besoek Groendal met sy goedafgerigte „twaalf apostelen" om 'n politieke vergadering te hou. Met vraag en repliek stel hulle die Groendallers se probleme en ten laaste beroep hulle hul op die godsdienstigheid van die inwoners om hulle tot dié party oor te haal: „Wenst gij dat alles blijven zal zoals het is, stemt dan tegen ons! Wilt gij echter vryheid, broederschap, grond, invoerrechten, een stoomtram, ontheffing van belasting en voorspoed, stemt dan op nummer 3, stemt dan voor de lijst der Christelike Socialisten! Leve Jezus! leve zijn kruis! leve nummer 3!" (p.186). Hierdie toespraak is 'n soort geperverteerde „Litanie" en 'n duidelike parallel word getrek tussen die godsdienst, aangevreet deur die wêreldse korrupsie en beïnvloed deur die politiek, en die politiek, wat nie skroom om van die godsdienst gebruik te maak ten einde sy doel te bereik nie. (Hierdie insident het juis daartoe gelei dat Kips aan Pol 'n besoek gebring het.)

Kips maak misbruik van sy kerlike gesag om aan Pol die genadeslag toe te dien - hy wysig die „Litanie van alle Heiligen" sodat dit 'n duidelike betrekking op die winkelier kry. Die aftakeling geskied op die gebied van die taal en ook die sinloosheid van die kerklike roetineantwoord word meesterlik onthul: „In plaats van te laten volgen, ‚Wij zondaren, wij bidden U', klonk het uit Kips mond: ‚Van winkeliers zonder God', waarop de menigte niet antwoordde, ‚verlos ons Heer!' zoals het hoorde, doch uit gewoonte terugriep ‚verhoor ons!', dat de repliek was op ‚Wij zondaren, wij bidden U'" (p.194). Die gemeente snap dadelik die bedoeling en doen hul inkopies elders. Verder predik Kips dat 'n man wat nie kerk toe gaan nie, 'n swyn is en dat die steedse verrotting nou ook tot Groendal deurgedring het.

Al die vernederinge wat Pol moet verduur, al sy teenslae, kan teruggevoer word tot sy persoonlike konflik met Kips. Sy laaste klant, 'n

„heks", verwyf hom ook dat hy geen God het nie. Kips spoor die plaaslike onderwyser aan om 'n winkel te open, waarop Pol by 'n advokaat om hulp gaan aanklop. Hy word egter meegedeel dat die saak slegs met behulp van g eld reggestel kan word, anders word dit 'n saak van „reg". Ook die aartsbiskop kan hom nie help om sy winkelsaak te red nie. Hy begin 'n bouery maar dit loop op 'n mislukking uit. Hy word 'n verdere slag toegedien toe sy oudste dogter aankondig dat sy 'n non wil word: „Hij ontstak in geweldige toorn, en vloekte wel honderdmaal achter elkaar, telkens met God, opdat haar de lust in   ns vergaan zou" (p.205). Ook die tweede oudste dogter word 'n non en Pol is woedend omdat hy weer eens die onderspit teenoor die kerk moet delf. Sy minagting kom tot uiting in die wyse waarop hy haar woorde: „De bruid van Jezus!" herhaal.

Pol ly aan 'n longkwaal en vrees die naderende dood. In 'n ou medisyneboek van sy vader soek hy tevergeefs na 'n besweringsformule teen die siekte wat sy liggaam aanvreet. Hierdie gedeelte, met al die aanhalings, lyk onnodig, maar indien Pol se soeke na 'n raat gesien word as 'n soort aweregse geloofsdaad, is dit tog sinvol: soos iemand anders in hierdie gemeente sy Bybel sou lees, bestudeer Pol wanhopig die medisyneboek. Hy verlang vuriglik om weer gesond te wees: „Comt al ghy menschen vol smerten en pijn,/Die altijt claghen ende lamenteren:/Tot desen Lust-Hof schoon en divine" (p.211). Die „machtige gilde der rakkers van de dood" word genoem, met daarna die rate waarmee hierdie siektes deur geleerdes van verskillende nasionaliteite bekamp is. Hierdie „universele karakter" van die rate versterk Pol in sy laaste dae.

Kips weier nog steeds om aan Pol vergifnis te skenk, alhoewel sy gewete hom begin pla. Op 'n dag loop die vyande mekaar in die woud raak en toe Kips die „overschot" van Pol waarneem, breek iets in hom: „En 't was Kips alsof hij zelf niet gesproken had, maar iemand in hem, die niet onder zijn heerschappij stond" (p.213). Ook Pol kom byna tot inkeer: „Pol voelde zijn hart omdraaien in zijn lijf naar gelang hij naderbij kwam. Hy werd van de grond gelicht en wandelde als Jezus op de wateren" (p.213). Hy kan homself egter nie daartoe bring om te groet nie: „De macht die Kips had doen spreken, klemde Pol zijn lippen dicht en toen hij eenmaal een eind verder stond was de kans verkeken" (p.213). Dit is opvallend dat Kips se inkeer weg van die dorp in die natuur plaasvind.

Pol hoor eendag hoe sy vrou en dogter laggend uit die veld terugkom: „Toen zij Pol gewaar werden, zetten beiden een gezicht op als waren zij doende de zonden van 't hele mensdom te boeten, net als wijlen Jezus Christus" (p.216). Uit hierdie vergelyking sou 'n sekere affiniteit tussen Pol en die verteller afgelei kon word, want di  uitdrukking word gekenmerk

deur dieselfde siniese toon as wat by 'n vorige geleentheid deur Pol geopenbaar is. Die gebruik van die woord „wijle" suggereer intieme kennis van die Persoon na wie verwys word, terwyl die spottende toon van die res van die sin, so 'n verhouding negeer. Dit is dus nog 'n voorbeeld van geestige sinisme.

Op sy sterfbed versoek Pol om Kips te sien. Hy skiet hom egter toe hy die kamer binnekom en Kips lê kermend aan die voet van die trap: „Mijn Heer en mijn God, het doet mij leed uit de grond van mijn hart dat ik Uwe goddelijke Majesteit en Goedheid vergramd heb..." (p.229). Ook Pol word geteister deur die gedagte dat daar miskien tóg 'n God kan wees en vra om 'n priester. In sig van die dood verdwyn hul hardnekkige tweestryd en soos ware Christene lê hulle teenoor mekaar en kerm - dit word 'n soort liriese tweesang waarin hul sterwensnood uitgekreet word. Terwyl Pol smeek om 'n priester, bid Kips: „Jezus, mijn licht, mijn leven en mijne zaligheid, kom en verlicht mij nu ik zit in de schaduw des doods. O licht, dat alles verlicht, ontsteek in mij een brandende liefde, opdat ik, U volgende, niet wandele in de duisternissen....De strikken des doods hebben mij omvangen, de benauwdheid der helle heeft mij overstroomd. O Heer, verlos mijne ziel ...Gelijk een hert snakt naar de waterfonteynen, zo snakt mijn ziel naar U, o mijn God. Ik wens ontbonden te zijn..." (p.230). Gelowige en ateïs verduur dieselfde soort angs in sig van die dood. Kips en Pol sterf albei, laasgenoemde sonder om 'n teken van berou te toon. Vader Roelands doen 'n gebed vir sy siel: „Uit de diepte roep ik tot u, Heer: Heer, hoor mijne stem...Red my van bloedschuld..." (p.232).

In 'n mate word die stryd tussen vlees en gees in hierdie werk uitgebeeld: op die hoogste vlak is daar die stryd wat die pastoor, Kips, teen sy menslike begeertes om Pol te breek, vcer; Pol se behoefte aan geloofsversekering word oorskadu deur sy vleeslikheid en hartstogte; Pol se dogters oorwin die vlees en lê hulself toe op die geestelike wêreld. In hierdie lig gesien is die werk nie struktureel so ongebalanseerd as wat dit op die oog af lyk nie, want die eerste gedeelte waarin die klem gelê word op Pol se dierlike gedrag, sy „duiveljagen", word uitgebalanseer deur die laaste gedeelte, waarin die jongste dogter, Anna, se godsdienstige lewe uitgebeeld word. Ook in die geval van Pol en sy gesin is daar dus 'n deurwerking van die een geslag na die ander, maar in hierdie instansie vorm godsdien die skakel: op ironiese wyse kleef die drie dogters juis die godsdien wat hul vader voorwerp, aan, en Anna wy 'n groot gedeelte van haar lewe daaraan om haar vader se siel uit die vagevuur te probeer red.

In hierdie verhaal vervul die godsdien 'n opvallende rol en die socklig val op verskillende aspekte daarvan, soos byvoorbeeld die verslawende



invloed wat dit op die gewone mens kan hê, die invloed van politiek en vorme van korrupsie daarop en die sinloosheid van leë ritueel en dogma. Ook die geestelike leiers word voorgehou as bloot menslik, onderhewig aan versoeking, egoïsme en hebsug. Aan die een kant is daar Pol, die godloënaar, met sy openlike sinisme waarmee hy die religieuse versugtinge van sy hart verberg. Teenoor hom staan sy dogter, Anna, verpersoonliking van godsdienstigheid tot die uiterste gevoer en beeld van die verenging en ont-mensliking wat dit in die hand werk. Ons sou dit kon sien as die verwerping van absolutisme wat ateïsme en godsdiens aanbetref, want dit bied geen oplossing vir die gewoon eksistensiële probleme nie. Hierdie gedagte word gesterk deur die toneel waar die godsman en die ongelowige in sig van die dood, deur dieselfde angs vir die onbekende oorweldig word.

Die strukturerende funksie van die godsdiens-motief, die kerklike gesag in die besonder, lê veral daarin dat Pol se daade voortdurend teen dié agtergrond gesien word. Telkens veroorloof die pastoor, Kips, homself dit om kommentaar te lewer op Pol se optrede en uitinge. Na so 'n botsing tussen dié twee figure, word Pol se optrede gekenmerk deur 'n gees van rebellie en wend hy 'n daadwerklike poging aan om die pastoor te dwarsboom: nadat hy aangespreek word oor die mishandeling van sy vrou, weier hy om die kerk te besoek; nadat die preek teen hom gerig word, mishandel hy sy vrou opnuut en hy vind 'n ander inkomste nadat sy winkel ondermyn is. Uiteinde-lik gaan hy direk tot wederaksie teen Kips oor en dien hom die doodskoot toe. Sy rebellie teen die kerkdienaar simboliseer in 'n mate sy wesentlike opstand teen die Magte wat sý lewe beheer.

Die konflik styg ongelukkig nooit uit bo 'n koppige vote tussen twee persone nie - dit verhinder dat Pol se stryd verdiep tot 'n ware geestesstryd. Ook die feit dat die kerklike gesag op hierdie spesifieke tydstip in die geskiedenis so ooglopend oorheersend is in hierdie gemeenskap, veroorsaak dat die uitkoms van die stryd tussen Pol en die pastoor vooraf duidelik is. Hierdeur word die futiliteit van Pol se rebellie beklemtoon, maar sy opstand blý eerder gerig teen die kerk as teen God. Die verhaal neig om slegs 'n vertelling van 'n tweestryd te wees: daar ontstaan byvoorbeeld selde 'n stilistiese spanning tussen wat die karakters sê en hul innerlike gevoelens oor die godsdiens. Innerlike frustrasie en konflik word deur middel van optrede gesuggereer, wat goed aangopas is by die aard van hierdie „dorpsnovelle“, maar artistiek is dit tog minder „geraffineerd“ as 'n fyn spel van godagte en teéngedagte. Die wanpraktyke van die kerk word ligtelik in satiriese oënskou geneem en die futiliteit van die godsdiens ten opsigte van die dood en eksistensiële vraagstukke word gesuggereer.

Die Laarmans van Lijmen en Het Been vertoon onverskilligheid teenoor die godsdiens, soos ook blyk uit sy neef, die pastoor, se vermaninge. In Kaas word Laarmans se onvermoë om te bid en te glo terloops deur homself genoem. Tsjip bevat Laarmans se skuldgevoelens teenoor sy familie oor sy onbetrokkenheid en die geleidelike opneem van sy verantwoordelikhede. Die kern van hierdie verhaal word gevorm deur Laarmans se skuldgevoelens oor sy jarelange versuim teenoor Adele op die gebied van die godsdiens. In so 'n mate het hy tot inkeer gekom, dat hy selfs bereid is om voór te begin met haar religieuse opvoeding en haar voor te berei vir doop en aanneming.

Soos in die voorafgaande werke reeds opgeval het, word ook in Tsjip telkens verwys na die godsdiens en verwante dinge. Bennek, die voor-nemende skoonseun, se handkusse herinner Laarmans aan die kerklike seremonie: „Zo ongeveer drukten wij, als jongens, de lippen op het heilig sakrament" (p.485). Jan vergelyk almal met Bennek en trek 'n gesig „als een die in zijn geloof gekrenkt wordt" indien iemand langer is (p.487). Terwyl hulle op Bennek se terugkeer uit Pole wag, kom gee die familie vir Adele „de Judaskus" (p.505). Eintlik is dit slegs Laarmans se broer wat glo dat hy wél sal terugkeer: „Hy is de enige die nog steeds zo vast in de eindelijke komst van de Pool gelooft als de Joden in die van de Messias" (p.507). Laasgenoemde is 'n tipiese voorbeeld van 'n geostige vergelyking met die Bybel as voedingsbron.

Tydens die besoek van die Poolse vader verander die verhouding van Adele en Bennek vir Laarmans in 'n nagmerrie: „Een ijselijke stilte valt in. Ik was op alles voorbereid, behalve op dat. Mee bidden of niet? Dochter of geweten? Intussen gaan zij door en zitten wij daar als heidenen die het zwaard afwachten. Ik durf vrouw noch kinderen aan te kijken en staar op mijn schoot wachtend tot die menhir aan mijn linkerhand weer gaat zitten. Mij dunkt dat die Polen veel langer bidden dan men hier te lande doet. In ieder geval duurt het mij een eeuwigheid. Als zij eindelijk klaar zijn is het mij alsof mijn hart heeft stil gestaan en nu pas opnieuw in werking treedt" (p.495). Dié woelinge van Laarmans se gemoed is in skrilte kontras met die kalme uiterlike houding wat hy openbaar.

As gevolg van dié verhouding van sy dogter kom gevoel en intellek by Laarmans in konflik, want hy voel Adele word as gevolg van die godsdienskwessie te lig bevind: „De flauwe hoop die mij restte is verzwinden want ik voel dat die architect (Bennek se vader) op Rome bouwt als op een rots en wat hij hier heeft beleefd is met geen woorden uit te wissen. Dan nog liever een negerin, als zij maar meebidt" (p.495). Deur middel van geestigheid probeer Laarmans sy gevoelens onderdruk. Die res van die ete is vir hom 'n marteling: „Ik zit daar als een afgestrafte snotjongen, met een

waas voor de ogen...Als alles op is doen zij een nieuw gebed, als bestonden wij niet..." (p.495). In hierdie stadium is hy egter nog nie bereid om enige toegewings ten opsigte van die godsdienst te maak nie - hy hoop maar op 'n goeie uitkoms.

Bennek is bewus daarvan dat Adele nog nooit 'n voet in die kerk gesit het nie, maar hulle besluit nogtans om oók hul huwelik in die kerk te laat bevestig. Laarmans moet reëlings tref vir haar doop en aanneme, wat aan hom 'n slapelose nag besorg. Die pastoor wil van hom weet of Adele darem „de grote waarheden" ken en Laarmans is genoodsaak om teenoor 'n vreemdeling dié netelige vraag te probeer beantwoord: „Van één God, van de Drieëenheid, van de Menswording van Christus en zo?" (p.525). Laarmans ontvang 'n katekisasieboek om Adele te onderrig.

Adele gaan alleen om gedoop te word en Laarmans het een dag lank tyd om sy versuim van jare aan sy dogter te vergoed. Hierdie gedeelte is meer direk as die res van die verhaal, want dit bestaan hoofsaaklik uit dialoog tussen dogter en vader. Terselfdertyd is dit 'n dramatiese „monoloog" wat Laarmans met sy gewete voer - uiteindelik kan hy die godsdienstvraagstukke nie meer ontwyk nie en word hy met homself gekonfronteer. Ten eerste vra Adele aan hom of daar werklik 'n God is. Laarmans vra aan homself: „Is dat nu een vraag om tot je vader te richten als je zelf twee en twintig bent? En zij stelt die zo eenvoudig als vroeg zij of Litauen een republiek is" (p.526). Dour middel van sy kenmerkende geestigheid probeer hy die erns van die saak verminder en die skuld van sy eie versuim, op sy dogter afskuif.

Hy moet egter self eers die vraag beantwoord: „Of er een God is. Een vraag waar ik tegen op zie als tegen de Himalaya. Al die jaren heb ik mijn afgrond kuis bedekt gehouden en ik zal hem op deze dag zeker niet ontbloten. Ik zeg haar dus maar dat ik hoop van wel, maar dat een klerk zoals ik dat niet kan uitmaken" (p.526). Daarna praat hy maar gou oor die goddelike Drieëenheid „omdat ik die toch al iets minder plechtig vind dan dat dreigend enkelvoud, maar daar snapt zij niets van. En daar ik zelf die rolverdeling niet begriip, kan ik haar tot mij spijt geen opheldering geven"(p.526). „Dreigend enkelvoud" en „rolverdeling" in die konteks gesien, is geestig en geslaagd. Tog bevat hierdie verwysing iets minagtends en sarkasties, dus weer eens 'n voorbeeld van geestige sinisme. Die kontras tussen die algemeen aanvaarde konnotasie van die woord „Drieëenheid" en Laarmans se aanwending daarvan bloot as die teenoorgestelde van „enkelvoud", is verrassend en terselfdertyd ontheiligend. Ook „enkelvoud" in plaas van „God" kan beskou word as 'n vorm van geestige sinisme.

Laarmans daal nou af tot by die mite van Adam en Eva, waar hy in die paradys 'n bietjie kan veradem: „Van onze stamvader had zij al gehoord, zeker op school, maar van de erfzonde staat zij toch paf" (p.526). In die gebruik van die woord „onze", weerklink 'n soortgelyke spottende toon as in die „wijlen Jezus Christus" van die derdepersoonsverteller in die werk De Verlossing. Op natuurlike wyse kom dogmatiese probleme by die katkisasie ter sprake. Deur die aandag te vestig op Adele se onkunde, verberg hy sý skuld aan die toedrag van sake en sy eie gebrekkige begrip van godsdienst.

Nou moet hy die menswording van Christus verduidelik, 'n taak waarteen hy geweldig opsien: „Welnu, Adam en Eva's gruwelike bruidsschat kleefde alle mensen aan en niemand minder dan God zelf zat hen op de hielen en wees hen met de vinger. Tot God inzag dat dat voor ons geen leven meer was en ons Zijn Zoon gezonden heeft om ons vrij te kopen door Zijn lijden" (p.526). Laarmans handhaaf 'n lighartige trant tydens sy onderrig in 'n poging om onbetrokke te wees en vertrouwd met die stof voor te kom. In dié uittreksel is daar 'n voorbeeld van geestige sinisme, veral geleë in die botsende begrippe vervat in die „gruwelike bruidsschat". Só uitgedruk is dit enersyds 'n hiperbool en, andersyds, 'n „understatement". Gewoonlik word hierdie tipe geskenk geassosieer met 'n vreugdevolle gawe en ontvangs, dus die teenoorgestelde emosie as wat met die begrip „erfsonde" gepaard gaan. Daarbenewens word geïmpliseer dat God hierdie gawe vrywillig gegee het, sonder enige skuld aan die kant van die paradyslike paar. Op subtiele wyse word die hele kwessie van die erfsonde bevraagteken. Uit die beeld van God, wat op die mens se hakke sit en met die vinger wys, spreek ook minagting. Laarmans benut die atmosfeer van gemoedelikheid waarin hy Adele onderrig, om sy ontheiligende familiariteit te verbloem – eintlik staan hy afsydig van die godsdienst. Die gebruik van die werkwoord „inzag" bevat ook verbloemde kritiek op die beskikkinge van God – sy goeie bedoelinge met die mens word in twyfel getrek: die voorvoegsel impliseer 'n wegbeweeg-ván 'n ongunstige houding, 'n verandering van 'n slegte gesindheid ten goede.

In snelle tempo volg die een feit op die ander. Adele volg die leer en lyding van Christus in vervoering en skaar haarself geesdriftig onder die banier van Hom en sy Moeder. Laarmans dink: „De Joden mogen van geluk spreken dat zij op 't ogenblik met haar niet af te rekenen hebben" (p.527). Daarna vertel hy van die opstanding en begaan 'n blatante flater- of dit per ongeluk geskied, om sy onkunde te toon, en of dit moedswillig gedoen word om daarmee sy siniese houding teenoor die hele aangeleentheid te kenne te gee, is nie duidelik nie. Hy sê egter aan Adele: „Drie dagen na Zijn dood is hij teruggekeerd tot Zijn Vader, dus opgestegen ten Hemel,



want toen men zijn graf binnentrad was het ledig. Niets. Niemand. Begrepen?" (p.527). Maar, Adele begryp nié.

Laarmans troos haar met die woorde: „Dat begripen is trouwens bijzaak...want het gaat hier om een dogma...Als je maar weet dat het er staat. En kan je 't geloven, vooruit dan maar" (p.527). Daar is by hom geen begeerte dat sy dogter juis moet glo nie, solank as wat hy maar sy vaderlike verpligting nakom in verband met die onderrig. Adele kyk hom met stygende verstomming terwyl hy nog een en ander byvoeg van Hel, Hemel en Vagevuur, die onsterflikheid van die siel, die geloofsakte, die Tien Geboue en die Onse Vader: „Daarop laat ik haar alleen in 't dichtste van dat braambos en nu moet zij maar zien hoe zij er zich doorheen slaat" (p.527). Sy word aangeneem en die kerklike huwelik word voltrek.

Hierdie „onderrig" van Adele verskaf aan Laarmans 'n geleentheid om sy eie ongeloof te laat deurskemer, maar die skreiende onkunde van dié moderne Belgiese meisie is in hierdie realistiese verhaal 'n artistieke tekortkoming. Indien Tsjip 'n „ironiese struktuur" gehad het en die leser dus self die wêrklike betekenis van die outeur se woorde moes agterhaal, sonder om homself blind te staar op die letterlike betekenis, sou Adele se onkunde aangaande die Christelike godsdiens dalk 'n teenoorgestelde of minstens 'n ánder betekenis gehad het. As hierdie middelgedeelte van hierdie werk egter in konteks van die hiele oeuvre en veral ten opsigte van die motief onder bespreking beskou word, kan die leser nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat dié gedeelte bedoel was om aan te sluit by al die ander instansies waar ongeloof en negatiewe gedagtes oor die godsdiens uitgespreek word nie. Só gesien doen hierdie scéne ietwat gedwonge aan en is 'n strukturele insinking.

Duidelik gee Laarmans in hierdie gedeelte te kenne dat hy dit onmoontlik vind om te glo aan dinge wat vir hom intellektueel onaanvaarbaar is. In kontras mot sy reddeloosheid hier, is daar later sy „verlossing" deur die kind, Tsjip, in die slotparagrafe van die werk. Laarmans wag tuis op die koms van sy kleinseun want hy wil nie hê die kind moet in die „Vogelzang" aan hom bekendgestel word nie „om aan de Moloch geofferd te worden en onder 't oog van de dronken jongens van de streek" (p.536). Uiteindelik het hy vir Tsjip op die arm: „Halleluja! Mijn Verlosser is gekomen. Hij zal mij met mijzelf verzoenen en mij genezen van al mijn kwalen. Door hem zal ik wedervinden waar ik radeloos naar zoek in het zand" (p.537). Die verband wat tussen dié kind en die Christuskind gelê word, word verder versterk deur die volgende uitlating van Laarmans: „Ik zal met hem een Verbond sluiten en daar is niemand bij nodig. Mozes óók was op de berg met hem alleen"(p.537). Daar is dus blykbaar by Laarmans 'n diepliggende

behoefte aan „verlossing“, ’n begeerte miskien om te glo in God, maar telkens kom sy intellek in konflik met sy emosies: „Credo ut intelligam?“ Soos die Heilige Christoffel dra hy dié kind op sy skouer en dink: „Zijn blik zal de boze bedaren, voor rotswanden zal hij de bazuin steken. Geen drek, geen tranen die ons stuiten, want ik zal waden en hij zit op mijn schouder“ (p.538).

In die laaste werk, Het Dwaallicht, vind ’n kondensasie plaas van al die mitiese flardes, ontleen aan die Bybel. ’n Heilige skadu val hier op die plat-alledaagse deur die super-imposisie van die Kersverhaal. Die struktuur van die werk word sodoende verryk en die skrale verhaaltjie verkry ’n meer universele karakter. Dit wil voorkom asof Laarmans ’n finale poging aanwend om sy innerlike konflikte in verband met die godsdiens op te los: „In geen van Elsschots verhalen zijn verleden en toekomst, spijt en angst, elkaar zo dicht genaderd en als sfeer en klimaat zo gedurig aanwezig. Eenzamer dan voorheen, tracht de schrijver, hardnekkiger ook dan voorheen, een uitweg te vinden“<sup>137</sup>. Een van Laarmans se uitsprake van vroeër word in herinnering geroep – in verband met die geloof sê hy: „Misschien iets voor mijn laatste dagen, als de novel valt“ (p.600).

Verskillende kontraste kom in hierdie werk voor, onder andere tussen daaglikse verveling en avontuur, droom en werklikheid, Oos en Wes, geloof en ongeloof. Saam vorm die teenpole ’n geheel, wat die gewone, aardse lewe verteenwoordig. Die aardse word op sy beurt weer gekontrasteer met die „hemelse“, waardeur die werk ’n gebalanserde indruk maak. Die temas „outsiderskap“, vryheid en gebondenheid, skyn en werklikheid trek ook in hierdie werk tot ’n brandpunt saam. Ook die sin vir die relatiwiteit van alle dinge kom sterker as ooit tevore tot uiting. Maar, gewigtigste van almal, die kontras tussen geloof en ongeloof.

Die verveling van die daaglikse roetine wat in die eerste paragraaf beskryf word, word voortgesit wanneer Laarmans oudergewoonte vir hom ’n koerant koop en die verkoopsdame hom vir die soveelste maal as „Verbruggen“ aanspreek. Dertig jaar lank noem sy hom al só: „Want ik zou die stalagmiet, waarvan ik de langzame vorming van naderbij gevolgd heb, voor geen geld ter wereld durven tegenspreken“ (p.691). Laarmans maak van geestigheid gebruik om dié dame te verdra. Met haar hangende snytand ontbloom, trek sy Laarmans se aandag na drie „rijstkakkers“ in die straat, waardeur sy avontuur ingelui word. Die verhaal handel oor ’n soektog en is terselfdertyd ’n soeke...

---

137. J.C. Villerius, Nieuwe Rotterdamsche Courant, 8 Junie 1962.

Op weg na die tram keer die leier van die drie vir Laarmans voor, hopende dat hy hom sal kan beduie waar 'n sekere straat geleë is. Die drie Wyse Manne uit die Ooste word hier verteenwoordig deur die drie Indiese matrose. Met hul „talisman“, 'n gekrabbelde adres op 'n stukkie karton, is hulle op soek na 'n sekere Maria van Dam. Laarmans probeer om nie by hierdie mense en hul probleem betrokke te raak nie, dit is immers wat die moderne „saaklike houding“ voorskryf. Sy meegevoel met die vreemde delinge kry egter die oorhand en hy bestudeer die kartonnetjie. Daar is 'n tikkie ironie in die wyse waarop Laarmans onbewustelik die Christelike deug van naasteliefde beoefen in sy verhouding met die Indiërs. Hierdie ontmoeting is die eerste patroonmatige „naderbeweeg“ aan mekaar van dié vier karakters en alles wat hulle verteenwoordig.

Laarmans wend 'n poging aan om aan die matrose te beduie waar die Kloosterstraat is. Dié alledaagse handeling word gekompliseer deur die andersoortigheid van die Indiërs, want Laarmans het bedenkinge en vrees dat hulle nie „onze geometrische lijnen“ sal verstaan nie. Boonop verduidelik hy op Engels, die enigste medium wat hulle gemeen het. Hierdie toneeltjie is nie sonder 'n humoristiese kant nie, want spoedig staan die toeskouers in 'n kring om Laarmans se manewales te volg: „En vooroverbuigend maak ik met mijn voorarm een golvende beweging, waarop de toeschouwers naar de grond kijken alsof ik daar iets te grabbel had gegoid“ (p.692). Uit dankbaarheid bied hulle hom 'n doos sigarette aan, wat hy weier. Soos in al die werke van Elsschot die geval is, hou die humoristiese gedeeltes verband met sy teorie oor styl en verteenwoordig meestal die „blou lug“-element.

Hy voel gevlei dat die Indiërs hóm onder sy medeburgers uitgekies het om by te dra „tot de vleeswording van hun droom“. Hy twyfel egter nog of hy betrokke wil raak by die soektog en of hy moet meewerk om hul kollektiewe hoop in vervulling te laat gaan. Uiteindelik besluit hy om hulle self te laat kies tussen die „Jolly Joker“-herberg en die meisie van die „Mariaboodschap“, waarop hulle sonder huiwering aandring op laasgenoemde. Nogmaals beduie Laarmans in die rigting van „het beloofde land“ en in die hoop dat hulle by hul bestemming sal uitkom, bestyg hy sy tram. Vanuit sy sitplek sien hy hoe hulle twyfel oor watter rigting om in te slaan en merk hy hoe hulle neig om 'n sekere straat, wat „de eerste stap is op de weg des heils“, verby te kyk. In hierdie stadium beweeg Laarmans en die Indiese matrose weer weg van mekaar.

Skuldgevoel oorweldig Laarmans weer eens. Sy algehele vereentselving met die drie matrose blyk uit die droomgedagte wat hý ondervind: „En opeens zie ik mezelf door het hart van Bombay slenteren, lusteloos en

gebroke. Het is nacht en op mijn katoenen pak valt een kille motregen. Ik dwaal straat in, straat uit, door sloppen en bazars, zoekend naar Fathma... Het is een kringloop zonder uitkomst en ik weet nu met zekerheid dat ik Fathma niet vinden zal, dat ik haar nimmer aan het hart zal mogen drukken..." (p.694). Die drie Indiërs se fisieke soektog na Maria word simbool van Laarmans se geestelike soektog na die Lig. Paradoksaal word Laarmans se soeke uitgebeeld in terme van 'n soektog na 'n Oosterse vrou, Fathma. Slyn en werklikheid speel ook in hierdie werk 'n rol.

Hierdie werk word struktureel interessanter gemaak deur hierdie „kruisverwysings" – wanneer die groepie voor die kouwinkel staan, tref Laarmans weer eens 'n vergelyking tussen Maria en Fathma: „Kan ik het helpen dat hier geen tingeltangel is of iets als het huisje van Fathma, met die rode lamp, dat ik in Bombay heb nagejaagd?" (p.693). Aan die einde van die werk maan hy homself om nie meer te dink aan dié meisie van Bombay nie, maar snel na huis te gaan. Dié eerste verbeeldingsvlug van Laarmans vind plaas juis wanneer hy van die Oosterlinge gedistansieer is en wanneer hy homself oën-skynlik van hul lot onttrek het(sien hierbo). Ook wanneer hy vir die laaste keer na Fathma verwys (aan die einde van die verhaal), is hy geskei van die Indiërs maar nou is die afskeid permanent. Hierdie verbeeldingsvlugte sou gesien kon word as 'n doelbewuste poging om die „gevoel", dit wil sê die emosionele behoefte aan geloofsversekering, te laat deurbreek, alhoewel dit met behulp van „fisieke" terme verbloem word.

Direk na Laarmans se dagdroom bespiegel hy oor Maria van Dam – sou sy 'n volksmeisie wees? Hy verlaat die tram en voeg hom weer by sy „zwartjes" wat hom glimlaggend verwelkom. Hy verneem dat hulle Maria daardie oggend ontmoet het en dat sy jonk is: „Ik reken er namelijk op, dat aan 't eind van onze kruistocht geen oude kween voor ons zal opduiken" (p.696). Die kwessie van die meisie se ouderdom vestig die aandag pertinent op die verskil in die opvattinge van Oos en Wes: Laarmans is bly dat die meisie nie jonger as sestien is nie, wat die Indiërs in 'n lagbui laat verval. Hulle wys hom daarop dat dié reël slegs vir blánkes geld. Hy is verlig dat hulle geen oordeel vel nie, maar 'n relatiewe houding inneem: „Dus geen vooroordeel. Hij buigt alleen noodgedwongen voor de Cerberus die onze kudde in de pas doet lopen" (p.696). Op geestige wyse probeer hy sy verleentheid oorkom en deur dié opmerking teen sy eie sosiale instellinge te rig, distansieer hy homself daarvan. Wanneer hy dus intens bewus is van die onderskeid tussen hom en sy vriende, voel hy homself in die gees ná aan hulle.

Hierdie werk bevat heelwat kritiek op die Westerse leefwyse en beskawing. Toe die afgevaardigde van die „Jolly Joker" die matrose met geweld probeer meesleur, dink Laarmans: „Het is iemand van de havenkant waar zelfs



die brutale slagersjongen instinktief ruim baan voor maak. Een waardig exemplaar van het herevolk dat wij blanken immers zijn" (p.693). Laarmans is intens bewus van die verskille: „Zo ben ik dan eindelik de baan eens op met mense die volkome verskillen van die volksgenote met wie ik gedoemd ben al mijn dage te slijten, althans met mense van een ander kleur, die anders lopen, anders grooten en lachten, misschien ook anders haten en beminnen, die in ieder geval van onze beroemdste medeburgers nooit hebben gehoord en voor wie onze vorsten en heiligen absoluut niet in tel zijn, dus zeer waarskynlik mense naar mijn hart" (p.695). Laarmans distansieer homself definitief van die massamense, met hul vaste opvattinge, waardeur hy homself weer eens laat klassifiseer as 'n „outsider". Hy vereenselwig homself ook met die matrose se sedelike opvattinge: „Want om mij nu uit te sloven voor mense met al die vooroordelen die in ons Westers lexicon staan, daar bedank ik feestelik voor" (p.696).

Juis hierdie „andersoortigheid" van die Indiërs laat Laarmans tot hulle aangetrokke voel. Dit is belangrik vir die verdere verloop van die verhaal want as gevolg van hierdie toegeneentheid, omdat hulle buite die konvensies en gebruike van die Westerse beskawing staan, openbaar Laarmans gedurende die gesprek in die Hotel Carlton aan hulle heelwat meër van sy opvattinge as wat hy moontlik teenoor iemand van sy eie ras sou doen. Dit lei egter tot desillusie vir Laarmans, want hy hou nie rekening daarmee dat die vermoë om te glo die belangrikste gemeenskaplike faktor in die verskillende gelowe is nie - hoe intelligent ook al oor die religie geredeneer word, uiteindelik kom dit op die individu se geloóf aan. Deur die klem in die eerste gedeelte van die werk te laat val op die fisieke onderskeid tussen blank en gekleurde, asook op die relatiwiteit van Westerse / Oosterse konvensies, word 'n strukturele teenpool gevorm vir die onderskeid en relatiwiteit van die verskillende geloofsopvattinge, waarop die klem later in die werk val.

Op Laarmans se voorstel koop hulle vir Maria 'n bos rooi blomme, want hy sien die uitstappie se uiteinde as „een bruiloft", terwyl die eintlike betrokkenes by die saak, filosofies en idealisties gesind is. Vir die drie matrose is dit 'n soort geloofsdaad, dié soektog na Maria, want hulle het haar slegs vlugtig ontmoet toe sy sakke op hul skip kom herstel het. Hulle het aan haar 'n sjaaltjie, 'n pot gemmer en ses dosies sigarette gegee, wat herinner aan die goud, wierook en mirre van die Nuwe Testament. Hulle glo dat hulle by die betrokke adres sal welkom wees en hierdeur word hul geloof, wat later in die verhaal van kernbelang word, gemanifesteer: geloof is vir hulle nie slegs „lipbelydenis" nie, maar dring deur tot alle sfere van hul bestaan. Ook hierdie feit dra daartoe by om aan die verhaal 'n hegte bou te verleen: die teorie word in praktyk omgesit.

Laarmans bring hulle tot by Kloosterstraat nommer vyftien en is van mening dat sy „christelike plicht“ volbring is. Dit blyk egter ’n winkel te wees, waar slegs voëlkoue verkoop word: „Zij kan hier best op een vliering wonen, in een kelder of in enige ruimte waar een bed kan staan, of een divan als bij Fathma“ (p.698). Nogtans sou dit Laarmans verbaas om haar werklik daar aan te tref. „Nu kan Maria ieder ogenblik verschijnen want in de grot van Lourdes is het wonder óók gebeurd“ (p.699). Daar spreek siniese skeptisisme uit Laarmans se opmerking teenoor homself. Uit die sinskonstruksie blyk dat daar ’n definitiewe verband gelê word tussen Maria van Dam en Maria van Bethlehem: die plek van wonderwerke word nie hoër geskat as die kouwinkel nie, ’n indirekte betwyfeling van wonderwerke én Diegene wat veronderstel is om hulle uit te voer. Die geestige trant van die volgende sin dien egter om die moontlike sinisme van genoemde uitlating aansienlik te verswak: „Zij zit misschien tot over de oren in haar gemberpot, moet nog even haar wenkbrauwen retoucheren, wat poeder en wat rouge bijvoegen, maar dan treedt zij ons tegemoet met een vriendelijk ‚good evening‘, want zoveel Engels zal zij wel kennen“ (p.699).

Hierdie eerste „stasie“ van hul „kruisweg“ bring hulle in aanraking met die handelswêreld; hierdie verkoopslui staan geheel afsydig teenoor hul soektog na Maria en word later selfs aggressief. (Die koue sou gesien kon word as simbolies van sommige sakemanne se verslawing aan geld.) ’n Middeljarige dame waggel die winkel binne en Laarmans dink dat hy „de Maharadja van Allahabad“ is, indien dít Maria is. ’n Misverstand ontstaan en deur opeenhoping van die een insident na die ander, neem dié episode se humoristiese effek toe. Selfs na voorlegging van „het heilig kartonnetje“ blyk die dame geen Maria van Dam te ken nie. Laarmans-hulle blaas die aftog toe die vrou na haar gespierde seun roep.

In teenstelling met Laarmans se geestigheid, waarmee hy die aandag van sy onbeholpenheid probeer aftrek, is daar sy selfverwyf: „Om de hoek blijf ik staan, verpletterd van schaamte. Ik heb me dus, voor de zoveelste maal, ingelaten met iets dat mij niet aangaat in plaats van mij af te wenden zoals redelijke wezens doen, om het fatum in zijn loop niet te hinderen. Helaas, de jaren maken mij niet wijzer en ik ben niet opgewassen tegen de aandrang van mijn onstuimig hart dat mij niet volgen wil op de glooiing van het verval“ (p.701). Laarmans ondervind nog steeds ’n versugting om die avontuur te beleef teen die monotone agtergrond van die alledaagse bestaan. Avontuur is egter sinoniem met betrokkenheid en laasgenoemde laat die moontlikheid vir verwonding oop. In ses agtereenvolgende retoriese vrae verwyf hy homself en sy onvermoë om die Oosterlinge tot hulp en bystand te wees. Moes hy nie hul droom „als een adder“ vertrap het nie en was die ruwe man

van die „Jolly Joker“ nie dalk ’n bode van die Voorsienigheid nie?

Die verantwoordelikheid wat Laarmans in Tsjip teenoor sy huisgesin moes leer opneem, het in hierdie laaste werk uitgebrei tot sy medemens in die algemeen. Hy vra homself af hoe hy die drie mense aan hul lot kan oorlaat op so ’n aand, toe Ali sy hand op Laarmans se arm lê en na die firmamont beduie: „stars, good hope“ (p.702). Dit is ’n indirekte verwysing na die Bethlehem-ster, wat vir die Wyse Manne ’n rigsgnoer sou wees. Laarmans word gesterk deur die onwrikbare vertroue wat die matrose in hom openbaar en besluit om maar voort te gaan met die hopelose soektog: „Nu zij op mij bouwen als op hun God kan ik onmogelijk terug en ik geef het signaal tot het vertrek. Twee voorop en twee achteraan, het hart vol hoop, onder een sterrenhemel zonder motregen. Zo hebben drie Koningen óók gelopen, heel lang geleden“ (p.703). Hier word weer eens ’n uitdruklike verband gelê tussen hierdie soektog na Maria en die mitiese, Bybelse soektog na die Kind.

Laarmans stel voor dat hulle by ’n polisiekantoor gaan aanklop om hulp. Hy doen met weersin beroep op enige onderdeel van die Staat, want daaraan is onderwerping verbonde, wat hom geensins aanstaan nie. Hy vrees dat die Indiërs hul vertroue in hom kan verloor, want hoe moes hulle immers weet dat hy nie „een verkapte dienaar van de blanke massa“ is nie. Nie alleen werp hy sy lot by dié van sy nuutgevonde vriende in nie, hy is met sy bedoelinge, weerloos uitgelewer aan hul oordeel: „Zo sta ik hier terecht voor kleurlingen. Iets zonder precedent“ (p.703). Die geloofkwessie, naamlik om ’n vertroue te hê in die onbekende, word ook uitgebeeld in die verhouding tussen Laarmans en die matrose: tydens so ’n toevallige ontmoeting tussen Oos en Wes, moet toegewings gemaak word en ’n groot vertroue in die welmenendheid van die ander geopenbaar word – dit is ’n soort geloofsdaad. Die „nader beweeg“ en „terug wyk“ wat Laarmans en sy Indiërvriende openbaar ten opsigte van hul vriendskap, is simbolies van Laarmans se persoonlike wyfeling wanneer dit by geloof en godsdienst kom. Hierdie golwende patroon word deurgaans volgehou en bereik ’n hoogtepunt van intensiteit tydens die gesprek oor godsdienst. Dit dien as skakel om die soektog (aktief) en die gesprek (staties) op natuurlike wyse aaneen te laat vloei.

Die besoek aan die polisiestasie is hopelik die laaste „beproeving“ op hul weg. Ali doen aan die hand dat Laarmans alleen binnegaan, want „blanke en donkere mense horen niet bij elkaar“ (p.703). Nou dra Laarmans al die verantwoordelikheid van sy drie vriende se saak en hy lieg selfs vir die bevelvoerder deur te sê dat hy, as privaatspeurder, op soek is na ’n Maria van Dam. Die joviale polisieman is hulpvaardig en bring ’n kieserslys te voorskyn, waarop hy soek na „wijfjesvandams“. Hy doen ’n nommer vyftien van ’n sekere straat aan die hand, waarop Laarmans se hoop weer opvlam – hy



het homself juis magteloos teen die noodlot begin voel. Op daardie oomblik bars 'n konstabel met Ali binne, wat deur hom betrap is toe hy deur die sleutelgat geloer het. Ali se mussie word sonder seremonie verwyder waarop Laarmans opmerk dat „zijn mutsje niets met een hoed te maken heeft, dat het best een godsdienstige of symbolische betekenis kan hebben en dat hij misschien beleefder is wanneer hij het ophoudt dan wanneer hij het afneemt, want dat wij zo goed als niets van die mensen weten" (p.705). Laarmans het dus 'n relatiewe instelling en probeer immers om ruimte te laat vir die gebruike en opvattinge van die vreemdelinge.

Ali sit intussen soos 'n afgodbeeld met die blomruiker aan sy voete: „Bij 't horen van mijn stem slaat Ali de ogen op en kijkt mij aan met een bedroefde blik en iets als minachting om de mond. Zó moet Jezus gekeken hebben toen Judas het signaal gaf met zijn kus" (p.706). Indien hierdie laaste opmerking vergelyk word met Laarmans se uitsprake in vorige werke, is dit duidelik dat hier nie sprake is van die sinisme wat sy houding teenoor die godsdiens en verwante aangeleenthede gekenmerk het nie. In hierdie werk was daar al 'n voorbeeld van geestige sinisme, maar nou staan die minagting en sarkasme eerder in verband met Maria, en nie haar Seun nie. Daar is dus 'n geleidelike vermurwing by Laarmans te bespeur ten opsigte van die godsdiens en, alhoewel daar tot dusver nog geen tekens is van geloofsaanvaarding nie, laat sy meer genaakbare houding die weg oop vir bekering.

Vir die derde keer wond hulle 'n poging aan om Maria by 'n nuwe adres op te spoor. Soos Ali tereg opmerk: „Dit is een tocht met hindernissen, sir, als het bestijgen van de Hindu-Kuh, maar de beloning komt" (p.707). Die ander twee matrose het skoon weggehardloop en Laarmans dink op geestige wyse dat hulle seker na die „Dehli Castle" terug is „waar zij het sjaaltje en de pot gember nog eens rustig kunnen herkauwen" (p.707). Sy hoop naamlik om huiswaarts te keer, word dienek ingeslaan toe 'n gefluit van Ali sy makkers weer laat verskyn. Laarmans het bedenkinge oor die Hotel Carlton en wonder of dit werklik „de laatste statie van (hul) kruisweg zal zijn" (p.707). Hy merk op dat hiér geen rooi lamp te sien is, soos by die verblyfplek van Fathma nie.

Oorweldigende musiek begroet hulle by hul binnekoms. Laarmans bestel bier en die matrose water. 'n Puisiegesig kêrel dans telkens teen Laarmans se stoel aan en toe Ali dit nie meer kan verduur nie, maan hy hom tot versigtigheid. „Als een donkere David voor Goliath" staan Ali daar, vasberade ten spyte van die jongman se dreigemente oor wat hy met die swarte „baviaan" sal aanvang. Die Oosterling neem dit uit sy eie vir Laarmans op, waaruit blyk dat hy nie onverskillig teenoor sy nuwe vriend staan nie. Laarmans nader Kortenaar, die eienaar om aan die saak 'n einde te probeer maak: „Ik



verhaal nu de legende van Maria van Dam en smeeek hem haar te willen roepen of ons in Godsnaam toegang tot haar te willen verskaffien indien zij op 't ogenblik in Carlton Hotel aanwesig is" (p.709). Al sy pogings misluk egter en hy kom tot die gevolgtrekking: „Zij zullen Maria evenmin mogen aanschouwen als ik Fathma in Bombay heb mogen zien" (p.711). Ook Ali is nou oortuig dat hy en sy vriende nie meer die „beloofde land" sal betree nie. Laarmans is van mening dat hulle nou ten minste die illusie van Maria behou, want 'n vervulde droom vervloei soos water tussen die vingers.

Omdat Maria nie meer die middelpunt van hul samesyn is nie, verskuif die aandag na mekaar. Die fisieke soektog is beëindig en 'n „geestelike" ontdekking van mekaar neem 'n aanvang. Hierdie gedeelte word gekenmerk deur vele vrae en die balansering van gegewens met 'n teenfeit. Die verhaal is tot dusver gekenmerk deur 'n minimale hoeveelheid verhaalgegewens, maar in dié deel verdwyn die „verhaal" feitlik heeltemal. Sodoende word 'n „tydlose" moment geskep waarin die enigste „verhaalvordering" op die gebied van die dialoog gemaak word. Na hierdie verbale deviasie bevind die vriende hulle nog maar in die Hotel Carlton met geen Maria in sig nie. Nadat die sultan van Afghanistan bespreek is, vertel Laarmans dat hulle ook 'n koning het. Dat Ali 'n sin van humor het, wat opgewasse is teen dié van Laarmans, blyk uit sy antwoord: „Ocht,' troost Ali, ,overal is er wat'" (p.711).

Om die bedrukte stemming te verbreek, vra Laarmans wat hul godsdiens is en bring sy woorde in beeld deur 'n sittende Boeddha, met lotusblomme en opvallende navel, op 'n bierkartonnetjie te teken. Ali deel hom mee dat hulle Mohammedane is en aan Allah glo. Om dit nie na 'n verhoor te laat klink nie, gee Laarmans te kenne dat hulle daar Christene is: „Op Boeddha's keerzijde teken ik nu onze Christus aan zijn kruis, met alle gebruikelijke attributen, soals kroon, bittere mond en uitpuilende ribben" (p.713). Dit lyk egter na 'n voorwendsel, want hy was onder geen verpligting om verder op die saak in te gaan nie. Alhoewel Laarmans homself in so 'n mate van die Christendom distansieër dat hy heeltemal objektief na die Christusbeeld kyk, is sy gesindheid nou meer buigsaam en skaar hy homself selfs geestelik by die res van sy volk. Ongetwyfeld stimuleer die aanwesigheid van die Oosterlinge hom tot hierdie houding: die een wêreld word bloot met die ander vergelyk en sy innerlike gevoelens kan skuilgaan agter die algemene waarheid. Hierdie kartonnetjie, met Boeddha op die een kant en Christus op die ander, word simbool van 'n meer „universele godsdiens", wat moontlik vir Laarmans meër aanvaarbaar sal wees as enige spesifieke geloof.

Ali laat sy diepe meegevoel blyk oor die arme Man se lyding - hy het al meer van hulle in die stad sien hang en hulle telkens hartgrondig beklaag. Hy wil weet of die kruisiging nog by hulle in gebruik is, waarop Laarmans

homself genoop voel om te antwoord dat dit hul God, hul Europese Allah is. Hulle gee verbaasde uitroepe en verneem waarom Hy toegelaat het dat die mense Hom só mishandel. Hulle is sprakeloos toe hulle hoor dat Hy sêlf dit so beskik het. Laarmans is radeloos, hoe kan hý verduidelik: „Aan ophelderen valt niet te denken, want zij staan voor dezelfde muur waar ik reeds een halve eeuw langsloop zonder een deur te vinden en ik zit dan ook met onze mensgod lelijk in de war teenover de abstracte eenheid van hun Allah" (p.713). In hierdie sin word Laarmans se godsdiensdilemma opgesom: emosioneel smag hy na geloofsversekering, maar sy intellek weier om sekere besonderhede in verband met die Christelike dogma te aanvaar. Indien die onkunde van hierdie Oosterlinge vergelyk word met dié van Adele in Tsjip, is eersgenoemde ongetwyfeld meer aanneemlik. Dieselfde tipe probleemsituasie word in hierdie laaste werk geskep, maar nou veel geslaagder as tevore: Laarmans verduidelik aan die Indiërs die aard van die Christelike godsdiens en hulle, as Mohammedane, vind die Westerse opvattinge vreemd.

In die mond van hierdie Oosterlinge word die Christelike opvattinge geobjektiveer en gerelativeer. Deur Laarmans se bemoeiing met die Indiërs, plaas hy homself in 'n posisie waarin hy dit moet opneem vir land, volk en hul opvattinge. Hy probeer verduidelik dat die Gekruisigde nie God is nie, maar Sy Seun. Opgewonde verneem die matrose of daar 'n moeder ook is en dalk nog meer broers en susters. Hulle vind veral die vleeswording van God vreemd - 'n mens sou Hom dus met die hand kon groet! Omdat hul naïwiteit reeds volkome verantwoord is, word hul uitlatings ontdaan van minagting en onvoldoende respek. Hulle gee byvoorbeeld aan 'n vreemde meisie geskenke, vertrou kinderlik op Laarmans se raadgevinge en loer deur die sleutelgat van die polisiekantoor - in die land van blankes!

Laarmans sit sy verduideliking voort: „Het dringt zich op dat ook God de Vader nu onverwijld in beeld gebracht wordt, want die is toch het oerbegrip dat, als zodanig, mijn Afghanen met de rest zou kunnen verzoenen, maar ik aarzel tussen naakt of gekleed, joviaal of dreigend, met of zonder baard" (p.714). Bowendien behoort die Heilige Gees ook betrek te word, want na sy onvolledige voorstelling, mag hulle dalk dink aan 'n gesin wat nog steeds op aarde woon: „Ik vrees echter dat die derde persoon hen nog meer verbijsteren zou en bovendien zie ik in dat mijn Engels voor die taak te kort zou schieten" (p.714). Hy vind gelukkig 'n verskoning om die opheldering van hierdie moeilike begrip vry te spring. Die feit dat die gesprek op Engels plaasvind, dwing Laarmans tot objektiwiteit en duidelike formulering. Laarmans se pogings om godsdienslike begrippe, waarin hyself nie glo nie, aan vreemdelinge tuis te bring, doen humoristies aan. Sy begeerte om hulle te laat begryp, ontmasker sy eie behoefte aan geloof.

Die drie Christelike „voorskrifte" naamlik geloof, hoop en liefde, word as 't ware in hierdie godsdiens-gedeelte bespreek. Sodoende verkry dié Bybelse gegewe in geringe mate 'n struktuurfunksie. Nadat die liefde en godsdiens bespreek is, gaan hulle oor tot 'n diskussie wat handel oor die Kommunisme. Dit word deur vele beskou as die nuwe „hoop" vir die toekoms, die Nuwe Boodschap, waarvolgens almal gelyk is - sonder God. Beide die Mohammedanisme en die Christelike godsdiens word opgeweeg teen dié nuwe Leer. Die tempo van vraag en antwoord versnel en die twee gelowe wedywer in die dialoog met mekaar. Op Laarmans se vraag of Mohammed iets daarteen het dat mense reeds op aarde gelyk is, wil Ali dadelik weet of Laarmans se Man aan die kruis daarteen beswaar opper.

Laarmans gaan tot die verdediging oor: „Zo ver ik weet heeft hij nooit iets in die aard gezegd. Integendeel, hij wilde de groten kleiner en die kleinen groter maken en vooral dat een ieder de rotte plekken van zijn ziel afzocht, maar toch sprak hij vooral over het leven hiernamaals, dus in de schoot van zijn vader. Dáár pas zou men loon naar werken krijgen"(p.715). Ali antwoord dat dit 'n verstandige beleid is, want selfs predikers moet rekening hou met die aardse heersers, wat ingestel is op geld. Hy voeg daaraan toe dat die Gekruisigde seker nie versigtig genoeg was nie: „Niet alles gezegd en toch te veel? Maar het is zeker heel lang geleden en voor dat alles gezegd is moeten velen het woord voeren. Eerst hebben de ouden voor het hiernamaals gepredikt en nu de nieuwen voor dit leven op aarde. Zij vullen elkander aan, want een zelfde man kan niet het eerste en laatste woord spreken" (p.715). Ali se filosofiese instelling spreek van verdraagsaamheid.

Dadelik wil Laarmans weet wat Mohammed se standpunt was. Ali meen dat hy waarskynlik geen beswaar sou hê daarteen dat die mens reeds op aarde sy beloning ontvang nie, want vele voer 'n beswaarde bestaan. Behalwe die heersers, en hy stel voor dat hulle onder hul geld begrawe word. Hy is van mening dat slegs geweld deur die massa, die heersers tot ander insigte sou bring: „want de groten hebben de macht, maar de kleinen zijn talrijk en tegen de mieren is geen tijger bestand. De mieren zijn echter blind, terwijl de mens beeft voor de dood, want al gelooft hij ook, weten doet hij niet..." (p.715). Ook die godsdiens van Ali-hulle berus dus op die beginsel dat daar geglo moet word, sonder om ten volle te begryp.

Die gesprek word vir Ali te warm en hy vra of Laarmans getroud is. Hy is verheugd omdat Laarmans drie seuns en drie dogters het. Dit verbaas hom egter dat hy drie biere na mekaar drink, waarop Laarmans die koue, vogtige aand as verskoning aanvoer: „Uw man aan het kruis zou het zeker evenmin goedkeuren als Allah, niet waar?" (p.717). En dan lower Ali die



finale slag: „Sir,' zegt hij, 'onze Allah heeft geen zoon, geen vrouw, geen vader en geen moeder. Hij is alleen. En nooit zal iemand hem tekenen, want wie hem zien wil, moet eerst sterven" (p.717). In die stryd tussen rede en gevoel, ly eersgenoemde uiteindelik 'n neerlaag, want al Laarmans se intellektuele antwoorde en redenasies kan nie opweeg teen hierdie geloofsbelydenis van die Mohammedaan nie. Laarmans gee dan ook op geestige wyse teenoor homself te kenne: „Na zulk een belijdenis valt er niets meer te zeggen. Zij is een waardig slotaccoord voor onze Aziatische symphonie..." (p.717).

Die groepie besluit dat dit tyd is om te vertrek en Laarmans kan die matrose slegs met die grootste moeite belet om te betaal omdat „hun zes armen als een inktvis in de weer zijn om ook ieder contact tussen mij en de waard te verhinderen" (p.717). Ali bêre die kartonnetjie met die adres voorlopig. Die meisie, wat by hul binnekoms besig was om haar baba te voed, sit nog daar - Ali bly staan „als een nieuwe Melchior" en staar ingedagte na die kind. Hy verklaar dat hierdie tyd van onskuld die beste is, daar, in Afghanistan en in die hele wêreld. Hy lê die ruiker naas die skellende meisie neer en maak die deur oop met die statigheid van 'n hoëpriester. Hierdie „Maria" is die verworde, „geperverteerde" Maria, wat as plaasvervanger moet dien in die afwesigheid van die idilliese, verhewe meisie van hul droombegeertes. (Die Hotel Carlton herinner aan die herberg van weleer.)

Daar is sprake van 'n begin-einde-middel struktuur in hierdie werk: die soektog na Maria word gevolg deur die middelgedeelte waarin daar wél 'n Maria gevind word, waarna daar na die oorspronklike soeke teruggekeer word. Hierdie patroon geld ten opsigte van die Bybelse verhaal, wat oór die gewone gang van die verhaal val. 'n Voortdurende, onvoleindigde soektog word hierdeur gesuggereer, veral ten opsigte van Laarmans, vir wie die beëindiging van sy persoonlike soeke slegs 'n visioen bly. Die oorgang tussen hierdie twee „gedeeltes" vertoon 'n vermenging van die fisieke en geestelike. Ali beweert dat dit miskien beter is dat hulle die meisie nie gevind het nie: „Maar zij is als een beeld dat men in 't water ziet. Als men het grijpen wil is er niets. Of zoals de lichten in het moeras. Men kan ze nalopen, doch men achterhaalt ze niet" (p.718). Ali vergeestelik met hierdie filosofiese uitlating wat vir hulle eintlik 'n fisieke soektog is. Wat vir Laarmans 'n simbool is van sy geestelike soektog na die Lig, word deur Ali-hulle beskou as 'n moontlike vleeslike versoeking vir hom: „En om u niet zwaarder te belasten heeft wellicht de man aan het kruis het spoor van het meisje uitgewist of haar onzichtbaar gemaakt...want wie zichzelf aan een kruis doet nagelen moet een machtig tovenaars zijn" (p.719).



Hy wil ook direk van Laarmans weet of hy wél glo aan die Man aan die kruis, waarop laasgenoemde ontwykend antwoord dat daar in sy landstreek algemeen aan Hom geglo word. Laarmans oorweeg om by 'n adres in 'n ander straat aan te klop: „Het is vlak in de buurt, maar de straat schijnt mij opeens ver af te liggen, eindeloos ver, zo ver als enige plaats waar de dingen zijn die men nooit bereiken zal" (p.719). Waarskynlik dink hy hier weer eens aan sy onvermoë om te glo.

Laarmans beskou homself as 'n soort middelaar vir die Indiërs in die vreemde. By die afskeid ruk sy gevoelens handuit en hy spreek die hoop uit dat Ali hom nooit weer sal verloën nie, soos tydens hul ondervinding in die polisiekantoor. Ali antwoord dat sy gees gewankel het, maar nie sy hart nie. Daarop lewer Ali 'n omvattende afskeidstoespraak: „Zoals voor een ieder de tijd komt waarop hij sterven moet, Sir, zo is het nu voor ons de tijd om u te verlaten...Komt u ooit in verre landen, dan hoop ik dat uw man aan het kruis iemand op uw weg zendt die zo lang met u medegaat als u met ons hebt gedaan, zonder te zeggen het regent te hard, want een hulpvaardige vreemdeling is een vuurbaak in de nacht..." (p.720).

Op pad huis toe, beland Laarmans voor 'n gebou in die Lange Ridderstraat wat vir hom na die moontlike verblyfplek van Maria van Dam lyk. Sy persoonlike verlatenheid en hartseer word weerspieël in die beskrywing van die omgewing: „Een en zeventig is een wrakke deur en een venstermuil waarvan de helft met planken dicht gespijkerd is. Van het vaal gelaat hangt het pleister in lappen naar beneden en uit een afloopbuis, die uitsteekt als een galg, leken moeizaam de laatste tranen van de regenvlaag die mij belet heeft mijn stamkroeg op te zoeken" (p.721). Hy is oortuig dat die meisie hier woon, maar weerstaan die versoeking om aan te klop.

Aangesien sy drome onvervuld bly, moet Laarmans die werklikheid in die gesig probeer staar: „Nu vooral niet gaan kniezen en niet mee naar Bombay, niet meer op zoek naar het nestje van Fathma, maar gauw naar huis met mijn krant om weer plaats te nemen in de kring van die waar ik aan gebonden ben en die mij vervelen, onuitsprekelyk" (p.722). Soos die Laarmans van Kaas, smag ook hierdie ouer Laarmans na die avontuur as verlossing uit die daaglikse sleur. Hier is sy wilskrag egter getemper en wat in die vroeëre werk 'n daadkragtige poging tot ontvlugting was, is nou slegs 'n indirekte beleving van die Indiërs se avontuur. In hierdie geval dui die Bybelse verwysings ook op 'n geestelike soeke, eerder as 'n fisieke poging om omstandighede te wysig. Die versugting na die een of ander verlossing delf in hierdie laaste werk die onderspit teen die onaanvaarbare realiteit, wat herinner aan 'n vers uit die gedig „Het Huwelijk": „want tusschen droom en daad staan wetten in den weg en praktische bezwaren" (p.739). Die werk

eindig met 'n strofe uit 'n nostalgiese jeugliedjie, wat tot Ali en sy vriende gerig word. Laarmans spreek die wens uit dat dit met hulle goed sal gaan in die wêreld: „Dat Allah uw pad moge effenen en u behoeden op zee, om u terug te voeren naar uw bergen als de tijd gekomen zal zijn. En wat Maria en Fathma betref, laten wij niet wanhopen, want de wil des Heren is immers ondoorgrondelijk" (p.722).

In die oeuvre van Elsschot is daar dus 'n volgehoue aandag vir die religie, wat van kwantitatiewe sowel as kwalitatiewe belang is. Bewus of onbewus word herhaaldelik na kerklike of Bybelse aangeleenthede verwys en 'n groot aantal van die stylfigure word met die godsdien verbind. Alhoewel slegs enkele van die nouvelles die godsdien regstreeks as tema het, kan uit die groot hoeveelheid verwysing na verwante sake, 'n soort omgekeerde aandag vir die religie afgelei word. Veral as hierdie Bybelse verwysing in verband gebring word met die geloofsopvattinge van Laarmans, wat getuig van skeptisisme en ongeloof, val die klem op die „negatiewe" aard van die godsdienbelangstelling - nêrens word die religie verheerlik of blyk dit dat die skrywe uit 'n diepe godsdiensoortuiging spruit nie.

Dit lei soms tot die skep van karakters met 'n negatiewe instelling teenoor die godsdien, soos byvoorbeeld Pol van Domburg in De Verlossing en die Laarmanse van Tsjip, De Leeuwentemmer en Het Dwaallicht. 'n Figuur soos Boorman in Lijnen handhaaf 'n aweregse handelsgodsdien juis omdat hy nie 'n voorstander van religie in die gewone sin van die woord is nie. Die godsdienkwessie veroorsaak soms 'n konflik tussen twee karakters (De Verlossing), of lei tot konflikte binne die gemoed van 'n karakter, soos in die geval van Laarmans. Dié motief bring oor die algemeen dus 'n sekere spanning mee, hetsy uiterlik of innerlik. 'n Positiewe bydrae van die godsdienverwysings is verhoogde geestigheid as gevolg van die groot afstand wat dikwels tussen die beeld, en die saak waarna dit verwys, bestaan. Dit is op sigself ook manifestasie van 'n sekere stilistiese spanning. In 'n negatiewer sin lei hierdie tipe verwysing na geestige sinisme, dikwels venyniger as wat die betrokke scêne of situasie regverdig. Hierdie tema kan ook 'n spanning tussen die verteller en die religieuse „antagonis" tot gevolg hê, want so 'n kontensieuse saak noodsaak dikwels heftige teenkanting of ondersteuning. Indien daar ooreenkoms tussen dié twee perspektiewe is, lei dit daartoe dat die negatiewe gesindheid op 'n besonder wyse beklemtoon word.

Paradoksaal is hierdie „negatiewe aandag vir die godsdien dikwels in die moderne literatuur 'n uiting van 'n diep, verborge versugting na geloofs-

aanvaarding, alhoewel alle waarneembare tekens op juis die teenoorgestelde dui: „The painful recognition of the absurd, and the ensuing struggle for meaning, reflect a more profoundly religious attitude than any facile acceptance of inherited beliefs... Even the most confirmed upholder of the myth of the absurd is impelled by a 'religious' need, though there are times when his despair seems absolute, times when he is overwhelmed by his vision of a universe returning finally to a state of undifferentiated equilibrium"<sup>138</sup>. Genoemde frustrasie is sinoniem met die vertwyfeling van Laarmans se gees, maar terselfdertyd onteenseglike bewys van die versugting van sy hart.

Dié sielswroeging gaan gepaard met rebellie teen dié Magte wat al die mens se grootse skemas in die dood laat eindig. Hierdie opstand blyk duidelik uit die godsdienstverwysings wat hulself onderskei van die res deur hul sinisme. Aanvanklik word hierdie siniese uitlatings geobjektiveer deurdat Pol van Domburg hulle besig en later vorm hulle deel van Boorman se saaklike trant. Maar eers wanneer hulle deur Laarmans uitgespreek word, bereik hulle hul mees intense siniese kwaliteit. Die geringe mate van onverbloemde sinisme wat wel in die werk van Elsschot aangetref word, staan m.i. in verband met hierdie ironiese ingesteldheid van die moderne mens teenoor die godsdienst en is die mees direkte uitdrukking van die moderne Prometheus se rebellie: „Priesters zalven en beloven. Neen, er is geen wonden aan: als wij dood zijn is 't gedaan" („Spijt", p.746).

---

138. C.I. Glicksburg, The Ironic Vision in Modern Literature, p.259.

BESLUIT.

Willem Elsschot word op 7 Mei 1882 gebore en behoort chronologies tot die generasie wat hulle in 1905 om die tydskrif Vlaamsche Arbeid en in 1909 om die tydskrif De Boongaard skaar. Die oorgrote meerderheid van sy gedigte word tussen die jare 1907 en 1910 geskryf, maar verskyn eers vyf-en-twintig jaar later onder die titel Verzen van Vroeger (1934): „In het vierjaren plan van het maandblad Forum was niet gerekend op het optreden van de dichter Willem Elsschot en toch was hij de eenige authentieke Forumdichter die ook in dat tijdschrift debuteerde, zij het met verzen van voor 1910<sup>1</sup>.

Ook ten opsigte van sy prosawerk is hy 'n uitsonderingsfiguur „wat sy tyd vooruit was“. „Het lezende publiek verkiest veelal een zoetelijker vorm van realisme en geeft daarom aan Timmermans en zijn school de voorkeur. Pas toen een jongere generatie (in Noord-Nederland de groep van Forum, in Zuid-Nederland Maurice Roelants en Gerard Walschap) optrad, werd aan Elsschot recht gedaan<sup>2</sup>. Sy styl is nugter, onopgesmuk en weerspieël 'n waarheidsliefde: „Zoo is nu eenmaal zijn natuur, die zelfs het platte en het gemeene niet uit den weg gaat, omdat zij dit alles liever heeft dan de leugen van het schijn-schoone<sup>3</sup>. Die styl word ook ontgin as middel om kompleksiteit aan die andersins „skraal“ verhaalgewe te verleen.

Elsschot se werk openbaar nie slegs 'n vernuwing; ten opsigte van die styl nie, maar bevat ook ander elemente wat 'n verwantskap met die meer moderne literatuur vertoon. Daar is by die outeur 'n volgehoue bewustheid van die skryfaksie, 'n mate van tipografiese eksperimentering vind plaas, pogings tot „simultaanheid“ kan aangestip word en daar is enkele instansies van lirisering. Die skrywer vertoon 'n aanvoeling vir die relatiewiteit van alle dinge, en die karakters en verhaalbou word tot op sekere hoogte verwing om enkele groteske aspekte van die lewe en menslikheid te beklemtoon. Die Boorman-mite word geskep en later na ander werke oorgedra.

Verder is daar herhaling van sekere patrone soos byvoorbeeld die inperking van persoonlike vryheid hetsy deur die samelewing, huisgesin of beroep. Die individu se voortdurende stryd om vir homself 'n mate van vryheid te verwerf, verkry deur die herhaling 'n heroïese allure. Ook aan

---

1. S. Vestdijk, Groot Nederland, Julie 1937, p.32.

2. W.L.M.E. van Leeuwen, Naturalisme en Romantiek, p.274.

3. L. Monteyne, De Dag, 27 November 1937.



die basiese momente van geboorte, huwelik en dood word prominensie verleen, waardeur die futiliteit van die bestaan beklemtoon word. Die motief van „outsiderskap“ kom meermale voor en Laarmans verkry feitlik anonimiteit deur sy herhaalde optrede: Laarmans of Elckerlijc, dit is om 't ewe. Die menslike eensaamheid en gebrek aan behoorlike kommunikasie met sy medemens word gesuggereer.

Dit is dan ook geensins vreemd dat Elsschot en een van die meer moderne skrywers, Louis-Paul Boon, 'n belangstelling in mekaar se werk toon nie: „Als ik iets nieuws geschreven had, stuurde ik het manuscript naar Elsschot en dan maakte hij daar bemerkingsen rond. En tot mijn grote verwondering stuurde Elsschot zijn manuscripten ook naar mij op en moest ik daar mijn mening over zeggen. Zo heb ik het manuscript van Het Dwaallicht gekregen, het laatste dat hij geschreven heeft... Ik heb toen aan Elsschot geschreven dat ik het toch spijtig vond dat die mannen Maria vinden: het stuk heet 'dwaallicht', schreef ik, en het zou veel schoner zijn als ze Maria niet vonden“<sup>4</sup>.

In vergelyking met moderne eksperimente op dié gebied bring die werk van Elsschot nie 'n opspraakwekkende vernuwing ten opsigte van struktuur nie. Nietemin spreek daar iets sinvols oor die lewe van die mens - veral die moderne mens - uit sy werk. Sy oeuvre gee blyke van 'n eksistensiële ervaring, dit wil sê vreemdelingskap, die soeke na 'n bestaansformule, wee oor die wêreld, skuld en angs en veral 'n oorkoepelende vrees vir die dood: „Wij allen worden, als uit de schoot van onze moeder, in de tijd geslingerd, en wij zijn bang, bang door de tijd te worden opgelost. Het ware immers de dood... Daarom kruipen wij bijeen in een samenleving die ons dient te beschermen. En wij spannen ons in om een orde te scheppen, die ons tijdelijk bestaan met de eeuwigheid verzoent. Het is een moeizame bezigheid, want wij weten dat de regeling van zulke orde nooit is voltooid en dat zij het ook niet kan, want de eeuwigheid zal het altijd halen op onze tijdelijkheid. Maar, hoe dan ook, wij mogen niet verzaken. Wij zoeken elke dag de voorwaarden van een heilzame saamhorigheid, wij klampen ons vast aan een maatschappelijk ritueel, dat zogezegd berust op plichtsbesef en geweten“<sup>5</sup>. Daar is veral bewustheid van die mens se geworpenheid in 'n toestand waarin hy dikwels gedwing word om die almag van materiële middele te huldig, waardeur sy eksistensiële dilemma op die spits gedryf word.

Aandag word veral bestee aan die lewenslot van die medesterweling en daar is nooit sprake van selfbejammering of 'n uitkreet van 'n persoonlike

4. J. Florquin, Ten Huize Van..., p.22.

5. H. Teirlinck, De Vlaamse Gids, 1960, p.403.

nood in „monologue intérieur“-vorm, waardeur die novelles ontvolk word en 'n stilistiese verbrokkeling plaasvind nie. Die konflik tussen „gevoel“ en „rede“, wat deur die verligte opvattinge van die moderne tyd geïntensifiseer word, word beklemtoon. Die eksistensiële gegewe word gesuggereer deur die styl en word in die struktuur van die werke weerspieël. By Elsschot is daar m.i. sprake van 'n „nuwe inhoud“ in 'n „ou vorm“: enersyds is dit 'n bate omdat die werk 'n sekere genietbaarheid behou en andersyds word die strukturele moontlikhede nie ten volle benut nie.

Die oeuvre van Elsschot vind veral baat daarby dat die eksistensiële gegewe deur humor en veral geestigheid in balans gehou word – die lag ontbreek dikwels in die moderne literatuur. Die lighartige toon red die werk van naargeestigheid en dra daartoe by om die aanvoeling van die menslike kondisie as futiel, leefbaar te maak. Die geestigheid word aangewend om die sinisme te temper en vorm 'n integrerende deel van die werk deurdat dit by karakters en verhaalmotiewe aangepas is. Die werk word dus verryk deur die bykomende eksistensiële gedagtes, wat beklemtoon word deur die geestigheid.

Die vrees en angs vir die dood lei tot „religieuse denke“ en die bewuste of onbewuste aandag wat deurgaans aan hierdie motief bestee word, is kenmerkend van die oeuvre. In teenstelling met die eksistensiële vraagstukke oor die algemeen, word die aandag ingestel op Laarmans (Elsschot?) se persoonlike dilemma ten opsigte van die religie. Die sinisme wat wél in die werke voorkom, hou dan ook verband met die godsdiens en is 'n uiting van rebellie teen die Magte waardeur die mens in die lewe gewerp en uiteindelik met die onontkombare dood gekonfronteer word. Dié negatiewe gesindheid teenoor die godsdiens is, paradoksaal, 'n uiting van intense bemoeiing mét die religie. In die laaste verhaal, Het Dwaallicht, word daar by die Ooste gesoek na Lig, ná die skipbreuk van Westerse sekerhede. Hierdie verhaal vertoon ook 'n soeke na die mitiese inhoude wat in die moderne wêreld verlore gegaan het.

Alhoewel Elsschot gewoonlik as 'n tradisionele skrywer bestempel word, bevat sy werk nie alleenlik veel wat as modern bestempel sou kon word nie, maar word dit ook stilisties en struktureel daardeur verryk.

BIBLIOGRAFIE.1. WERKE VAN WILLEM ELSSCHOT.

Villa des Roses. C.A.J. Van Dishoeck, Bussum, 1913.

Een Ontgoocheling. Lectura S.V., Antwerpen, 1921.

De Verlossing. C.A.J. Van Dishoeck, Bussum, 1921.

Lijmen. L.J. Janssens en Zonen, Antwerpen, 1924.

Kaas. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1933.

Verzen van Vroeger. Joh. Enschedé en Zonen, Haarlem, 1934.

Tsjip. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1934.

Pensioen. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1937.

Het Been. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1938.

De Leeuwentemmer. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1940.

Het Tankschip. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1942.

Het Dwaallicht. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1946.

Verzameld Werk. P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1957.

(Ridder, Alfons de.) „Autobiografie in Briefvorm“. De Gids, April 1957,  
p.231 - 233.

2. ALGEMENE BESKOUINGS OOR WERKE VAN WILLEM ELSSCHOT.

- Acker, K. van. Vlaamse Temperamenten. N.V. Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1944, p.80 - 86.
- Binnendijk, D.A.M. „Vlaamsch Peil. Kroniek". Groot Nederland, April 1938, p.391 - 392.
- Bittremieux, C. „Willem Elsschot. Broer van Chaplin". De Nieuwe Gids (Brussel), 2 Junie 1960.  
„Over Elsschot's Verzen. Straat en Poesjenellenkelder". De Nieuwe Gids (Brussel), 4-5 Junie 1960.
- Blijstra, R. „Is zichzelf blijven herhaling?". Critisch Bulletin, Desember 1937, p.350 - 352.
- Braak, M. ter. „Willem Elsschot en de Idee". Groot Nederland (Elsschot-nommer), Julie 1937, p.15 - 20.
- Brandsma, W.L. en Stuiveling, G. Onder de Loupe. Bongerd-boekjes, J.B. Wolters, Groningen, Batavia, 1939, p.54.
- Buyens, F. Willem Elsschot, een inleiding tot zijn werk. De Nevelvlek, Antwerpen, 1951.
- Closset, Fr. Aspects et Figures de la Littérature Flamande. Bruxelles, 1944, p.73 - 75.
- Coenen, F. „Oor Villa des Roses". De Amsterdammer, 21 Desember 1914.
- Coster, D. Mensen, Tijden, Boeken. Querido, Amsterdam, 1942, p.82 - 88.
- Delen, A. „Willem Elsschot" in Sprekende Schrijvers. J.M. Meulenhoff, Amsterdam, 1935, p.192 - 203.  
„Schooljaren met Willem Elsschot". De Gids, Junie 1957, p.2 - 13 en p.7.
- Dubois, P.H. „Tragi-comedie van het leven in klassieke eenvoud van stijl". Het Vaderland (Den Haag), 1 Junie 1960.
- Eckeren, G. van. „Nederlandsch Proza: Willem Elsschot - Lode Zielens". Groot Nederland, Desember 1940, p.1061 - 1064.
- Eeckels, G. „Willem Elsschot, ou la lucidité". Le Nouveau Journal, 28 Februarie 1941.
- Eeckhout, J. Litteraire Profielen, VIII. N.V. Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1939, p.5 - 23.



- Fens, K. „Kaas contra fromage" in De Eigenzinnigheid van de Literatuur. Amsterdam, 1964, p.75.
- Florquin, J. Ten Huize Van... Uitgeverij Orion/N.V. Desclée De Brouwer, 1972, p.21 - 23.
- Francken, F. „Mijn vriend Willem Elsschot". De Vlaamse Gids, 30ste Jg. 1946, nr. 12, p.697.
- F.C. „Willem Elsschot: De Verlossing". Groot Nederland, Maart 1922, p.371.
- Gijssen, M. „Willem Elsschot: Verzen van Vroeger". Peripatetisch Onderricht, Kroniek der Poëzie. N.V. Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1940, p.111 - 116.
- Inleiding tot Tsjip en De Leeuwentemmer. Querido, New York, 1943.
- De Literatuur in Zuid-Nederland sedert 1930. N.V. Standaard Boekhandel, Antwerpen, 1951, p.85 - 88.
- (Goris, J-A.) Belgian Letters. Ministry of Foreign Affairs, Brussels, 1952, p.31.
- 's Gravesande, G.H. Sprekende Schrijvers. J.M. Meulenhoff, Amsterdam, 1935, p.193 - 203.
- Greshoff, J. „Willem Elsschot: Acties en Reacties". Groot Nederland, September 1932, p.241 - 250.
- Voorwoord tot Een Ontgoocheling. 2de Uitgawe, P.N. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1934.
- „In Elsschot's laboratorium". Groot Nederland (Elsschotnummer), Julie 1937, p.47 - 53.
- „Alfons de Ridder alias Willem Elsschot". De Gids, April 1957, p.227 - 230.
- Greshoff, J. en De Vries, J. Geschiedenis der Nederlandse Letterkunde. Hijman, Stenfert Kroese en Van der Zande, Arnhem, 1925, p.306.
- Grové, A.P. Aantekeninge by Kaas. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1971, p.95 - 110.
- Aantekeninge by Tsjip. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1974, p.7 - 20.
- Hardy, P. „Afscheid van Willem Elsschot". Gazet van Antwerpen, 8 Junie 1960.

- Hermans, W.F. „Willem Elsschot en de desillusie". Vrij Nederland, nr. 26, 22 Februarie 1947.
- Herreman, R. „Willem Elsschot" in Feestreden. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1952, p.19 - 23.
- Herreweghen, H. van. „Het gevecht tegen Boorman. Een les in eenvoud en liefde". De Nieuwe Gids (Brussel), 4-5 Junie 1960.
- H.L. „Willem Elsschot, Nu...". Volksgazet, 16 Junie 1960.  
 „Om de lieve Duiten". Volksgazet, 25 Januarie 1962.  
 „De Driejaarlijkse Staatsprijs voor het Proza toegekend aan Willem Elsschot". Volksgazet, 23 Desember ?.
- H.R. „Willem Elsschot. Kroniek". Elsevier's Maandschrift, 1914, p.283 - 285.
- Janssen, Em. Diagnose, Gestalten en Stilte. De Kinkhoren, Brugge-Brussel, 1945, p.176 - 184.
- Janssens, F.J.B. Aantekeninge by Kaas. Uitgeverij Ontwikkeling, Antwerpen, 1955, p.75 - 86.
- Jonckheere, K. De Literatuur in België. Uitgeverij S.M. Ontwikkeling, Antwerpen, 1958.
- Kenis, P. Een overzicht van de Vlaamse Letterkunde na 'Van nu en Straks'. Mij. voor Goede en Goedkope Lectuur, Amsterdam, 1930, p.59 - 61.
- Kemp, B. (B.F. van Vlierden.) Willem Elsschot. Ontmoetingen-reeks, Desclée de Brouwer, 1958.  
De Vlaamse Letteren tussen Gisteren en Morgen (1930 - 1960). Heideland, Hasselt, 1960, passim.  
Van In 't Wonderjaer tot De Verwondering. Een poëtica van de Vlaamse roman. De Nederlandsche Boekhandel, Antwerpen, 1969.
- Knuvelde, G. Beknopt Handboek tot de Geschiedenis der Nederlandse Letterkunde. 's Hertogenbosch, Malmberg, 1962, p.768 - 770.
- Lampo, H. „Willem Elsschot's novelle Het Dwaallicht of Diogenes in de gedaante van Frans Laarmans". Volksgazet, 12 Desember 1946.
- Leeuwen, W.L.M.E. van. Naturalisme en Romantiek. Wolters, Groningen, 1935, p.274 - 278.
- Lissens, R.F. Rien que l'homme. Aspects du roman flamand contemporain. Les Ecrits, Bruxelles, 1944, p.109 - 125.  
De Vlaamse Letterkunde van 1780 tot Heden. Elsevier, Amsterdam-Brussel, 1967, p.201 - 202.

- Loggem, M. van. „Manuel van Loggem's bewerking van Lijmen en Het Been op Televisie". Algemene Dagblad, 4 Januarië 1962.
- L. „Ontmoeting met Willem Elsschot". Volksgazet, 29 Mei 1958.
- Maarten, Al. „Een waardevolle herdruk. Willem Elsschot: Lijmen gevolgd door Het Been". De Gazet, 19 Januarië 1944.
- Maegt, J. de. „De romankunst van Willem Elsschot". Het Laatste Nieuws, 29 November 1934.
- Mets, J.E. „Wat we aan Willem Elsschot hebben". Morgenpost, 14 Januarië 1939.
- Monteyne, L. „Een dichter die zijn tijd vooruit was". De Nieuwe Gazet, 1 November 1934.
- „Tsjip - de roman van het Huwelijk en het Vaderschap". De Nieuwe Gazet, 20 Desember 1934.
- „Over Pensioen van Willem Elsschot". De Dag, 27 November 1937.
- „De epiloog van Lijmen, Het Been". De Dag, 24 Desember 1938.
- Mussche, A. „Over de figuur van Willem Elsschot. Naar aanleiding van zijn jongste werk Pensioen". Vooruit, 20 Februarië 1938.
- „Het Been. Het nieuwe werk van Willem Elsschot". Vooruit, 25 Desember 1938.
- Nijhoff, M. „Reinaard de Ridder of Elsschot de Vos". Critisch Bulletin, Mei 1952, p.197 - 202.
- Oosterwijk, H. „Willem Elsschot en het moderne levensgevoel". Het Vlaamsche Land, 19-20 Oktober 1941.
- „Nog eens: het cynisme in onze literatuur". Het Vlaamsche Land, 19 Oktober 1942.
- PAN. „Bij een boek over Willem Elsschot: Een cynicus of niet?". De Dag, 29 Oktober 1942.
- Pillecijn, E de. „Willem Elsschot: Het Been". Standaard, 10 Desember 1942.
- Ranke, B. „Willem Elsschot of de verholen werkelijkheid". Onze Week, I, 29 September 1939.
- „Willem Elsschot in het teeken der belangstelling". Laagland, 10 Oktober 1942.
- Revis, M. „Willem Elsschot: Een Ontgoocheling en Tsjip". Critisch Bulletin, Februarië 1935, p.42 - 44.

- Ridder, A. de. La Littérature Flamande Contemporaine (1890-1923).  
L. Opdebeek, Anvers-Paris, 1923, p.101 - 103.
- Roelants, M. „Willem Elsschot: Het Been”. De Telegraaf, 7 Desember 1938.  
Schrijvers, wat is er van de Mens? Manteau, Brussels, 1953, p.91.
- Schepens, J. „Willem Elsschot in de Vlaamsche Letterkunde”. Groot Nederland (Elsschotnummer), Julie 1937, p.21 - 31.
- Smits, F. „Willem Elsschot's Dwaallicht”. De Vlaamse Gids, Februarie 1949, p.76.  
„Willem Elsschot” in Feestreden. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1952, p.3 - 9.  
Willem Elsschot, zijn leven, zijn werk en zijn betekenis als prosaschrijver en dichter. Manteau, Brussel, 1952.
- Stuiveling, G. Uren Zuid. Heideveld, Hasselt, 1960, p.38 - 44.  
Willem Elsschot. Manteau N.V., Brussel, 1960.
- Teirlinck, H. „Requiem bij de uitvaart van Willem Elsschot”. De Vlaamse Gids, Julie 1960, p.401 - 405.
- Toussaint van Boelaere, F.V. „Willem Elsschot: Pensioen”. Algemeen Handelsblad, 30 Desember 1937.  
„Willem Elsschot: Het Been”. Algemeen Handelsblad, ?
- Veenstra, J.H.W. „Willem Elsschot. Een van onze grootste kunstenaars wordt vijfenzeventig jaar”. Vrij Nederland, 4 Mei 1957.
- Vermeulen, A. Van Gezelle tot Timmermans. Elsevier, Amsterdam, 1949, p.150 - 151.
- Vestdijk, S. „De wortelstok der Forumpoëzie”. Groot Nederland (Elsschotnummer), Julie 1937, p.32 - 39.  
De Leugen is onze Moeder. Bert Bakker, Daamen N.V., Den Haag, 1965.
- Villierius, J.C. „Elsschot uit Elsschot verklaren”. Nieuwe Rotterdamse Courant, 31 Maart 1962.  
„Elsschot's Dwaallicht is een tocht naar Bethlehem”. Nieuwe Rotterdamse Courant, 8 Junie 1962.
- Voorde, U. van de. „Willem Elsschot vijfenzeventig jaar. Het voorgewend cynisme van een overgevoelige”. Standaard, 4 Mei 1957.
- Voors, C.G.N. de. Historische Schets van de Nederlandse Letterkunde.  
J.B. Wolters, Groningen-Batavia, 1948, p.252.



- Vree, P. de. Hedendaagse Vlaamse Romanciers en Novellisten. De Eenhoorn, Mechelen, 1936, p.32 - 39.
- „Willem Elsschot's gestalten". Groot Nederland (Elsschotnummer), Julie 1937, p.40 - 46.
- „Het Absurdisme: Elsschot" in Schets der Sociale Achtergronden van de Hedendaagse Vlaamse Roman. Antwerpen, 1951, p.14 - 15.
- Vrieslandt, V.E. van. „Over Willem Elsschot: Kaas" in Onder de Loupe. J.B. Wolters, Groningen, 1939, p.48 - 53.
- V.V.R. „Vijftig jaar Elsschot". Vooruit, 28 Maart 1963.
- Westerlinck, A. „Het cynisme van Willem Elsschot" in Luister na die Stem. 1942, p.228 - 232.
- „Willem Elsschot" in Feestreden. Van Kampen en Zoon N.V., Amsterdam, 1952, p.10 - 18.
- W. „Letteren. Hooge humor". Het Vaderland, 3 Januarie 1914.
- ? „Willem Elsschot, naar aanleiding van zijn jongste boek: Kaas". De Nieuwe Gazet, 8 Maart 1934.
- „Willem Elsschot: Pensioen". (I; II), Nieuwe Rotterdamsche Courant, 1937.
- „Willem Elsschot leest nieuw werk voor". Nieuwe Rotterdamsche Courant, 12 April 1938.
- „Apotheose der zakelijkheid. Willem Elsschot: Het Been". Nieuwe Rotterdamsche Courant, 3 Desember 1938.

### 3. ANDER WERKE.

- Brereton, G. A Short History of French Literature. Penguin Books Ltd., Harmondsworth, Middlesex, England, 1965.
- Brink, A.P. Aspekte van die Nuwe Prosa. Academica, Pretoria en Kaapstad, 1969.
- Brooks, C. en Penn Warren, R. Understanding Fiction. New York, c.1943.
- Buffinga, N. Religie en Kunst. Uitgeversmaatschappij Holland, Amsterdam, 1930.
- Burgum, E.B. The Novel and the World's Dilemma. Oxford University Press, New York, 1947.

- Davis, G.W. Existentialism and Theology. Philosophical Library, Inc., New York, s.d.
- Dudley, D.R. A History of Cynicism, from Diogenes - sixth century A.D. Methuen, London, 1937.
- Dutt, K. Guru. Existentialism and Indian Thought. Philosophical Library, New York, 1960.
- Forster, E.M. Aspects of the Novel. E. Arnold and Company, London, 1949.
- Freud, S. Wit and its Relation to the Unconscious. T. Fisher Unwin Ltd., London, 1916, p.288 et seq.
- Gijssen, M. Lucinda en de Lotoseter. Stols, 's Gravenhage, 1960, p.77 - 78.
- Glicksburg, C.I. The Ironic Vision in Modern Literature. Martinus Nijhoff, The Hague, 1969.
- Grové, A.P. Woord en Wonder. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1958, p.1 - 17.
- Haan, J.D. Bierens de. De Zin van het Komische. A.W. Sijthoff's Uitgeversmij., N.V. Leiden. s.d.
- Jongejan, E. De Humor - „cultus“ der Romantiek in Nederland. Zutphen - W.J. Thieme en Cie., 1933.
- Kannemeyer, J.C. Die Stem in die Literêre Kunstwerk. Nasionale Opvoedkundige Uitgewery, Kaapstad, 1965, p.80 - 146.
- Leacock, S. Humour (its theory and technique). London, 1935.
- Liddell, R. A Treatise on the Novel. J. Cape, London, 1953.  
Some Principles of Fiction. J. Cape, London, 1956.
- Lubbock, P. The Craft of Fiction. J. Cape, London, 1955.
- Macauley and Lanning. Technique in Fiction. Harper and Row, New York, Evanston and London, 1964.
- Malherbe, F.E.J. Humor in die algemeen en sy uiting in die Afrikaanse Letterkunde. Swets en Zeitlinger, Boekhandel en Uitgeversmij., Amsterdam, 1932.
- Plokker, J.H. e.a. De Lach in de Literatuur. Servire, Den Haag, 1955.
- Sartre, J.P. Being and Nothingness vertaal deur Hazel E. Barnes, Philosophical Library, New York, 1956.  
Existentialism and Human Emotions. Philosophical Library, New York, 1957.

- Tazelaar, C. Het Proza der Nieuwe Zakelijkheid. J.H. Kok, N.V. Te Kampen. s.d.
- Veth, C. De Humor in de Moderne Literatuur. Nederlandsche Uitg. - Maatschap., Amsterdam, 1929.
- Warren, A. en Wellek, R. Theory of Literature. J. Cape, London, 1961.
- Wilson, C. The Outsider. Victor Gollanz, London, 1957.

The Oxford English Dictionary on Historic Principles.

Van Dale's Nieuw Groot Woordenboek der Nederlandse Taal.

Encyclopaedia Britannica.

Chambers' Encyclopaedia.

Winkler Prins Encyclopaedie.